

DIE HERKOMS EN JEUG VAN HCM FOURIE (1882-1939)
‘N KERKHISTORIESE STUDIE

Lodewyk Johannes Strauss

Proefskrif ingedien ten einde te voldoen aan die vereistes vir die
graad

Philosophiae Doctor

in die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van die Vrystaat

Promotor: Prof dr RM Britz

Bloemfontein 2023
Studentenommer 2013201161

Opgedra aan my ouers en prof dr AD Pont

**DIE HERKOMS EN JEUG VAN HCM FOURIE (1882-1939)
'N KERKHISTORIESE STUDIE**

Lodewyk Johannes Strauss

Proefskrif ingedien ten einde te voldoen aan die vereistes vir die
graad

Philosophiae Doctor

in die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van die Vrystaat

Promotor: Prof dr RM Britz

Bloemfontein 2023
Studentenommer 2013201161

Opgedra aan my ouers en prof dr AD Pont

Hierdie studie het baie gebaat by 'n ruim beurs wat deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns beskikbaar gestel is vir 'n proefskrif in Afrikaans.

Die herkoms en jeug van HCM Fourie (1882-1939)

'n Kerkhistoriese studie



218 Fourie

Feitlik 1 Desember 1899, voor die Fransoos om van
vaderland te helpen verdedig.

Ek heuen is maar so 'n jaan; maar ik heb nu al een
Latynse en Griekse grammatiek en heb nu
meer bij wat ik vergeten ben. Inten is ook een

Voorbladontwerp

Skrywer se dogter Tresia het sy idee van die ontwerp in praktyk omskep. Skrywer se eggenote Kozette het dit finaal afgerond.

Die blou vorm stel die buitelyne en middelste kanaal van die binne stad van die stad Zwolle voor. In die binne stad het Herman by die De Haangesin geloseer en aan die gymnasium skool gegaan. Daarinne is Herman se inskrywingsnommer in die album discipulorum asook sy van in dieselfde handskrif. Langsaan die aantekening: "Vertrok 1 Desember 1899 naar de Transchvaal om zijn Vaderland te helpen verdedigen."

Die ander vorm met die foto daarinne is die grenslyn van die ZAR tydens die Tweede Vryheidsoorlog. Op die foto is Herman saam met sy broers Jaap en Jochim en hulle suster Nonnie by die grafte van hulle ouers. Die foto simboliseer dan ook die einde van die ZAR.

Die aanhaling heel onder kom uit 'n skrywe gedateer 8 September 1902 van Herman aan ds De Haan. Dit lees: *"t Leven is maar eenzaam maar ik heb nu al een Latijnsche en Grieksche grammatica en leer nu weer bij wat ik vergeten ben."* Met dieselfde vasberadenheid waarmee hy sy vaderland help verdedig het, het hy weer begin voorberei om sy skoolloopbaan te voltooi.

Dankwoorde

Ek het die wonderlike voorreg dat albei my ouers nog leef. Hulle het hulle doopbelofte teenoor my en my suster Hanlie nagekom. En baie vir ons opgeoffer. Daaroor kan ons nóg 'n boek skryf. Dankie Pa en Ma vir julle liefde.

Graag betuig ek dank en waardering aan al die onderwysers in my lewe. Ook al die predikante en ouderlinge en diakens wat my geestelik gelei en versorg het. Groot dank aan al die gemeentes waarin ek met groot liefde behandel en versorg is. Dank aan al die universiteitsdosente. By elkeen leer jy iets.

Prof Johan Strijdom was my studeermaat op universiteit. Deur diep waters het hy my bygestaan en ook talle geleenthede vir my geskep, soos om saam met my gesin sy woonstel in Pretoria te bewoon wanneer hy oorsee was. Op die manier kon ek naby die universiteit wees tydens studieverlofperiodes. Op sy uitnodiging het ons saam Parys, Londen en Rome verken.

Ds Piet Viljoen was ook 'n klasmaat. Steeds is hy my raadgewer – in praktiese sake en in diep teologiese aangeleenthede.

Ek het groot dank en waardering vir dr SP Pretorius en kon ook goeie gebruik van sy proefskrif maak. Dit is hy wat graag oor HCM Fourie sou wou werk maar toe op 'n ander gebied 'n baie belangrike werk verrig het. Die preke van Fourie wat hy bymekaar gemaak het en waaraan wyle ds PD Smit gewerk het lê nog vir my en wag.

Ek sal altyd spyt wees dat ons klasgroep nie die voorreg gehad het om by professor HG van der Westhuizen te kon klasloop nie. Baie dankie vir u belangstelling en mededeling omtrent HCM Fourie.

Professor ABP Breytenbach dit was 'n voorreg om Ou Testamentiese Wetenskap as byvak vir die meestersgraad by u te kon loop. U het dit nie maklik gemaak nie. En dit is goed.

Professor JH Koekemoer ek dank u vir u onderrig in die Dogmatiek as byvak. U voorganger wyle professor BJ Engelbrecht het belangstelling getoon en vriendelike hulp verleen.

Wyle professor Schalk Botha het die laaste deel van die Kerkgeskiedeniseksamen behartig. Met groot vrug kon ek ook van sy pennevrug gebruik maak. Onder sy leiding kon ek poog om as 'n skripsie vir die meestersgraad iets oor prof HP Wolmarans en sy siening van kultuur skrywe. Daarin het ek ook die hulp gehad van twee van professor Wolmarans se dogters, mevroue Johanna Pohl en Ansie Wondergem.

Professor Adriaan Pont het nie net met sy lewendige vertelling van die kerkgeskiedenis 'n liefde in my wakker gemaak nie maar is, die groot ouderdomsverskil en statusverskil ten spyte, 'n ware en wyse vriend en vaderfiguur. Soos ek glo HCM Fourie ook sou wees. Professor die talle gesprekke in u studeerkamer oor 'n pot Engelse tee sal my altyd bybly.

Tydens die navorsing was daar baie personeel van argiefbewaarplekke, ander navorsers en baie persone in Suid-Afrika en Nederland wat my behulpzaam was. Aan almal van hulle 'n groot woord van dank en waardering.

Ten slotte my promotor. Professor Dolf Britz trek hom nie sy groot geleerdheid aan nie. Hy het 'n opregte belangstelling in my as mens en het in krisistye raad gegee waaraan ek nooit op my eie kon

dink nie. Sy geduld met my as student sal ek altyd waardeer. Sy vermoë om te formuleer en op die essensie te fokus sal ek altyd bewonder. Almal kan by hom leer dat die waarheid oor die geskiedenis op geen ander plek lê as in die oorspronklike bronne nie. Baie dankie Professor.

Elkeen van my kinders het unieke gawes en talente van ons hemelse Vader ontvang. Hulle belangstelling en liefde beteken vir 'n vaderhart baie. Net so bietjie minder as die liefde en lewensentoesiasme van my kleinkinders.

Kozette my vrou het my in die afhandeling van hierdie studie bygestaan oor klipperige paaie en teen steil hellings uit. Haar rekenaarvaardigheid het baie probleme opgelos. Haar liefde vir my dra my elke dag.

INHOUDSOPGAWE

Voorbladontwerp	4
Dankwoorde	5
Afkortings, benaminge en definisies	15

INLEIDING 18

Biografieë in die geskiedskrywing van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.....	18
Die Afrikaanse Bybelvertaling.....	19
Taalgebruik	22

HOOFSTUK 1 23

HERKOMS, GEBOORTE EN KLEUTERJARE 1882-1889

Inleiding.....	23
Die Comaté-omgewing	23
Herman se geboorte op Leliefontien op 5 Julie 1882.....	23
Grootouers Espach en Fourie	27
Grootoupa Joachim Christoffel Espach.....	27
Oupa Christiaan Ernst Fourie.....	29
Die De Clercq.....	30
Grootoupa Jacob de Clercq III.....	30
Oupa Jacob de Clercq IV.....	37
Ouers.....	39
Pa Joachim Christoffel Fourie	39
Ma Alletha Elizabeth Fourie ('n nooi De Clercq)	39
Die Fouriegesin van Welgevonden.....	40
Doop en kerklike situasie	41
Een van 19 dopelinge.....	41
Die wyk Komati en die kerklike situasie in die Lijdenburgdistrik tot 1882	43
Welgevonden, die avontuurwêreld van klein Manie	45
Samevatting.....	54

HOOFSTUK 2 56

JONG MANIE SE SONDAGSKOOL- EN PLAASSKOOLDAE 1890 TOT 1893

Inleiding.....	56
Die kerklike situasie in Lijdenburg en omliggende distrikte (1850 -1889).....	56
Gemeente Lijdenburg	56
Kerkvereniging 1885/6.....	57
Die kerklike situasie in Oos-Transvaal voorafgaande aan die kerkvereniging	58
Nederduitsch Hervormde Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek (NHK ZAR)	58
Nederduitsch Gereformeerde Kerk van de Zuid-Afrikaansche Republiek (NGK ZAR).....	59
Gereformeerde Kerk (GK)	60
Die Fouries en De Clercq as lidmate van die gemeente Lijdenburg	60
Die stigting van die dorp en gemeente Carolina.....	62
Dorp Carolina.....	62
NHofG Gemeente Carolina.....	63
Die Fouries/De Clercq as lidmate van gemeente Carolina al dan nie	63
Gemeente Carolina se eerste predikant	64
Ds AG du Toit	65
Eerste skooljare.....	69
Die De Clercq en Fourie en die onderwys van hulle kinders.....	69

Herman se onderwysers	70
Nederlandse onderwysers sedert die emigratie na Natal	71
Meesters Middel en Poen	72
Oor die kurrikulum wat Herman moontlik op Welgevonden gevolg het	72
Samevatting.....	73

HOOFSTUK 3 74

IN DIE HOOFDORP VAN DIE ZAR PRETORIA 1893 TOT 1898

Inleiding.....	74
Pretoria tydens die 1890's soos die tiener Herman dit leer ken het	74
Die strate.....	75
Marktplaas/Kerkplaas en die kerkgeboue van die verskillende kerke.....	76
Poskoetse en treine	78
Herman en sy pa binne die destydse volksdemokratiese ZAR	78
JC Fourie as lid van die Eerste Volksraad van die ZAR (Mei 1893 tot Januarie 1895)	79
Die staatsvorm waarbinne JC Fourie funksioneer en waarin Herman groot geword het	79
Eerste sittingsdag 1893.....	81
JC Fourie se deelname aan die verrigtinge en debatte in sy tyd gevoer (Mei 1893 tot Januarie 1895)	83
Opsomming: JC Fourie	87
Twee volksraadslede wat later in rol in Herman se lewe sou speel.....	87
ADW Wolmarans.....	87
SW Burger.....	87
Inleidend oor die skooljare van Herman in Pretoria	88
Oorsig oor onderwysontwikkeling en -wetgewingsedert die 1850's tot 1892	89
Die Onderwyswet van 1892 en temas daarin wat in Herman se lewe 'n rol sou speel	91
Temas in die Onderwyswet van 1892 wat op Herman se lewe 'n invloed sou hê.....	91
Die inwerkingtrede van die 1892-wet en die bepalinge aangaande eksamens	92
Wessel Louis: Rolspeler in Herman se lewe	93
Meester Wessel Louis en die onderswysposte wat hy beklee het	94
Wessel Louis se rol in die Konsulentsgemeente Pretoria	95
Die Opleidingskool se nuwe skoolterrein in Prinsloostraat (1884).....	98
Herman as tydelike skoler en kosganger van die sogenoemde Gimnasium (= Voorbereiding- /Opleidingskool) in 1893 en 1894	99
'n Vroeëre skoler, C Beelaert van Blokland se beskrywing van die skool en koshuis	99
Herman en die Louiskinders	100
Leerling aan die Staatsmodelskool.....	100
Die openingsdag van die Staatsgimnasium in 1893 en die ontwikkeling gedurende 1894-1896 tot met Herman se inskrywing in 1897	103
Die rektor: Dr Reininck.....	103
W Louis as dosent aan die Staatsgimnasium.....	105
Herman as leerling aan die Staatsgimnasium.....	105
Beskikbare beurse	107
Beurse toegeken deur die Beurskommissie van die Eerste Volksraad.....	107
Beurse toegeken deur die NZAV se Studiefonds voor Zuid-Afrikaanse Studenten.....	108
Beurse toegeken deur privaatpersone of instansies.....	109
Die verhaal van Piet/er Grobler	110
Samevatting: Van Pretoria na Zwolle	110

HOOFSTUK 4 112

DISCIPILUS GYMNASII

ZWOLLE 1898 TOT 1899

Inleiding	112
Beweegredes om juis in Nederland die skoolloopbaan voort te sit	112
Nederlandse universiteite geslote vir leerders van die Staatsgimnasium.....	112
Skoliere en studente in 1897 reeds in Nederland	114
Geen beurs vir Herman nie	114
Die NZAV	114
Die reis na Nederland	115
Met die Oosterlijn van NZASM en die oostelike roete van de Deutsche Oost-Afrikaansche Mail.....	115
Dr Pont van die NZAV se Studiefonds voor Zuid-Afrikaansche Studenten.....	117
Enkele opmerkings oor die stad Zwolle se geskiedenis en beeld teen die einde van die 19de eeu ..	118
Aankoms in die stad Zwolle	118
Ds De Haan en sy gesin	119
Die gesin De Haan	119
Ds De Haan en die gemeente.....	120
Die Gimnasium in die jaar 1898.....	122
Briefwisseling	122
10 September en 10 Oktober 1898: Herman se eerste brief huis toe en Moeder Aletta se antwoord	123
Herman as leerling (discipulus) aan die Gymnasium.....	128
Rapport 13 November 1898 tot 25 Januari 1899	130
27 Januarie 1899: Moeder se tweede brief – Die takhare	131
13 Februarie se brief: Word tog nie ‘n dokter nie maar ‘n regter!.....	133
Die rapport vir die periode 26 Januari tot 25 Maart 1899.....	134
13 Maart 1899: Goudkoors.....	134
30 Maart 1899: Twéé briewe: Vriend Pieter Grobler skryf én Moeder, maar daar is ook ‘n derde brief – Voetbal op Sondae	135
19 Mei 1899: Ds Pont het geskryf en Herman kry ‘n beurs!.....	137
6 Junie 1899: Konferensie in Bloemfontein en Onderwyskongres in Pretoria.....	137
10 Junie 1899: Antwoorde op Herman se vrae	141
Skoolvakansie.....	142
5 Julie 1900: Briewe van dank en “De zaken met de jingoes zijn nog duister.”	143
Klasse III	144
25 Augustus 1900: Meester De Jongh en Pa se barmhartigheid; Herman word ‘n oompje	145
18 September 1900: Die vroue sal veg	145
6 Oktober 1899: Pa en Jochim met die Carolinakommando na Swaziland en Chris en Jacob met die Ermelose kommando na Langnek.....	146
Laaste rapport.....	148

HOOFSTUK 5 150

HERMAN SE OORLOGSERVARING

1899 TOT 1902

Inleiding	150
Die seereis na Mosambiek	151
Zwolle tot Napels	151
Herman se briewe.....	152
Mense aan wie Herman groete stuur	152
Briewe tydens die vaart op die Middellandse See en die Rooisee	153
Terug op Welgevonden.....	155

Die Carolinakommando vertrek na die front.....	156
Modderspruit en oorwinnings in Natal.....	158
Joachim Fourie vir twee weke tuis op Welgevonden	158
Joachim en Aletta Fourie laat weet by herhaling dat Herman in Holland moet bly.....	159
Naby sterfgevalle	161
Tugela.....	162
Wat Herman alles te wete kom oor Christiaan se dood.....	162
Die slag van Talanaheuwel soos beskryf deur JH Breytenbach	163
Inligting oor Christiaan se dood en ander oorlogsnuus wat Welgevonden bereik het	165
Inligting oor Dundee en Talanaheuwel.....	166
Inligting oor Christiaan in die geveg	166
Christiaan se lyk	167
Die smart van die dood.....	168
Die pyn van die hart.....	168
’n Foto van die dooie en bekommernis oor die agterblewendes.....	169
Verwerking van smart: Aletta se uitinge teen die Engelse	169
Die Talanamuseum en gedenkmonument by die NG kerk op Dundee	171
Vervolg van die Oorlog: uit briewe	171
Spioenkop 24 Januarie 1900.....	171
Vorbereidings om te velde te gaan.....	172
Herman na die oorlogsfront	173
Marie de Haan se briefie aan Herman	175
Herman se eie kennismaking met die oorlog	175
Die Fouries te velde by Biggarsberg.....	175
Herman se vader word generaal.....	177
Herman se moeder se geloofsvertroue	177
April en Mei 1900.....	178
Generaal Buller gaan oor tot aksie	180
Die bewegings van die kommando’s onder bevel van generaal JC Fourie	180
Aletta sit op Welgevonden haar en bekommer.....	182
Omswerwing in die gebied noord van Volksrust.....	184
Verlof en terugkeer na Carolinadistrik.....	186
Witrand en Welgevonden op die linkerkant van die lang Boerelinie	186
Aletta se laaste brief	187
Vroue en kinders na veiligheid	188
Carolina ingeneem	188
Die Slag van Bergendal.....	189
Die aksie skuif na die Laeveld	189
Terug aan die Klein-Komati.....	190
Smith-Dorrien wil die sabotasie van die spoorlyn en treine verhinder	191
Witkloof	192
Smith-Dorrien se weergawe van die gebeure op 7 November 1900	195
’n Geidealiseerde weergawe van die gebeure.....	198
Die Witkloofmonument	198
Die res van die oorlog	198
Aletta se dood.....	199
Herman se situasie, planne en gemoedstoestand na die oorlog	201

HOOFSTUK 6 204

HERMAN FOURIE: 'N PERSPEKTIEF OP SY JONG LEWE TOT NA DIE ANGLO-BOERE OORLOG 1902

Inleiding	204
Die aard van die bronomateriaal en die waarde daarvan	204
Herkoms	205
Herman as ywerige skolier	206
Belangstelling in die landspolitiek	208
Herman se kennis van swartmense en swart tale	208
Herman se familie en gesin as lidmate van die NHofG	209
Die brug na Nederland	210
Die oorlog	211
Sy selfverstaan as 'n Boer en 'n Afrikaner	211
Herman Fourie se geloof	212
Samevattende waardering	215

BYLAE 1 217

PATRIARGALE AFSTAMMINGSLYN HCM FOURIE (1882-1939)

BYLAE 2 219

PATRIARGALE AFSTAMMINGSLYN HCM FOURIE (1882-1939) AAN MOEDERSKANT

BYLAE 3 221

TRANSKRIPSIE VAN KORRESPONDENSIE

10 Oktober 1898 AE aan HCM Fourie	221
27 Januarie 1899 AE aan HCM Fourie	222
13 Februarie 1899 AE aan HCM Fourie	223
13 Maart 1899 AE aan HCM Fourie	224
30 Maart 1899 AE aan HCM Fourie	225
30 Maart 1899 AE Fourie aan mev De Haan Laan	226
30 Maart 1899 Pieter Grobler aan HCM Fourie	227
19 Mei 1899 AE aan HCM Fourie	227
6 Junie 1899 AE aan HCM Fourie	228
10 Junie 1899 AE aan HCM Fourie	229
7 Julie 1899 AE aan HCM Fourie	230
25 Augustus 1899 AE aan HCM Fourie	231
18 September 1899 AE aan HCM Fourie	232
6 Oktober 1899 AE aan HCM Fourie	233
28 Oktober 1899 AE aan HCM Fourie	234
28 Oktober 1899 AE aan HCM Fourie: Sluit in 25 Oktober 1899 JC Fourie jr. aan AE Fourie met agter- op AE aan HCM Fourie	235
6 November 1899 AE aan HCM Fourie	236
6 November 1899 MS aan HCM Fourie	237
(Ná die 18de) November 1899 AE aan HCM Fourie	237
1 Desember 1899 AE aan HCM Fourie	239
5 Desember 1899 HCM Fourie aan ds J Pont (en ds A de Haan)	240
13 Desember 1899 Kopieë van telegram en 'n ongedateerde kopie van 'n ander telegram – waarskynlik ingesluit by volgende brief van 15 Desember	241
Gekopieëde telegram op amptelike telegramvorm van Telegraaf Departement, Z.A.Republiek. ...	242
15 Desember 1899 AE aan HCM Fourie	242
16 Desember 1899 HCM Fourie aan ds en mev De Haan	244
18 Desember 1899 AE aan HCM Fourie	246

21 Desember 1899 JC Fourie jr. aan AE Fourie	246
2 Januarie 1900 AE aan HCM Fourie	247
15 Januarie 1900 HCM Fourie aan ds en mev De Haan	249
6 Februarie 1900 HCM Fourie aan ds en mev De Haan	251
9 Februarie 1900 AE Fourie-De Clercq aan ds A de Haan	252
27 Februarie 1900 AE Fourie-De Clercq aan ds en mev De Haan	254
[27 Februarie 1900] AE Fourie aan Marie de Haan [oudste dogter van ds. en mev. De Haan]	256
[Maart 1900] Telegram JC Fourie jr. aan AE Fourie	256
15 Maart 1900 HCM Fourie aan ds en mev A de Haan	256
[Maart 1900, voorafgaande aan die 19de] HCM Fourie aan AE Fourie	257
19 Maart 1900 AE Fourie-De Clercq aan HMA de Haan	258
7 Mei 1900 HCM Fourie aan mev De Haan	259
18 Junie 1900 AE Fourie-De Clercq aan mev De Haan	260
20 Junie 1900 HCM Fourie aan ds en mev De Haan	263
3 Julie 1900 AE Fourie de Clercq aan mev HMA de Haan	263
25 Julie 1900 HCM Fourie aan mev HMA de Haan	264
6 Augustus 1900 AE Fourie de Clercq aan mev HMA de Haan Laan	265
14 Juli 1902 HCM Fourie aan ds De Haan	266
8 September 1902 HCM Fourie aan ds De Haan	267

BYLAE 4 269

HERMAN SE SKOLASTIESE PRESTASIE IN VERGELYKING MET SY KLASMAATS SOOS BLYK UIT DRIE RAPPORTE

BIBLIOGRAFIE 273

Argief NG Kerk in Suid-Afrika	273
Argief van die Oostelike Sinode van die NG Kerk	273
Argief NG Kerk Vrystaat	273
Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (ABP NHKA)	273
Argiefmateriaal in privaatbesit	273
Argief: Historiese Centrum Overijssel (HCO)	273
Argief: Transvaalse Argiefbewaarplek van die Nasionale Argief van Suid Afrika (TAB)	274
Boeke	274
Elektroniese skakels	277
Gedenkalbums	278
Laserplate en mikrofilm	279
Ongepubliseerde navorsing	280
Proefskrifte en skripsies	280
Publikasies van die Staatsdrukkerij der Zuid-Afrikaansche Republiek	280
Tydskrifte	281

DOKUMENTFOTO'S

Dokumentfoto 1 Weduwee Jo Fourie se puntsgewyse lewensoorisig van HCM Fourie	59
Dokumentfoto 2 Weduwee Jo Fourie se puntsgewyse lewensoorisig van HCM Fourie,	117
Dokumentfoto 3 AE Fourie aan HCM Fourie, 10 Oktober 1898	124
Dokumentfoto 4 Lidmaatinskrywing 239 Martha Sophia Fourie	128
Dokumentfoto 5 Klasse II Cijfers 13 November 1898 tot 25 Januari 1899	131
Dokumentfoto 6 Klasse II Cijfers 26 Januari tot 25 Maart 1899	134
Dokumentfoto 7 Klasse III Cijfers 4 September tot 11 November 1899	148
Dokumentfoto 8 Album Discipulorum	148
Dokumentfoto 9 Weduwee Jo Fourie se puntsgewyse lewensoorisig van HCM Fourie	151

FOTO'S

Foto 1 Jacob de Clercq III	31
Foto 2 Monument met name van Piet Retief en ander vermoordes	32
Foto 3 Voortrekkerhuisie 1 (of Aansig 1)	35
Foto 4 Voortrekkerhuisie 2 (of Aansig 2)	35
Foto 5 Detail van binnekant van huisie in vervalte toestand	35
Foto 6 Ongemerkte Voortrekkergraf	36
Foto 7 Gedenksteen op die oorspronklike graf van Jacob de Clercq III.....	36
Foto 8 De Clercq begraafplaas Welgevonden.....	36
Foto 9 Gedenksteen in verband met herbegraving van Jacob de Clercq III en sy gade	36
Foto 10 Fouriewoning gesien vanaf die De Clercq-begraafplaas.....	37
Foto 11 Grafsteen van Jacob de Clercq IV	37
Foto 12 Joachim Christoffel Fourie	39
Foto 13 Alletha Elizabeth de Clercq	40
Foto 14 Gedeelte van die muur van die “wagenhuis” wat nog staan	44
Foto 15 Noordwestelike hoek van die huis.....	45
Foto 16 Manie se “brug oor die rivier”	46
Foto 17 Oostelike vooraansig van die huis	46
Foto 18 Tweejarige kleinseun Zander van Zijl doen saam navorsing	47
Foto 19 Bouval van skoolgeboutjie	47
Foto 20 Kliprondawel	47
Foto 21 Gang van oostelike na westelike voordeure.....	47
Foto 22 Die sitkamer	47
Foto 23 Die kombuis	48
Foto 24 Ds AG du Toit	65
Foto 25 Kerkgebou van 1885 op kerkplein	77
Foto 26 Herman Augustus 1897	111
Foto 27 Dr (later) prof JW Pont.....	117
Foto 28 De Haangesin	120
Foto 29 De Clercqsusters	144
Foto 30 Joachim Fourie Jnr	146
Foto 31 Jacob Fourie	146
Foto 32 Bronsplaas en gedenksteen	171
Foto 33 Skildery van generaal Fourie op sy perd Scot	195
Foto 34 Grafsteen Herman se ouers	203

KAARTE

Kaart 1 Plase aan die Klein-Komatierivier	24
Kaart 2 Relatiewe posisie van die dorp Lijdenburg en die plase aan die Klijn-Comaté	25
Kaart 3 Wyke van Distrik Albany 1825-1836.....	27
Kaart 4 Relatiewe posisie Oos-Transvaal en Noord-Natal	28
Kaart 5 Plaaswerf Welgevonden	34
Kaart 6 Welgevonden soos deur die jare onderverdeel	40
Kaart 7 Binnenstad Zwolle	119

REGISTERINSKRYWINGS

Registerinskrywing 1 Doopinskrywing CE Fourie 1815-1896.....	29
Registerinskrywing 2 Huweliksinskrywing CE Fourie en CHSL Espach.....	30
Registerinskrywing 3 Lidmate CE Fourie en CHSL Espach.....	30
Registerinskrywing 4 Lidmate J de Clercq en As van den Berg.....	33

Registerinskrywing 5 Lidmate J de Clercq Jz. en MS Janse van Rensburg	38
Registerinskrywing 6 Dopeling Alletta Elizabeth de Clercq	40
Registerinskrywing 7 Doopinskrywing HCM Fourie 1882-1939.....	42
Registerinskrywing 8 Herman se pa JC Fourie	60
Registerinskrywing 9 Herman se ma AE de Clercq	61
Registerinskrywing 10 Lidmaatinskrywings JC Fourie en AE de Clercq	61

SKETS

Skets 1 Skets vanaf Du Toit se 1859 kaart	76
---	----

Afkortings, benaminge en definisies

ABP NHKA Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, Erfenissentrum, Monumentheuwel (Voortrekkermonument), Pretoria

Burgerschool “v. (...scholen), school voor kinderen uit den meer gegoeden stand”¹

Christelik-nasionale onderwys

“Onderwys in ooreenstemming met die leer van Christus en met die tradisies en ideale van die volk”²

Emigratie Tydgenootlike term om die trek van verskillende trekgeselskappe vanuit die Cape Colony na die binneland gedurende die jare 1834 tot 1838 mee te beskryf. Die term volksverhuizing is ook gebruik.

GK Gereformeerde Kerk

Gymnasiaal, “bn. Op het gymnasium betrekking hebbende, daartoe behoorende: *gymnasiaal onderwijs*. GYMNASIAST, m. (-en), leerling aan een gymnasium. GYMNASIUM, o. (-sia, -siën), waar de beoefening van het Grieksch en Latijn gepaard gaat met het onderrig in de nieuwere tale, wis- en natuurkunde enz.”³

Hervormde Kerk

Term wat in hierdie studie gebruik word vir die kerk in die oorvaalse gebied wat later genoem sou word die ZAR. Die eerste wetlik vasgestelde naam dateer uit 1862/3, hier afgekort NHK ZAR.

Hoërskool Hedendaagse term wat verwys na skoolgrade 8 tot 12. In hierdie studie word die tydgenootlike terme standaard I tot VI en klasse I tot VI gebruik.

Hoogere Burger School (HBS)

“Middelbare school”⁴

‘n Tipe sekondêre skool met ‘n vyf- of sesjaarprogram soos in Nederland en sy kolonies bestaan het van 1863-1974.⁵

Kaapse Kerk Die gemeente/s in die Kaapkolony/Cape Colony in die jare 1652-1824

Klas/se “v.(-sen), KLASSE, v. (-s, -n), groep van bijeenhoorende zelfstandigheden, afdeeling, onderdeel van een grootere vereeniging”⁶ Die term word gebruik in gymnasia en in die (H)BS

¹ Van Dale’s Groot Woordenboek der Nederlandsche Taal, geheel opnieuw bewerkt, Vierde uitgawe (1904), s.v. “burgerschool.”

² HAT Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal, 2de uitgawe, 7de druk (1988), s.v. “Christelik-nasionaal.”

³ Van Dale’s Groot Woordenboek der Nederlandsche Taal, geheel opnieuw bewerkt, Vierde uitgawe (1904), s.v. “gymnasiaal.”

⁴ Van Dale’s Groot Woordenboek der Nederlandsche Taal, geheel opnieuw bewerkt, Vierde uitgawe (1904), s.v. “burgerschool.”

⁵ https://en.wikipedia.org/wiki/Hogere_Burgerschool

⁶ Van Dale’s Groot Woordenboek der Nederlandsche Taal, geheel opnieuw bewerkt, Vierde uitgawe (1904), s.v. “klas.”

Lagere school	Term vir destydse skool vanaf standaard I tot III
Laerskool	Hedendaagse term wat verwys na skoolgrade 1 tot 7. In hierdie studie word die tydensnootlike terme <i>standaard</i> 1 tot 6 en <i>klasse</i> 1 tot 6 gebruik.
Memorie	Tegniese term vir dokumente wat burgers van die ZAR gebruik het om by die Volksraad in te dien en waarin hulle versoeke en kommentaar vervat is.
Middelbare school	Term vir destydse skool vanaf <i>standaard</i> IV tot VI
NGK ZAR	Nederduitsch Gereformeerde Kerk van de Zuid-Afrikaansche Republiek Dit is die naam soos dit verskyn in die eerste <i>Wetten en Bepalingen</i> van 1867. Geskandeerde weergawes van die ou wette is beskikbaar by die Argief van die NGK in Suid-Afrika (Stellenbosch).
NGK in ZA	Nederduitsch Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika Die naam van die Kaapse Kerk wat op die sinodesitting van 1842 aanvaar is. “Hervormde” is vervang met “Gereformeerde.”
NHK ZAR	Nederduitsch Hervormde Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek Dit is die naam soos dit in die eerste reglement van 1862, wat in 1863 deur die Volksraad goedgekeur is, verskyn. Die eerste eie kerklike wetboek het in 1857 in die <i>Staatscourant</i> verskyn, maar is nie deur die Volksraad bekragtig nie. In hierdie studie word na die Kerk voor 1863 verwys as die Hervormde Kerk. Die eerste Algemene Kerkvergadering van 1853 het aan ds Van der Hoff en ouderling Wolmarans opdrag gegee om ‘n eie kerklike wetboek op te stel en het besluit dat die kerklike wette van die Kaapkolonie gevolg moet word tensy dit in botsing sou wees met beginsels wat deur die Algemene Kerkvergadering aanvaar is. Geskandeerde weergawes van die ou wette is beskikbaar by die ABP NHKA.
NHK in ZA	Nederduitsch Hervormde Kerk, in Zuid-Afrika Die naam van die Kaapse Kerk soos in die <i>Algemeen Reglement</i> van 1824.
NHK van ZA	Nederduitsch Hervormde Kerk van Zuid-Afrika Die naam van die Kerk in die <i>Wetten en Bepalingen</i> van 1904.
NHofGK ZAR	Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk in de Zuid Afrikaansche Republiek Die naam wat tydens ‘n buitengewone sitting van die Algemene Kerkvergadering in 1889 vasgestel is as die amptelike naam van die kerk wat tot stand gekom het ná die vereniging van die NGK ZAR en die NHK ZAR (met uitsondering van een gemeente).
NZASM	Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij
Opleidingskool	Skool in Pretoria van standaard IV tot VI met meester Wessel Louis as skoolhoof
SABW	Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek
Standaard	Tydensnootlike term vir die verskillende skooljare in ‘n lagere en ‘n middelbare skool.

Verenigde Kerk Die kerk wat die produk was van die vereniging van die NGK ZAR en die NHK ZAR in 1885. Die vereniging was nie volledig nie omdat daar 'n gemeente van die NHK ZAR bly voorbestaan het buite die vereniging en baie van die oorspronklike lidmate en gemeentes van die NHK ZAR eers verenig en toe weer daarheen teruggekeer het. Sien NHofGK ZAR

Volksverhuizing

Tydgenootlike term om die trek van verskillende trekgeselskappe vanuit die Cape Colony na die binneland gedurende die jare 1834 tot 1838 mee te beskryf. Die term emigratie is ook gebruik.

Vorbereidingskool

Skool in Pretoria tot by standaard III met meester Wessel Louis as hoof

Voortrekkerkerk

Die gemeente/s buite die Cape Colony in die tydperk van die landsverhuizing tot 1853 (Besluit om nie by Kaapse Sinode in te skakel nie)

ZAR

Zuid-Afrikaansche Republiek

INLEIDING

Hierdie studie is biografies van aard. Dit doen ondersoek na die lewe van Bybelvertaler dr Hermanus Cornelis Mart(h)inus Fourie (5 Julie 1882 - 5 Augustus 1939). Fourie het hom in verskeie opsigte onderskei in die geskiedenis van die Afrikaanse kerke van gereformeerde belydenis. Fourie het as jong seun van 17 jaar aktief as burger te velde deelgeneem aan die Tweede Vryheidsoorlog (Anglo-Boereoorlog 1899-1902), in Nederland aan die Universiteit van Utrecht studeer, hom as predikant bekwaam en ook later daar sy doktorsgraad verwerf. Hy was predikant van drie gemeentes van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, naamlik Pretoria/Erasmus, Johannesburg en Groot Marico.

Hy het deelgeneem aan die Rebelle van 1914 en het ook tronkstraf daarvoor uitgedien. Sy proefskrif oor die amaNdebele was 'n deurbraak in die sin dat hy die eerste persoon was wat die kultuur van die amaNdebele wetenskaplik op skrif gestel het. Hy was namens sy Kerk een van die vyf eindvertalers van die eerste volledige Bybel in Afrikaans (1933). Dit is hy wat aangedring het op 'n vertaling vanuit die grondtale. Hy was medestigter van 'n sendingvereniging en het op die Hertzog-regering se Ekonomiese Naturellekommissie (1930 - 1932) gedien. Die jaar voor sy afsterwe was die eeufeesjaar van die (later so genoemde) Groot Trek. Hy het met oorgawe die herdenking plaaslik begelei.

Die stand van Fourie-navorsing

Dit wat reeds oor Fourie gepubliseer is, bestaan uit kort lewensbeskrywings en huldeblyke. Huldingsberigte het ná sy dood in *Die Hervormer* en ook in verskeie koerante in Suid-Afrika en Nederland verskyn. *Die Hervormer* en die *Almanak* van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika asook *Konteks* en die sekulêre pers het hierbenewens oor die jare artikels oor Fourie gepubliseer. Geleentheidspublikasies, byvoorbeeld in verband met die Bybelvertaling in Afrikaans, bevat artikels of inligting oor HCM Fourie. JP Oberholzer se bydrae is die biografiese artikel "Fourie, Hermanus Cornelis Mart(h)inus" in die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, Deel 1. Harm Oost het Fourie se rol in die Rebelle van 1914 beskryf in sy publikasie *Wie is die skuldiges?*⁷ Dit alles laat nog nie reg geskied aan sy nalatenskap of die beskikbare argivale materiaal nie. Dit dring aan op 'n omvattende biografie.

Daar was pogings om Fourie en sy teologie wetenskaplik na te gaan en te behandel. Dr SP Pretorius wou aanvanklik sy proefskrif oor HCM Fourie skryf en het al sy preke, wat toe in besit van ds Grobler was, vir die doel bekom. Dit blyk toe dat wyle ds PD Smit, wat dit voorheen moes laat vaar, op daardie stadium sy doktorsale navorsing oor Fourie kon hervat. Hy het jarelank gewerk aan Fourie se nagelate preke. Hy het baie na daaraan gekom om sy proefskrif in te handig, maar is oorlede voor dit kon gebeur. Pretorius het toe sy doktorsgraad behaal met 'n proefskrif oor die mislukte kerkvereniging van die 1880's.

Dit blyk dus dat Herman Fourie en die impak van sy lewe as predikant steeds wag op uitklaring en beskrywing. Word biografieë van sy tydgenote in ag geneem, is dit eintlik onverklaarbaar waarom so lank gewag is om Fourie kerkhistories na te vors en met name die kerkgeskiedskrywing van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika verder te verdiep.

Biografieë in die geskiedskrywing van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Breedweg kan die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika ingedeel word in die volgende tydperke:

⁷ Harm Oost, *Wie is die skuldiges?* (Johannesburg: APB, 1956), 206-220.

- Die "Kaapse Kerk" 1652 tot 1824 (Eerste algemene kerkvergadering)
- Die "Voortrekkerkerk" Groot Trek tot 1853 (Besluit om nie by Kaapse Sinode in te skakel nie)
- 1853 tot Kerkvereniging 1885
- Ná mislukte vereniging tot Tweede Vryheidsoorlog 1886 tot 1902
- Twintigste eeu met konstante groei
- Tydperk na 1990 met kleinerwording

Fourie word kort voor die kerkvereniging gebore. Hy dien in die Kerk gedurende die tweede tot vierde dekades van die 20ste eeu. Sy kollegas (aan die begin) was: ds GF Alers, ds LE Brandt, ds AJ Burger, dr SP Engelbrecht, ds PW Ennis, ds DF Erasmus, prof dr JAJH Greyvenstein, ds PS Grobler, ds P Kuhn, ds JJ Prinsloo, ds SJ Strydom, ds J van Belkum, dr HD van Broekhuizen, ds PJJ Venter, ds S Vermooten en ds HP Wolmarans.

Uiteraard word daar nie oor elke predikant 'n biografie geskryf nie. Dit is slegs teoreties moontlik. Maar hulle wat 'n groot verskil gemaak het "verdien" 'n biografie. In terme van die geskiedenis van die Kerk kan ds LE Brandt, dr SP Engelbrecht, ds HCM Fourie, prof Greyvenstein, ds J van Belkum, ds S Vermooten en ds HP Wolmarans daarvoor uitgesonder word vanweë onder andere hulle rol as voorsitters van die Kerkvergadering; in die teologiese opleiding; as redakteurs van kerklike publikasies; by inrigtings van die Kerk en die Bybelvertaling.

SP Engelbrecht het 'n outobiografie geskryf wat 50 jaar ná sy dood beskikbaar gestel is, maar nie gepubliseer nie. Twee ongepubliseerde proefskrifte het verskyn:

Botes, HJ. "Ds L E Brandt (1873-1939) as kerklike leier en bouer." Proefskrif (DD), Universiteit van Pretoria, 1989.

Pretorius, C. "Ds. Jac van Belkum (1851-1933): Nestor van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika: 'n teologies-historiese studie." Proefskrif (DD), Universiteit van Pretoria, 2002.

'n Biografie oor HCM Fourie behoort dus 'n bestaande navorsingsleemte te help vul.

Die Afrikaanse Bybelvertaling

HCM Fourie was een van die eindvertalers van die Bybelvertaling in Afrikaans 1933. Daarmee is hy verbind aan 'n breër kerklike gemeenskap as net die kerk waarin hy predikant was. Soverre dit die vyf eindvertalers van die eerste Bybel in Afrikaans betref, is daar reeds navorsing gedoen en gepubliseer oor die vertaling self. In hierdie verband is die volgende publikasie die bekendste:

Nienaber, PJ. *Die geskiedenis van die Afrikaanse Bybelvertaling*. Kaapstad: Nasionale Pers, 1934.

Oor die vertalers self het biografieë verskyn oor JD du Toit, JD Kestell en BB Keet.

Prof JD du Toit (Totius)

Nienaber, P.J.(red.) *Totius Digter en Profeet*. Johannesburg: APB, 1948.

d'Assonville, V.E. *Totius, profeet van die Mooirivier*. Kaapstad: Tafelberg, 1977.

d'Assonville, V.E. *Dit is Totius. J.D. du Toit 1877-1953*. Lynnwoodrif: Marnix 1993.

Prof BB Keet

De Beer, JC. "Prof. B.B. Keet, 1885 tot 1974, leraar en hoogleraar in die Nederduitse Gereformeerde Kerk." Universiteit van Stellenbosch: Proefskrif (D. Th.) , 1992.

Dr JD Kestell

Nienaber, PJ. *Vader Kestell*. Kaapstad: Tafelberg, 1971.

Van Schoor, MCE. *John Daniël Kestell*. Bloemfontein: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, 1992.

Prof EE van Rooyen en dr HCM Fourie het inskrywings in die Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek ontvang, omdat hulle Bybelvertalers was. Raadpleeg in hierdie verband:

SABW Deel IV (1981), s.v. "Van Rooyen, Esias Engelbertus."

SABW Deel 1 (1976), s.v. "Fourie, Hermanus Cornelis Mart(h)inus."

Biografieë oor dr HCM Fourie en prof EE van Rooyen ontbreek dus. Dit onderstreep die waarde van die navorsing.

Navorsingsdoel, vraagstelling en metode

Die doel van die navorsing was aanvanklik om 'n biografie te skryf oor die persoon van Fourie. Die biografie sou 'n uitgebreide waardering ten opsigte van sy lewenswerk insluit en dus die navorsingsleemte aanvul. Tydens die studie is argivale materiaal gefotografeer en dit sou bykomend tot die biografie digitaal beskikbaar gestel word sodat primêre bronne oor HCM Fourie wêreldwyd toeganklik sou word.

Maar, Fourie moet nie onderskat word nie. Daar is massas materiaal oor hom beskikbaar. Dit het meegebring dat die skopus verklein en die digitalisering van die argief uitgestel moes word. Uiteindelik het die eerste twintig jaar van Fourie se lewe genoeg materiaal opgelewer om daarmee vir die doeleindes van 'n proefskrif te volstaan. Dit moet as 'n eerste fase in die Fourie-navorsing aangeteken word. Die titel van die navorsing het uiteindelik neergekom op *Die herkoms en jeug van HCM Fourie (1882-1939) - 'n Kerkhistoriese studie*. Die vraagstelling aan die bronne was gewoon gerig deur die vraag wat dit aan die lig bring in verband met Herman Fourie.

Bronne is opgespoor in die volgende argiefbewaarplekke:

- die Argief van die NGK in Suid-Afrika
- die Argief NG Kerk Vrystaat
- die Argief van die Oostelike Sinode van die NG kerk
- die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika,
- die Argiefbewaarplek van Het Zuid-Afrikahuis,
- die Historisch Centrum Overijssel,
- die Nasionale Argief van Suid-Afrika (Afdeling TAB),
- die Nederlandse Nationaal Archief Den Haag en
- die Argiefbewaarplek van Het Zuid-Afrikahuis in Amsterdam.

Die vraagstelling in biografiese geskiedskrywing is spesifiek gerig daarop om betroubare inligting rakende 'n historiese persoon te identifiseer, te kontroleer, weer te gee en te interpreteer.

Die historiese metode bestaan uit die soek na inligtingsbronne, die kritiek daarop en die sintetiese aanbidding daarvan.⁸ Hierdie metode gaan terug na Von Ranke vir wie “die dokument die sleutel (is) tot die historiese waarheid, die enigste gesag, Die sleutelwoorde in sy metode was heuristiek, kritiek en hermeneutiek.”⁹

Die navorsing sluit aan by die uitgangspunte van ‘n histories-kritiese ondersoek. Bronne is noukeurig opgespoor en nagegaan in die bogenoemde argiefbewaarplekke waar vermoed is dat daar neerslag van Fourie se lewe sou wees. Dit is aangevul met beduidende kennis van Fourie se lewe, soos bekom uit alle materiaal wat as sekondêre bronne of navorsing oor Fourie bestaan. Onderhoude is ook gevoer met persone wat kennis het van die plaas waar Fourie groot geword het. Dit sluit ook kennis in wat bekom is deur fisiese strukture soos woonhuise en begraafplase te besoek en die raadpleeg van plaas- en dorpskaarte, foto’s, monumente en lugfoto’s. Hierdie kennis het uiteraard as raamwerk van kennis vir die interpretasie van die bronne gedien. In hierdie verband het die skrywer egter sorg gedra dat sy interpretasie nie deur bestaande kennis oorwoek is nie. Hy het hom nie laat lei en voorsê deur die bestaande beeld van Fourie in die literatuur nie. Sy fokus op die jong mens Fourie bring inderwaarheid nuwe kennis na vore, wat uiteindelik op die verdere navorsing oor Fourie van deurslaggewende belang sal wees om hierdie beeld te toets en te verantwoord.

In die beskrywing en interpretasie is dus rekening gehou met die aard van die bron, die intensie daarvan en die datum waarop dit tot stand gekom het. In hierdie sin is dus krities gewerk. Trajekte van inligting is opgediep en in ‘n samehang beskryf.

‘n Goeie voorbeeld hiervan is die genealogie van Fourie. Die logiese vertrekpunt vir die skryf van ‘n biografie is die navorsing van die genealogiese data. In die geval van HCM Fourie is die patriargale stamlyne van sy vader en moeder sedert die aankoms van die stamvaders in Suid-Afrika reeds opgestel. Sien bylaes 1 en 2. Dit is as vertrekpunt gebruik en daarvandaan is die primêre bronne naamlik die onderskeie registerinskrywings van sleutelpersone in die genealogiese lyn opgespoor, weergegee en teenoor die geslagsregisters geverifieer. Daarmee is die herkoms van HCM Fourie beskryf. Sy inskrywing in die doopregister is ook opgespoor en in konteks beskryf. Daarmee is die families waaruit hy gekom het, in kaart gebring.

‘n Tweede sodanige trajek van nuwe kennis, is die kronologiese beskrywing van die belewing van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) uit die unieke versameling briewe tussen Fourie en sy moeder. In die weergawe daarvan is so na aan die oorspronklike gebly, maar dit is tog ook singewend as ‘n geheel uitgeklaar. Die briewe word as ‘n belangrike hegstuk (bylae 3) by die studie gevoeg.

Afgesien van primêre bronne wat direk met Fourie se lewe verband hou, soos doopregisters, skoolrapporte, ensovoorts, het die studie aanliggende materiaal ook in die argiefbewaarplekke opgesoek. In hierdie verband is historiese materiaal, politieke debatte, onderwysaangeleenthede en die skole wat hy besoek het, gekombineer met kerkhistoriese navorsing. Immers, dit gaan om die beskrywing van die jong lewe van iemand wat homself as predikant en Bybelvertaler sou onderskei. Die vervlegting van soveel inligting het metodologies die onderbou verskaf vir ‘n gedetailleerde, volledige en saamgestelde lewensgetroue historiografiese beeld van die jong Fourie. Die bronne is met groot noukeurigheid aangedui. Die sistematisering van die materiaal in hoofstukke, is bepaal deur die bronne.

⁸ P.S. Dreyer, *Inleiding tot die filosofie van die geskiedenis* (Pretoria: HAUM, 1974), 99-101.

⁹ F.A. van Jaarsveld, *Moderne geskiedskrywing Opstelle oor ‘n nuwe benadering tot die geskiedenis* (Pretoria: Butterworth, 1982), 7.

Uiteensetting

Die proefskrif word in ses hoofstukke ingedeel. Elkeen handel oor 'n daaropvolgende periode in Herman Fourie se lewe tot op ouderdom twintig jaar. Waar daar afgewyk word van die chronologiese volgorde van lewensgebeure is dit om ter saaklike inligting uit die verlede te verskaf wat op 'n bepaalde aspek van sy lewe meer lig werp. Ook in hoofstuk vyf word die oorlogsgebeure waarvan hy nie bewus was nie, nie beskryf nie, totdat hy met sy aankoms op die plaas daarvan te hore kom. Dit word dus vertel soos en wanneer hy dit sou gehoor het. Hoofstukke een en twee het die plaas Welgevonden as agtergrond, hoofstuk drie speel in Pretoria af, hoofstuk vier in Zwolle en in hoofstuk vyf is dit die verloop van die oorlog wat bepaal waar Herman homself bevind.

In *Hoofstuk 1* word die herkoms, geboorte, doop en kleuterjare van Herman tussen 1882 tot 1889 behandel. Besonder aandag word geskenk aan die kerklike omstandighede en gemeentelike lewe waarmee klein Manie in aanraking kom. Die *tweede hoofstuk* verhaal jong Manie se Sondag- en plaasskooldae van 1890 tot 1893. Dit val saam met die stigting van die NHofG gemeente Carolina en die bediening van die eerste leraar van die gemeente, ds AG du Toit. Die opvolgende hoofstuk (*hoofstuk drie*) volg die lewe van Herman in die hoofdorp Pretoria. Hier kom hy in aanraking met die landsake en politiek, terwyl hy leerling word van die Staatsmodelschool. Dan kom daar 'n wending in sy lewe. Hy kry kans om in Nederland aan die Stedelijke Gymnasium in die stad Zwolle in die provinsie Overijssel in te skryf as student. *Hoofstuk vier* word gewy aan die periode middel 1898 tot Desember 1899 toe Manie 'n discipulus gymnasii in Zwolle was. In Desember 1899 keer hy terug na die ZAR om aan die Anglo-Boereoorlog deel te neem. Die *vyfde hoofstuk* vertel hierdie verhaal. Dit word gegrond op briewe wat sy moeder en hyself in en oor hierdie tyd geskryf het en open 'n unieke perspektief op hierdie omstrede oorlog. Die hoofstuk eindig met 'n beskrywing van Herman se situasie, planne en gemoedstoestand ná die oorlog. Die laaste hoofstuk (*hoofstuk ses*) beredeneer 'n oorhoofse perspektief op die lewe van die jong mens Manie Fourie. Die waarde van hierdie studie word dan ook kortliks saamgevat.

Taalgebruik

Daar is afgewyk van sommige van die huidige voorskrifte vir die skryf van goeie Afrikaans. Dit is hoofsaaklik waar sommige (half)Nederlandse woorde en spelwyses behou is sonder die voordurende lastige gebruik van aanhalingstekens of kursiefskrif. Dit geld ook die onvertaalde name van lande en dorpe. Daarmee word gepoog om 'n gevoel vir die tyd waarin die eerste fase van Fourie se lewe afspeel te skep en ook om lande te identifiseer soos dit destyds amptelik bekend gestaan het. In die Afrikaanse teks is dus die tydgenootlike terme Comaté, emigratie, landsverhuizing, Lijdenburg ensovoorts behou.

HOOFSTUK 1

HERKOMS, GEBOORTE EN KLEUTERJARE 1882-1889

Inleiding

Hoofstuk 1 van ons ondersoek handel oor die eerste aantal jare in die lewe van Herman Fourie. Die ondersoeklens fokus opeenvolgens direk op homself en dan herhaaldelik wyer en nader.

Uit die bronne tot ons beskikking word sy geboorte gevolglik eerste beskryf. Daarna volg 'n omvattende uiteensetting van die familie en gesin waarin hy ontvang is. Die hele familie is ingebed in 'n gereformeerde tradisie en kerklike lewe. Dienooreenkomstig is die gegewens in verband met sy doop soos dit uit die gemeentelike bronne uitgediep kon word, aan die lig gebring. Aangesien hierdie navorsing kerkhistories van aard is, verbreed die ondersoek dan na kerklike sake om die destydse gemeentelike situasie uit die bronmateriaal na vore te laat tree. Manie sou homself onderskei as 'n predikant en Bybelvertaler. Die kerklike situasie waarin hy gebore en gedoop is, moet aan die orde gestel word. Met hierdie agtergrondsinligting afgehandel, verskuif die aandag na die plaas en die huis waarin hy hom bevind het. Welgevonden is uitgemeet aan die klein Comaté-rivier in die Comatéwyk, in die distrik van Lijdenburg. Die hoofstuk eindig dan met wat 'n hoogtepunt in Welgevonden se geskiedenis sou wees naamlik 'n besoek deur staatspresident Paul Kruger.

Die Comaté-omgewing

Herman, klein Manie, het in 'n mooi wêreld grootgeword. Die Comaté-omgewing, waar die Hoëveld sy water begin bymekaarmaak om af te vloei na die Laeveld, waar die plat wêreld begin valleie vorm, kruip maklik onder 'n mens se vel in. Dit was so sedert die dae van die ossewa en die perd tot in die dae van die motorkar.

Frans Lion-Cachet beskryf in 1875 die omgewing so: "Het district Comaté is door hoge bergen ingesloten, door de rivier en vele spruiten en waterloopjes doorsneden, en in tegenstelling der vlakke, die wij een uur geleden verlaten hebben, 'dik bewoond', en dat wel door boeren, die in lateren tijd uit de Kolonie getrokken zijn. Onder deze behoorden mijn gastheer van de Merwe, een man van vijftig jaar en vader van een talrijk gezin."¹⁰

Professor HDA du Toit, leraar van 1935 tot 1940, onthou uit sy tyd as predikant: "Huisbesoek het naas prediking nommer een gestaan. As oom Jaap van der Mewe en ek in die laeveld afsak, die waterval by Kalkoenkrans besoek en naby Badplaas wors sommer in die pad braai, omring van hoë tamboekiegras, het dit 'n awontuur geword."¹¹

Vandag nog is die streek 'n gewilde toerismebestemming met plekke soos Badplaas en Chrissiesmeer. 'n Vakansiebestemming op sigself of 'n oorstaanplek op pad na die Laeveld en die wildtuin.

Herman se geboorte op Leliefontien op 5 Julie 1882

In hierdie pragtige en waterryke streek noord van die huidige dorp Carolina is Herman Fourie op Woensdag 5 Julie 1882 gebore. Sy geboortedatum val kort ná die suksesvolle oorlog van die Zuid-


¹⁰ F. Lion-Cachet, *Vijftien jaren in in Zuid-Afrika, brieven aan een vriend*, volume 2 (Leeuwarden: Bokma, 1875), Julij – December 1866, 102-102. Aangehaal in J.N. Taljaard, "Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Carolina 1889-1964" (Skripsie Nagraadse Diploma, UP, 1986), 4. Oorspronklike is nagegaan.

¹¹ H.D.A. du Toit, "Groeteboodschappen en seënwenne Prof. H.D.A. du Toit" in *Nederduitse Gereformeerde Gemeente Carolina 1889-1964* (Carolina: Kerkraad, 1964), 8.

Afrikaansche Republiek (ZAR) teen die United Kingdom of Great Britain and Ireland (1880-1881) onder Queen Victoria ten einde die anneksasie van 1877 ongedaan te maak. In Nederland was daar buitengewone belangstelling in die lotgevalle van die “Transvaal.” So byvoorbeeld is daar pas ná die oorlog in Utrecht op 12 Mei 1881 die invloedryke Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Vereeniging (NZAV) gestig.¹² In die westerse koloniale geskiedenis was die wedloop om Afrika aan die gang. Die genoemde anneksasie van 1877 is bewys van Engeland se gretigheid om die ZAR as kolonie in te skakel by die Ryk.

Hierdie en ander politieke maar ook kerklike gebeure sou in Herman se latere lewe en herinnering ‘n rol speel.

In die gebied rondom die Klijn-Comatérivier was daar vier en ‘n half dekades ná die landsverhuising van 1835-1838 reeds heelwat plase. Herman se gesin het op die plaas Welgevonden gewoon maar hy is op Leliefontein gebore.¹³ Welgevonden grens na die westekant aan Frischgewaagd en na die suidekant aan Nooitgedacht wat op hulle beurt grens aan Witkloof, wat dan grens aan Leliefontein.



Kaart 1 Plase aan die Klein-Komatierivier
Imperial Map of South Africa, Field Intelligence Department, Cape Town April 1900

¹² J. De Louter, “Oorsprong en Roeping der Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Vereeniging,” in *Nederland-Zuid-Afrika. Gedenkboek uitgegeven door de Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Vereeniging bij gelegenheid van haar vijftig-jarig bestaan 1881-1931* (Amsterdam: De Bussy, 1931), 2.

¹³ Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika (GGSA), *Familia Omnibus* Volume 3 (Houghton: GGSA, 2006), 551 inskrywing 6075, Laserplaat 20.

Die geboorte het tydens 'n buitekerkgeleentheid plaasgevind.¹⁴ Daar is inderdaad buitendienste op verskillende plase deur die predikant van Gemeente Lijdenburg van die Nederduitsche Gereformeerde Kerk in de ZAR (NGK ZAR) gehou. Leliefontein en Welgevonden was bekende kerkplekke.¹⁵ Lijdenburg was ds HJ Neethling se eerste gemeente.¹⁶ Hy is op 4 September 1881 georden.¹⁷ Hy het die afstand van net minder as 80 myl (125 kilometer) na die Komati-wyk te perd of in 'n perdekar afgelê.¹⁸



Kaart 2 Relatiewe posisie van die dorp Lijdenburg en die plase aan die Klijn-Komati Grense, distrikte en dorpe 1860-1886, Gedeelte van Kaart 5.2 in J.S. Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika Die vier noordelike provinsies* (Pretoria: J.L. van Schaik Uitgewers, 1999), 20.

¹⁴ M.M. Glatthaar, Persoonlike mededelings deur H.C.M. Fourie aan haar, circa 1938/9, Privaatversameling HCM Fourie, 1/11, ABP NHKA. 5 Julie 1882 was 'n Woensdag (Zeller se algoritme). Dit is dus onwaarskynlik dat die geboorte met 'n buitekerkgeleentheid saamgeval het. Maar dit kan ook wees dat die geboortepyne moeder Aletta genoodsaak het om aan te bly ná die Sondag se buitediens. Datums van buitendienste waartydens lidmate volgens die lidmaatregister bevestig is, het elke keer op 'n Saterdag of 'n Sondag geval. Sien:

Nederduitse Gereformeerde Gemeente Carolina 1889-1964, 17.

J.N. Taljaard, "Die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Carolina 1889-1964" (Skripsie Nagraadse Diploma, UP, 1986), 12.

¹⁵ Taljaard, "Carolina 1889-1964," 14-15.

¹⁶ Taljaard, "Carolina 1889-1964," 11. Sy stelling op bladsy 12, dat ds Neethling dus as konsulent periodiek dienste in die wyk Komati en later op Carolina kom hou het, is onjuis in dié opsig dat ds Neethling predikant van die gemeente was en nie konsulent nie. Die gemeente Carolina is eers op 26 Oktober 1889 gestig.

¹⁷ Taljaard, "Carolina 1889-1964," 11.

¹⁸ Taljaard, "Carolina 1889-1964," 15.

Die plaas Leliefontein het behoort aan JC Breytenbach, ouderling vir die Comatéwijk.¹⁹ Heel moontlik was daar 'n vroedvrou op Leliefontein want sowel Herman se broer Jaap (29 Januarie 1875)²⁰ en sy suster Nonnie (25 Oktober 1879)²¹ is op Leliefontein gebore. Dit is moontlik dat ouderling Breytenbach se eerste vrou Maria Francina (of Maria Jacomina Catharina), 'n nooi Vermaak, self die vroedvrou was. Sy was 48 met die geboorte van haar laaste en dertiende kind in 1874 en is in 1886 oorlede. Dit is dus moontlik dat sy as vroedvrou vir Aletta Fourie van Welgevonden bygestaan het met minstens drie geboortes nadat sy self nie meer kinders gehad het nie.

Wie ook al die “oumens” (of “ouvrou”)²² was, Herman se geboorte sou volgens ds Willem Postma, bekend as Dr. O’Kulis, ‘n respektabele “hogere” “gesertifiseerde geboorte” as Boerkind wees met Herman wat van sy eerste uur af alreeds ‘n held was!²³

Wie se bloed het in Herman se are gevloei? Wie was die voorsate wie se gene op hom ingewerk het? Ons volg die geslagte terug vanaf sy ouers Jochem Fourie en Aletta de Clercq tot in die tyd van wat later genoem sou word die Groot Trek.²⁴ Dit was die dae van groot families. Aan die Fouriekant het Herman uiteindelik minstens 45 nefies en niggies gehad en aan die De Clercqkant minstens 39.²⁵

¹⁹ Nic Breytenbach, “Geskiedenis van die familie Breytenbach” (Pretoria: Ongepubliseerde navorsingsdokument, sa), 22, fotostaat ontvang van mnr A.E. Breytenbach. Gegewens soos volg: “Jacob Coenraad **BREYTENBACH** (b4c1d5) leef van 8 Julie 1822 tot 20 Februarie 1896. Hy neem op 16 jarige ouderdom deel aan die Slag van Bloedrivier. Op 18 Maart 1843 is hy in Natal getroud met Maria **Francina VERMAAK** by wie hy van 1843 tot 1874 13 kinders verwek. Hy was 52 jaar oud met die geboorte van die laaste kind. Sy tweede huwelik met Aletta Johanna KLEYNHANS was kinderloos. JC Breytenbach het geleef tot op 73 jarige ouderdom. Hy is op Leliefontein begrawe.”

Genoemde bron se inligting verskil in detail van <https://www.geni.com/people/Jacob-Coenraad-Breytenbach/6000000064859699856?through=6000000023794172848#/tab/revision> Met die laaste raadpleging op 13 November 2020 was daar die aanduiding dat die inligting op 29 Oktober 2019 deur Miekie van der Merwe opdateer is. Daarvolgens was JC BREYTENBACH se eerste gade se name Maria **Jacomina Catharina VERMAAK**.

’n Vergelyking tussen die twee bronne se inligting oor die egpaar se kinders laat dit tog blyk dat dieselfde egpare en kinders ter sprake is. Die internetbron gee MJC BREYTENBACH née VERMAAK se datums aan as 1826 tot 1886.

²⁰ GGSA, *Familia Omnibus*, Volume 3, 551 inskrywing 6063, Laserplaat 20.

²¹ GGSA. *Familia Omnibus*, Volume 3, 551 inskrywing 6074, Laserplaat 20.

²² J. Wilmans, “Vroedvrouens (ouvrouens),” *Geneespraktyke in Suid-Afrika tot 1900* (Navorsing deur die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum 2, no 1, 1990), 34-36.

²³ Dr O’Kulis, *Die Ezelskakebeen*, Derde uitgaaf (Bloemfontein: De Nasionale Pers, 1916), 9, 10, 13.

²⁴ Die tydgenootlike term was *landsverhuizing* of *emigratie*. *Great Trek* is in 1842 vir die eerste keer opgeteken. *Groote Trek* is ’n begrip wat eers sedert die 1870’s in gebruik gekom het, in die herinnering aan en interpretasie van die geskiedenis. Sien hieroor Pieter de Klerk, “Was die Groot Trek werklik groot? ’n Historiografiese ondersoek na die gevolge en betekenis van die Groot Trek” *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* Jaargang 49 No. 4 (Desember 2009): 668-671 (slotbeskouing) waarin hy na navorsing daarvoor asook diverse interpretasies van die term verwys.

²⁵ Getel by:

GGSA, *Familia Omnibus*, Volume 3, 550-553, Laserplaat 20 dit wil sê die kleinkinders van oupa Christiaan Ernst Fourie (a1b16c3d7)

en

David de Klerk, *Van Vogelvalleij na verre velde... Geslagsregister van Abraham de Clercq* (Stellenbosch: Hugenote Vereniging, 2012), 134 – 137 dit wil sê die kleinkinders van oupa Jacob de Clercq (a1b6c3d5e6).

Grootouers Espach en Fourie

Beginpunt is grootouers Espach en Fourie. Raadpleeg in hierdie verband Bylae 1: HCM Fourie (1882-1939) waarin die patriargale afstammingslyn weergegee word. Hieronder volg 'n uiteensetting daarvan.

Grootoupa Joachim Christoffel Espach



Kaart 3 Wyke van Distrik Albany 1825-1836
Jan C. Visagie, *Voortrekkerstamouers 1835-1845*
(Pretoria Protea Boekhuis, 2011),
Tussen bladsye 42 en 43

Tydens die Sesde Grensoorlog van 1834-1836 is groot verwoesting gesaai van die Katrivier tot onder by die see. Dit was één van die oorsake van die emigrasie.

JC Esbach²⁶ (later gespel Espach of Espag), 'n tweede geslag Kaapse burger, was vir 'n tyd lank veldkornet in die wyk Visrivier. Hy was 'n vermoënde boer wat onder andere 3,000 skape gehad het. Hy het geboer op die plase Buffelsfontein aan die Visrivier en later ook op Maastrich toe die nuwe wyk Oos-Rietrivier tot stand gekom het.

Gedoopt op 15 Desember 1782 as die tweede van die nege kinders van die stamvader en meester-wamaker Esbach,²⁷ tree hy op 5 Augustus 1810 te Graaff-Reinet in die huwelik met Rachel Catharina Meyer. Hulle het drie kinders waarvan die jongste, Catharina Hendrina Lucasina Johanna, later Herman se ouma Fourie sou word.²⁸

Joachim Espach was nie onder die eerste landsverhuisers²⁹ nie. Hy was 'n invloedryke man, immers veldkornet, en toe hy in 1838 dreig om te trek, skryf 'n boer aan die siviele kommissaris kaptein Campbell dat Espach se besluit om te trek of nie, ook die besluit van sy medeboere sal bepaal.³⁰

Sy swaers Lucas en Piet Meyer emigreer wel gedurende 1837 na Natal maar self gaan hy eers in 1842, as trekleier van 'n benaderde getal van 23 gesinne,³¹ tot die stap oor. Sy skoonseun CE Fourie, Herman se oupa, en sy gesin is deel van die trekgeselskap. Vanuit Natal verskuif hy in ongeveer 1847 noordwaarts na Ohrigstad.

²⁶ Jan C Visagie, "Minder bekende Voortrekkerleiers" *Historia* 35 Uitgawe 1 (Mei 1990): 46-47; Jan C. Visagie, *Voortrekkerstamouers 1835-1845*, Tweede uitgawe, tweede druk (Pretoria: Protea, 2011), 15, 183; en Jan C Visagie, *Voortrekkerleiers en Trekroetes* (Pretoria: Erfenisstigting, 2013), 60, 74.

²⁷ Suid Afrikaanse Geslagsregister Vol 2 (D-G) Hersiene uitgawe (Pretoria: RGN Uitgewers, 1989), s.v. "Esbach/Espag."

²⁸ Suid-Afrikaanse Geslagsregister Vol 2 (D-G), s.v. "Esbach/Espag," 231.

²⁹ In die geskiedskrywing gebruik Visagie, *Voortrekkerstamouers 1835-1845*, 8 die terme "Voortrekker" en "Agternatrekker". Visagie reken die Voortrekkers as diegene wat die Kaapkolonie verlaat het in die jare 1836 tot 1845. Ná 1845 praat hy van die Agternatrekkers. Daarvolgens sou grootoupa Espach nog tel as 'n Voortrekker.

³⁰ Visagie, "Minder bekende Voortrekkerleiers": 46 haal aan uit KAB, 1/AY/ 8/89, Ontvange stukke van diverse persone en liggame, Piet van der Sandt – D Campbell, 2/6/1838 (vertaalde afskrif, oorspronklike te vinde in LG 424, pp.89-90), ongepagineerd. Joachim word hierin gespel Jochem.

³¹ Visagie, *Voortrekkerstamouers 1835-1845*, 15.

Sien kaart 2 vir die ligging van (Andries) Ohrigstad.

Die noorde van Natal lê net suid van die ooste van Transvaal. Oos-Transvaal was dus ná die Engelse anneksasie van 1843 een van die logiese verdere trekroetes uit 'n Engelse kolonie na 'n onafhanklike gebied. En so kom Herman se eerste voorgeslagte aan in die ooste van wat sou word die Zuid-Afrikaansche Republiek. JC Espach sou 'n rolspeler in die geskiedenis van daardie wêrelddeel word.³²



Kaart 4 Relatiewe posisie Oos-Transvaal en Noord-Natal
F.J. Grobler, *Die Carolina-kommando in die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902)*
Potchefstroomse Universiteit vir CHO: MA-Skripsie, 1960
Bladsye 21a en 21b


Hy skryf op 15 September 1846 vanaf Steelpoord [sic] en versoek dat daar 'n verkiesing gehou word en 'n wetgewende volksraad op die been gebring word aangesien hy en die vier mede-

³² Visagie, "Minder bekende Voortrekkerleiers": 46 grond die stelling op H.S. Pretorius en D.W. Krüger (reds), *Voortrekkerargiefstukke 1829-1849* (Pretoria, 1937), 189, 239, 251, 255, 286 en 337. Dit is nie korrek nie aangesien Joachim Christoffel Espag slegs op bladsy 239 genoem word as skrywer van die brief waarin 'n verkiesing van 'n wetgewende volksraad versoek word.

ondertekenare van die skrywe nie onder 'n eenmanregering wil staan nie.³³ Die eenmanregering verwys na hoofkommandant AH Potgieter wat homself as oudste inwoner en leier van die overvaalse gebied beskou het. Diegene uit Natal wou nie onder hom staan nie. Die Volksraadgroep en die Potgietergroep het teenoor mekaar gestaan. Die situasie word netjies in die volgende aanhaling beskryf: "In 1845 verhuis Potgieter met 'n klompie volgelinge na Oos-Transvaal, waar Ohrigstad aangelê word. Die verhuising het egter nie beteken dat Potgieter die Potchefstroom-Winburg-gedeelte van die Voortrekkerstaat prysgegee het nie. Dit was slegs 'n verskuiwing van die hoofsetel na Ohrigstad. Hier het Potgieter in botsing gekom met die groep wat Natal na die anneksasie verlaat het en onder leiding van Jacobus Burger geredeneer het dat die Natalse Volksraad nooit ontbind het nie en net so in Ohrigstad voortgesit kon word. Spanning en rusie het gevolg; vir 'n tyd was daar selfs twee regerings te Ohrigstad. Eindelik het Potgieter die stryd gewonne gegee en sy volgelinge na Zoutpansberg verhuis. Hier het hy weer 'n republikeinse gemeenskap onder eie bestuur gestig. Die Wes-Drakensbergse Voortrekkerstaat het geskeur."³⁴

Oupa Christiaan Ernst Fourie

Met Herman se geboorte was oupa Christiaan Ernst Fourie 67 jaar oud. Hy is as vierde geslag Kaapse burger gebore op 14 Junie 1815 en gedoop op 12 November 1815 in die gemeente George van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Zuid-Afrika.³⁵ Die gemeente is gestig in 1813. Hy trou in 1836 met 'n mooi Espach.



Registerinskrywing 1 Doopinskrywing CE Fourie 1815-1896
Foto geneem en verskaf deur dr Andrew Kok, 22 Oktober 2019
(Bestuurder: Argief NG Kerk in Suid-Afrika)
uit G9 3/1 George Doopregister 1813 - 1827

Ouma Fourie, Catharina Hendrina Lucasina Johanna Espach,³⁶ is op 12 Februarie 1820 gebore op Uitenhage en daar gedoop in die gemeente wat in 1817 gestig is. Sy was 'n dogter van Herman se grootoupa en –ouma Espach.

Die huwelik is gesluit op Somerset-Oos op 18 Desember 1836,³⁷ toe die landsverhuising reeds aan die gang was. Die gemeente Somerset-Oos is gestig in 1825 met ds George Morgan as eerste leraar.

³³ H.S. Pretorius, D.W. Krüger, en C. Beyers, *Voortrekkerargiefstukke 1829-1849 Afgeskryf, toegelig, persklaar gemaak en van bladwysers voorsien* (Pretoria: Staatsdrukker, 1937), 239.

³⁴ F.J. du T. Spies en M.C. van Zyl, "Die republikeinse strewe in die geskiedenis van Suid-Afrika" *Pretoriana* nr. 50 (1966): 8.


https://repository.up.ac.za/bitstream/handle/2263/13752/001_Voorblad-p008.pdf?sequence=8&isAllowed=y

³⁵ SP Engelbrecht, *Eeufees-album Nederduitsch Hervormde Kerk 1842-1942* (Pretoria: Wallachs' Drukkers en uitgewers, 1942), 10 bevat 'n foto van die notule waar die "Kaapse Kerk" sy naam op 5 November 1842 verander het van Nederduitsche **Hervormde** Kerk van Zuid-Afrika na **Gereformeerde**.

³⁶ In die huweliksregister is haar derde naam Susanna. Die huweliksregister vermeld nie die bruidspaar se geboortedatums nie. In die boedel waarna in voetnoot 28 verwys word is haar name Catharina Hendrina Lucasina Johanna.

³⁷ Suid-Afrikaanse Geslagsregister Vol 2 (D-G), s.v. "Esbach/Espag." Sy name word verkeerdelik aangegee as Christiaan Frederik. Sien ook voetnoot 27.

Die egpaar woon in die Grahamstadomgewing. Hulle vorm deel van sy skoonvader se trekgeselskap wat in 1842 die Cape Colony verlaat.³⁸



Registerinskrywing 2 Huweliksinskrywing CE Fourie en CHSL Espach
 Die huwelikbevestiging GeoMorgan is ds George Morgan leraar van 1825 tot 1841.
 Foto geneem en verskaf deur dr Andrew Kok, 22 Oktober 2019
 (Bestuurder: Argief NG Kerk in Suid-Afrika)
 uit G15 5/1 Somerset-Oos Huweliksregister 1826 - 1859

Herman se oupa Fourie en sy gesin het moontlik eers nádat sy skoonvader hom in die Oos-Transvaal gevestig het, ook daarheen verhuis. Kerklik skakel hulle in by gemeente Lijdenburg, soos blyk uit 'n lys van lidmate van die gemeente.

Christiaan Ernst Fourie Grahamstad
 Catharina Hendrina Susanna Johanna Espach Grahamstad

Registerinskrywing 3 Lidmate CE Fourie en CHSL Espach
 Lidmatelyst in lidmaatregister gemeente Lijdenburg 1850-1875
 Mikrofilm RGN ooreenkoms NGK in TvI
 Unisa Oudivisuele Afdeling 330 30172

Oupa Fourie het geboer op die plase Blaauwklip, Welgevonden, Zwart Koppies³⁹ en Kortbegrip in die Ermelodistrik.⁴⁰ Ouma Fourie (Espach) is oorlede toe Herman vier jaar oud was. Maar Herman sou later aan sy dogter Kintie van haar vertel en het haar dus deur familievertellings geken. Oupa Fourie het nog geleef tot Herman se 14de lewensjaar.

Die De Clercq's

Die aandag verskuif vervolgens na die De Clercq-lyn. Raadpleeg in hierdie verband Bylae 2: HCM Fourie (1882-1939) vir die patriargale afstammingslyn aan moederskant.

Grootoupa Jacob de Clercq III

Herman se moeder se voormense kom uit die Beaufortdistrict van die destydse Cape Colony. Die dorp Beaufort-West is in 1818 op haar oupa Jacob se oom se plaas Hooyvlakte aangelê. Haar oupa Jacob de Clercq III⁴¹ (Herman se grootoupa) "was 'n sterk leiersfiguur, maar ook 'n rustelose soeker

³⁸ Visagie, *Voortrekkerstamouers*, 187 (Fourie CE).

³⁹ Testament van C.E. Fourie en C.H.L.J. Espach, 1865, Boedel no. O/3306, TAB, Nasionale Argief van Suid-Afrika (NASA) meld dat hulle op 4 Junie 1865 woonagtig was in die ZAR, "dist Lijdenburg plaats genaamd Zwart Koppies."

⁴⁰ GGSA, *Familia Omnibus* Volume 3 Laserplaat 20 inskrywing 6054 praat van die Ermelodistrik wat egter eers in 1882 tot distrik verklaar is. Welgevonden hoort nie op hierdie lys nie. Dit was JC Fourie, sy seun, se plaas.

⁴¹ Inligting kom uit die volgende bronne:

David de Klerk, *De Klerk: "Van Vogelvalleij na verre velde..." Geslagsregister van Abraham de Clercq* (Stellenbosch: Hugenote Vereniging, 2012), ix, xii, 134.

"Jacob de Clerq het lang pad geloop" *Western Transvaal Record*, Vrydag 22 Mei 1987, 38-39 met verdere berigte op 5, 32.

Roelf Marx, "Jacob de Clercq (1791-1881)" *Overvaal Museanuus* 10, Nr 2 (Junie 1983): 6-7.

na die rus wat telkens elders skyn te gewees het”.⁴² Hierdie emigratie-leier roep om ‘n volledige biografiese studie.

Jacob was ‘n vierde geslag De Clercq nadat ‘n weduweemoeder De Clercq met haar kinders in 1687 in die Kaap aangekom het. Jacob word op 18 Desember 1791 in (wat sou word) Beaufort-West district⁴³ gebore. Hy tree op 28 Maart 1813 te Graaff-Reinet met AS van den Berg in die huwelik. Hulle het 12 kinders waarvan Jacob, die sesde kind, Herman se oupa sou word.



Foto 1 Jacob de Clercq III
(1791-1881)

Roelf Marx, *Klerksdorp 175
1837-2012* (Klerksdorp:
Arnold & Wessels Drukkery,
2012), 97

Grootoupa Jacob het in sy Graaff-Reinet-dae die wamaker en latere emigranteleier Gerrit Maritz ontmoet. Jacob gaan boer later op die plaas Klipkraal in die Beaufort-West district. Sommige van die plaasgebooue op Klipkraal is tans nasionale gedenkwaardighede.

Van Desember 1836 tot Maart 1837 was daar meer as 1,800 landsverhuizers onder Blesberg versamel.⁴⁴ Onder hulle was eerwaarde Erasmus Smit, swaer van Gerrit Maritz, wat later as die eerste predikant onder die Trekkers bevestig sou word. Op 30 Desember 1836 teken hy in sy dagboek aan: “In de avond arriveerde in ons leger Jakob de Klerk, op ‘n besoek, met ‘n paardewagen, na ‘n reis, in 15 dagen, van Beaufort tot in ons leger aan de Blesberg.”⁴⁵ En op Sondag 1 Januarie 1837: “De hr. De Klerk heeft ‘n bruine jonkman met zich medegebracht; en daar deze enige talenten heeft, verzocht ik hem in de kerk voor te lezen en te zingen. Hij voldeed mij zeer wél; zijn naam is Jan Bantjes;⁴⁶ maar hij heeft zich binnenkort zelf aan deze dienst onttrokken; en hij vond veel schrijfwerk bij de heren in dit leger.”⁴⁷

Ná hierdie verkenningstog pak De Clercq die trek na die noorde aan gedurende April 1837. Op Dinsdag 16 Januarie 1838 teken Smit aan: “Deze dag was wederom bepaald tot ‘t houden ener volksvergadering. ‘n Vervolgreis van de Goeverneur met 200 man reizigers naar koning Dingaan werd heden beraamd; alsmede, hoever de reizigers zouden moeten vereizen tot de wederkomst van de Goeverneur; en dat de kommandant van ‘t leger goede orde zou houden over ‘t leger, gedurende ‘s Goeverneurs afwezigheid. De heren Jakob de Klerk en Rabie waren ook op deze vergadering

Roelf Marx, “Jacob de Clercq verhuis vir oulaas” *Overvaal Museanuus* 14, Nr 2 (Junie 1987): 12-13.

Roelf Marx, “Jacob de Clercq (1791-1881): van Hooyvlakte tot Welgevonden” *Restorica* (Okt 1987): 28,29,31 en 32.

Roelf Marx, *Klerksdorp 175: 1837-2012* (Klerksdorp: Arnold & Wessels Drukkery, 2012), 94-97, 170-174.

Marx se artikels bevat progressief meer inligting as die voriges met enkele regstellings op vorige stellings.

Visagie, *Voortrekkerstamouers 1835-1845*, 132.

⁴² Marx, “Jacob de Clercq (1791-1881)”: 6.

⁴³ Visagie, *Voortrekkerstamouers 1835-1845*, 39. Beaufort-West is in 1818 as subdistrik en in 1836 as selfstandige distrik geproklameer.

⁴⁴ Sien LJ Strauss, “Blesberg en die betekenis van die gebeure aldaar tydens die Groot Trek” *Koers in Leer- en Lewenskweesies* Brief 118, November 2013: Aparte bylaag saam met elektroniese weergawe versprei.

⁴⁵ Merwe Scholtz, *Joernaal van ‘n trek. Uit die dagboek van Erasmus Smit* geredigeer deur Gustav S Preller. Ingelei en versorg deur Merwe Scholtz (Kaapstad: Tafelberg, 1988), 51.

⁴⁶ Meer oor hom in:

SABW Deel 1 (1976), s.v. “Bantjes Jan Gerritze.” CJ Uys, die skrywer van die artikel, sê dat Bantjes familie was van Jacob de Clercq II en saam met hóm na Blesberg is. Jacob II was toe reeds 79 jaar oud (Visagie, *Voortrekkerstamouers 1835-1845*, 131) wat dit onwaarskynlik maak.

Foto in Visagie, *Voortrekkerstamouers 1835-1845*, 48.

⁴⁷ Scholtz, *Joernaal*, 51.

tegenwoordig; stemden in bij deze raadsagen; en beloofden, met hunne mannen onder de eed van 't Goevernement te komen. Alles liept in vrede af."⁴⁸

Twee halfbroers van Jacob gaan met Retief saam om Dingaan se gesteelde beeste terug te neem en die traktaat te teken en word dan ook saam met hom en die res van die ekspedisie vermoor.

Smit vermeld op 2 Junie 1838 dat Jacob de Clercq en Gerrit Maritz se laers aan die Boesmansrivier staan.⁴⁹ En op 14 Junie "'t Leger van Jacob de Clercq vertrok heden terug naar de rivier, om de berg uit te gaan."⁵⁰ Dan op 31 Julie "...en ook 't bericht, dat Jacob de Klerk met zijn leger de berg is uitgetrokken, alsook de Rensburgen en vele meer."⁵¹ Hulle vertoef 'n paar maande langs die Sandrivier.



Foto 2 Monument met name van Piet Retief en ander vermoordes
Let op die spelling van De Klerk

https://commons.wikimedia.org/wiki/File:Moordkoppie-monument,_inskrif,_Dingaanstat.jpg

Jacob de Clercq⁵² het hom nie met sy wegtrek uit Natal van die lot van die emigranten in Natal gedistansieer nie, want hy en sy halfbroer Cornelis en ander De Clercqs neem deel aan die Slag van Bloedrivier. Hy sou dus na alle waarskynlikheid ook die Geloofte afgelê het.⁵³ Op die vendusie van die buit te Dingaanstat koop hy onder andere koperdraad vir 1 riksdaalder en 4 stuivers.⁵⁴

De Clercq en sy gesin woon vanaf 1839 tot 1841 in wyk Schoonspruit (die hedendaagse Klerksdorpomgewing) in die distrik Potchefstroom.

⁴⁸ Scholtz, *Joernaal*, 111.

⁴⁹ Scholtz, *Joernaal*, 140.

⁵⁰ Scholtz, *Joernaal*, 142.

⁵¹ Scholtz, *Joernaal*, 149.

⁵² Mnr Roelf Marx het, tydens 'n besoek van skrywer by hom aan huis (18 Maart 2016), vertel dat daar nou nog van die nageslag is wat ontevrede is dat die spelling De Klerk en nie De Clercq nie, op die monument gebeitel is.

⁵³ Alana Bailey, "Die Geloofte van 16 Desember 1838: Die herdenking en betekenis daarvan, 1838-1910" (Universiteit van Pretoria: M-skripsie, 2002), 45,

<https://repository.up.ac.za/bitstream/handle/2263/26588/Complete.pdf?sequence=11&isAllowed=y>
Bailey se bronnestudie bring haar daartoe om te sê dat slegs twee mans, moontlik met die vanne Malan en Naude, nie die Geloofte afgelê het nie.

⁵⁴ Pretorius, Krüger en Beyers, *Voortrekkerargiefstukke 1829-1849*, 45.


Die Raad van Representante van 't Volk benoem Jacob de Clercq formeel tydens 'n sitting in 1839 te Pietermaritzburg as landdros vir die gebied wes van die Drakensberge wat Winburg (gestig 1836) en Potchefstroom (gestig 1838) insluit. Hy moes ses heemrade kies en 'n kommandant en veldkornette aanstel. Hy doen ook aansoek vir twee plase oorkant die berg.

Sy aanstelling bring hom in botsing met AH Potgieter wat deur die Volksraad as kommandant onthef word omdat hy, ná sy vertrek uit Natal ná die Slag van Italeni, nie bereid was om die Trekkers wat in Natal agtergebly het, te ondersteun nie. Dit gee aanleiding tot 'n hele sage en die verdeling van gesag tussen die hof van De Clercq in die gebied noord van die Vaal en 'n aparte hof by die Sandrivier (Winburg). De Clercq word uiteindelik gedurende 1841 uit sy kantoor gejaag omdat hy in opdrag van die Volksraad (wat Pietermaritzburg as setel gebruik het) nie grond wou toeken aan diegene wat nie die Natallers teen die Britte wou help nie.⁵⁵

Weer begeef hy en sy gesin hulle na Natal waar sy jongste dogter op 16 Desember 1841 op driejarige ouderdom gedoop word. Sy is op 7 Julie 1838 tydens hulle trek uit Beaufort gebore.

In 1842 sien hy af van die salaris wat as landdros nog aan hom verskuldig was en ontvang hy toestemming om 'n dorp (Vrededorp) aan te lê aan die Elandsrivier, naby waar die huidige Harrismith is. Die dorpsstigting realiseer nie want nog voor die Engelse anneksasie van die Winburggedeelte van die Republiek Potchefstroom-Winburg in 1848 verhuis Jacob wéér: Vanuit die Oost-Vrijstaat na die ooste van die Overvaalse. In 1847 woon hy op die plaas Lagers Drift aan die Steelpoortrivier⁵⁶ en word hy verkies tot raadslid van die Andries-Ohrigstadse Volksraad. Hy was ook heemraadslid. Op sy plaas het vertrekke kommando's wat teen swart stamme sou uittrek dikwels bymekaar gekom en is ook kerkdienste deur besoekende predikante gehou. Hy maak 'n ekspedisie na Inhambane mee. Hy is op Krugerspost teenwoordig toe op 19 September 1849 die besluit geneem word om Andries-Ohrigstad as gevolg van die koors prys te gee en 'n nuwe dorp, Lijdenburg aan te lê.

Kerklik skakel die egpaar in by gemeente Lijdenburg.



Registerinskrywing 4 Lidmate J de Clercq en As van den Berg
Lidmatelyst in lidmaatregister gemeente Lijdenburg 1850-1875
Mikrofilm RGN ooreenkoms NGK in TvI
Unisa Oudisvisuele Afdeling 330 30172

Op 64 jarige ouderdom verhuis hulle in 1855 na die huidige Carolinadistrik waar De Clercq twee plase koop. In 1858 koop hy Welgevonden (412-JT van 3,944 morg) by CJ Botha en in 1865 Twyfelaar (11-IT) by AS Kruger. Hy bou twee huise op Welgevonden en ontwikkel tuine en boorde langs 'n


⁵⁵ Riaan Roux, *A History of Klerksdorp - Part2 - Jacob de Clercq*
<https://www.youtube.com/watch?v=OK6BAGpZIFQ>

⁵⁶ A.P. van der Merwe, "Die landdroste en die landdroskantoor in Lydenburg, 1850-1895" in *Lydenburgse Eeufesgedenkboek 1850-1950* uitgegee deur die Munisipaliteit (Pretoria: Caxton Bepark, 1950), 119.
So ook Marx, *Klerksdorp 175 1837-2012*, 95.

Visagie, *Voortrekkerstamouers 1835-1845*, 131 verwar Jacob III met Jacob II waarskynlik omdat elkeen homself van sy seun onderskei word met die onderskeiding sr. en jr. MHG O/1774, TAB, NASA, Pretoria wat deur Visagie as bron vermeld word is beslis die boedel van Jacob III en nie Jacob II nie. Lagersdrif is aan Jacob III toegeken en nie aan Jacob II nie.

waterstroom wat van 'n fontein in die kop bokant die huise herlei word. Dit is hier op Welgevonden waar hy op 12 Mei 1881 as wewenaar (sy vrou reeds in 1868 oorlede), 'n jaar voor die geboorte van Herman, "na vele omswerwinge die Groot Rus vind".⁵⁷ Herman sou dus as jong seuntjie die grafte van sy oupa- en oumagrootjie, aan die bokant van die woning waarin hyself grootgeword het, goed ken.

Daar word van Jacob III vertel dat hy, op die spoor van 'n gekweste duikertjie, die warmbron (Komatibad) by die huidige Badplaas "ontdek" het.⁵⁸



Kaart 5 Plaaswerf Welgevonden

Google Earth, 2020⁵⁹

Bakens op die foto

Aan die onderkant van die plaaswerf gooi die Klein-Komati sy draaie.

Min of meer in die middel van die foto is die huidige verwaarloosde plaashuis sigbaar.

Links van die huis naby die pad is die De Clercq-begraafplaasmuur sigbaar.

Die oorblyfsels van Jacob se twee huisies is tussen die groter en kleiner kolle bome suid van die begraafplaas.

⁵⁷ Marx, "Jacob de Clercq (1791-1881)" (1983), 7.

Dieselfde mnr Marx moes in opdrag in Oktober 1986 [met die oog op die 150ste bestaansviering van die dorp Klerksdorp (wat na Jacob de Clercq vernoem is) in 1987] dié rus versteur met die opgrawe van sy oorskot om in Klerksdorp herbegrawe te word!

Marx, "Jacob de Clercq (1791-1881): van Hooyvlakte tot Welgevonden" (Okt 1987), 31 meld dat Jacob de Clercq op Twyfelaar oorlede is en op Welgevonden begrawe is.

⁵⁸ Bornman, *Carolina 1886-1986* (Carolina: Stadsraad, 1986), 65.

⁵⁹ Aan die Klein-Komatirivier en 26,2 km uit die dorp Carolina op die Machadodorp pad naby die Moedigspoorwegstasie. GPS verwysing van die plaashuis: 25°53'11.2"S 30°06'55.5"



*Foto 3 Voortrekkerhuisie 1 (of Aansig 1)
Foto verskaf deur Rosemarie Davel
Geneem November 1982*



*Foto 4 Voortrekkerhuisie 2 (of Aansig 2)
Foto verskaf deur Rosemarie Davel
Geneem November 1982*



*Foto 5 Detail van binnekant van huisie in vervalde toestand
Uit Roelf Marx, Klerksdorp 175 1837-2012 (Klerksdorp: Arnold & Wessels Drukkery, 2012), 173*



*Foto 6 Ongemerkte Voortrekkergraf
Foto geneem deur skrywer op 14 Junie 2014*



*Foto 7 Gedenksteen op die oorspronklike graf van Jacob de Clercq III
Foto geneem deur skrywer op 14 Junie 2014*



*Foto 8 De Clercq begraafplaas Welgevonden
Foto geneem deur skrywer op 14 Junie 2014*



*Foto 9 Gedenksteen in verband met herbegraving van Jacob de Clercq III en sy gade
Foto geneem deur skrywer op 14 Junie 2014*



*Foto 10 Fouriewoning gesien vanaf die De Clercq-begraafplaas
Foto geneem deur skrywer op 14 Junie 2014*

Oupa Jacob de Clercq IV

Herman het ook nie sy oupa aan moederskant, Jacob de Clercq IV,⁶⁰ geken nie want hy is reeds in 1876 oorlede. Hy het wel sy graf geken want die is vandag nog op Welgevonden met duidelik leesbare bewoording op die grafsteen.

Jacob IV is op 10 Februarie 1824 te Beaufort gebore. Hy was 13 jaar oud toe sy vader met sy swanger moeder en die ander kinders vanaf die plaas Klipkraal die trek as leier van by benadering 52 gesinne die Kaapkolonie verlaat.⁶¹




*Foto 11 Grafsteen van Jacob de Clercq IV
Foto geneem deur skrywer op 14 Junie 2014*

⁶⁰ Van der Merwe, "Die landdroste," 118-122.

⁶¹ Visagie *Voortrekkerleiers en Trekroetes*, 18.

Hy tree as 24-jarige op 1 Maart 1848 te Potchefstroom in die huwelik met Martha Sophia Janse van Rensburg (1 Nov 1833 – 1903-1932)⁶². Herman sou dus sy ouma geken het. Sy was een van die “besonder mooi en aanvallige”⁶³ dogters van S Janse van Rensburg van die plaas Roodekrans wat meegewerk het aan die aanleg van Andries-Ohrigstad. Ook hulle was lidmate van die enigste gemeente in die omgewing.



Registerinskrywing 5 Lidmate J de Clercq Jz. en MS Janse van Rensburg
 Lidmatelyst in lidmaatregister gemeente Lijdenburg 1850-1875
 Mikrofilm RGN ooreenkoms NGK in Tvl
 Unisa Oudivisuele Afdeling 330 30172

Jacob en Martha woon sedert hulle troue op die plaas Boshoeck. In 1849, die jaar na hulle troue, word op ‘n byeenkoms te Krugerspost Boshoeck as een van die drie plase oorweeg om ‘n nuwe dorp (Lijdenburg) op aan te lê. Die Boshoeckhoogte was ook bekend as Jaap se hoogte. Jacob IV word soos volg beskryf: “Soos die vader was, was die seun. Hy was baie gewild, vriendelik en bemind. Hy het ook ‘n redelike goeie opvoeding vir daardie dae gehad. Op sy beurt het hy moeite gedoen om sy kinders ‘n bietjie geleerdheid te gee; vir dié doel het hy selfs Natal toe gery om Meester Hendriks na Lydenburg te bring. Tydgenote van hom was Hendrik Bührmann, Schalk en Koos Burger, die vader van Genl. Schalk Burger; ook Flip en Hans Coetser op wie se plaas Rietspruit, Lydenburg (LJS: toe wel) in 1850 aangelê is; asook kort Jan (Tobias) Kruger van Potloodspruit wat gereeld Heemraad en dikwels waarnemende landdros was.”⁶⁴

Die egpaar vestig hulle op die nuwe dorp waar Jacob op 26-jarige leeftyd as landdros aangestel word. “Wat sy pa te Winburg was, was hy hier te Lydenburg, en nog meer omdat daar by dié tyd al meer sisteem in die landsbestuur was, hoe verwarrend en verbrokkelend [*sic*] dit lank nog sou bly. Ook moes hy sonder enige staatsmasjinerie, gesalarieerde en gereelde amptenare of enige geregsdienaar oor ‘n uitgestrekte gebied wet en orde handhaaf; ‘n gebied wat vir baie jare ‘n kookpot was van party geskille, kerklike onenigheid en persoonlike verdenking; ‘n gebied waarin daar ‘n gedurige rondtrekkery van die blanke inwoners was, asook omring deur woelige onbeteulde naturelllestamme wat na jare van onderdrukking en onbekend met die aard en lewenswyse van die witman, in ‘n staat van onsekerheid en gisting verkeer het. Die enigste amptenare wat hom bygestaan het in die uitvoering van sy pligte was die Kommandant en meer bepaaldelik die veldkornette wat vir hulle menigvuldige dienste as vergoeding slegs vrygestel was van gewone hoofbelasting van drie riksdalder per jaar.”⁶⁵ Sy pligte was van so ‘n omvattende aard “dat die landdros eintlik die regering was!”⁶⁶

As gevolg van swak gesondheid tree hy vroeg af. Die noordelike gedeelte van die plaas Welgevonden word in Januarie 1874 deur sy broer Hendrik (wat dit in 1873 by hulle vader geërf het) aan hom oorgedra.

⁶² De Klerk, *De Klerk*, 134 dui haar sterfdatum so aan.

⁶³ Van der Merwe, “Die landdroste,” 119.

⁶⁴ Van der Merwe, “Die landdroste,” 119.

⁶⁵ Van der Merwe, “Die landdroste,” 120 - 121. Kursief myne.

⁶⁶ Van der Merwe, “Die landdroste,” 122.

Ouers

Nadat die grootouers oorsigtelik aan die orde gestel is, word in die volgende paragrafe Herman se ouers behandel. Die lyn Espach-Fourie het immers in die huwelik van sy ouers met die familielyn De Clercq gekruis. Die gesin waarin Herman gebore word, word ook beskryf.

Pa Joachim Christoffel Fourie

Herman se pa was die tweede van die sewe kinders van CE en CHLJ Fourie. Sy sterftekennis meld dat hy op Graham's Town Cape Colony gebore is.⁶⁷ Sy geboortedatum word aangegee as 1 Februarie 1845.⁶⁸ Sy ouers vorm deel van sy moeder se pa se trekgeselskap wat in 1842 waarskynlik eers na Natal getrek het.⁶⁹ Hy dra ook die name van hierdie oupa Espach, die veldtkornet en emigratieleier. Hy sou self later veldkornet word en ook assistent-vechtgeneraal én later assistent kommandant-generaal.⁷⁰ Dalk, soos ons Herman se lewe volg, sal ons kan sê dat daar 'n familielyn van leierskap, durf en daad loop van grootoupa Espach na Herman se vader én na homself? Gegewens in verband met sy doop kon nie opgespoor word nie.

Joachim was nog baie jonk toe sy ouers na die Oos-Transvaal verhuis het. Na alle waarskynlikheid het hy saam met sy pa geboer totdat hy later die geluk te beurt geval het om 'n eie plaas by sy skoonpa te erf.⁷¹



*Foto 12 Joachim Christoffel Fourie
TAB Foto 31515*

Ma Alletha Elizabeth Fourie ('n nooi De Clercq)

Herman se moeder was die oudste kind van Jacob de Clercq IV en Martha Sophia Janse van Rensburg. Sy is gebore op 29 Junie 1849 en op 7 Januarie 1850 ten doop gehou. Danksy haar pa se moeite was sy goed geletterd gereken die omstandighede en tydsgewrig. Dit sou heeltemal moontlik wees dat dit met kerk- en nagmaalgeleenthede was dat die jongman Joachim Fourie sy hart op haar verloor het. Hulle is op Lijdenburg in die eg verbind.⁷²

⁶⁷ Sterftekennis O/874, TAB, NASA, Pretoria.

⁶⁸ GGSA, Familia Omnibus Volume 3, inskrywing 6059, Laserplaat 20. Die bron word egter nie vermeld nie.

⁶⁹ Visagie, *Voortrekkerstamouers*, 183 (Espag, JC) en 187 (Fourie, CE).


⁷⁰ SABW Deel III (1977), s.v. "Fourie, Joachim Christoffel."

⁷¹ Die geboorteplek van sy twee oudste kinders word aangegee as Zwartkoppies, sy pa se plaas. Laer af meer oor die reeds genoemde erfplaas, Welgevonden.

⁷² So vermeld in beide se sterfkennisse. In die volgende hoofstuk word verslag gegee van die onsuksesvolle soektog na hulle huweliksinskrywing.



Foto 13 Alletha Elizabeth de Clercq
TAB Foto 31512



Registerinskrywing 6 Dopeling Alletta Elizabeth de Clercq
Dooptouers: Jacob de Clercq en Martha Sofia Jansen van Rensburg
Getuies: Anna Susanna van den Berg, Jacob de Clercq, Martinus Johannes Dewald Steyn en Aletta Sophia de Clercq
Doopregister Lijdenburg 1850 - 1875
Mikrofilm RGN ooreenkoms NGK in Tvl
Unisa Oudvisuele Afdeling 330 30121

Die Fouriegesin van Welgevonden

JC Fourie, getroud met Jacob de Clercq jr. se oudste dogter Alletta Elizabeth, erf 'n gedeelte van Welgevonden in 1877 uit sy skoonpa se boedel waarna hierbo verwys is.⁷³ En so gebeur dit dat Herman se ouers die plaas Welgevonden besit en verder ontwikkel en dat Herman daar grootword.



Kaart 6 Welgevonden soos deur die jare onderverdeel
JC Fourie het gedeelte 1, die noordelike gedeelte, besit.
Die eerste opmeting is in Augustus 1895 gedoen. Sien LG 1952/95
Herman se oupa Jacob de Clercq IV se broer, Hendrik de Clercq, het die suidelike gedeelte besit

⁷³ Marx, "Jacob de Clercq (1791-1881): Van Hooyvlakte tot Welgevonden" (Okt 1987), 31. JC Fourie het die plaas Welgevonden in 1877 uit die boedel van sy skoonpa Jacob de Clercq IV geërf.

Die plaas met sy werf en “stewig geboude Laat-Victoriaanse woonhuis” staan sentraal in die lewe en lotgevalle van die Fouriegesin.⁷⁴ Mens kan jou nie die een indink sonder die ander nie. Waar tans die oorgroeide bouvalle van twee van die eerste Voortrekkerhuise in Oos-Transvaal staan het eens die nageslag van ‘n Voortrekkerfamilie geleef en gewerk.⁷⁵ Die plaas speel tot vandag nog in die herinneringe van die Fourienageslag ‘n groot rol.⁷⁶

Herman word gebore as die sesde kind van Joachim en Aletta Fourie, onderskeidelik 37 en 33 jaar oud. Ouboet Chris is dan twaalf jaar oud, Jacob sou tien wees maar is op tweejarige leeftyd oorlede, Jacob/Jaap is ses, Jochim vier en Nonnie twee jaar oud.⁷⁷ In Herman se herinneringe sou Chris dus die ouboet wees wat al uit die huis was. Saam met Manie was daar dus twee boeties en ‘n sussie in die huis en op die werf van Welgevonden.

Die egpaar Fourie moes tussen Jacob se geboorte op 21 Oktober 1872 op Zwart Koppies, en sy afsterwe op 18 November 1874, en Jacob/Jaap (volle name Jacob Joachim) se geboorte op 20 Januarie 1875 op Leliefontein na Welgevonden verhuis het.⁷⁸

Op Welgevonden se werf het klein Herman Fourie, die latere Bybelvertaler, begin skoolgaan. Hier het hy sy kennis van swart tale opgedoen. Hier het hy die president van die ZAR ontmoet. Hier het hy tussen familiegrafte, waar daar vandag ‘n bloekombos is, gespeel. Hier het hy geoefen vir sy deelname aan die Tweede Vryheidsoorlog. Hier het hy langs die graf van beide sy ouers gestaan. Hier het hy onderhoude gevoer vir sy proefskrif oor die amaNdebele.⁷⁹

Doop en kerklike situasie

Na die beskrywing van Herman se herkoms en die gesin waarin hy gebore is word sy doop nou van nader ondersoek. Daar word ook uitgewei oor die kerklike situasie in die Lijdenburgdistrict en die wyk Komati tot 1882.

Een van 19 dopelinge

Herman is gedoop op Sondag 21 Januarie 1883 deur ds HJ Neethling op die plaas Steynsdraai, Komati.⁸⁰

⁷⁴ Marx, “Jacob de Clercq verhuis vir oulaas.” (Junie 1987): 13.

Maar let op die botsende stelling in Marx, “Jacob de Clercq (1791-1881): van Hooyvlakte tot Welgevonden” (Okt 1987): 31 middelste kolom par 2.

Daar sê Marx dat Herman se broer JC Fourie jr. die huis gebou het. Dit is nie waar nie. Herman se broer het wel later op die plaas gewoon en geboer.

⁷⁵ Skrywer het die plaaswerf besoek op Saterdag 14 Junie 2013 en weer op Dinsdag 30 Maart 2016.

⁷⁶ Mev Rosemarie Davel, kleindogter van Herman se ouer broer Jochim en haar seun Manie versorg steeds die grafte op die plaas, wat nou aan die staat behoort.

⁷⁷ Briewe AE Fourie aan HCM Fourie, 1898 tot 1900, Privaatversameling HCM Fourie, 1/10/1, ABP NHKA. Die noemname van die kinders is hoe moeder Fourie hulle noem in haar briewe aan Herman 1898 tot 1900. Sy gebruik beide Jochim en Joachim om na haar seun te verwys. In hierdie studie verwys Jochim altyd na Herman se broer en Joachim na óf Herman se pa óf na sy broer.

⁷⁸ GGSA, *Familia Omnibus* Volume 3, 551 inskrywings 6062 en 6063, Laserplaat 20. Aangesien JC Fourie die plaas eers in 1977 geërf het is dit moontlik dat hy vir sy skoonpa Jacob de Clercq IV, wie gesondheid swak was, kom boer het. Jacob IV het Welgevonden gedeelte 1 in Januarie 1974 van sy broer Hendrik ontvang.

⁷⁹ Hermanus Cornelis Martinus Fourie, *Amandebele van Fene Mahlangu en hun religieus-sosiaal leven* (Zwolle: La Rivière & Voorhoeve, 1921).

⁸⁰ Vir die ligging van die plaas sien kaart 1, plaas net links van dorp Carolina. Die spelling Komati was dus ook in gebruik benewens Comaté. Dit is natuurlik ook moontlik dat die vroeëre spelling Comaté later met Komati vervang is.

In die *DOOP REGISTER der Nederduitsche Gereformeerde Gemeente LIJDENBURG (Z.A. Republiek)* verskyn die gegewens met betrekking tot sy doop as inskrywing nommer 596.⁸¹ Sy volle name is daar geskryf as Hermanus Cornelis Marthinus en name en vanne van sy ouers as Joachim Christoffel **Fourie** en Aletta Elizabeth **de Clercq**. Daar was vier doopgetuies by name Abraham Joh. **de Clercq**; Susanna Maria **Fourie**; Willem Hendrik **van Niekerk** en Sara Maria **Viljoen**. Doopgetuies is gebruik in vroeër dae toe daar nie oral doopregisters in gebruik was nie maar daar was ook die gebruik dat die doopgetuies die peetouers van die dopeling sou wees, wat moontlik hier die bedoeling was.

Registerinskrywing 7 Doopinskrif HCM Fourie 1882-1939

Foto geneem en verskaf deur mev Elna du Bruyn

(Argief Oostelike Sinode van die NG Kerk)

uit Doopregister Lydenburg 1871-1893

Daar was op daardie dag ook 18 ander dopelinge.⁸²

- 593 Johanna Petronell gebore 28 Julie 1882, die dogter van Johannes Petrus **Smit** (met die doop reeds oorlede) en Susanna Dorothea Jacoba **Oosthuizen**;
- 594 Andries Adriaan gebore 28 September 1882, die seun van Gert Petrus **Bothma** en Christina Jacoba Margaretha **Smit**;
- 595 Hester Maria gebore 1 Desember 1882, die dogter van Hendrik Christoffel **de Clercq** en Maria Adriana **van Niekerk**;
- 597 Elizabeth Jacomina gebore 18 April 1882, die dogter van Jakob **Middel** en Elizabeth Jacomina **Stolz**. Een van die doopgetuies was Arie Willem **Korf**;
- 598 Anna Cornelia Margaretha gebore 17 Julie 1882, die dogter van Arie Willem **Korf**⁸³ en Coemadina (?) Wilhelmina Christina **Stolz**. Die vader was nie teenwoordig nie. Onder "Aanmerkingen" is opgeteken "Vader op Kommando." Dit was die tyd van die oorlog teen Mapoch (7 November – 10 Julie 1883).⁸⁴ Herman sou 39 jaar later in sy proefskrif hierdie oorlog beskryf,⁸⁵
- 599 Joachim Hermanus gebore 27 Desember 1882, die seun van Petrus Gerhardus **Botha** en Margaretha Magdalena **Janse(n) van Rensburg**;

⁸¹ Doopregister Lijdenburg, 1871-1893, argief van die Oostelike Sinode van die NG Kerk, Pretoria. Ook ter insae as Doopregister 1871-1893 Mikrofilm RGN ooreenkoms NGK in Tvl, Unisa Oudivisuele Afdeling 330 30121. Vraagtekens dui op gegewens wat nie leesbaar of moeilik leesbaar is.

⁸² Die jong ds Herman Fourie het vir die eerste keer self die sakrament bedien in 1911. By daardie geleentheid is 44 kindertjies ten doop gehou. Doopregister van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Pretoria, G4 3/1/2, ABP NHKA, Pretoria. Die erediens was in die Erasmusafdeling (later Bronhorstpruit) van die gemeente.

⁸³ Die vader het dus dieselfde name gehad as een van die doopgetuies by die Middeldogter se doop. Tensy hy in sy afwesigheid as peetouer ingeskryf is?

⁸⁴ F.A. van Jaarsveld, "Die Mapoch-oorlog, 1882-1883," *Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies* 16, nr 1 (1986): 14-26.

<https://doi.org/10.5787/16-1-460>

⁸⁵ H.C.M. Fourie, *AmaNdebele van Fene Mahlangu en hun religieus-sosiaal leven* (Zwolle: La Rivière en Voorhoeve, 1921), 46-54.

- 600 Sara Maria gebore 28 (?) September 1882, die dogter van Lourens Abraham **Viljoen** en Anna Sophia Dorothea **Coetzee**;
- 601 Hendrik Johannes van Eck gebore 11 Julie 1882, seun van Johannes Lodewyk **Olivier** en Gerbrecht Eliabeth **van Eck**;
- 602 Cornelis Coetzee gebore ? Desember 1882, seun van Frederick Jacobus **Maré** en Hester Adriana **Coetzee**;
- 603 Mathina Johanna gebore 5 Augustus 1882, dogter van Willem Francois **Joubert** en Anna Maria **van Niekerk**;
- 604 Elizabetha Maria Francina gebore 11 November 1882, dogter van Jan Hendrik **Combrinck** en Maria Elizabeth Francina **Breitenbach**;
- 605 Anna Susanna Maria gebore 5 Augustus 1882, dogter van Johan Georg **Meyer** en Anna Maria **Stroh**;
- 606 Johannes Petrus gebore 16 Junie 1882, seun van Johannes Ludovicus **Coetzee** en Getruida Johanna **du Toit**;
- 607 Gert Andries Jacobus gebore ? November 1882, seun van Andries Jacobus **Olivier** en Maria Magdalena **Stoltz**;
- 608 Martinus Johannes gebore ? Maart 1882, seun van Pieter Willem Hendrik **Stoltz** en Wilhelmina Hermina Dorethea **??**;
- 609 Johannes Jacobus gebore ? Oktober 1881, seun van Johannes Jacobus **Harmse**^x en Gertruida Francina Elizabetha **?^x** Opmerking: "Ouders geen lidmaten **xx** Doopvader en Doopmoeder;
- 610 Christina Magdalena Johanna Susanna gebore ? Desember 1880, dogter van Hendrik Lambertus **Stoltz** en Elsje Maria **Lottering**; en
- 611 Maria Isabella Elizabeth **Stoltz** gebore ? Oktober 1882, selfde ouders Opmerking: Doopmoeder, ?.

Die meeste van die vanne van die ouers en doopgetuies sou nog dekades lank en selfs tot vandag voorkom in die lidmaatregister van die gemeente Carolina, wat in 1889 gestig is.

Die wyk Komati en die kerklike situasie in die Lijdenburgdistrik tot 1882

Die eerste plaasbewoners aan die Klein-Komati tref ons in die 1850's reeds daar aan.⁸⁶ As buitewyk van Gemeente Lijdenburg van die Nederduitsch Hervormde Kerk (NHK ZAR)⁸⁷ (gestig 1850) is hulle aanvanklik kerklik versorg deur besoekende predikante. Ds Dirk van der Hoff het ook in 1854, die jaar ná sy aankoms in die ZAR, 'n besoek aan die gemeente gebring.⁸⁸

Ds PAC van Heyningen⁸⁹ word vroeg in 1859 bevestig. Toe was die gemeente reeds sedert 1854 nie meer deel van die NHK-ZAR nie en het dit losse bande gesmee met die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Kaapkolonie. Lijdenburg het in die jare 1857 tot 1860 ook 'n selfstandige republiek, los van die ZAR gevorm.

⁸⁶ Sien egter Taljaard, "Carolina 1889-1964," 1.

Taljaard haal aan uit die feesrede wat prof GM Pellissier tydens die fees ter viering van die vyftigste bestaansjaar van die gemeente gelewer het. Pellissier sê dat daar voor 1861 geen bewoners in die distrik was nie.

Dit stem nie ooreen met die gegewens dat Jacob de Clercq III reeds in 1855 daarheen verhuis het en in 1858 die plaas Welgevonden by CJ Botha koop nie.

⁸⁷ Die NHK ZAR was sedert die aanvaarding van die grondwet in 1858 staatskerk van die ZAR. Dit het onder andere beteken dat die predikant vanuit die staatskas salaris ontvang het.

⁸⁸ P.J. Wolmarans, "Beknopte oorsig van die kerklike geskiedenis van Lydenburg, gesien uit die standpunt van die Ned. Herv. Kerk" in *Lydenburgse Eeufesgedenboek 1850-1950* uitgegee deur die Munisipaliteit (Pretoria: Caxton Beperk, 1950), 87.

⁸⁹ SABW Deel 1 (1976), s.v. "Van Heynigen, Petrus (Pieter) Arnoldus (Adriaan) Conradus (Coenraad)."

Na heropname van die Lijdenburgse Republiek in die ZAR het Van Heyningen hom daarvoor beywer dat die gemeente ook weer by die NHK, staatskerk van die ZAR inskakel. Dit gebeur dan in 1864 maar reeds in 1865 word die inskakeling weer deur die kerkraad ongedaan gemaak. In 1864 word Van Heyningen na die NG Gemeente Kroonstad beroep, maar hy behartig eers sy boerderybelange op die plase Drenthe,⁹⁰ Meppel en Jan Elindriefontein. Hy vertrek in 1866 na Kroonstad.

1866 is 'n belangrike jaar in die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis want dit is die jaar waarin die Nederduitse Gereformeerde Kerk in de Zuid- Afrikaansche Republiek (NGK ZAR) tot stand gekom het. Dit was 'n afskeiding van die staatskerk, die NHK ZAR en is bewerk deur Frans Lion-Cachet.

Lion-Cachet was sedert 1864 predikant van Utrecht. Die Utrecht nedersetting het ontstaan buite die grense van die ZAR toe 'n aantal boere daar grond gekoop het by die Zoeloekoning Panda. Utrecht is in 1858 opgeneem in die Lijdenburgse Republiek en word as sulks ook in 1860 deel van die ZAR. Daar is wel voorsiening gemaak vir Lijdenburg vir 'n staatsalaris vir die predikant maar nie vir Utrecht nie.

Ds Cachet besoek die wyk Komati as konsulent van Lijdenburg (wat in 1866 oorgegaan het na die NGK ZAR) wanneer hy oppad na Lijdenburg deur die gebied moes reis. In Augustus 1866 is Cachet en 'n voormalige kommandant van Lijdenburg, H Joubert, die gaste van ouderling B van der Merwe. Dit is by die geleentheid, kort na die totstandkoming van die NGK in die ZAR, dat Cachet skryf "het word spoedig duidelik, dat Comaté voor de saak onzer kerk gewonnen was!"⁹¹

Gedurende 1867 was daar twee sulke konsulentsreise. Tydens die tweede besoek het Cachet Jacob de Clercq III naby die oorsprong van die Vaalrivier ontmoet. Die waterskeiding waar die rivier ontspring is net suid van die latere dorp Carolina.



Foto 14 Gedeelte van die muur van die "wagenhuis" wat nog staan

Dit is waarskynlik hier waar daar kerk gehou is

Foto deur skrywer 14 Junie 2014

De Clercq het hom meegedeel dat hy toestemming verleen het aan dominees Begeman en Van Warmelo van die NHK ZAR om op sy plaas diens te hou.⁹² Begeman en Van Warmelo is deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering versoek om Lijdenburg te besoek omdat Cachet se optrede veroorsaak het dat die vereniging van die Lijdenburgse gemeente met die NHK ZAR ongedaan gemaak is.⁹³ Cachet het na die plaas gejaag en agterna triomfanklik geskryf dat die lidmate hom verwelkom het en dat hy uiteindelik die diens in die "wagenhuis" waargeneem het terwyl die Hervormde dominees hulleself in 'n kamer in die huis teruggetrek het.⁹⁴

Cachet vertrek in 1873 uit Utrecht terug na Nederland. Ds JG Kriel was die predikant van Lijdenburg (1871 – 1879) en Middelburg (Gemeente "Nazareth" 1871-1874) en sou hy ook die Comaté-wyk bedien het. Maar dit is nie seker of dit so was nie, want ná ds Cachet se vertrek bring sy opvolger, ds HL Neethling, besoek aan die "Comatie".⁹⁵ Hy skryf hoe verskriklik koud dit daar word in die winter. Hy skryf ook dat daar baie gemeentelede van

⁹⁰ Daar grens 'n plaas met die naam aan Welgevonden.

⁹¹ Taljaard, "Carolina 1889-1964," 3.

Hy haal aan uit F. Lion-Cachet, *Vijftien jaren in Zuid-Afrika, brieven aan een vriend Tweede deel* (Leeuwarden: Bokma, 1875), 102.

⁹² F. Lion-Cachet, *Vijftien jaren in Zuid-Afrika, brieven aan een vriend Tweede deel* (Leeuwarden: Bokma, 1875), 1867, 128-9, 139-144. Hierdie bladsye bevat Lion-Cachet se weergawe van sy stryd teen die "liberale" NHK ZAR en die gebeure op Welgevonden.

⁹³ A. D. Pont, *Nicolaas Jacobus van Warmelo 1835-1892* (Utrecht: Keminck, 1955), 89.

⁹⁴ Taljaard, "Carolina 1889-1964," 6. Hy haal aan uit *Vijftien jaren*.

⁹⁵ Taljaard, "Carolina 1889-1964," 10 haal aan uit HL Neethling se korrespondensie.

die NG Gemeente Ermelo (gestig 1870) gedurende die wintermaand in tente aan die rivier vertoef waarheen hulle hulle vee gebring het vir winterweiding.⁹⁶ In daardie dae kon 'n predikant nog drome koester om so tussen die huisbesoek deur 'n leeu te skiet!⁹⁷

Ds JH Neethling se broerskind, proponent HJ Neethling, word op 4 September 1881 as predikant van Lijdenburg georden. Dit is dan hy wat die sakrament van die heilige doop aan Herman bedien.

Welgevonden, die Fouries se plaas (en waarskynlik die “wagenhuis”) is ook as kerkplek gebruik. “Carolina as 'n verre buitewyk van Lydenburg is gereeld deur Ds. Neethling besoek. Hier is dikwels in die periode voor die afstigting diens gehou op die buiteplase. Leliefontein, Brakspruit, en Welgevonden was bekende kerkplekke. Sedert 1882 het Carolina die sentrum geword.”⁹⁸

Vir die eerste sewe jaar van sy lewe was Herman en sy gesin se predikant ds HJ Neethling van Lijdenburg wat nie te 'n groot invloed op klein Manie kon gehad het nie. 'n Groter invloed kon uitgegaan het van die eerste predikant van Carolina, ds AG du Toit. Carolinadorp is gestig in 1885 en die gemeente in 1890. Meer oor ds Du Toit in die volgende hoofstuk.

Van die kerklike lewe keer ons ondersoek nou terug na die gewone lewe op Welgevonden en beskryf Manie se jare as jong kleuter en seun.

Welgevonden, die avontuurwêreld van klein Manie

Vir duisende jong boerkinders was die plaashuis en -werf waarop hulle grootgeword het 'n wonderwêreld vol avontuur. In die geval van Manie Fourie was dit die uitgebreide werf van Welgevonden.⁹⁹ Skuins verby die kombuisdeur en die agterstoep vloei grootoupa Jacob se watervoor wat hoog bo teen die rant by 'n fontein begin. Daarin en daardeur kan jy loop en waterskop. Die wasklip is jou “brug” oor dié “rivier”.



Foto 15 Noordwestelike hoek van die huis

Die watervoor vloei wes van die huis

Foto deur skrywer geneem op 14 Junie 2014

⁹⁶ Taljaard, “Carolina 1889-1964,” 10. Dit blyk dat ook die meer permanente mense in die Komatiewyk na elders gereis het om kerkdienste by te woon. Sien:

F.G.M. du Toit, *Ds. H.L. Neethling* (Pretoria: NGK Boekhandel, 1979), 64-65. Du Toit haal 'n koerantberig aan wat rapporteer oor ds Neethling se dienste gedurende Januarie 1874 in die Ermelodistrik wat bygewoon is deur lidmate uit Nazareth sowel as uit die Komatie.

⁹⁷ Du Toit, *Neethling*, 93 (25 ure te perd) en 94 (mislukte leeujaag).

⁹⁸ Taljaard, “Carolina 1889-1964,” 14-15.

⁹⁹ Weduwee Jo Fourie se puntsgewyse lewensoorisig van HCM Fourie, 1939, Privaatversameling HCM Fourie, 1/11/2, ABP NHKA. Aangesien die dokument rou getikte aantekeninge is het ek die tik- en ander foute in die aanhalings gekorrigeer. My beskrywing van Manie se wonderwêreld berus op hierdie notas aangevul deur eie voorstelling.



*Foto 16 Manie se “brug oor die rivier”
Uit Roelf-Marx, Klerksdorp, 174*

Ma was maar altyd in die kombuis – dit is jou basis waarheen jy kan vlug en vanwaar jy op werfavonture kan vertrek. Die huis se plafon sit dóér bo teen die hemel. Daar is die hoë voorstoep vanwaar mens afkyk op die boorde langs die Klijn-Komati en dóér oorkant die Engelse oom se winkel.¹⁰⁰ Skuins voor die stoep is die moddergeboutjie waarin daar skool gegaan word. In by die voordeur en af met die gang verby die twee kamers op regterhand en uit by die agterste voordeur waar nog ‘n stoep is.¹⁰¹ Of na links uit die gang déúr die groot sitkamer na die kombuis toe waar die deure na die spens (links), hoofslaapkamer/spaarkamer (voor jou) en kombuis (na regs) so bymekaar is.



*Foto 17 Oostelike vooraansig van die huis
Foto deur die skrywer geneem op 14 Junie 2014*

¹⁰⁰ Die winkel van Charlie Everhardt op Bonnefoi.

Sien https://www.geocaching.com/geocache/GC18PQC_hamlet-of-bonnefoi?guid=99292915-36ec-4b9d-9264-8471ff5f162c en <http://www.artefacts.co.za/main/Buildings/bldgframes.php?bldgid=11336> asook <https://www.youtube.com/watch?v=pXULP4cU0gc>

¹⁰¹ M. E. R. “Die nemer” in *Die Gewers* (Kaapstad: Tafelberg, sj), 123 bevat ‘n beskrywing van ‘n huis in die Swellendamomgewing met dieselfde boustyl van ‘n deurlopende gang.



Foto 18 Tweejarige kleinseun Zander van Zijl doen saam navorsing



Foto 19 Bouval van skoolgeboutjie



Foto 20 Kliprondawel



*Foto 21 Gang van oostelike na westelike voordeure
Sitkamer links en kamers regs*



*Foto 22 Die sitkamer
Dit is ook die deurloop na die hoofslaapkamer en die kombuis*



Foto 23 Die kombuis

By daardie regterdeur het die heerlikste reuke altyd gekom. Ma Aletta was 'n goeie huisvrou. "Een van sy lieflikste herinneringe: Hoe hy aan die hoek van die kombuistafel staan en kyk hoe sy ma deeg aanmaak vir roosterkoek en ander soorte lekkers, somer gou-gou, dit oor die kole braai, so lekker as hy dit nooit weer geproe het nie. Hy het nie gehelp nie, somer gestaan en kyk hoe rats en seker die hande beweeg, hoe keurig en lekker alles soos vanself regkom."¹⁰²

Uit by die kombuisdeur is die kliprondawel en daarbo, net waar die huidige bloekombos begin die hoenderhok, bakoond en slaghuis. Die watersloot loop verby na grootoupa se huisies op oom Hendrik de Clercq se grond en tak ook af na die voorkant van die huis, na die klipmeule waar die meel gemaal word. Agter die huis om en op met die watersloot is daar die waenhuis van moddersteen en die groentetuin wat ook 'n paar vrugtebome bevat met sy klipmuurtjie. Die sloot loop van bo-af deur die boord.¹⁰³ Van die boord af kyk jy links verby die huis na waar die melkstalle en groot klipkraal teen die skuinste lê.

Deur die bloekombos tot bo-op 'n klein plato is die grafte van grootoupa en oupa de Clercq en ook ander grafte wat met klip opgemaak is. Wie sou in die grafte rus? Ons weet nie vandag nie, dalk het Manie geweet as hy nuuskierig uitgevra het?

Herman se verhouding met sy pa was gemakliker as dié tussen die pa en die ouers seuns. Daar was die verhouding strak en streng. Herman het nooit sy pa gevrees nie en hulle verhouding was iets "geheel anders", "vertrouelik (sic)." "Met die moeder was almal se verhouding ideaal."¹⁰⁴

Broers Jaap en Jochem was ouderdomsgewys nader aan mekaar as aan klein Manie. Hy maak sy eie maats. Hy word die leier van die swart kinders op die plaas. In die somer gaan swem hulle somer 'n paar keer per dag in die Klein-Komati wat in die vallei aan die ander kant van die begraafplaas afkom om met 'n draai doer onder voor die huis verby te vloei. Daar word paddas gevang en selfs gebraai. Daar word jag gemaak op muise en mielies word uit die lande versamel om saam met die muise en seker ook duiwe gebraai te word. So 'n veldete se groot lekkerte lê mos in die avontuur wat daaraan voorafgaan! Maar die klein leiertye staan terug as die klonkies afstap na die populierbos. Want hulle gaan om met kort stokke met die mambas wat daar hou te gaan speel. 'n Slang is nie jou speelmaat nie!

¹⁰² Weduwee Jo Fourie se puntsig van HCM Fourie, punt 7, 1939, Privaatversameling HCM Fourie, 1/11/2, ABP NHKA.

¹⁰³ Die sloot is ook afgetak na die skaap- en beesdippe toe. Deur Manie Davel aan skrywer uitgewys tydens die besoek op sy 30 Maart 2016. Dit is net moeilik om vas te stel of alles van die begin deel van die waterleiding was en of sommige uitbreidings later aangebring is.

¹⁰⁴ Weduwee Jo Fourie se puntsig van HCM Fourie, punt 6, 1939, Privaatversameling HCM Fourie, 1/11/2, ABP NHKA.

Daar is 'n legende dat Manie se ma nie genoeg melk vir hom gehad het nie en dat 'n swart vrou hom toe gesoog het. Dit sou dan wees hoe hy die swart tale, veral isiSwazi en isiZulu, so maklik sou aanleer. My vermoede is dat hierdie legende by die platjie van 'n Herman self ontstaan het toe hy later jare gevra is hoe hy die swart tale so maklik bemeester het! Aan die ander kant: "Wat mondelinge tradisies betref: My vrou se oudste tante was getroud met oom Gommie Prinsloo, 'n groot bewonderaar van dr Fourie. Hy het as jong seun saam met dr Fourie aan die rebellie deelgeneem. Oom Gommie het vir my gesê dat dr Fourie aan hom gesê het, hy het as kind aan 'n swart Ndebele-vrou gedrink."¹⁰⁵

Van jongs af het Manie 'n goeie sin vir humor gehad. Lewenslank sou hy homself daarmee by andere gewild maak. Hy was 'n fyn waarnemer: "... 'n oplettende toeskouer by alles, nooit op die voorgrond nie, tensy geroep."¹⁰⁶ Maar as die kans daar was het hy sy streke uitgehaal. Met nuwejaar is daar by Bonnefoi waar mnr Charlie Everard sy winkel gehad het, resies gejaag. Teen die einde van die dag sou Manie in 'n kleiner kring die deelnemers aan dag se resies mimiek. "Hy kon mense uitstekend naboots en uitkoggel".¹⁰⁷

Bonnefoi was 'n gewilde plek van samekoms. Die broers Tom en Charles Everardt het sedert 1880 op die plaas gewoon. Hulle klipwoning was aan die agterkant van die winkel, waarvoor Charles verantwoordelik was. Tom het met perde geboer. Transportryers en boere op trek het dikwels hier uitgespan. Die winkel was terselfdertyd ook die poskantoor met sy eie stempel. Benewens die perdewedrenne is ook sportbyeenkomste gehou, en daar was selfs 'n besoek deur 'n sirkus.¹⁰⁸

As daar besoekers kom het die Fourieseuns self besluit of hulle die kuier gaan meemaak al dan nie. Vir die dominee is daar gevlug. "Die familie was nie besonder 'kerks' nie, as die dominee van Ermelo op huisbesoek kom, is daar geen enkele seun op die werf nie. Sy eerste gevoel vir al die 'maneldraers' was ver van vleierend!"¹⁰⁹

En tog het klein Manie soos 'n kind geglo. Dit moes lewenslank so gewees het en hy en sy vrou Jo moes baie na-aan mekaar gewees het. So skryf sy ná sy dood iets oor sy kinderjare, waar sy nie by was nie: "En tog het hy dikwels 'n boompie (in Welgevonden se vrugteboorde doer onder die voorkant van die huis teen die rivier? – LJS) geplant en as die werk klaar is het die kind sy hande gevou en gebid dat die boompie mag groei en bloei tot eer van sy Skepper."¹¹⁰

Van besoekers gepraat: Daar was een wat groot indruk op Manie gemaak het. Niemand minder nie as die president van die Zuid-Afrikaansche Republiek, Paul Kruger nie!¹¹¹ Pa Jochem was 'n Krugerman. Later toe die broers hulle eie opinie kon vorm was hulle Joubertondersteuners.¹¹²

¹⁰⁵ APB Breytenbach, e-pos aan skrywer, 30 Junie 2011. Prof Breytenbach was predikant op Bronkhorstspuit (Nederduitsch Hervormd). Ek het hom gevra na wat hy oor Fourie te wete gekom het in sy tyd as predikant aldaar. Bogenoemde is 'n aanhaling uit sy antwoord.

¹⁰⁶ Weduwee Jo Fourie se puntsgewyse lewensoorsig van HCM Fourie, punt 10, 1939, Privaatversameling HCM Fourie, 1/11/2, ABP NHKA.

¹⁰⁷ Weduwee Jo Fourie se puntsgewyse lewensoorsig van HCM Fourie, punt 11, 1939, Privaatversameling HCM Fourie, 1/11/2, ABP NHKA. Jo stel dit asof hy met verdere ontwikkeling 'n kunstenaar sou kon word!

¹⁰⁸ Bornman, *Carolina*, 17-18.

¹⁰⁹ Weduwee Jo Fourie se puntsgewyse lewensoorsig van HCM Fourie, punt 4, 1939, Privaatversameling HCM Fourie, 1/11/2, ABP NHKA.

¹¹⁰ Weduwee Jo Fourie se puntsgewyse lewensoorsig van HCM Fourie, punt 5, 1939, Privaatversameling HCM Fourie, 1/11/2, ABP NHKA.

¹¹¹ Weduwee Jo Fourie se puntsgewyse lewensoorsig van HCM Fourie, punt 8, 1939, Privaatversameling HCM Fourie, 1/11/2, ABP NHKA.

¹¹² Kommandant-generaal Piet Joubert wat in die presidentsverkiesings van 1888, 1893 en 1898 teenoor Kruger gestaan het.

Herman sou jonk reeds politieke twis leer ken, maar hy kies nie kant, hy het die opinies net maar beluister.¹¹³

Nietemin, Manie was klein, sewe jaar oud, toe die president een nag in die spaarkamer oorslaap. Kruger het dikwels as president reise dwarsdeur die republiek onderneem, tewens dit was deel van sy ampsplig.¹¹⁴ Ma Aletta het (op sy aandrang?) hom gestuur om die president se vroegoggendkoffie vir hom te neem. Sy het die lekkerste koekies daarby saamgestuur. “Hy voel trots op wat Ma weer gemaak het en is maar ‘n bietjie jaloers ook. Tot sy verbasing wil die president net die koffie vat. Die bord met koekies kom terug met die versoek om net ‘n stukkie droë brood. Dit is onverstaanbaar maar die groot man se eenvoud maak ‘n diepe indruk op hom.”¹¹⁵

Die president het Carolina in 1885, kort voor de amptelike dorpsstigting, besoek.¹¹⁶ Gedurende Desember 1889 het hy die oostelike distrikte besoek. *De Volksstem* het gedurende Januarie verslag hieroor gedoen onder die opskrif “ZHEd. de Staats-President op reis.”¹¹⁷ Die sake waaroor die president tydens sy besoek gepraat het of waaroor hy vrae beantwoord het was almal sake wat later in Herman se lewe ‘n rol sou speel of waaroor hy ‘n eie standpunt sou moes vorm.

Op 20 Desember antwoord Kruger op ‘n uitspraak van die veldkornet vir die wyk Bronkhorstspuit, JJ Prinsloo¹¹⁸ tydens ‘n openbare byeenkoms. Prinsloo was van oordeel dat die “naturelle” minder regte moes geniet as witmense. Hulle het soveel probleme vir die Boere veroorsaak dat die toestaan van mindere regte verbetering in die moeilike toestande sal bring. Die president het toegegee dat die kwessie van gekleurde arbeiders moeilik was maar kon hom nie met die veldkornet se opinie vereenselwig nie.

Op die 23ste Desember tree Kruger op Middelburg op. W Robinson¹¹⁹ vra vrae oor die vordering met die bou van die spoorlyn na Delagoabaai en ook oor die instelling van ‘n tweede Volksraad.

¹¹³ Weduwee Jo Fourie se puntsgewyse lewensoorisig van HCM Fourie, punt 9, 1939, Privaatversameling HCM Fourie, 1/11/2, ABP NHKA.

¹¹⁴ “Lijdenburg,” *De Volksstem*, 9 Januarie 1890. Die adres wat landdros AF Jansen op Saterdag 28 Desember 1889 tot die president gerig het, is woordeliks gepubliseer. Jansen verwys daarna dat president Kruger 4 jaar vantevore, dit wil sê gedurende 1885 toe Herman maar drie jaar oud geword het, ook die Lijdenburgdistrict besoek het. Jansen bedank die regering vir die ontwikkelinge wat sedert die vorige besoek plaasgevind het: nuwe paaie, ‘n nuwe gevangenis en ‘n telegrafiese verbinding met die buitewêreld. Die regering het ook ‘n nuwe gebou opgerig om te dien as landdros, pos- en telegraafkantoor. Voorts het die regering gewere goedkoper beskikbaar gestel en pryse uitgelooft vir skyfskietwedstryde. Dit stel die burgery in staat om meer paraat te wees om die onafhanklikheid van die ZAR te beskerm.

¹¹⁵ Weduwee Jo Fourie se puntsgewyse lewensoorisig van HCM Fourie, punt 8, 1939, Privaatversameling HCM Fourie, 1/11/2, ABP NHKA.

¹¹⁶ Bornman, *Carolina*, 20.

¹¹⁷ JS Bergh (samesteller), *Paul Kruger. Toesprake en korrespondensie van 1881-1900* (Pretoria: Protea, 2017), 165-171. Bergh gee die berigte in *De Volksstem* van 6, 13 en 16 Januarie 1890 berig gelewer word oor die president se toesprake tydens sy besoek aan die oostelike distrikte. Hy het op 20 Desember 1889 op Bronkhorstspuit gepraat, op die 23ste op Middelburg, die 28ste op Lijdenburg en op 30 en 31 Desember 1889 op byeenkomste gehou op Carolina en op die plaas Lakenvlei naby Carolina.

¹¹⁸ JJ nie in SABW nie. Moontlik oom Gommie se pa? Sien J.J.P. Muller, “Die Prinsloo’s van Bronkhorstspuit” in *Nederduitsch Hervormde Gemeente Bronkhorstspuit 1896-1969*, (Krugersdorp: NHW Pers, 1969), 198 par 6.

¹¹⁹ SABW Deel IV (1981), s.v. “Robinson, William.” Hierdie kleurrike figuur in die Transvaalse geskiedenis was op hierdie stadium woonagtig op sy plaas Welstand naby Middelburg. Hy was in 1889 68 jaar oud en sou leef tot 93 jarige ouderdom. Hy was ‘n groot Krugerman en het in die Volksraad gedien in die jare vyftig en sestig. Hy het selfs as presidentskandidaat gestaan teen TF Burgers. In Middelburg het hy in 1885 sonder sukses deelgeneem aan die verkiesing van ‘n volksraadslid vir die distrik.

Die president verduidelik dat Portugal aan E McMurdo¹²⁰ 'n monopoliekonsessie toegestaan het om 'n spoorlyn te bou van Delagoabaai tot aan die grens van die Transvaal. Hy wat Kruger is het probeer om allereers met hom 'n tariefooreenkoms te bereik maar McMurdo wou eers begin bou en dan 'n tariefooreenkoms aangaan. Die president het dit geweier omdat hy eers die tariewe wou bepaal voor daar begin bou word. Daar is dus nie begin met die bou van die spoorlyn nie. In 1885, met die vooruitgang van Barberton,¹²¹ het McMurdo gereken dat hy baie vraag sou kry om met 'n spoorlyn te vervoer. Hy het begin bou maar toe hy 'n brug of pont oor die Komatirivier wou bou is hy belet om voort te gaan. Hy moes dus die werk staak. Na McMurdo se dood het die president nou 'n gunstige tarief met die Portugese regering beding en die bou van 'n spoorlyn sal spoedig hervat word.

Robinson sê dat sy vrae oor die twee volksrade¹²² nie deur die twee volksraadslede vir Middelburg bevredigend beantwoord is nie. Die president verklaar dat hierdie 'n gewigtige saak is omdat dit die grondwet raak. Die gedagte van die instelling van 'n Tweede Volksraad kom van hom persoonlik af. Die realiteit is dat daar daaglik vreemdelinge in die ZAR aankom. Die wet bepaal dat hulle na 'n verblyf van vyf jaar stemreg sou kry. Kragtens die huidige wetgewing sou hulle ná tien jaar die ZAR oorheers. Hoe nou gemaak? Die vreemdelinge bring baie geld en arbeid die land in en dit sou onbillik wees as hulle nie hulle belange aan die Volksraad mag voorlê nie. Dit is waar die gedagte van 'n Tweede Volksraad, waarop die verteenwoordigers van die immigrante sitting sou hê, vandaan kom. Daar is baie burgers wat bang is dat die twee rade nie eendragtig sou kon saamwerk nie. Die president oordeel egter dat dit beter sou wees om twiste op volksraadsvlak te hanteer, ook al sou dit in stryd met die wet wees. Hy sien in die instelling van twee rade 'n besliste waarborg dat die Staat sy onafhanklikheid sou behou terwyl die staatkundige behoeftes van die immigrante tegemoet gekom word. Hierop verklaar Robinson dat hy nou volledig ingelig en tevrede is.

Op Lijdenburgdorp is die president feestelik ontvang.¹²³ Op Saterdagmore die 28ste Desember was daar 'n ereboog en 300 gewapende burgers. 21 dinamietkote sou afgevuur word maar teen die tiende of elfde skoot was daar 'n ongeluk en is een van die operateurs met die van Boyne noodlottig gewond.

¹²⁰ Staton Ellen (transkribeerder), "Death of Col. MCMURDO 11 May 1889," *South Africa Magazine* <https://lists.rootsweb.com/hyperkitty/list/south-africa-immigrants-british@rootsweb.com/thread/1222277/>. Kolonel Edward McMurdo (1842-1998) was 'n Amerikaner en offisier in die Amerikaanse Burgeroorlog van 1861 tot 1865. Hy het die laaste jare van sy lewe in Engeland gewoon. Tydens sy lewe het hy wêreldwyd groot ondernemings aangepak. Hy was betrokke by mynbou in Transvaal, drie Amerikaanse state, Portugal en Honduras. In Italië was hy betrokke by die elektrifisering van tremweë. Hy het die Portugese konsessie gehad vir die bou van die spoorlyn van Pretoria na Delagoabaai. In Meksiko was hy betrokke by die aanlê van die spoorweg tussen die Golf van Meksiko en Stille Oseaan gebou. Hierdie finansiële reus was ten tye van Kruger se besoek aan die oostelike distrikte reeds 'n paar maande oorlede. Sy sterfdatum was 11 Mei 1889.

¹²¹ Van 1882 tot 1885 is daar verskeie goudriwwe ontdek.

¹²² Die Tweede Volksraad is later wel ingestel met die aanvaarding van Wet Nr 4 van 1890.

¹²³ Korrespondent, "Lijdenburg – Hooge bezoekers – Gewichtige bijeenkomst – Droevig ongeval – Nieuwe geneesheer," *De Volksstem*, 9 Januarie 1890.

Die onderwys is een van die onderwerpe wat behandel word.¹²⁴ A Erasmus,¹²⁵ het dit oor die benadeling van die Hollandsche taal in die skole en oor meesters sonder diplomas. Erasmus het verneem dat, teenstrydig met die wetgewing en 'n onlangse Volksraadsbesluit, "onze taal" in baie skole afgeskeep word teenoor Engels, wat eintlik in die wet as bykomende taal hanteer moet word. Meesters sonder diplomas word gelykgestel aan die wat wel diplomas het. Dit is skadelik vir die gediplomeerde meesters se motivering. Erasmus wil graag hê dat die staat 'n hoër subsidie aan hulle moet gee as aan die sonder diploma.

Hierop reageer die president dat hy hom sou verheug as die salaris in ooreenstemming met die bekwaamheid van 'n meester vasgestel wou word. Maar die saak is in die hande van die skoolkommissies. Die regering subsidieer die kommissie met "geen kleingeld." Dit is hoe ver die regering se verpligting strek. Die kommissies moet die geld oordeelkundig aanwend en self 'n onderskeid tref "tussen werklik bekwame en minder slimme meesters". Hy haal uit God Woord aan om sy argument te staaf dat die onderwys 'n kerkzaak moet wees. Dit het al dikwels gebeur dat, waar die onderwys aan die wêreldlike mag oorgelaat word, die wetenskap bo die godsdienst gestel word. Hy verfoei 'n godsdienstlose skool. Hy rig 'n appèl dat die skoolmeesters met die kerk moet saamwerk en nie te veel by politieke sake inmeng nie.

Die korrespondent skryf oor Maandagmore 30 Desember 1889: "Heden morgen vertrok ZHEd. van hier op reis naar Pretoria over Carolina, Ermelo en Bethal. We wenschen ZHEd. Eene voorspoedig reis en behouden aankomen in zijne familie."¹²⁶

Die byeenkomste naby die nuwe dorp Carolina¹²⁷ is op 30 Desember 1889 gehou op die plaas Lakenvlei.

Tolgeld het ter sprake gekom asook spoorwegrente en die beoogde spoorlyn na Delagoabaai. Die volksraadslid O Coetzee sê dat die tolgeld wat die publiek in die omgewing moet betaal om die pad na Baberton te gebruik te hoog is. Die president antwoord dat daar baie paaie is wat gemaak moet word en dat daar oral tol (hekke LJS) moet kom. Maar die tolgeld moet laag wees en net genoegsaam om die onderhoud van die paaie te bekostig. Wegbelasting is ook nodig. Die gesamentlike bevolking betaal wegbelasting maar net die wat die paaie gebruik betaal tolgeld. Dit is die Volksraad, en nie die regering nie, wat die bedrag van die tolheffing vasstel.

Die heer Coetzee is gekant teen die rol wat die distriksrade speel in die aanwysing van tolgaarders. Dit gebeur byvoorbeeld dat 'n distriksraad iemand wat die pos teen £300 koop aanstel en dat die persoon dan vir homself tot soveel as tweeduizend pond sterling insamel.

Die president oordeel dat tolgaarders teen 'n vaste salaris aangestel moet word en dat alle inkomste aan die persone wat daarmee belas is oorbetal moet word. Die geld kan dan uitsluitlik aangewend word vir die instandhouding van die paaie.

¹²⁴ JS Bergh (samesteller), *Paul Kruger. Toesprake en korrespondensie van 1881-1900* (Pretoria: Protea, 2017), 160.

Kruger het vroeër in die jaar, op 15 Junie 1889, met die magtiging van die Volksraad om 'n hoërskool of universiteit in die ZAR te vestig, aan GJ Th Beelaerts van Blokland en dr A Kuyper van die Vrije Universiteit van Amsterdam geskryf in verband met die stigting van 'n hoërskool of universiteit waarop die Volksraad besluit het.

¹²⁵ SABW Deel III (1977), s.v. "Erasmus, Jacobus Abel." Dit was na alle waarskynlikheid hy wat die woord gevoer het.

¹²⁶ Korrespondent, "Lijdenburg – Hooge bezoekers – Gewichtige bijeenkomst – Droevig ongeval – Nieuwe geneesheer," *De Volksstem*, 9 Januarie 1890.

¹²⁷ Gestig 1885

Veldkornet Taute deel die president mee dat die publiek meer wil weet aangaande die spoorwegrente. Kruger antwoord dat daar jare gelde besluit is om 'n spoorlyn aan te lê. Daarvoor sou 'n lening van £300 000 aangegaan moes word. Die rente hierop sou elke burger £1 10 kos. President Burgers het met omtrent £90 000 uit Europa teruggekeer. Die Volksraad het besluit om met die belasting van £1 10 voort te gaan om rente sowel as kapitaal af te los. Weens die koste aan agente, verskeping van materiaal ensovoorts het die kapitaal aangegroei van £90 000 tot £160 000. Hierdie belasting het egter niks te doen met die bestaande spoorlyne nie.

Die Volksraad het magtiging gegee dat 'n konsessie vir die aanlê van die spoor na Delagoabaai toegestaan word. Die saak het egter 'n ingewikkelde verloop gehad. Daar is besluit om eers net tot by Nelspruit te laat bou om die leningsbedrag te verminder, daar was 'n probleem om 'n aanvaarbare tarief te vind, en die spoorweggeld is toe gebruik om 'n trem tussen Johannesburg en Boksburg in werking te stel. Skulde is oor en weer bereken en moes teen die ooreengekome tarief soos in 1889 vasgestel betaal word.

Volksraadslid Coetzee verklaar homself tevrede met die president se uitleg maar wil weet of die regering aandele in die (McMurdo) spoorlyn sou hê?

Die president sê dat hy destyds bereid was om die konsessie teen £600 000 oor te neem maar MacMurdo wou £1 000 000 hê. Tans is daar egter 'n tarief vasgestel en is aandele of besitreg nie meer nodig nie.

Coetzee dra die publiek se wens oor dat die 10s. spoorbelasting opgeskort word. Slegs witmense betaal die belasting terwyl swart én wit die wegbelasting betaal.

Die president verduidelik dat die lankbestaande spoorbelasting gevorder moet word ten einde die lening te kan afbetaal. Hoe anders sou die staat ook die amptenare kon betaal? Die burgers ontvang egter wel hulp: Op sy versoek het die amptenare tydelik 'n gedeelte van hul salaris afgestaan vir die befondsing van die oorlog teen Mapoch. Die burgers word ook tegemoet gekom met burgerregte en die vergemakliking van die proses om gewere aan te skaf.

Op Carolina sowel as op Lakenvlei praat Kruger oor die onderwys en word gekonfronteer met gerugte wat die rondte doen oor die heraanstelling van ds SJ du Toit as superintendent van onderwys in die lig van sy beweerde gelykstelling van die Rooms-katolisisme en die protestantisme.¹²⁸ Een van die burgers wil weet of Du Toit dan nie roomses as onderwysers sal kan aanstel nie?

Kruger verduidelik dat Du Toit ná sy bedanking as direkteur by verskeie goudmaatskappye weer versoek is om superintendent te word. Sy aanstelling sal in werking tree wanneer Du Toit terug is van die oorsese reis waarop hy sy gesin geneem het. Die president was geskok om so iets in verband met die heer Du Toit in die koerante te lees, "doch de couranten hadden het niet altijd bij het rechte eind en mens moes den heer du Toit zelf hooren."

JL Coetsee vra waarom die Roomse Kerk dieselfde mate van ondersteuning ontvang as die protestantse kerke. Die president antwoord dat die Roomsies aan die wetsvereistes voldoen en daarom nie ondersteuning geweier word nie. Hulle leer hulle kinders Hollandsch en onderrig die Christendom. Maar die Volksraad kan oorweeg om die wetgewing strenger te maak.

¹²⁸ VE d'Assonville, *SJ du Toit van die Paarl (1847-1911)* (Florida: Technicon SA, 1999), 202-205; 222-224.

‘n Ander heer Coetsee (C Coetsee) bespreek die Roomsche Katholieke Kerk en wil weet watter skole deur die regering ondersteun word. Die president se antwoord kom op dieselfde neer wat hy pas geantwoord het.

Die heer C Coetsee het gehoor dat die heer SJ du Toit ‘n hele mag der menigte Roomsche priesters na die ZAR wil bring en is bevrees dat die gebeure van twee eeue gelede toe die protestante uit Frankryk moes vlug, kan herhaal.

Die president het ook die gerug in die koerant gelees maar betwyfel die waarheid daarvan. Hy sal met sy oordeel wag totdat die heer du Toit terug is uit Europa.

Die heer Gey van Pittius¹²⁹ sal graag dat die onderwyswet verander sodat die Roomsches geen geldelike ondersteuning van die goewerment ontvang nie. Die president antwoord dat dit in stryd met bestaande traktate met ander lande, waarin godsdiensvryheid gewaarborg word, sal wees.¹³⁰

Volksraadslid Coetsee vra of Du Toit ‘n geskikte kandidaat vir die pos sal wees indien hy priesters na die ZAR bring. Kruger antwoord dat as dit die geval sou wees hy nie aangestel sal word nie.

Ons moet daarvoor voorsiening maak dat die besoek van president Kruger ook op ‘n ander datum as die jaar 1889, toe Herman sewe jaar oud was, kon val.

Die staatpresident het ook teen die einde van 1892 ‘n besoek gebring aan Lijdenburg. “Wegens de komst van zyn Hoog Ed de Staatspresident zal de KerkraadsVergadering in November een week uitgesteld worden.”¹³¹ Dit is onbekend of Kruger toe ook Carolina of die Klein-Komati-omgewing besoek het.

Bornman meld ook ‘n besoek aan Carolina gedurende 1897.¹³² Geen bewys hiervoor kon gevind word in JS Bergh (samesteller), *Paul Kruger: Toesprake en korrespondensie van 1881-1900*. Pretoria: Protea, 2017 of *Paul Kruger: Speeches and Correspondence 1850-1904*. Pretoria: Boekenhoutfontein, 2018 nie.

Die vraag wat natuurlik gevra moet word is hoe dit gebeur het dat president Kruger op JC Fourie se plaas oornag het. Hoe het hulle mekaar geken? Hulle sou mekaar wel leer ken het toe Fourie Volksraadslid was gedurende 1893 en 1894 wat ‘n besoek na daardie jare dalk meer waarskynlik sou maak. Aan die ander kant was Fourie voor sy diens as Volksraadslid die veldkornet en die president sou moontlik om daardie rede op Welgevonden oornag het.

Samevatting

In hierdie eerste hoofstuk het die kollig geval op die jong kind Manie, op sy geboorte, doop en kleinkinderdae op die plaas Welgevonden. Dit word gedra deur ‘n beskrywing van die familie waarin

¹²⁹ Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel III (1977), s.v. “Gey van Pittius, Nicolaas Claudius.” Gey van Pittius het in sy hoedanigheid as administrateur van die onafhanklike Land Gosen met SJ Du Toit te doen gehad. Du Toit het, ná generaal PJ Joubert se vredesverdrag met Montshiwa, ‘n tweede verdrag (waarvolgens Montshiwa, die Land Gosen en Moshwete almal onder die gesag van die ZAR kom), bewerkstellig. Daarna volg die Britse anneksasie van die Land Gosen en Gey van Pittius gaan vestig hom op die plaas Moddergat naby Carolina. Ten tye van Kruger se besoek is hy die skutmeester.

¹³⁰ Bornman, *Carolina*, 21. Von Pittius was vrederegter van Carolina vanaf 1890 tot met sy dood in 1892.

¹³¹ Kerkraadsnotule 10 Oktober 1892, NHofG Gemeente Lijdenburg, GEM 1151, Argief van die Oostelike Sinode van die NG Kerk, Pretoria.

¹³² Bornman, *Carolina*, 24.

hy gebore is. Die Espach-Fourielyne kruis met die huwelik van sy ouers met die De Clercqlyn. Aandag is gegee aan die gesinslewe en die besoek van president Kruger aan die plaas. Die blik het ook geval op die dinge wat in die algemeen die mense wat destyds geleef het, geboei het. Sodoende is die lewe waarin Fourie hom bevind het, omskryf. Hy is onder boerefamilies van die laat 19de eeu gebore. Die lewe wat hy leer ken het, is bepaal deur die plaas, sy diere, sy mense. Van die mense naaste aan hom, was swart en het uit ander kulture en lewensoriëntering gekom. Ook hiermee het klein Manie in aanraking gekom en dit by sy lewenservaring laat intree. Hy sou hom in sy later lewe as 'n pionier kenner op volkekundige gebied onderskei. Die uniekheid daarvan moet nie onderskat word nie. Boere- en swartfamilies wat destyds plase gedeel het kon in swart tale met mekaar kommunikeer.

Die sin van die inligting wat vanuit die bronne oor Manie Fourie se herkoms en kleinkinderjare weergegee is, lê in die aantoon van waarskynlike trajekte vanuit hierdie herkoms en tydperk na sy latere lewe. Of al die inligting werklik relevant is sal eers aangetoon kan word wanneer die res van die biografie afgehandel is. Op hierdie stadium is gewerk met die vermoede van wat later relevant mag blyk te wees. Ek noem graag twee voorbeelde: Dit is bekend dat Fourie aan die einde van sy lewe deelgeneem het aan die eeufeesherdenking van die Groot Trek. Sy verbintenisse deur sy voorgeslagte met hierdie emigasiebeweging is waarskynlik belangrik omdat dit daardie geskiedenis vir hom meer persoonlik sou maak het. Fourie het ook later in sy lewe deelgeneem aan partypolitiek en was kandidaat vir die Unieparlement. Daardie staatsbedeling verskil geheel en al van die staatsbedeling waarin hy groot geword het van 'n president wat die volk besoek, by gesinne tuisgaan en persoonlik op hulle vrae antwoord. 'n Bedeling waar burgers vir 'n man gestem het en nie vir 'n party nie.

In die volgende hoofstuk word aandag gegee aan Manie se skooldae en kerklike geloofsvorming. Die periode 1890 tot 1894 sal aandag geniet. Vanaf 1894 het hy eers vir die duur van die Volksraadsitting, waarvan sy pa lid was van 1893 tot met 1895 se buitengewone sitting, in Pretoria skool gegaan en vanaf 1897 permanent. Daardie periode sal in die derde hoofstuk ondersoek word.

HOOFSTUK 2

JONG MANIE SE SONDAGSKOOL- EN PLAASSKOOLDAE 1890 TOT 1893

Inleiding

In hoofstuk een is aandag gegee aan die Comatéwyk van gemeente Lijdenburg waarvan die Fouriesin deel was. In 1889 het gemeente Carolina van Lijdenburg afgestig. Met 'n teruggreep in die kerkgeskiedenis word kerklike gebeure sedert die stigting van gemeente Lijdenburg (1850) tot met die stigting van gemeente Carolina (1889) beskryf. Dan spits ons die aandag toe op inligting wat uit primêre bronne na vore kom, in verband met die Fouries se inskakeling by gemeente Carolina al dan nie. Daarna volg gegewens oor die eerste leraar van die gemeente Carolina, ds AG du Toit. Die hoofstuk sluit af met 'n beskrywing uit bronne van Herman se eerste skolastiese onderrig in die plaasskool op Welgevonden. Dit word aangevul met agtergrondgegewens oor die destydse staatskurrikulum.

Die kerklike situasie in Lijdenburg en omliggende distrikte (1850 -1889)

Nadat in die vorige hoofstuk aandag gegee is aan die Comatéwyk van gemeente Lijdenburg volg ons nou die kerklike geskiedenis van die gemeente Lijdenburg sedert sy ontstaan, deur die jare van wisselende inskakeling by die NHK ZAR, die NGK in ZA, weer die NHK ZAR en uiteindelik die NGK in die ZAR. Aandag word gegee aan die kerkvereniging wat in 1886, toe Herman 4 jaar oud was, misluk het. Omdat Herman later predikant in die Nederduitsch Hervormde Kerk in die Unie van Suid-Afrika¹³³ sou word en ook met die ander Afrikaanse kerke te doen sou kry, is dit belangrik om kennis te neem van die kerklike situasie in die Oos-Transvaal¹³⁴ gedurende sy kinderjare. Watter moontlike kennis kon hy hê van die verskillende kerke? Dwarsdeur die twintigste eeu was dit immers in enige dorp of skool, veral in die Transvaal belangrik om te weet in watter kerk iemand was. Dit was 'n saak van groot belang by enige voorgenome huwelik.

Gemeente Lijdenburg

Die Fouries en De Clercq was lidmate van gemeente Lijdenburg. Herman se oupa CE Fourie en grootoupa Jacob de Clercq III, so weet ons uit die vorige hoofstuk, was inwoners van die distriksgebied Lijdenburg wat in 1845 as distrik van die ZAR uitgeroep is. Dit verg egter kophou om die kerklike geskiedenis van Lijdenburg te snap.¹³⁵ Daar was sedert 1850, toe die dorp ook gestig is, 'n kerkraad en gemeente. In 1854 het die gemeente van die Hervormde Kerk geskei en aangesluit het by die sinode van die Nederduitsch Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika (NGK in ZA) in die Kaapkolonie.¹³⁶

¹³³ J.C. Steyn, *Afrikanerjoernaal 'n Vervolgverhaal in 365 episodes* (Bloemfontein: SA Print, 2016), 268. "Die unie het tot stand gekom by wyse van die 'South Africa Act/An act to constitute the Union of South Africa' soos op 20 September 1909 aangeneem deur die Parliament of the United Kingdom of Great Britain and Ireland. Danksy die taalbepaling, dat beide Engels en Hollands (sluit in Nederlands én Afrikaans), amptelike tale sou wees, is die grondwet amptelik vertaal en is die terme Union sowel as Unie gebruik."

¹³⁴ Die term Oos-Transvaal word gebruik om na die oostelike gebiede van die destydse ZAR te verwys en ook later na die oostelike gedeelte van die Transvaal Provinsie van die Unie van Suid-Afrika.

¹³⁵ P.J. Wolmarans, "Beknopte oorsig van die kerklike geskiedenis van Lydenburg, gesien uit die standpunt van die Ned Herv. Kerk," in *Lydenburgse Eeufesgedenkboek 1850-1950* (Uitgegee deur die Munisipaliteit van Lydenburg, Pretoria: Caxton), 87-89.

Sien ook C.A. Jacobs, "Die Nederduits Hervormde of Gereformeerde gemeente van Lydenburg," in dieselfde eeufesgedenkboek, 109-113.

¹³⁶ Sedert die eerste kerkorde van 1824 tot 1842 was die amptelike naam Nederduitsch Hervormde Kerk, in Zuid-Afrika. Die naam word op die sinode van 1842 verander na Nederduitsch Gereformeerde Kerk in Zuid-

In 1856 het Lijdenburg ook staatkundig van die ZAR afgeskei om 'n selfstandige republiek te vorm, wat tot in 1860 bestaan het. In 1857 smelt hierdie Republiek saam met die Republiek van Utrecht. Beide skakel vanaf 1860 in by die ZAR.¹³⁷

Die gemeente het egter selfstandig gebly en bekend gestaan as die Ned. Hervormd Gereformeerde Gemeente van Lijdenburg. In 1865 sluit die gemeente weer aan by die NHK ZAR Kerk maar herroep onder invloed van ds F Lion-Cachet sy besluit en word deel van die NGK ZAR. Dié kerk het in 1866 van die staatskerk, die NHK ZAR, afgeskei.¹³⁸

Kerkvereniging 1885/6

Herman was vier jaar oud toe 'n volledige kerkvereniging tussen die NHK ZAR en die NGK ZAR in 1886 misluk het. Die vereniging was onvolledig omdat, danksy die optrede van ouderlinge CJJ Joubert en MJ Prinsloo van die konsulentsgemeente Pretoria, die NHK ZAR bly voortbestaan het.¹³⁹ Dit was in effek die gemeente waar Herman in 1911 sy predikantsloopbaan sou begin. Die gemeente stig gedurende 1913 af onder die naam Erasmus.

Die drang na kerkvereniging was die gevolg van die oorwinning wat die ZAR tydens die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) oor die magte van Queen Victoria behaal het. Die burgers van die ZAR het gevoel dat hulle op volksbodem so goed saamgewerk het dat hulle net sowel 'n verenigde kerk tot stand kon bring. "Die druk van die anneksasie van Transvaal en die Engelse besetting in die jare 1877-1880 was 'n belangrike faktor om 'n nuwe saamhorigheidsgevoel en nasionale bewussyn by die Transvaalse volk in die besonder, maar ook by al wat 'n Afrikaner was, aan te wakker [voetnoot 1]. Terwyl die Transvaalse volk op staatkundige gebied deur die eenheidsgevoel besiel is, wou hulle dit ook kerklik 'n gestalte gee [voetnoot 2]."¹⁴⁰

SP Pretorius identifiseer sewe redes¹⁴¹ waarom die vereniging misluk het. Die vernaamste rede is "die feit dat die drang na kerkvereniging in Transvaal nie sy ontstaan vanweë kerklik-teologiese oorwegings gehad het nie, maar veral vanweë staatkundige-politieke redes."¹⁴² Die ander ses redes is dat daar slegs op sinodale vlak onderhandel is en dat die gemeentes nie in die saak geken is nie; dat die algemene kerkvergadering van die NHK ZAR haastig was om die vereniging deur te druk en oppervlakkig te werk gegaan het; dat die algemene kerkvergadering van die NGK ZAR die standpunt gehandhaaf het dat die verenigde kerk 'n voortsetting van die NGK ZAR moet wees; dat in die stryd

Afrika. Daar word dikwels in die geskiedskrywing na dié kerk verwys as "Kaapse kerk." Raadpleeg lys van afkortings en benaminge vir meer detail.

¹³⁷ Hierdie geskiedenis word behandel in G.D.J. Duvenage, *Die Republiek Lydenburg in Suid-Afrika: Agtergrond, ontstaan en einde* (Pretoria: uitgewer nie genoem nie, 1966).

¹³⁸ S.J. Botha, "Die toetreding van Lydenburg tot die Nederduitsch Hervormde Kerkverband 1864 en die herafskeding onder F. Lion Cachet 1866," *HTS* vol 20 nr3/4 (1964): 172-175.

<https://doi.org/10.4102/hts.v20i3/4.3931>

¹³⁹ A.D. Pont, *Kerkgeskiedenis* (Pretoria: Kital, 1991), 290 en 299 verwys na die totstandkoming van die gemeente in 1869. Die gemeente het die bynaam Witfontein gekry na aanleiding van een van die kerkplekke. Ná die gemeentevergaderings van Desember 1885 waarop besluit is om nie deel te neem aan die vereniging nie is die naam van die gemeente vasgestel as *De Ned. Hervormde Gemeente der Z.A.R. distr. Pretoria*. Sien ook:

J.D. Storm, "Die Nederduitsch Hervormde Gemeente, Bronkhorstspuit," in *Nederduitsch Hervormde Gemeente Bronkhorstspuit 1869 – 1969* (Krugersdorp: NHW Pers, 1969), 81-88.

En: S.P. Engelbrecht, *Gesiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*, Tweede hersiene en vermeerderde uitgawe (Pretoria: HAUM, 1953), 273-275.

¹⁴⁰ S.P. Pretorius, "Die Kerkvereniging van 1885 – sy aanloop en mislukking" (UP: DD proefskrif, 1986), 138.

¹⁴¹ Pretorius, "Die Kerkvereniging van 1885", 603 – 611.

¹⁴² Pretorius, "Die Kerkvereniging van 1885", 603.

oor die naam van die verenigde kerk die sentiment rondom die naam Hervormd so sterk was dat Hervormde lidmate na hulle Kerk teruggekeer het; dat sittingsreg aan die Konsulentsgemeente Pretoria van die NHK ZAR tydens die konstitueringsvergadering in Desember 1885 geweier is. Dit het daartoe gelei dat die Hervormde Kerk weer rondom hierdie gemeente opgebou is; en dat daar verskil in opvatting was oor wat die vereniging behels: 'n opheffing van die bestaan van die twee bestaande kerke en die stigting van 'n nuwe kerk teenoor die gedagte dat die vereniging voorlopig sou wees totdat die naam van die verenigde kerk vasgestel sou word.

Die kerklike situasie in Oos-Transvaal voorafgaande aan die kerkvereniging

In 'n poging om Herman se latere kennis in verband met die kerkvereniging te peil gee ons vervolgens aandag aan die kerklike situasie in die Oos-Transvaal voorafgaande aan die poging tot kerkvereniging.

Nederduitsch Hervormde Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek (NHK ZAR)

Vóór die vereniging was daar van die **NHK ZAR** die volgende gemeentes in die distrik Lijdenburg en omliggende distrikte: **Wakkerstroom**, later genoem Volksrust, gestig 1861 met ds DP Ackerman as leraar ten tye van die vereniging;¹⁴³ **Middelburg**, vroeër genoem Lijdenburg, gestig 1864 met ds GW Smits van Rustenburg as konsulent;¹⁴⁴ **Heidelberg** in die distrik Heidelberg is gestig in 1865 met as eerste leraar sedert 1868 ds Van Warmelo;¹⁴⁵ **Utrecht** gestig 1868 deur ds Dirk van der Hoff;¹⁴⁶ en **Standerton** (kerkgebou op Trichardsfontein), wat in 1879 van Heidelberg afgestig het.¹⁴⁷

Ná die mislukte vereniging is **Dullstroom** (1887)¹⁴⁸ en **Chrissiesmeer** (1892)¹⁴⁹ as Hervormde gemeentes gestig.

Hierdie feite word hier weergegee omdat dit kan verklaar waarom Herman in 1910 onkundig was aangaande die Nederduitsch Hervormde Kerk. In daardie jaar het hy besoek ontvang van senator ADW Wolmarans, ook ouderling van Gemeente Pretoria. Herman was in die universiteitstad Utrecht in die provinsie Utrecht van die Koninkrijk der Nederlanden besig met voorbereiding vir sy eindeksamen in die teologie. Wolmarans moes in opdrag van die kerkraad van Pretoria 'n Afrikaanse teologiese student soek om te beroep. Tydens die besoek het Wolmarans aan Herman die

¹⁴³ Paul Buitendag, Hanneljé Buitendag en Tokkie Geldenhuis, *Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika Gemeente Volksrust 1861 – 2011* (sonder aanduiding, 2011), 12 en 28 tot 34.

<https://archive.org/details/gemeentevolksrus00buit>

¹⁴⁴ Botha, "Die toetreding ... en die Herafskeiding onder F. Lion Cachet 1866," 162-175

¹⁴⁵ A.D. Pont, redakteur, *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Heidelberg 1865 – 1965 Boodsappe van gelukwensing met die eeufesviering en 'n oorsig van die gemeentelike geskiedenis* (Krugersdorp: NHW Pers, 1965), 26.

https://archive.org/details/nederduitscherv00pont_0

S.P. Engelbrecht, *Gedenkboek van die Nederduits Hervormde Gemeente Heidelberg 1865 – 1935* (Kerkraad, 1935), 13 – 15.

<https://ia801600.us.archive.org/10/items/gedenkboekvandie00enge/gedenkboekvandie00enge.pdf>

¹⁴⁶ S.P. Engelbrecht, *Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika*, tweede hersiene en vermeerderde uitgawe (Pretoria: De Bussys, 1936), 270-273.

¹⁴⁷ S.J. Botha en L.A.J.J. van Nieuwenhuisen, *Trichardsfontein 1879-1979 Eeufes Gedenkblad* (Sonder aanduiding, 1979), 6.

<https://archive.org/details/trichardtsfontei00both/page/n5/mode/2up?q=trichardtsfontein>

¹⁴⁸ P.S. Dreyer (hoofredakteur), *Almanak en Bybelse Dagboek Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1986* (Pretoria: Gutenberg, 1986), 152.

¹⁴⁹ P.S. Dreyer (hoofredakteur), *Almanak en Bybelse Dagboek Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1986*, 152.

geskiedenis van die Afrikaanse kerke verduidelik en ook 'n geskiedenisboek aan hom gewys. Hierdie episode word beskryf in een van Jo Fourie se notas oor Herman se lewe.

- 36 Nog voor die laaste eksamen, ek dink 'n paar maande, kry hy 'n gewichtige besoek, op sy studeerkamer in Utrecht, van senator A.D.W. Wolmarans ouderling van en gestuur deur die gemeente Pretoria, van die HERVORMDE KERK aldaar., met die opdrag om, in oorleg met die professore in Utrecht, 'n afrikaanse, teologiese student te soek en te berpep. Toe mnr. Wolmarans aan Herman die saak voorlê, was hy verbaas. Hy het skaars van die bestaan van daardie kerk geweet nie, en eintlik ~~was~~ nooit oor die bestaan van die verskillende, hollandse kerke in sy land gedink nie. A.D.W. vertel hom toe daarvan en slaan selfs 'n geskiedenisboek op. Herman bestudeer die onderwerp en kom dan tot die oortuiging, dat hy liefs in die herv. kerk sal wil dien. Hy neem dus die beroep aan, en verkies ook om liewer buite as in die stad te woon. Dit beteken dus: op Bronkhorstspuit.

*Dokumentfoto 1 Weduwee Jo Fourie se puntsgewyse lewensoorlog van HCM Fourie
nota 36, circa 1939,
Privaatversameling HCM Fourie, 1/11/2, ABP NHKA*

Dit is moeilik om vas te stel na watter “geskiedenisboek” verwys word.¹⁵⁰

Nederduitsch Gereformeerde Kerk van de Zuid-Afrikaansche Republiek (NGK ZAR)

Van die **NGK ZAR** was daar vóór die vereniging die volgende gemeentes: **Lijdenburg** (gestig 1850 en na verskillende aansluitings en afskeidings sedert 1866/7 'n gemeente van die NGK ZAR);¹⁵¹ **Nazareth** (Middelburg) waar die eerste kerkraadsvergadering op 9 Maart 1867 deur ds F Lion-Cachet gehou is. Ds AP Burger het in 1884 die predikant geword en was een van die predikante wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog van 1899-1902 'n groot rol gespeel het in die geestelike versorging van die Boermense¹⁵²; **Amersfoort** gestig 1866¹⁵³; en **Ermelo** gestig 1870¹⁵⁴.

In wat vandag Kwazulu-Natal heet was die **NG Gemeente Utrecht**, gestig in 1854, vanwaar ds F Lion-Cachet vanaf 1866 die afskeiding van die NGK ZAR van die NHK ZAR bewerkstellig het. Hierdie gemeente het nie met die inskakeling in 1860 van die gesamenlike republieke Lijdenburg en Utrecht by die Zuid-Afrikaansche Republiek, by die NHK ZAR aangesluit nie.¹⁵⁵

¹⁵⁰ A.D.W. Wolmarans, *Kerkhistoriese feiten. Bijdrage tot de kennis van de Geschiedenis der Ned. Herv. Kerk in Zuid-Afrika* (Pretoria: De Bussy, s.a.) is eers ná 1917 deur Wolmarans geskryf.

J.P. Oberholzer, “Dr H.C.M. Fourie,” in *Nederduitsch Hervormde Gemeente Bronkhorstspuit 1869-1969* (Krugersdorp: NHW, 1969), 174 interpreteer nota 36 (sien dokumentfoto 1) as dat dit Wolmarans was wat die kerkgeskiedenis vir Fourie uitgelê het en dat dit Fourie was wat die kerkgeskiedenisboeke opgeslaan het.

¹⁵¹ F.G.M. du Toit, *Van Lye en Oorwinning 1850-1950 Ontstaan en vooruitgang van die Ned. Herv. of Geref. Gemeente Lydenburg* (Pretoria: Caxton, 1950), 34.

¹⁵² F.G.M. du Toit, *Ned. Geref. Gemeente Middelburg, Tvl. Gedenkboek by die eeufes op 11-19 Maart 1967* (Pretoria: Kerkraad, 1967), 10.

G van der Merwe, *Goedheid en Guns vir die Witkerk. Die verhaal van die NG Gemeente Middelburg 1867 – 2017* (Trompsburg: Merwede Uitgewers, 2017), 18.

¹⁵³ J.S.M. Breytenbach en P/W.H. Leibbrandt, *Honderdjaar: N.G. Gemeente Amersfoort, 1867-1967* (Kerkraad: Volksrust, sonder jaartal), 19.

¹⁵⁴ E.C. Kriel (opsteller), *100 jaar... 1870-1970. Eeufes-gedenkboek Ned. Geref. Gemeente Ermelo* (Ermelo: Kerkaad, sonder jaartal), 4.

¹⁵⁵ M.C.E. Dames, “Die aanvangsjare van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente van Utrecht en kerklike verskeurdheid” (UP: M-skripsie, 2010), 48.

<https://repository.up.ac.za/bitstream/handle/2263/25933/dissertation.pdf;sequence=1>


Gereformeerde Kerk (GK)

“Teen die einde van 1859 bestaan daar net een gereformeerde kerk in die Suid-Afrikaanse Republiek, met kerkraadslede in die belangrikste distrikte, uitgesonderd Lydenburg.”¹⁵⁶

Die **Gereformeerde Kerk Lijdenburg** is gedurende Februarie 1861 gestig.¹⁵⁷ Herman se moeder, Aletta die dogter van landdros Jacob de Clercq IV, wat op Lijdenburg groot geword het, moes dus met die bestaan van hierdie kerk bekend gewees het. Die enigste ander Gereformeerde Kerk in die Oos-Transvaal was **Piet Retief** wat gedurende 1875 gestig is. “Die Gereformeerde kerk Marthinus Wesselstroom is op 20 Februarie 1875 op die plaas Leeuwakkerstroom onder leiding van ds. J.S.L. Venter van Pretoria gestig. Nie lank daarna nie is die distrik Marthinus Wesselstroom se naam verander na Wakkerstroom. Eers in 1890 is die gemeente se naam verander na die Gereformeerde kerk Piet Retief.”¹⁵⁸ Op **Belfast** het ds MPA Coetzee sedert 1894 in die pastorie gewoon maar die gemeente Belfast is eers in 1906 gestig.¹⁵⁹

Die Fouries en De Clercqs as lidmate van die gemeente Lijdenburg

Soos in die vorige hoofstuk aangetoon was Herman se grootouers Fourie lidmate van gemeente Lijdenburg wat, soos aangetoon, in wisselende kerkverbande gestaan het. Herman se grootouers aan beide kante sowel as albei sy ouers sou dus bekend gewees het met die verskillende kerke, die NHK ZAR en die NGK ZAR. Die gemeente waarvan hulle lidmate was was immers afwisselend deel van genoemde kerkverbande. Herman se pa Joachim het in die gemeente belydenis van geloof afgelê.



Christiaan Ernst Fourie	Grahamstad
Catharina Hendrina Lucadina Johanna Spass	Grahamstad
Susanna Maria Charlotta Fourie	Lydenburg
Joachim Christoffel Fourie	Lydenburg
Christiaan Ernst Fourie	Lydenburg
Johannes Jacobus Zijlgoen	Lydenburg
Rachel Catharina Johanna Maria Fourie	Lydenburg

Registerinskrywing 8 Herman se pa JC Fourie
se naam saam met dié van sy broer Christiaan Ernst en susters Rachel CIM en Susanna MC
onder-aan hulle ouers se name
Lidmatelyst in lidmaatregister gemeente Lijdenburg 1850-1875
Mikrofilm RGN ooreenkoms NGK in TvI
Unisa Oudivisuele Afdeling 330 30172

Ma Aletta het ook in dieselfde gemeente belydenis van haar geloof afgelê.

¹⁵⁶ B. Spoelstra, *Die “Doppers” in Suid-Afrika 1760-1899* (Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1963), 172.

¹⁵⁷ P.A. Coetzee, “Dat nu ook het eerste werk zal zijn” *Ontstaan van die eerste Gereformeerde Kerke in die Suid-Afrikaanse Republiek: 1859-1861* (Pretoria: V&R, 2010), 68 – 78 met gevolgtrekking op 78.

¹⁵⁸ https://af.wikipedia.org/wiki/Gereformeerde_kerk_Piet_Retief

¹⁵⁹ https://af.wikipedia.org/wiki/Gereformeerde_kerk_Belfast

Jacob de Clercq Jk.	Pieter Haritsburg
Martha Sofia Jans van Rensburg	Lydenburg
Jan Luois Jans van Rensburg	Lydenburg
Aletta Elizabeth de Clercq	Lydenburg
Elizabeth Hendrina de Clercq, wed. v.d. Noorwe	Beaufort
Abraham Johannes de Clercq	Lydenburg
Martinus Jacobus Dewald Bruyn	Craddock
Aletta Sofia de Clercq	Lydenburg

Registerinskrywing 9 Herman se ma AE de Clercq
 se naam saam met dié van broers en susters onder-aan hulle ouers se name
 Lidmatelys in lidmaatregister gemeente Lijdenburg 1850-1875
 Mikrofilm RGN ooreenkoms NGK in TvI
 Unisa Oudvisuele Afdeling 330 30172

Herman se ouers se name as egpaar verskyn onder mekaar in die lidmaatregister van Lijdenburg
 genummer as 243 en 244.

243 Fourie	Joachim Christoffel
244 de Clercq	Aletta Elizabeth

Registerinskrywing 10 Lidmaatinskrywings JC Fourie en AE de Clercq
 Foto geneem en verskaf deur mev Elna de Bruyn, 6 Maart 2019
 (Argiefbeampte: Argief Oostelike Sinode van die NG Kerk)
 uit Lidmaatregister Lydenburg 1850-1925

Daar is geen aantekening in die "aanmerkings"-kolom om aan te dui by watter gemeente hulle ná Lijdenburg ingeskakel
 het nie.

Joachim en Aletta Fourie was dus lidmate van die Comatiwyk van die Lijdenburggemeente, wat sedert 1866/7 as gemeente van die NGK ZAR bestaan en in 1885 deel word van die Verenigde Kerk. Eers in 1889 is die naam van die nuwe kerk tydens 'n buitengewone sitting van die Algemene Kerkvergadering vasgestel as Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek.¹⁶⁰ Die Lijdenburggemeente was, omdat daar nie ander gemeentes in die nabyheid was waarmee hulle kon verenig nie, 'n NG gemeente wat slegs 'n naamsverandering ondergaan het. Die naaste gemeentes aan hulle waar twee gemeentes van die deelnemende kerke saamgesmelt het was eerstens op Standerton waar die vereniging op 9 April 1885 voltrek word en ds HL Neethling van Utrecht as konsulent die nuwe gemeente sou bedien.¹⁶¹ Op Heidelberg vind die vereniging op 28 September 1885 plaas.¹⁶² Die NHK Gemeente Utrecht en die NG Gemeente Utrecht verenig op 2 Oktober 1885 te Utrecht.¹⁶³ Op 12 Oktober 1885 verenig die NH Gemeente

¹⁶⁰ S.P. Pretorius, *Die Kerkvereniging van 1885 – Sy aanloop en mislukking* (UP: Ongepubliseerde proefskrif, Mei 1986), 467.

¹⁶¹ Pretorius, *Die Kerkvereniging van 1885 – Sy aanloop en mislukking*, 376.

¹⁶² Pretorius, *Die Kerkvereniging van 1885 – Sy aanloop en mislukking*, 377.

¹⁶³ Pretorius, *Die Kerkvereniging van 1885 – Sy aanloop en mislukking*, 377.

Wakkerstroom met die NG Gemeente Amersfoort.¹⁶⁴ Op 26 Oktober 1885 verenig die NH Gemeente Middelburg en die NG Gemeente Nazareth.¹⁶⁵

“Tussen die gemeentes Rustenburg, Waterberg en Lydenburg is geen vereniging tot stand gebring nie....Lydenburg was die enigste plek waarop [sic] dié stadium net ‘n gemeente van die Ned. Geref. Kerk bestaan het. Waar daar slegs Ned. Herv. of Ned. Geref. Gemeentes was, het die kerkrade sonder enige verandering in hulle samestelling gefungeer. So was dit die geval wat al drie hierdie gemeentes betref.”¹⁶⁶ Al wat dus met die Lijdenburggemeente gebeur het was dat dit ‘n naamsverandering ondergaan het.

Die Fouries het gevolglik die minimum impak gevoel van die kerkvereniging. Waarskynlik is daar nie, met verwysing na die gesprek tussen ADW Wolmarans en HCM Fourie vroeër vermeld, in Herman se ouerhuis tydens sy grootwordjare nog drukke bespreking oor die kerkvereniging of ander kerke gevoer nie. “As in gedagte gehou word hy op 15-jarige leeftyd reeds Holland toe is en dat tydens die drie-jarige oorlog alles ontwig was, is dit nie bevreemdend (LJS: dat Herman nie die verskillende kerke goed geken het nie) nie.”¹⁶⁷ Ons sal in die volgende hoofstuk, waar Herman se skooltyd in Pretoria behandel word, weer aan hierdie stelling aandag gee.

Die stigting van die dorp en gemeente Carolina

Ons ondersoek spits hom nou toe op ‘n kort oorsig oor die stigting van die dorp en gemeente Carolina. In 1893, die jaar toe Herman se pa tot lid van die eerste Volksraad verkies is, is Carolina ook tot distrik verklaar. Voor die kerkvereniging, toe die NHK ZAR die staatskerk was, het die uitroep van ‘n nuwe distrik outomaties ingesluit dat daar voorsiening van staatskant gemaak is om ‘n standplaas te onderhou. Hierdie reëling verval met die kerkvereniging alhoewel die regering die bestaande ooreenkomste eerbiedig het. Voortaan sou gemeentes self vir die standplaasonkoste verantwoordelik wees. Sedert 1866 was die NGK ZAR al daaraan gewoond. In die nuwe distrik het die dorp Carolina al sedert 1886 bestaan. Die gemeente is op 26 Oktober 1889, gedurende Herman se agste lewensjaar, gestig.

Dorp Carolina

Die behoefte aan ‘n dorp is gebore uit die probleme wat afstande na ander dorpe vir die plaaslike plaasbewoners ingehou het. Die streek was een van die mees digbevolkte gebiede in die ZAR. Ermelo en Lijdenburg was 20 uur te perd van mekaar. Vanaf die plase aan die Komati was dit 9 uur te perd na Middelburg en 12 uur te perd na Amsterdam.¹⁶⁸ Die voorkoms van perdesiekte op Lijdenburg het dit riskant gemaak om die dorp gedurende die maande Maart, April, en Mei te besoek.¹⁶⁹ Belasting moes op Lijdenburg betaal word. Sedert die ontdekking van goud na die Laeveld se kant toe het meer mense deur die gebied beweeg.¹⁷⁰ J Middel sr. en 59 ander ondertekenaars van die Komati-omgewing het ‘n memorie by die Volksraad ingedien met die

¹⁶⁴ Pretorius, *Die Kerkvereniging van 1885 – Sy aanloop en mislukking*, 378.

¹⁶⁵ Pretorius, *Die Kerkvereniging van 1885 – Sy aanloop en mislukking*, 378.

¹⁶⁶ Pretorius, *Die Kerkvereniging van 1885 – Sy aanloop en mislukking*, 380.

¹⁶⁷ J.P.Oberholzer, “Dr H.C.M. Fourie” in *Nederduitsch Hervormde Gemeente Bronkhorstspuit 1869-1969*, 174.

¹⁶⁸ Bornman, *Carolina*, 17.

¹⁶⁹ Ek (LJS) het by my ma die perdesiekterypie geleer wat sy weer by haar pa JJ Potgieter van die Ventersburgomgewing in die Vrystaat gehoor het: “Maart vrek hulle op ‘n vaart, April gaan die soos dit wil en Mei kan jy al weer ‘n inkelte enetjie ry.” Op Welgevonden het mev Rosemarie Davel aan my vertel dat die perdekraal hoog teen die kop gebou is om perde teen die muggies langs die laerliggende Klein-Komati te beskerm.

¹⁷⁰ Bornman, *Carolina*, 17.

versoek dat 'n dorp gestig word. Die Volksraad staan versoek toe en die dorp word aangelê op die plase Groenvlei en Goede Hoop soos beskikbaar gestel deur CJ Coetzee op voorwaarde dat dit genoem word na sy vrou Carolina.¹⁷¹

NHofG Gemeente Carolina

Ds HJ Neethling se eerste gemeente was die NG ZAR gemeente Lijdenburg waar hy net ná die Eerste Vryheidsoorlog as predikant georden is. Hy het op verskeie plekke buitendienste gehou, ook in die buitewyk Komati op verskeie plase. So het hy dan die sakrament van die heilige doop aan Herman bedien op die plaas Steynsdraai en by verskeie geleenthede lidmate bevestig. Die dienste op plase het sedert die stigting van die dorp tot 'n einde gekom toe die dienste in die dorp begin hou is. Die eerste kerkgeleenthede het onder bokseile plaasgevind totdat daar 'n 1884 'n beskeie geboutjie opgerig is wat ook as skool gebruik is. Dit was te klein vir al die erediensgangers en seile is rondom die gebou gespan. Met 'n haelstorm ten tye van 'n diens het sommige lidmate flou geword omdat die ruimte so beperk was. Werk is dus gemaak daarvan om 'n behoorlike kerkgebou op te rig. Die hoeksteen is op 13 Oktober 1888 gelê deur kommandant-generaal PJ Joubert.

Die gemeente is op 22 November 1889 gestig met as eerste kerkraadslede: Ouderlinge SJ Kritzinger, CJ Uys, BJ Grobler; Diakens J Middel, PG Botha, SA Venter, JZ Moolman, JAD Blaauw en J de Villiers. Die grenslyn tussen die moeder- en dogtergemeente is vasgestel as die halfpadmerk tussen die dorpe. Dit beteken dat Welgevonden aan die Klijn-Comatê ingedeel was onder die nuwe gemeente.

Proponent AG du Toit is op 21 Junie 1890 as eerste leraar bevestig en die kerkgebou is oor die naweek van 8 en 9 November 1891 in gebruik geneem.¹⁷²

Die Fouries/De Clercq as lidmate van gemeente Carolina al dan nie

Nadat die breë kerklike agtergrond beskryf is tot by die stigting van die NHofG gemeente Carolina raadpleeg ons nou die beskikbare primêre bronne om met sekerheid Herman se familie en gesin se kerklike inskakeling by die nuutgestigte gemeente te beskryf. 'n Verslag van die speurtog word gegee.

Dit is reeds hierbo vanuit Lijdenburg se lidmaatregisters bewys dat Herman se grootouers aan beide kante sowel as sy ouers lidmate van gemeente Lijdenburg was. In Carolina se eeufesgedenkboek word 18 families gelys wat met gemeentestigting lidmate was en na 'n eeu steeds is. Dit sluit in De Clercq en J Fourie (generaal).¹⁷³ Taljaard maak die stelling dat gedurende die Tweede Vryheidsoorlog "...met al die kerklike argief en registers ook die transportaktes vernietig was."¹⁷⁴ Dit is nie waar nie want in die argief van die Oostelike Sinode van die NG Kerk ontbreek wel die doopregister van 1889 tot 1949 en die huweliksregister tot 1902, maar die lidmaatregister van 1890 tot 1949 is wel daar. By die nagaan daarvan tot by die jaar 1900 kon die name van Herman se ouma MS de Clercq (wat toe nog geleef het) of sy ouers egter nie daarin opgespoor word nie! Daar ontbreek egter 'n aantal bladsye ná bladsy een. Dit is goed moontlik dat hulle op daardie bladsye sou wees. Die notules wat

¹⁷¹ Kerkraad, *Nederduitse Gereformeerde Gemeente Carolina 1889-1964*, 16-17.

Taljaard, "Gemeente Carolina 1889-1964," 13-14.

Notule van de zittingen van den Eersten Volksraad van 1885 (Pretoria: Staatsdrukkerij, 1885), 22 Junie 1885. *Staatscourant Zuid-Afrikaansche Republiek* Woensdag 16 Juni 1886.

Bornman, *Carolina*, 19-20.

¹⁷² Taljaard, "Gemeente Carolina 1889-1964," 14-27.

¹⁷³ C.S. Kotzé en Kerkraad, *Nederduitse Gereformeerde Gemeente Carolina 1889-1989* (Carolina: Kerkraad, 1989), ongenommerd.

¹⁷⁴ Taljaard, "Gemeente Carolina 1889-1964," 41.

moontlik as alternatiewe bron sou kon dien is wel verlore en die eerste notules in die argief is vir die periode 1902 tot 1922.¹⁷⁵

‘n Verdere kontrolestep was ook om die registers van naburige gemeentes vir inskrywings van sy ouers se name na te gaan. Die kerkordelike bepaling rakende oorgrens lidmaatskap lees: “De bewoners van lijnplaatsen, welke plaatsen bij name worden genoemd bij de stichting van nieuwe gemeenten, kunnen kiezen onder welke gemeente zij wenschen te sorteeren, mits daarvan door hen schriftelijk kennis is gegeven binnen zes maanden na de stichting. Wenschen andere lede wegens gegronde redenen, over de lijn hunne Kerkelijke voorrechten te genieten, zoo kunnen zij daartoe schriftelijk aanzoek doen bij de respectieve Kerkeraden. Leden, die na de stichting intrekken, zullen komen te sorteeren in de gemeente, alwaar zij woonachtig zijn.”¹⁷⁶ Die registers van Ermelo (1882-1908) het niks opgelewer nie. Welgevonden was nie ‘n lijnplaats nie. Met redelike sekerheid kan dus aanvaar word dat met die stigting van gemeente Carolina die Fouriegesin van Welgevonden lidmate van die gemeente geword het.

Terselfdertyd is ook gesoek na hulle huweliksertifikaat. Ook dit het niks opgelewer nie: Ons sou verwag om hulle name in Lijdenburg se registers te kry. Dit ontbreek egter.¹⁷⁷ So ook by Ermelo¹⁷⁸ en Nazareth/Middelburg.¹⁷⁹ ‘n Dokumentêre bewys van die sluiting van hulle huwelik ontbreek dus tot dusver.

Gemeente Carolina se eerste predikant

Detail aandag word nou gegee aan die eerste predikant van die gemeente, ds AG du Toit se kerklike herkoms en teologiese opleiding. Dit in ‘n poging om die invloed te bepaal wat Herman, wat van sy 7de tot 15de jaar in die gemeente sou wees, ondergaan het.

¹⁷⁵ Lidmaatregister NHofG Gemeente Carolina, 1890-1949, GEM 373 Rekordnommer 478 Rak D, Argief van die Oostelike Sinode van die NGK.

H.D.A. du Toit samesteller, *Die vyftigjarige bestaan van die gemeente Carolina Ned. Herv of Geref. Kerk, 1889-1939* (onbekend), 9: “Om ‘n geskiedenis van die gemeente van Carolina op te stel is baie moeilik, want die notule van die kerkraadsvergaderings tussen 1889-1899 is deur die Driejarige oorlog vernietig. Gelukkig dat ds. A.G. du Toit persoonlike aantekeninge daarop nagehou het wat deur die kinders sorgvuldig bewaar word. Was dit nie vir die uittreksels uit daardie dagboek deur sy seun, Prop. F.G.M. du Toit nie, dan sou hierdie gedenkboekie seker nie kon geskrywe gewees het nie. Daarom bly ons hom innig dankbaar vir die stuk getitel “Aanvangsjare.”

¹⁷⁶ Skriba der Alg. Kerkvergadering, *Wetten en Bepalingen van de Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek*, 12 (artikel 4 van algemeene bepalingen).

¹⁷⁷ H53 Huwelijks-Register der Nederduitsche Gereformeerde Gemeente te Lijdenburg, Huwelike bevestig vanaf 2 Februarie 1859 tot 8 Junie 1874, Argief van NGK Oostelike Sinode.

H54 ORIGINEEL REGISTER Huwelijk bevestigd te Lijdenburg, in de Parochie van Lijdenburg, in het district van Lijdenburg, Huwelike bevestig vanaf 24 Junie 1874 tot 16 Oktober 1899, Argief van NGK Oostelike Sinode.

¹⁷⁸ H?? Huweliksregister 1874 tot 1905, Argief van NGK Oostelike Sinode.

¹⁷⁹ Huweliksregister Middelburg 1871-1926, Mikrofisch 33030215 Transvaal Rol 819, Unisa.

Ds AG du Toit

Die eerste leraar was proponent Albert Grobbelaar du Toit (1862- 1938). Du Toit is afkomstig uit die Graaf-Reinetdistrik (in die Cape Colony) en het aan die Victoria-kollege en die Kweekskool op Stellenbosch¹⁸⁰ studeer. Hy behaal sy BD-graad in Edinburg, Skotland.¹⁸¹



Foto 24 Ds AG du Toit
Foto verskaf deur
dr Andrew Kok
NGK in SA Kerkargief

Nou moet in gedagte gehou word dat die Kaap de Goede Hoop ná die 1806 Slag van Blouberg Britse besit geword het (soos bepaal in 1814 met die “Anglo-Dutch Treaty”). Voortaan sou dit as die Cape Colony bekend staan. Die eerste goewerneur sedert die Kaap in 1814 ‘n Britse kolonie geword het, Lord Charles Somerset, het ‘n angliseringsprogram gehad wat ingesluit het dat Engelssprekende, spesifiek Skotse predikante ingevoer en aan gemeentes van die Kaapse Kerk toegewys is. Dit was spesifiek Skotse Presbiteraanse predikante uit die protestantse Skotse kerk wat danksy die arbeid van John Knox (1512/3-1572) tot stand gekom het. Hulle sou teologies beter inpas aan die Kaap waar die Kaapse gemeentes vanuit die Nederlandse Hervormde Kerk gegroei het.¹⁸² ‘n Biskop uit die Anglikaanse Church of England sou nie aanvaar word nie. Die Skotse predikante is nie oral in die Cape Colony aanvaar nie, nie noodwendig oor hulle teologie nie maar veral oor die Engelse beïnvloeding wat hulle uitgeoefen het. Daar het wel binne die protestantse tradisie ook

grondige verskille voorgekom waarna later verwys sal word.

Uit die jong ds Du Toit se lewensroete Graaf-Reinet, Stellenbosch en Edinburgh kan ons reeds die geloofsklimaat aflei waarbinne die jong ds Du Toit opgegroeï het en opgelei is. Op Graaff-Reinet sou ds Andrew Murray (44 jaar, 1822-1866) en sy opvolger, één van Murray se predikanteseuns, Charles (1866-1904), oor ‘n tydperk meer as 80 jaar opeenvolgend die predikant wees. Ds Charles Murray het die Graaf-Reinetgemeente bedien vandat AG du Toit vier jaar oud was.

Genoemde ds Andrew Murray kom uit ‘n Skotse gesin van Aberdeenshire wat aan die Presbiteraanse Kerk The Scots Kirk (Engels: Church of Scotland) behoort het. Meer spesifiek was hy van die “Auld Lights,” ‘n groepering wat getrou was aan ‘n reeks geloftes (in die 17de eeu afgelê) dat die Presbiteraanse belydenis en kerkreg die enigste aanvaarbare geloof in Skotland moet wees.¹⁸³ Andrew (sr.) het verder spesifiek¹⁸⁴ aan die evangeliese groep binne die kerk behoort waar klem gelê is op sonde, verlossing en saligmakende geloof.¹⁸⁵

Ons noem hierdie ds Andrew Murray (1794-1866) **senior** want hy het ook ‘n seun Andrew gehad. Andrew (1828-1917) **junior**.

¹⁸⁰ Kuratorium, *Eufoesuitgawe van die Kweekskool, Stellenbosch 1859-1959* (Kaapstad: NGK, 1959), 82: “Du Toit, Albert Grobbelaar, B.A., B.D. Gebore 11 Jul. 1862, Gelegitimeer 1888, 20 Jun. 1890 Carolina; 11 Des. 1923 emeritus; 27 Mrt. 1938 oorlede.”

¹⁸¹ Taljaard, “Gemeente Carolina 1889-1964,” 24. Taljaard steun op ‘n berig in *De Kerkbode* van 6 April 1938.

¹⁸² P.B. van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-1824* (Pretoria: NGK, 1976), 26-27 “Al kan ‘n mens die motiewe van Somerset nie regverdig nie, moet tog eerlikheidshalwe vermeld word dat hy met omsigtigheid gehandel het by hierdie aanstellings. Met betrekking tot die benoeming van hierdie Skotse leraars het hy eers vooraf inligting ingewin in hoeverre hulle godsdienstige beginsels strook met dié van die ‘Calvinist Church of this place.’”

¹⁸³ https://en.wikipedia.org/wiki/Old_and_New_Light en <https://en.wikipedia.org/wiki/Covenanters>

¹⁸⁴ F.W. Sass, *The influence of the Church of Scotland on the Dutch Reformed Church of South Africa* (University of Edinburgh: Ph.D. Thesis, 1956), 21.

¹⁸⁵ Ferdinand. Deist, *A Concise Dictionary of Theological Terms with an English-Afrikaans and an Afrikaans-English list*. (Pretoria: Van Schaik, 1984), s.v. “Evangelicals 4.”

Andrew sr. se broer John het predikant in die Scots Kirk geword. Met die Disruption van 1843 sluit hy aan by die Free Church of Scotland. Die aanloop daartoe was dat die ryk grondeienaars gekies het wie hulle as predikant vir hulle gemeente wou hê. Die evangeliese groepering binne die Scots Kirk wou hê dat die familiehoofde met stemming kandidate kon afwys. 'n Hof het in 1838 téén die evangelies gesindes beslis. In 1843 breek 450 van die 1,200 predikante weg om die Free Church te vorm.¹⁸⁶

Maar eers terug na vroeër jare. Andrew Murray sr., wat aanvanklik 'n sendeling wou word, behaal in 1816 aan Marischal College in Aberdeen 'n MA-graad. Hy word in 1821 as predikant georden deur die kerkraad ("presbytery"/konsistorie) van Aberdeen. Na tien maande in Nederland, om Nederlands baas te raak, word hy een van die eerste Skotse predikante wat na die Cape Colony kom.

"'n Kenmerk van M. se persoonlike wandel en van sy bediening was sy innige vroomheid. In sy huis het streng eerbied geheers vir die Sabbat; in die tradisie van die Skotse Puritanisme is op Sondag geen kos gekook nie, moes alle lede van die gesin die kerk besoek en daarna slegs in die tuin vir ontspanning wandel. Hoewel M. se piëtistiese vroomheid nie almal in sy gemeente bevredig het nie, beywer hy hom vir geestelike herlewering en verheug hom toe sy eie gemeente ook 'n tyd van verkwikking belewe.... M. se prediking is gekenmerk deur eenvoud, hartlikheid en blanke¹⁸⁷ opregtheid. Die temas deur hom behandel, was by voorkeur die wedergeboorte, bekering en heiligmaking;..."¹⁸⁸

Op hierdie grondslag bou ds Charles Murray,¹⁸⁹ by wie die latere ds AG du Toit kerkiseer, voort. Hy word beskryf as 'n "vurige prediker". In 1877 (die jong Du Toit was amper 15 jaar oud, dus kort voor sy aflegging van geloofsbelofte) was ds Murray in Amerika. Die Brooklyn Sunday School en die "hymns" van Moody 'n blywende indruk op hom maak. In die jaar voor sy oorsese besoek het hy *De Kinderharp* uitgegee - "'n versameling gedigte vir die huis en skool, met musiek daarby... M. het die gedigte met musiek uit ander liederebundels oorgeneem en in Nederlands vertaal."¹⁹⁰

Die Victoriakollege was die nuwe naam wat, ter ere van die Engelse koningin, in 1887 aan die Stellenbosch Kollege gegee is. Die kollege het gegroei uit die Stellenbosch Gimnasium (1866). In Du Toit se studiejare het dit moontlik nog "Lettere Departement" van Stellenbosch Kollege (1881) geheet het.¹⁹¹

Die dosente aan die Kweekskool op Stellenbosch ten tye van Du Toit se studie was professore John Murray (dosent 1859 tot **1882**), prof NJ Hofmeyr (dosent 1859 tot 1907), J I Marais (dosent 1877 tot 1919) en PJG De Vos (= opvolger Murray, dosent **1883** tot 1919). Du Toit word in 1888 as proponent in die Kaapse Kerk georden. Daarna gaan hy na New College in Edinburgh. Dit was The Free Church of Scotland se eerste kollege en is 1846 opgerig. New College het die Stellenbosse Kweekskool se opleiding erken, ander universiteit nie. Aan New College behaal proponent Du Toit 'n BD-graad.

Proponent Du Toit se ordening en bevestiging in gemeente Carolina vind plaas op 21 Junie 1890.¹⁹² Herman is amper agt jaar oud. Ds Du Toit sou tot in 1922 in Carolina, sy enigste gemeente arbei.

¹⁸⁶ [https://en.wikipedia.org/wiki/Free_Church_of_Scotland_\(1843%E2%80%931900\)](https://en.wikipedia.org/wiki/Free_Church_of_Scotland_(1843%E2%80%931900))

¹⁸⁷ LIS: Bedoelende ware opregtheid

¹⁸⁸ SABW Deel 1, (Tweede druk, 1976), s.v. "Murray Andrew."

¹⁸⁹ SABW Deel IV (1981), s.v. "Murray, Charles."

¹⁹⁰ SABW Deel IV (1981), s.v. "Murray, Charles."

¹⁹¹ <http://blogs.sun.ac.za/law/about/>

¹⁹² Taljaard, "Gemeente Carolina 1889-1964," 26.

Op 1891 word die kerkgebou in gebruik geneem.¹⁹³ Die bouwerk het reeds begin toe die gemeente nog net 'n wyk van Lijdenburg was. Die hoeksteenlegging is op 13 Oktober 1888 deur kommandant-generaal PJ Joubert waargeneem.¹⁹⁴

Die beeld wat ons uit die gemeentegeskiedenis¹⁹⁵ kry is dat ds Du Toit hard en getrou gewerk het, ten spyte van dikwels moeilike omstandighede soos die Tweede Vryheidsoorlog en gesondheidsprobleme. Hy het met toenemende doofheid gesukkel sedert 'n griepaanval in Maart 1899, soveel so dat hy later van alle werksaamhede van die ring onttrek het en vanaf 1906 net op gemeentewerk gekonsentreer het. "Sy preke het steeds getuig van deeglike voorbereiding en studie, terwyl huisbesoek met behulp van die gehoorpyp baie jare vrugbaar voortgesit kon word omdat uit die aard van die saak die persoonlike gesprek op die man af was en direkte vrae moeilik ontwyk kon word."

Tydens die Tweede Vryheidsoorlog het ds Du Toit, vasgekeer in die Kaapkolonie waar hy 'n dokter gaan raadpleeg het, twee preekbundels geskryf het by name *Ziet Hij komt* en *In het Licht Uws Aanschijs*.¹⁹⁶ Daaruit sal 'n bepaling van sy teologie gemaak kan word.¹⁹⁷

Vroeg reeds was daar egter besware teen ds Du Toit se teologie. J Middel sr. van Dalmanutha, wyk Comati, Gemeente Carolina dien 'n beswaar in by die Sinodesitting van 1892. Benewens besware teen die platformpreekstoel en die rangskikking van die Nagmaalstafels in die nuwe kerkgebou maak hy kaspie teen die gebruik van liedere uit die *De Kinderharp* asook die Sankeyliedere wat, hoewel Middel dit nie noem nie, waarskynlik deur ds Du Toit ingevoer is.

Soos genoem was *De Kinderharp* juis 'n publikasie van ds Charles Murray by wie die jong Du Toit groot geword het en belydenis afgelê het.

De Kinderharp, of soos dit ook genoem "lief Zangbundeltje" het talle herdrukke beleef. Tydens die Tweede Vryheidsoorlog het gemeentes in die Kaapkolonie verskeie soorte sangbundels en geestelike boeke asook Bybels ingesamel en aan die konsentrasiekampe gestuur.¹⁹⁸ Dit is dus moeilik om te bepaal hoe wydverspreid *De Kinderharp* in Oos-Transvaal voorgekom het.

Studies wat in die twintigste eeu oor die kerklied in die NG Kerk gemaak is bring die volgende sake oor die inhoud van *De Kinderharp* na vore. Dit sluit aan by die Amerikaanse herlewingslied ("revival"). Ds Murray het die samestelling uit sy eie gedoen, sonder kerklike sanksie. Die ring van Burgersdorp (LJS: tuiste van diegene met besware teen die gesange wat in 1834 ingevoer is) dien besware in verband met die teologiese inhoud van die liedere by die sinode van 1883 in wat 'n kommissie aanwys om aan die volgende sinode 'n verslag oor die Skrifgetrouheid van die liedere uit te bring. Die kommissie se bevinding was dat nommers 17, 107 en 155 uitdrukings bevat wat misverstaan kan word. Dit moes reggestel word en daarna kon kerkrade besluit om dit in

¹⁹³ Taljaard, "Gemeente Carolina 1889-1964," 26.

¹⁹⁴ Taljaard, "Gemeente Carolina 1889-1964," 17.

¹⁹⁵ Taljaard, "Gemeente Carolina 1889-1964," 24-54.

Kerkraad, *Gemeente Carolina 1889-1964*, 20-30.

¹⁹⁶ Skrywer kon tot op hede nie daarin slaag om 'n kopie te bekom nie. Dit is nie in die NGK se argiewe in Stellenbosch, Bloemfontein of Pretoria (Oostelike Sinode) nie.

¹⁹⁷ Kerkraad, *Gemeente Carolina 1889-1964*, 22-23.

¹⁹⁸ Johan van Zyl van die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke. E-poskorrespondensie getiteld *De Kinderharp*, 18 en 26 Maart 2019.

Sondagskool en tydens kinderdienste te gebruik. Musikaal gesproke was die nie op hoë standaard nie. Die Sankey-liedere het 'n "huppelritme" gehad.¹⁹⁹

"Die meeste van sy liedere het ds Charles Murray uit Engels vertaal en baie was liedere van Morawiese, Lutherse, Episkopale en Wesleyaanse oorsprong. Die meeste is geneem uit Bateman en die Amerikaner Ira David Sankey, wat tydens die groot herlewingsveldtogte van die bekende prediker, Dwight L Moody, as sanger opgetree het. Die liedere is dan in Hollands vertaal deur ene MS Bromet (Carstens 1983:42)."²⁰⁰

Jacob Middel²⁰¹ was 'n Nederlander van Zaandam wat in 1852 in Lijdenburg aankom. Saam met hom op die skip was drie onderwysers vir die Boere en handelsgoedere. Hy het sy merk in die samelewing gemaak. Hy word veldkornet, diaken en skriba van die gemeente en onderwyser op die dorp. Hy sou ook op ander lewensterreine bydraes lewer. Hy woon op Lijdenburg tot 1864. Hy was intens betrokke by die stigting van die Republiek Lijdenburg. Kerklik was hy ten gunste van inskakeling by die Kaapse Sinode. Hy verhuis in 1865 na Comaté en in 1866 na die Biggarsberge in Natal. Rondom die jaar 1871 vestig hy hom op die plaas Dalmanutha vanwaar hy sy skrywe aan die sinode rig. Hy was sekretaris van die dorpskomitee/-raad van Carolina van 1882 tot 1903.²⁰² In sy skrywe noem hy dat hy reeds 42²⁰³ jaar lid van die kerk in die Republiek is.

Klaarblyklik is die genoemde liedere nie vantevore in enige van die gemeentes waarvan hy lidmaat was gebruik nie en waarskynlik was hy ook in Nederland nie aan die tipe lied gewoond nie. Die sinode gee uitspraak dat liedere nie in die erediens hoort nie maar dat die kerkraad self kan besluit of hulle dit in die Sondagskool wil gebruik.²⁰⁴ Indien Herman dus met die liedere bekend was sou hy dit in die Sondagskool kon leer maar aangesien die notules van die kerkraad tydens die Tweede Vryheidsoorlog vernietig is, kan daar nie uit die verlore bron vasgestel word of die liedere wel in die Sondagskool gebruik is nie.

In hoeverre ds Du Toit se prediking gedurende Herman se laerskooljare 'n blywende invloed op sy latere teologie sou hê is moeilik om te bepaal.

Daar bly nog die raaisel rondom die verwysing van mev Jo Fourie (Herman se gade) in die notas wat sy na haar man se dood oor sy lewe opgestel het. Sy verwys na die dominee van Ermelo wat kom huisbesoek doen het.²⁰⁵ Dit kan wel waar wees want Herman se oupa CE Fourie het, soos vermeld in hoofstuk 1, in die Ermelodistrik geboer. Ds HL Neethlingh van Utrecht skryf in 1874 aan sy broer ds JH Neethlingh van Stellenbosch dat hy ná Junie se Nagmaal op Utrecht "...naar achter (ga) voor eene maand - hoop ook naar Commatie [sic] te gaan omdat er zoo veel leden der gemeente Ermelo aldaar zullen zijn."²⁰⁶ Die boere het in die wintermaande op trek gegaan met hulle vee ter wille van beter weiveld as wat die Hoëveld se gras kan bied. In die brief wat hy na sy terugkeer aan sy broer skryf verwys hy na die verskriklike koue en ook "Ik bragt den tente bewoners een bezoek aan de Comatie..."²⁰⁷

¹⁹⁹ Francois Paul Fourie, "'n Geskiedenis van die kerklied in die Nederduitse Gereformeerde Kerk" (Unisa: Proefskrif, 2000), 321 – 326. Fourie steun in sy navorsing op van Beukes, Carstens en Viljoen soos in sy verwysings en bibliografie aangedui. <http://uir.unisa.ac.za/handle/10500/18047>

²⁰⁰ Fourie, "'n Geskiedenis," 322.

²⁰¹ SABW Deel III (1977), s.v. "Middel, Jacob."

²⁰² Bornman, *Carolina*, 10-11.

²⁰³ LIS: Aankoms Lijdenburg 1852 tot skrywe in 1892, nader aan 40 jaar

²⁰⁴ Taljaard, "Gemeente Carolina 1889-1964," 27-30.

²⁰⁵ Weduwee Jo Fourie se puntsgewyse lewensoorsig van HCM Fourie, nota 4, circa 1939, ABP NHKA, Privaatversameling HCM Fourie, 1/11/2.

²⁰⁶ Kerkraad, *Gemeente Carolina 1889-1964*, 16.

²⁰⁷ Kerkraad, *Gemeente Carolina 1889-1964*, 16.

Die eerste predikant op Ermelo was ds PW Ennis wat in die gemeente gearbei het van 1886 tot 1905. Dit mag dus hy wees wat in die wintermaande sy lidmate-op-trek kom besoek het en miskien dan ook by die Fouries kom huisbesoek doen het, moontlik omdat Herman se oupa in sy gemeente was. Ermelo-gemeente het in 1870 van Lijdenburg afgestig.

Eerste skooljare

Van die Kategismus na die ABC: Nadat hierbo aandag gegee is aan kerklike aangeleenthede wat moontlik 'n invloed op jong Herman kon gehad het, word vervolgens aandag gegee aan sy eerste skooljare op die plaas. Herman se dae in die plaasskool op Welgevonden word vervolgens beskryf totdat sy opleiding vanaf 1893 wisselend tussen die plaas en Pretoria voortgesit is.

Soos in hoofstuk 1 vermeld was Herman se ouers gesteld op goeie onderwys vir hulle kinders. Uit sy eie lewensherinneringe soos aan sy eggenote meegedeel en 'n ander bron wat direk na homself teruggaan, sy mededeling aan mevrou Glatthaar, word gegewens oor sy onderwysers op die plaas weergegee. 'n Wyer prentjie van onderwysers uit Nederland word geskets vanuit die werk van Ploeger oor Nederlanders in Suid-Afrika. Die werk van die Amsterdamse Kommissie geniet aandag veral omdat dit 'n trajek kan wees na Fourie en Van Melle wat, toe die Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk nie aan die gang wou kom met sending nie, hulle – soortgelyk aan die Amsterdamse Kommissie se werk – die Hervormde Sendigvereniging gestig het.

Vanaf 1895 was Herman permanent in Pretoria op skool tot in 1898. Die periode sal aandag geniet in hoofstuk 3. In hoofstuk 4 sal aandag gegee word aan sy eerste Nederlandse periode, 1898 tot 1899, aan die Zwollse gimnasium. Die studie aldaar word onderbreek toe hy kom deelneem het aan die Tweede Vryheidsoorlog. Die oorlogperiode word in hoofstuk 5 ondersoek.

Die De Clercq's en Fourie en die onderwys van hulle kinders

Ds Dirk van der Hoff het in 1853, die jaar van sy aankoms in die Overvaalse, geskok geskryf oor die groot getal ongeletterde volwassenes.²⁰⁸ Herman se moeder is gebore in 1849 en daardie stelling was op haar en baie ander landsburgers nie van toepassing nie.

Herman kom, veral aan moederskant, uit 'n sterk familietradisie van deeglike onderwys. Oupa De Clercq (Jacob IV) het "'n redelike goeie opvoeding vir daardie dae gehad. Hy was immers landdros op Lijdenburg. Op sy beurt het hy baie moeite gedoen om sy kinders 'n bietjie geleerdheid te gee; vir die doel het hy selfs Natal toe gery om Meester Hendriks na Lydenburg te bring."²⁰⁹ Gevolglik was ma Aletta vaardig met die pen en het 'n goeie Nederlands in haar briewe gebruik.²¹⁰

Herman se pa, Joachim Fourie, het self ook onderwysers aangestel. Herman se ouer broer Jochim sit later in die twintigste eeu die tradisie voort. Die modderbaksteengeboudjie aan die voorkant van die

²⁰⁸ E. Oliver, "Dirk van der Hoff se bydrae tot Christelik-nasionale onderwys," *Hervormde Teologiese Studies* Jaargang 48, Aflering 3&4 AD Pont Huldigingsbundel (Sept. Nov 1992): 874 haal Van der Hoff se oorspronklike woorde aan. Oliver het gebruik gemaak van die Lautsversameling (2/247 en 2/249) in die staatsargief.

²⁰⁹ A.P. Van der Merwe, "Die landdroste en die landdroskantoor in Lydenburg, 1850-1950" in *Lydenburgse Eeufesgedenboek, 1850-1895* uitgegee deur die Munisipaliteit (Pretoria: Caxton Beperk, 1950), 119.

²¹⁰ So aan my bevestig deur prof JC Steyn wat 'n paar van haar briewe (1898 – 1900) aan Herman gelees het. AE Fourie aan HCM Fourie, 1898 tot 1900, ABP NHKA, Privaatversameling HCM Fourie, 1/10/1, ABP NHKA. Ongelukkig kon daar nie 'n goeie kwaliteit behaal word met die skandering van die moederbriewe nie en was prof Steyn se sig al swak en kon hy nie al die briewe lees nie.

huis het as skool gedien²¹¹ en kan waarskynlik verklaar word tot die plek waar Herman, later in sy lewe een van die vertalers van die Bybel in Afrikaans, sy ABC en optel en aftrek geleer het.

Waarom hy op die plaas skoolgegaan het kan seker deels verklaar word deur die feit dat boere destyds die hulp van hulle kinders met die plaaswerk nodig gehad het.²¹² JWE de Villiers het reeds in die wordingsjare van die Republiek aan die Volksraad voorgestel dat 'n stelsel van reisende onderwysers gevestig word ter wille van die plaaskinders wie se arbeid op die plase nodig was. Dit realiseer om praktiese redes nie.²¹³ Maar later word dit praktyk: "Verder het die Boere op afgeleë plase maar aangegaan soos hulle vaders - 'meesters' gehuur vir korter of langer tyd, of self die A.B.C. aan hulle kinders geleer."²¹⁴

Herman se onderwysers

Langs die Fouriewoning op Welgevonden, aan die kombuiskant, staan steeds 'n kliprondawel wat moontlik as verblyf vir 'n onderwyser kon dien.

"Op Welgevonden ontvang dr Fourie sy eerste onderwys. Die onderwyser was mnr. Broese, wie spesiaal deur Dr. Fourie se vader uit Holland laat kon [sic] is."²¹⁵ Die onderwysers was uit Holland geïmporteer."²¹⁶ "Na 'n tyd het mnr. Broese weer vertrek²¹⁷, en word opgevolg deur mnr. De Jongh."²¹⁸ "'n (U)itstekende leerkrag", alhoewel lief vir 'n sopie! Hy was afkomstig van Friesland."²¹⁹

Daar was, so lyk dit, meer onderwysers en wel van 'n ander soort. Herman het later aan sy vrou Jo vertel dat daar "allerlei soorte" onderwysers was, onder andere 'n "verloope predikant-seun" of onderwysers wat om die een of ander rede hulle land moes verlaat.²²⁰ Die tipe was veral in die 1850's aktief. "Afgesien van die skole wat van tyd tot tyd op die belangrikste dorpe in die Republiek aan die gang gehou is, tref ons voortdurend ook nog van die ou ongeskoolde swewertipe-onderwyser op verskillende Boereplase aan. Vanselfsprekend kan van hulle getal en die werk wat hulle gedoen het nie eers by benadering 'n getroue verslag gegee word nie. [Voetnoot wat verwys na TJ Benade en Richard Huntley]. Op hulle manier het hulle goeie werk gedoen, maar as 'n

²¹¹ Mededeling deur Manie Davel tydens my tweede besoek (30 Maart 2016) aan Welgevonden.

²¹² Die Fouries het wel swart werkers gehad by name Januarie en Skut. Daar was ook inboekelinge op die plaas. AE Fourie aan HCM Fourie, 10 Oktober 1898 & 27 Oktober 1898 & 27 Januarie 1899 & 13 Maart 1899, ABP NHKA, Privaatversameling HCM Fourie, 1/10/1.

²¹³ A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek. Deel 1 Wordingsjare* (Kaapstad ens: Balkema, 1950), 195.

²¹⁴ A.K. Bot, *Die Ontwikkeling van Onderwys in Transvaal 1836-1951* (Pretoria: Transvaalse Onderwysdepartement, 1951), 20.

²¹⁵ Persoonlike mededelings HCM Fourie aan MM Glatthaar, punt 1, circa 1939, Privaatversameling HCM Fourie, 1/11, ABP NHKA.

²¹⁶ Weduwee Jo Fourie se puntsgewyse lewensoorisig van HCM Fourie, nota 12, circa 1939, Privaatversameling HCM Fourie, 1/11/2, ABP NHKA.

²¹⁷ In die verslag oor die diensjaar 1893 word aangetoon dat daar in die Lijdenburgdistrik in 1893 23 gesubsidieëde staatskole was. Sommige was op plase wat, ten oordeel aan die naam nie ver van Welgevonden was nie (Frischgewaagd, Goede Hoop, Nooitgedacht). 'n Mnr J Broese was die hoof by Somerset en daar was ook terselfdertyd 'n mnr J Broese by Botwell in die Ermelodistrik. Een van hulle was waarskynlik Herman se onderwyser. Die van Broese is nie gelys in Jan Ploeger, *Nederlanders in Transvaal 1850-1950* (Pretoria: Van Schaik, 1994), 39 en verder nie. Ook nie 'n De Jong(h) uit die 19de eeu nie.

²¹⁸ Persoonlike mededelings HCM Fourie aan MM Glatthaar, punt 1, circa 1939, Privaatversameling HCM Fourie, 1/11, ABP NHKA.

²¹⁹ Weduwee Jo Fourie se puntsgewyse lewensoorisig van HCM Fourie, nota 12, circa 1939, Privaatversameling HCM Fourie, 1/11/2, ABP NHKA. Spelling De Jong.

²²⁰ Weduwee Jo Fourie se puntsgewyse lewensoorisig van HCM Fourie, nota 12, circa 1939, Privaatversameling HCM Fourie, 1/11/2, ABP NHKA.

belangrike faktor wat tot die algemene verhoging van die beskawingspeil bygedra het, kan hulle seer sekerlik nie beskou word nie.”²²¹

Nederlandse onderwysers sedert die emigratie na Natal

Daar was ná die landsverhuizing (1836-1838) en die vestiging in die Oos-Transvaal (vanaf 1848 met die stigting van Ohrigstad, die tweede oudste dorp in Transvaal) behoefte aan predikante en onderwysers. Vanuit Nederland is hulp in die verband aangebied. Die totstandkominggeskiedenis van die Amsterdamse Commissie begin by ouderling Jacob Swart van Amsterdam.

Reeds vanaf 1840 het hy, op grond van koerantberigte oor die Voortrekkers en hulle lot, daadwerklik hulp verleen deur self in die koerante oor die Trekkers te skryf. Dit wek die belangstelling van koopman GG Ohrig en die stuur van die skip Brazilië na Natal in 1842. JA Smellekamp is as opperkoopman aangestel om handelsbetrekkinge te begin. Ouderling Swart het op eie koste ‘n hele kis vol godsdienstige boeke saamgestuur. Die kerkraad in Pietermaritzburg bedank hom skriftelik op 28 April 1842 en vra of hy hulle kan help om twee predikante en twee of drie onderwysers te bekom. Versoeke in die verband aan die Kaapse Kerk en die kerkraad in Amsterdam het niks opgelewer nie en is tewens ook nie altyd beantwoord nie.

Ouderling Swart het saam met ander persone in Amsterdam ‘n kommissie gevorm. Hulle was die hoogleeraar Rooijens en die predikanten Broes, van Voorts en Bruinier. Hulle besluit om fondse in te samel en ‘n predikant, ‘n onderwyser en die nodige boeke aan die kerkraad in Pietermaritzburg te stuur.²²²

Die Brazilië gooi op 7 Mei 1843 anker voor die hawe van Port Natal. Aan boord was proponent PN Ham en sy vrou en die onderwyser Martineau asook baie boeke. Die Engelse het egter in die vorige jaar Natal as kolonie geannekseer. Hulle weier ontskeping en die skip moes toe na Delagoabaai. Martineau is ter see oorlede en proponent Ham het uiteindelik predikant in die Kaapse Kerk geword. Maar die werk van die Amsterdamse Commissie sou voortgaan.

Prof Ulrich Lauts, “die vader van die pro-Boere-beweging in Nederland,” het sedert 1806 in die Suid-Afrikaanse stamgenote, en veral later in die Groot Trek belanggestel. Hy het hom onder andere beywer om predikante en onderwysers na die Trekkers te stuur. Dit is hy wat later, in 1852, reël dat proponent Dirk van der Hoff georden en na die “Kaapse boeren” gestuur, en na Potchefstroom beroep word.

Sowel die Amsterdamse Commissie as prof Lauts stuur in 1851 met die skip die Vasco da Gama onderwysers na die Transvaal. Spruyt en Van der Linde vanweë prof Lauts en Poen vanweë die Commissie. Jacob Middel was op dieselfde skip. Van der Linde en Spruyt sou albei met ds Van der Hoff bots en nie aanklank by die Emigranten vind nie maar Middel en Poen was treffers.

²²¹ A.N. Pelzer, *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek. Deel 1 Wordingsjare* (Kaapstad ens: Balkema, 1950), 195.

²²² S.P. Engelbrecht, *Geskiedenis van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika* Tweede hersiene en vermeerde uitgawe (Pretoria: De Bussy, 1936), 39.

Meesters Middel en Poen

Die Fouries was bekend met die veelsydige en gewilde²²³ Jacob Middel (1825-1912)²²⁴ wat as veearts²²⁵ opgelei is (sien hierbo sy beswaar teen die liedere wat in Carolinagemeente gesing is) en Willem Poen (1811-1897).²²⁶ Middel en Poen was onder die groep Nederlandse immigrante wat deur die Boerebevolking aanvaar en waardeer is. Dit was nie met almal die geval nie. Middel en Poen het saam in 1851 per skip na Lijdenburg gekom.

“Middel het hom baie gewild by die meerderheid gemaak, was oral behulpsaam, veral met skryfwerk en het op verskillende kommissies as sekretaris gedien.”²²⁷ “Meester Poen het homself dadelik met die leefwyse en die geaardheid van die mense versoen. Hy het sy portuur nooit anders as Neef en Nichte aangespreek. Hy was tevrede om sy betrekking van die kerk te kry. Toe later ‘n wet aangeneem is dat alle skole onder toesig van die Volksraad moes staan het Meester Poen sy skool nog as ‘n privaatskool aangehou.”²²⁸ Poen het ook as voorsanger en prediker opgetree.

Oor die kurrikulum wat Herman moontlik op Welgevonden gevolg het

Omdat Herman privaat skoolgegaan het kan ons nie ‘n presiese weergawe gee van wat sy skoling op Welgevonden alles behels het nie. Ons kry ‘n idee van wat dit min of meer sou behels uit die Du Toitonderwyswet van 1882 wat gegeld het tot aan die einde van 1891. “Elementaire (lager) onderwys omvattende het lezen, schrijven, rekenen en zingen, en de beginselen der Nederduitsche taal;”²²⁹

Dit word in die 1892-Mansveltonderwyswet verder uitgewerk. Daar is ook in 1892 vir die eerste keer ‘n Schoolgids gepubliseer waarin meer besonderhede na te speur is.²³⁰ Sover bekend bestaan daar nie rekord van Herman se prestasie in die plaasskool nie. Daarom skat ons dat hy min of meer rondom die oorgang van die Du Toitwet na die Mansvelt wet van laer na middelbare onderwys aangeskuif het.

Klaarblyklik was die Schoolgids ook bedoel om koers en rigting aan skole te gee. Dit meld dat daar geen kopieë van die bestaande skoolwet meer beskikbaar is nie en dat ‘n nuwe wet beplan word. Die Schoolgids bevat dus die amptelike staatskurrikulum soos uitgewerk deur die superintendent van onderwys, wat dan dr Nico Mansvelt sou wees.²³¹ Merkwaardig is dat daar geen ouderdom vasgestel word waarop kinders skoolpligtig sou wees nie.

²²³ J. Ploeger, *Nederlanders in Transvaal 1850-1950* (Pretoria: Van Schaik, 1994), 92.

²²⁴ SABW Deel III (1977), s.v. “Middel, Jacob.”

²²⁵ Van der Merwe, “Onderwys en onderwysers in Lydenburg,” 149 nie heeltemal oortuig is van die feit dat Middel ‘n veearts was nie. Die outeur het sy inligting by Middel se seun Jan gekry. Daar word ook gestel dat Middel in die landbou gekwalifiseer was en spesifiek wou kom boer. Hy het by sy tweede vrou agt kinders gehad en dit was klaarblyklik rede om op ‘n plaas te kon aanspraak maak. Hy was veral van 1859 tot 1864 verantwoordelik vir die onderwys op Lijdenburg.

²²⁶ SABW Deel II (1972), s.v. “Poen, Willem.”

²²⁷ Van der Merwe, 149.

²²⁸ Van der Merwe, 143.

²²⁹ Jan Ploeger, *Onderwys en Onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt (1881-1900)* Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis Jaargang 15, Deel 1 (Kaapstad: Cape Times vir die Staatsdrukker, 1952), 330.

²³⁰ Superintendent van Onderwys, *Schoolgids uitgegeven door den superintendent van onderwijs ten behoeve van schoolbesturen en onderwijzers in de Zuid-Afrikaansche Republiek* (Pretoria; Staatsdrukkerij, 1892).

²³¹ Superintendent van Onderwys, *Schoolgids*, 3, 7, 14, 16-17.

Daar is onderskei tussen “lager onderwijs” (standaarden I, II en III) en “middelbaar onderwijs”²³² (standaarden IV, V en VI). Waar meer as 30 kinders in die skool was moes meer onderwysers aangestel word. Die onderrigtaal was in alle vakke slegs “de Nederduitsche (=Hollansche) taal”. Onderrigtyd was 25 uur per week.

Die laerskoolvakke was “Bijbelse Geschiedenis (met openings-, dankgebed, enz), lezen, rekenen, schrijven, recitatie, zangkunst, praktiese taalonderwijs en vertellen.” Lees en reken moes die meeste aandag ontvang. Slegs die inspekteur, in die geval van die Lijdenburgdistrik mnr Jacobus van Nieuwenhuize, kon leerlinge tot die middelbare onderrig toelaat. Die onderwyser kon met die leerling op middelbare vlak voortgaan maar gepaardgaande verhoogde subsidie sou eers in werking tree ná die besoek, ondersoek en toestemming van die inspekteur.

By die middelbare onderwys was dit steeds “Bijbelse Geschiedenis (met openings-, dankgebed, enz), lezen, rekenen, schrijven, recitatie en zangkunde.” “Practische Taalonderwijs” het oorgegaan na “taalkunde”. “Vormleer, geschiedenis, aardrijkskunde en Engelsch” het bygekom. Engels was egter nie verpligtend nie en waar dit nie aangebied is nie, is die toegewese vier ure per week bygevoeg tot sommige van die ander vakke se lestyd.

Hierdie inligting is seker die naaste wat ons kan kom daaraan om ‘n idee te vorm van wat Herman tydens sy eerste skooljare op Welgevonden geleer het. In die volgende hoofstuk gee ons weer aandag aan die vlak van onderwys wat Herman moontlik sedert 1893 tot 1898 geniet het. Daar kon nie in die staatsargief primêre bronne soos byvoorbeeld rapporte opgespoor word om ‘n presiese geskiedenis van Herman se skoolloopbaan weer te gee nie.

Samevatting

Afgesien van die plaaslewe, het die kerk en die skool sekerlik ‘n indruk op die jong gemoed van Herman gemaak. Dit is die rede waarom hierdie twee belangrike kante van die 19de eeuse boerelewe in die ZAR in hierdie tweede hoofstuk bespreek is. Die kerk is aanvaar as ‘n instelling van die gemeenskap. Die predikant is met hoë aansien bekleed. Tog het die kerklike lewe in die jare 80 verder uiteengeloop. Daar was nie eenstemmigheid in die gemeenskappe oor lidmaatskap aan een bepaalde kerk nie. Hierdie verskille het klaarblyklik nie vir Manie geraak nie. Later in sy lewe sou hy hiermee gekonfronteer word. Tweedens is hy blootgestel aan onderwys. Dit het hy ontvang uit die hand van Nederlandse onderwysers, wat om verskillende redes hulle vaderland verlaat het om in die ZAR as onderwysers op te tree. Enersyds dui dit op die afwesigheid van hoër onderwys in die ZAR. Daaraan sou juis in hierdie tyd aandag gegee word op nasionale vlak. Maar, in die algemeen, het die middele om intellektuele ontwikkeling van stapel te stuur, ontbreek. Andersyds het die vormgewing van ‘n lewensbeskouing in die hande van mense gelê wat uit ‘n ander kultuurpatroon gekom het. Ook dit sou op die gemoed van Manie ‘n indruk maak. Hy sou sy eie kultuur opsoek en probeer definieer en daaraan uiting gee as jong predikant. Rigtinggewend hierin was die belewing van ‘n verskriklike oorlog.

‘n Volgende fase van Herman se lewe breek hierna aan. Op tienjarige ouderdom gaan hy saam met sy pa na Pretoria. JC Fourie is verkies tot lid van die eerste Volksraad. Hy maak van die geleentheid gebruik om sy seun in Pretoria te laat skoolgaan. In die volgende hoofstuk geniet hierdie verdere ontwikkeling in Herman se lewe aandag.

²³² Van Dale’s Groot Woordenboek der Nederlandsche Taal Vierde uitgave geheel opnieuw bewerkt, s.v. “middelbaar:” “bn. Bw. Het midde houdende tusschen twee dingen, gemiddeld, middelmatig: *een man van middelbaren leeftijd, van middelbare grootte; middelbare onderwijs, dat tusschen lager en hooger onderwijs in staat: middelbaren scholen*, waar middelbaar onderwijs wordt gegeven; *middelbare akte*, akte tot het geven van middelbaar onderwijs;....”

HOOFSTUK 3

IN DIE HOOFDORP VAN DIE ZAR

PRETORIA 1893 TOT 1898

Inleiding

In 1893 word Herman se vader verkies tot lid van die eerste Volksraad van die ZAR. Hy was die tweede lid vir die distrik Lijdenburg. Hierdie gebeurtenis het 'n groot invloed op Herman se lewe en vorming gehad. Dit neem hom vir korter en langer tye na Pretoria, sedert 1860 die hoofdorp en regeringsetel van die ZAR. Onderwysgeleenthede was baie beter as op die plaas en hy word blootgestel aan sake rakende die regering van die Republiek. In hierdie hoofstuk word die kinder- en tienerlewe van die tien- tot vyftienjarige Herman Fourie beskryf, onder andere aan die hand van die omgewingsinvloede op hom.

Ons ondersoek dek drie onderwerpe te wete die dorp Pretoria soos Herman dit sou leer ken, sake rakende die Volksraad en die belangrikste deel van die hoofstuk naamlik onderwysaangeleenthede en spesifiek die onderwys wat Herman ontvang het. Die bedoeling is om die wêreld waarmee Herman al gaande in aanraking gekom het, oop te maak.

Noodsaaklike kontekstuele agtergrondskennis word beskryf vanuit sekondêre bronomateriaal en hoe nader die verhaal aan Herman kom hoe meer intensief is van primêre bronne gebruik. Maar, soos dit duidelik sal word, is daar min beskikbare primêre bronomateriaal oor die persoon van die tiener Herman Fourie. Nogtans kon 'n duidelike beeld gevorm word van sy omgewing en die noodwendige invloede wat dit op hom gehad het. Verally die kurrikulum wat Herman gevolg het gedurende standarde V en VI en Klasse IA wat hom voorberei het om uiteindelik aan 'n universiteit te studeer kon vanuit argiefmateriaal en onderwysverslae in besonderhede beskryf word.

Primêre bronomateriaal is eerstens die notules van die Eerste Volksraad vir 1893 tot die buitengewone sitting van Januarie 1895. Die destydse staatsvorm word beskryf aan die hand van die destydse wetgewing daaromtrent. Die 1892-onderwyswet, die *Schoolgids* van 1892 en die Kuratorium van die Staatsmodelschool, die Staatsgymnasium en die Tehuise se jaarlikse verslae tesame met die verslae van die ZAR se Beurskommissie en die NZAV se Studiefonds voor Zuid-Afrikaansche Studenten is benut. En dan is die biografiese inligting van Herman self, soos vervat in sy vertellings aan mev Glatthaar en sy eggenote en bewaar in die HCM Fourie Privaatsversameling in die ABP van die NHKA, ontgin.

Sekondêre materiaal is benut om ter saaklike biografiese inligting van belangrike persone in Herman se lewe te skets. So ook ten opsigte van die dorp Pretoria, die konsulentsgemeente Pretoria, algemene inligting oor die opvoedkundige inrigtings, standaardwerke oor die onderwysontwikkeling in die ZAR en taalontwikkeling.

Pretoria tydens die 1890's soos die tiener Herman dit leer ken het

Herman maak kennis met Pretoria danksy sy vader se diens as lid van die Eerste Volksraad in die jare 1893 tot 1895. Ná hierdie periode sou hy steeds daar skoolgaan totdat hy in 1898 leerling aan die gimnasium in Zwolle word. Later in sy lewe sou hy as proponent Fourie die keuse hê om as tweede predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Zuid Afrika (NHK-ZA) gemeente Pretoria in Pretoria of op Erasmus²³³ te gaan woon.

²³³ Oorspronklike naam van die dorp genoem na CJG Erasmus (1842-1909) van die plaas Hondsrivier wat hom vir oor die 15 jaar vir dorpsstigting op sy plaas beywer het. Erasmusdorp is uiteindelik in 1905 gestig.

So word Herman se wêreld groter: Eers was daar die winkel en poskoetsstasie op Bonnefoi naby Welgevonden, toe kom Carolinadorp tot stand en nou leer hy die hoofdorp Pretoria ken.

Soos oral in die Transvaal was daar aan die begin van die 19de eeu waar Pretoria tans is eintlik maar net bos en veld. Gedurende die 1820's het die gevreesde wegloop Zulukoning Mziligazi 'n stat gehad teen Meintjieskop, waar die Uniegeboue vandag staan.²³⁴ Die omgewing het gewemel van die leeus en Mziligazi se onderdane het hulle maar op die hoogtes gevestig om buite die jagveld van die konings van die mote te wees.²³⁵ Later het Mziligazi versit na Mosega, suid van die huidige Zeerust.

Die eerste landsverhuizers wat hulle aan die Fonteine en langs die Apiesrivier en verder-aan gevestig het was die Bronkhorste, Minnaars en Van der Walts. Hulle getalle neem toe ná 1848 toe die Fouries, Smits, nóg Minnaars, Vermeulens, Van Rensburgs, Prinsloos en Pretoriusse hulle daar kom vestig.²³⁶ Waar Burgerspark nou is was 'n "leeuenees."²³⁷ Die veld was dig begroei met bome en bosse en die bobbejane het die heuwels en berge beset. Langs die Apiesrivier was duisende blouapies.²³⁸

Teen 1855 is daar op aandrang van MW Pretorius 'n dorp gestig wat, nadat ander name beproef is, uiteindelik Pretoria genoem word (na genl AWJ Pretorius 1798-1853).²³⁹ In 1860 word Pretoria die hoofdorp van die ZAR.²⁴⁰ Net meer as 30 jaar later maak Herman met Pretoria kennis. En wat het daar in die 30 jaar nie gebeur nie, en veral in die 1890's! Die ZAR het goed gebaat by die ontdekking van goud aan die Witwatersrand en 'n uitgebreide bouprogram het in werking getree. SW Wierda is in 1887 aangestel as goewermentsingenieur en argitek van die ZAR. Hy voer destydse die Franse, Italiaanse en Vlaams-Nederlandse neo-Renaissance boustyle in.²⁴¹

Wanneer klein Herman vir die eerste keer werklik met Pretoria kennis maak het die dorp so daar uitgesien:

Die strate

Die man wat Pretoria in 1859 uitgemeet het was AF du Toit. Die strate in die middestad loop vandag nog waar hulle destyds as stofstrate aangelê is.²⁴² Leivore het water aan elke erf verskaf en elke erfeienaar kon 33 stuks bees op die dorpsmeent aanhou. Na die suide was Scheidingstraat die laaste

H. M. Rex, "Geskiedenis van Bronkhorstspuit" in *Nederduitsch Hervormde Gemeente Bronkhorstspuit 1869-1969* (Krugersdorp: N.H.W. Pers, 1969), 74.

²³⁴ Gustav S Preller, *Ou Pretoria Sakelike verhaal van die stad se Voortrekker-periode* (Pretoria: Die Volkstem Drukkery, 1938), 18.

²³⁵ Preller, *Ou Pretoria*, 18.

²³⁶ Preller, *Ou Pretoria*, 9.

²³⁷ Preller, *Ou Pretoria*, 14.

²³⁸ Preller, *Ou Pretoria*, 15.

²³⁹ Allen Vivian, *Kruger's Pretoria Buildings and personalities of the city in the nineteenth century with drawings by Hannes Meiring* (Kaapstad: Balkema, 1971), 8 - 9.

Sien ook Preller, *Ou Pretoria*, 53-56.

²⁴⁰ Anton Carl van Vollenhoven, *Die geskiedenis van Pretoria: Van vroegste tye tot hoofstad en Jakarandastad* (Pretoria: FAK, 2021), 51, 60, 71.

"... Dit maak van Pretoria een van die min wêreldstede wat met hierdie doel (LIS: om hoofstad te wees) voor oë gestig is." <https://maroelamedia.co.za/afrikaans/boeke/storie-van-pretoria-begin-by-oeroue-berge/>


²⁴¹ SABW, Deel III (1977), s.v. "Wierda, Sytze Wopke(s)."

²⁴² <https://maroelamedia.co.za/nuus/pretoria-strate-hier-is-die-nuwe-name/> Nuwe name is in 2012 deur die stadsvaders van die nuwe politieke bedeling aan die meeste strate toegeken. Die oorspronklike Marktstraat, wat later Paul Krugerstraat genoem is, het as Paul Krugerstraat behoue gebly. Pretoriusstraat het ook sy naam behou.

straat. Oorkant die straat, waar die stasie later gebou is, was weiveld.²⁴³ Die Jakarandabome het so geleidelik sedert 1888 vanaf Sunnyside se kant deel van die straattonele geword.²⁴⁴

Marktplaas/Kerkplaas en die kerkgeboue van die verskillende kerke

Jong Herman sou homself soos die ander inwoners van die dorp oriënteer aan die hand van die markplaas en kerkgeboue. Die mark wat tot in die laat 1880's op kerkplaas tussen die kerk en die raadsaal bedryf is, was reeds in Herman se dae meer na die ooste verskuif, die straatblok tussen Pretorius-, Kerk-, Van der Walt- en Prinsloostraat.²⁴⁵ Veilings is wel nog onder die eikebome in die suid-westelike hoek gehou.²⁴⁶ Sou Herman 'n toeskouer wees?



Skets 1 Skets vanaf Du Toit se 1859 kaart
Allen, Kruger's Pretoria

²⁴³ Allen, Kruger's Pretoria, 6, 9.

²⁴⁴ Van Vollenhoven, Die geskiedenis van Pretoria, 64-65.

²⁴⁵ Allen, Kruger's Pretoria, 31.

²⁴⁶ Allen, Kruger's Pretoria, 22-23

Plekke en geboue in Herman se Pretoriaperiode se ligging aangedui op Du Toit se kaart, gevolg deur verduidelings:

1. Marktplaas/Kerkplein met die kerkgebou wat deur die NHofG Gemeente Pretoria gebruik is
2. Nuwe Markterrein, ook genoem die Uitspanning
3. Kerkgebou en pastorie van die NHK ZAR Konsulentsgemeente
4. Kerkgebou van die Gereformeerde Kerk
5. Staatspresident se woning
6. Raadsaal
7. The Eyrie, huis en winkel van JR Lys
8. Poskantoor
9. Huis waar die Louisgesin woon sedert 1884 met die skoolgeboue waar Herman skoolgaan, dit word in 1893 die Staatsmodelschool, voordat die skool sy eie gebou gekry het.
10. Staatsgimnasium 1892

Die eerste kerkgebou in Pretoria word in 1857 op kerkplein voltooi.²⁴⁷ Die tweede kerkgebou van die Pretoriagemeente van die NHK ZAR is op 23 Januarie 1885 ingewy nadat die eerste kerkgebou in 1882 afgebrand het.²⁴⁸ Net daarna het die kerkvereniging plaasgevind en die kerkgebou is deur die NHofG gemeente Pretoria gebruik tot in 1899 toe die drie aanspraakmakers by name die NHofG gemeente, die Prokurasiegroep en die NH gemeente (ou konsulentsgemeente wat nie verenig het nie), minsaam ooreen gekom het om die plein en kerkgebou aan die ZAR-regering te verkoop.²⁴⁹ Herman sou die kerkgebou dus geken het as die kerk waar ds HS Bosman van die Verenigde Kerk die predikant was. Hy en sy vader sou Sondae hier kerk gegaan het en sy suster Nonnie het hier belydenis van haar geloof afgelê nadat sy in Oktober 1898 as lidmaat toegelaat is.²⁵⁰ Hierdie kerkgebou is in 1905 gesloop.²⁵¹



Foto 25 Kerkgebou van 1885 op kerkplein
Van Vollenhoven, *Die geskiedenis van Pretoria*, 50

²⁴⁷ Van Vollenhoven, *Die geskiedenis van Pretoria*, 48.

²⁴⁸ SP Engelbrecht, *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Pretoria 1855-1955* (Pretoria: Kerkraad, 1955), 48.

²⁴⁹ S.J. Botha, "Die kerkgeboue" in A.D. Pont (red.), *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Pretoria 1855-1980. Enkele grepe uit die geskiedenis*. (Pretoria: Gutenberg, 1980), 21.

²⁵⁰ Lidmaatskrywing 239 Martha Sophia Fourie, 8 Oktober 1898, lidmaatregister NHofG Gemeente Pretoria, Argief, NGK van SA.

²⁵¹ Botha, "Die kerkgeboue," 21.

Ds Goddefroy van die NHK ZAR konsulentsgemeente het gepreek in die kerkgeboue van die gemeente op die plase Witfontein en Rietfontein asook in die skoolgebou van meester Wessel Louis tot in 1889 toe die “hulpkerk” gebou is. Die hele blok tussen Minnaar- & Visagiestrate en Markt- & Kochstrate (soos op Du Toit se kaart) is van die ZAR regering bekom. Die pastorie was ook daar geleë. Vandag is dit waar die stadsaal is met die pastorie waar die Pretoriusse se standbeelde is.²⁵² Verderaan in hierdie hoofstuk sal die rol van meester Louis in die beroep van ds Goddefroy aandag geniet.

Ds Petrus Postma het gepreek in die vergrote waenhuiskerk van die Gereformeerde Kerk Pretoria, geleë waar die huidige kerkgebou ook staan, oorkant die straat van die presidentswoning in Kerkstraat, tussen Kerk- en Pretoriusstraat (Du Toit se kaart).²⁵³

Aan die suidekant van kerkplein is die nuwe Raadsaal, waar pa Joachim Fourie sitting sou neem, wat reeds sedert 5 Mei 1890 vir Volksraadsittings gebruik is.²⁵⁴ Op die suidoostelike hoek van die plein, aangrensend aan Markstraat was The Eyrie, huis en winkel van JR Lys. Hy het saam met AF du Toit gewerk aan die opmeet van die dorp en die eiendom is in 1859 deur president MW Pretorius aan hom geskenk as beloning. Lys was een van die eerste Engelsprekendes wat hom pas na dorpstigting in Pretoria kom vestig het. In 1878 stel hy ‘n vertrek beskikbaar, en skenk boeke, vir ‘n biblioteek wat sou ontwikkel tot die staatsbiblioteek van die ZAR.

Poskoetse en treine

Herman en sy pa sou met die destydse grondpaaie langs per perd of perdewa, dalk selfs per ossewa na Pretoria gereis het. Die paaie het met driewwe deur spruite en riviere gegaan.²⁵⁵ Al Pretoria se strate was nog maar stofstrate en kerkplein was erg modderig wanneer dit baie gereën het.

Die oosterlijn sou gedurende 1894 in gebruik geneem word en Pretoria en die hawe in Delagoabaai per spoor met mekaar verbind. Dit sou dan ook vir Herman ‘n manier word na en van Pretoria te reis.

Op die roetes waar nog geen treinspoor was nie is pos en passasiers per poskoets vervoer. Heys en Co was die “mail contractors” wat op vaste tye tussen Pretoria en Johannesburg en langs die Oos-Transvaalse roete beweeg het. Hulle kantore was net agter die poskantoor in Kerkstraat-Wes. Die era kom tot ‘n einde met die aankoms van die eerste trein uit Kaapstad vir Johannesburg op 1 Januarie 1893 en in 1894 met die ingebruikneming van die oosterlijn.²⁵⁶ Herman sou dus die aankoms van die poskoetse beleef het soos hy ook daarmee bekend was by Everard se winkel/poskantoor/poskoetsstasie op Bonnefoi. Hy was nie in Pretoria toe die eerste motorkar op 4 Januarie 1897 aan die staatpresident gedemonstreer is nie.²⁵⁷ Maar dit was ‘n nuwe manier van vervoer wat meer algemeen was na sy terugkeer na die Unie van Suid-Afrika in 1910 as predikant van die NHKA van ZA Pretoria.

Herman en sy pa binne die destydse volksdemokratiese ZAR

In 1893 word Herman se vader verkies tot lid van die eerste Volksraad van die ZAR. Hy was die tweede lid vir die distrik Lijdenburg. Daar is elke twee jaar verkiesing gehou in die helfte van die

²⁵² Botha, “Die kerkgeboue,” 24.

²⁵³ https://af.wikipedia.org/wiki/Gereformeerde_kerk_Pretoria

²⁵⁴ Allen, *Kruger’s Pretoria*, 45-49.

²⁵⁵ Allen, *Kruger’s Pretoria*, 73 beskryf die toestand van die paaie as “appalling.”

²⁵⁶ Allen, *Kruger’s Pretoria*, 71, 72.

²⁵⁷ <https://mbcsa.mercedes-benz-clubs.com/about-us/history/>

getal distrikte. Die sittings was tydens die wintermaande Mei tot Augustus. JC Fourie het ook die buitengewone sitting in Januarie 1895 bygewoon.

In hierdie tweede deel van die hoofstuk ondersoek ons die destydse staatsvorm, JC Fourie se deelname daaraan (soos blyk uit primêre bronne) en die invloed wat dit op Herman gehad het. Later in sy lewe, in 'n ander staatsbedeling, sou Herman kandidaat vir die parlement in die Unie van Suid-Afrika wees. Hy was naamlik in 1938 kandidaat van die Gesuiwerde Nasionale Party vir die kiesafdeling Groot-Marico terwyl hy ook predikant van die plaaslike gemeente van die NHK ZA was.

Aandag word gegee aan ADW Wolmarans en SW Burger, belangrike figure binne die Eerste Volksraad wat 'n invloed op Herman se latere lewe as student, vegtende burger en predikant gehad het.

JC Fourie as lid van die Eerste Volksraad van die ZAR (Mei 1893 tot Januarie 1895)

Met Joachim Fourie se verkiesing tot tweede lid vir Lijdenburgdistrik breek daar 'n tydperk vir homself en Herman aan wat 'n nawerking op die res van hulle lewens sou hê. JC Fourie leer die binnewerkinge van die regering ken asook belangrike lede van die Volksraad wat almal een of ander rol in die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) sou speel. Herman se horisonne verbreed en hy ontmoet persone soos meester Louis wat hom tot voorbeeld van metodiese akademiese werk sou bly dien.²⁵⁸ Ons begewe ons nou eers in die grootmensewêreld en gee dan aandag aan Herman se tienerjare in Pretoria.

Die staatsvorm waarbinne JC Fourie funksioneer en waarin Herman groot geword het

Uit die ZAR-wette en die *Staatscourant* van 1893 kan ons 'n goeie indruk vorm van hoe verkiesings in die ZAR verloop het en wie daaraan kon deelneem.²⁵⁹ 'n Geregistreerde 16-jarige burger (blank) kon in persoon sy stem soos volg uitbring: Vir 'n veldkornet in sy eie wyk; vir 'n Volksraadslid in sy wyk of kiesafdeling; en vir 'n verkiesing wat sy hele distrik of die hele republiek betref. Die kieslyste is jaarliks deur die veldkornette opgedateer, aan die landdros verskaf wat dit deurgegee het aan die staatssekretaris wat dit op sy beurt weer in die *Staatscourant* gepubliseer het.

Die volgende vereistes het gegeld om as kandidaat te staan: Kandidate vir die staatspresidentskap moes skriftelik antwoord op (n) "requisitie/s" onderteken deur minstens 100 stemgeregtigde burgers. Hy moes self 'n verkiesbare burger tot die eerste Volksraad wees, ouer as 30 jaar, sonder enige oneerbare vonnis teen hom en lid van 'n Protestantse kerk. Die "requisites" en antwoorde moes betyds ingedien en in die *Staatscourant* gepubliseer word. Koopstemme deur andere andere die oprigting van kantens was verbode!

1893 se verkiesing was gelyktydig vir 'n staatspresident (elke vyf jaar) en lede van die Eerste en Tweede Volksrade (jaarliks volgens die afreerooster vir die twee jaar-termyn). Die Tweede Volksraad neem vir die eerste keer in 1891 sitting en is ingestel as 'n tweede kamer om aan Uitlanders 'n stem in verband met plaaslike aangeleenthede te gee. Die verkiesing moes gehou word in die tydperk 10 tot 20 Januarie en die "stembiljetten en kieslijsten" moes voor of op 20 Maart 1893 by die regeringskantore ingelewer word.

²⁵⁸ Weduwee Jo Fourie se puntsgewyse lewensoorlog van HCM Fourie, Punt 13, 1939, Privaatversameling HCM Fourie, 1/11/2, ABP NHKA, Pretoria.

²⁵⁹ Wet 13 van 1891 (Kiesrecht);

Berigte 342, 343, 344, 345 en 373 "Goeverments-Kennisgeving" R9971/93, *Staatscourant Zuid-Afrikaansche Republiek* Deel XIII No 632, Woensdag 4 Januarie 1893.

Die verskillende distrikte se veldkornette, landdroste en volksraadslede het die verkiesing in hulle wyke en distrikte georganiseer. Weens afstande kon daar tot ses verskillende stemdae op verskillende plekke in 'n wyk gehou word. Met elke stemdag is agtereenvolgens eers die stemming vir 'n staatspresident en daarna vir die lid/lede van die Eerste Volksraad en daarna van die Tweede Volksraad gehou en afgehandel.

Die stembrief vir die staatspresident het so gelees: "Ik, ondergetekende stemgerechtigd burger _____ (grondeienaar of niet), wonende op de plaats _____ wijk _____ district _____ kies tot Staatspresident der Zuid-Afrikaansche Republiek den Heer _____ district _____

datum _____ Naamtekening"

Die stemming was dus nie geheim nie en ook vir 'n spesifieke persoon en nie vir 'n party nie. Die volksraadslid en veldkornet het dan 'n lys opgestel bevattende die naam van die kandidaat en die onderskeie stembriefnommers en name van die kiesers wat vir die betrokke kandidaat gestem het.

Die 1893 uittredende lede vir die distrikte Pretoria en Lijdenburg was vir die Eerste Volksraad: Pretoria (dorp en distrik stem gesamentlik) ADW Wolmarans en Lijdenburg (ook gesamentlik) J van der Merwe en SW Burger; en vir die Tweede Volksraad Pretoria EPA Meintjies (slegs dorpenaars kon stem) en Lijdenburg (dorp en distrik stem gesamentlik) HP Steenkamp. Herman se pa moes soos die ander kandidate skriftelik antwoord op die "requisitie/s" en dit is ook gepubliseer.

Die uitslag van die verkiesing word op 19 April 1893 gepubliseer.²⁶⁰ ZHed SJP Kruger het 7,881 stemme gekry in die staatspresidentsverkiesing; Zed Gestr. PJ Joubert (Kommandant-generaal) 7,009; en die hoofregter ZHed. Achtb. JG Kotzé 81 stemme. Dit sou Kruger se derde termyn as staatspresident wees. Die grondwet het bepaal dat "De Uitvoerende Macht berust bij den Staatspresident, die aan den Eersten Volksraad verantwoordelijk is...."²⁶¹

Vir die Eerste Volksraad was die uitslag vir Pretoria en Lijdenburg:

ADW Wolmarans	Herkies vir Pretoriadistrik en -dorp	Woonagtig op Derdepoort
SW Burger	Herkies vir Lijdenburgdistrik	Goedgedacht
JC Fourie	Verkies vir Lijdenburgdistrik	Welgevonden (Komatie)
Vir die Tweede Volksraad:		
EAP Meintjes	Pretoriadorp	Pretoria
HP Steenkamp	Lijdenburgdistrik	Sterkspruit

As lid van die Volksraad sou Fourie na weerskante toe die tolk moes wees tussen die burgers van sy deel van die distrik en die Volksraad. Die staatsvorm van die ZAR was 'n direkte demokrasie waar die volk die oppergesag gehad het. Daar het 'n groot verantwoordelikheid op Volksraadslede gerus: "In wese was die volkstem wel die koningstem, maar, die korrekte vertolking en vaslegging daarvan in wetgewing het grootliks afgehang van die wyse waarop die raadslede hulle as tolke van die volk by die owerheid van hulle taak gekwyt het."²⁶² Dit was die plig van elke Volksraadslid om voor en ná elke Volksraadsvergadering 'n openbare vergadering in sy distrik te hou word ten einde die volkswil te verneem. By die voorafvergadering is sake wat tydens die sitting behandel sou word bespreek en memories is daarvoor opgestel. Die hantering van die memories is grondwetlik beskryf. Tydens die

²⁶⁰ Berig 76 "Goeverments-Kennisgeving" R3734/93, *Staatscourant Zuid-Afrikaansche Republiek* Deel XIII No 648, Woensdag 19 April 1893.

²⁶¹ Artikel 1, Wet No. 6, 1890.

²⁶² W.A. Kleynhans, *Volksregering in die Zuid-Afrikaansche Republiek: Die Rol van Memories* (Pretoria: Van Schaik, 1966), 117.

verslagvergadering het die lid aan die hand van die notule en die Staats Courant (waarin wette en konsepwette gepubliseer is) verslag gedoen. Die volk kon dan verdere memories opstel aan die hand waarvan die lid sy distrik se burgers se gevoel in die Raad bekend te maak. Dit was ook moontlik dat memories los van die byeenkomste opgestel en deur 'n aantal burgers onderteken word. Die volksraadslid moes egter kennis dra van die memorie ten einde dit in die vergadering van die Volksraad te kon toelig.²⁶³

Eerste sittingsdag 1893

Terwyl Herman met sy eerste skooldag in die vreemde dorp besig is beleef sy pa sy eerste dag in die Eerste Volksraad. 'n Spesiale dag vol plegtige verrigtinge.²⁶⁴

Op die voorblad van die *Staatscourant Zuid-Afrikaanse Republiek No.64* van Woensdag 5 April 1893 het uittredende en herverkose staatspresident SJP Kruger en die waarnemende staatsekretaris aankondig dat die gewone jaarlikse sittings van die edelagbare Eerste en Tweede Volksraad op 1 Mei 1893 sal begin.²⁶⁵

Daar was op daardie stadium die volgende distrikte:

Pretoria, Utrecht, Bloemhof, Heidelberg, Standerton, Ermelo, Rustenburg, Lijdenburg, Wakkerstroom, Middelburg, Marico, Zoutpansberg, Vrijheid, Potchefstroom, Waterberg en Piet Retief. In twee kiesafdelings (Barberton enz en Johannesburg enz) is verkiesings onder leiding van die mynampenaar gehou.

Die "Hoog-Edel Achtbare Eersten Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek" begin sy jaarlikse werksaamhede met die openingsdag op 1 Mei 1893. Die plek? Die Raadzaal in die splinternuwe drie-verdieping goewermentsgebou wat in 1891 voltooi is. Die sitting begin met die lede wat vir hulle tweede jaar dien, die "staande" lede. "(T)en 10 ure des voormiddags" het ses staande lede sitting geneem. Die oudste lid die heer JJ Spies van die distrik Utrecht tree as voorsitter op. Aangesien hulle nie 'n kworum gevorm het nie word vyf oud-lede opgeroep en vyf van hulle neem sitting.

Staatssekretaris WJ Leyds lees 'n skrywe ("missive") van die regering (die Uitvoerende Raad) voor waarin volledig verslag gedoen word oor die verkiesing van lede in die verskillende distrikte waar daar gestem is. Daar is gestem in 13 distrikte asook die kiesafdeling "Johannesburg enz."

Daar was egter 'n beswaar uit Lijdenburg teen die verkiesing van JC Fourie! Die Uitvoerende Raad is versoek om 'n nuwe verkiesing uit te skryf vir die vakature wat ontstaan het ná die uittrede van Jack van der Merwe.²⁶⁶ Die Uitvoerende Raad het die petitionarisse geantwoord dat Fourie wettiglik en met 'n meerderheid verkies is.

Dit sou interessant wees om te kon vasstel wat die beswaar behels het. Dit dui in elke geval op politieke onderstrominge. Herman het dit geken. "Politieke twis het hy vroeg leer ken: die vader was 'n Krüger-man [sic], die broers het tot die Joubert-seksie behoort. Herman kies nie party nie, hy luister net. Hy was 'n oplettende toeskouër [sic] by alles, nooit op die voorgrond nie, tensy geroep."²⁶⁷

²⁶³ Kleynhans, *Volksregering*, Inleiding, 3, 5, 12, 13, 16, 17, 110, 115.

²⁶⁴ *Notule van de zittingen van den Eersten Volksraad van 1893* (Pretoria: Staatsdrukkerij, 1894), 1-2.

²⁶⁵ Berig 52 "Goeverments-Kennisgewing," *Staatscourant Zuid-Afrikaansche Republiek* Deel XIII No 645, Woensdag 5 April 1893.

²⁶⁶ Bornman, *Carolina*, 24.

²⁶⁷ Weduwee Jo Fourie se puntsgewyse lewensoorisig van HCM Fourie, Punte 9 en 10, 1939, Privaatversameling HCM Fourie, 1/11/2, ABP NHKA.

Die plegtige inswering van nuutverkose lede word deur die waarnemende voorsitter JJ Spies hanteer. Die vereistes waaraan 'n Volksraadslid moet voldoen word aan die nuwe lede voorgelees. Hulle verklaar dat hulle in besit is van die vereistes soos vervat in wet no. 4 van 1890 artikels 14 en 15 soos gewysig deur Eerste Volksraadsbesluit art. 1317 van 29 Augustus 1892. Hulle lê die voorgeskrewe eed soos vereis volgens wet no. 4 art 5 van 1892. Die waarnemende voorsitter heet hulle hartlik welkom en spreek die vertroue uit dat hulle hulself "trouw, eerlijk, en oprecht aan de roeping zullen wijden."

Vervolgens vind die verkiesing van 'n voorsitter plaas en FGH Wolmarans (lid vir Rustenburg met 15 stemme) word verkies. Daar was ook vier ander kandidate: SW Burger (lid vir Lijdenburg kry 5 stemme), LJ Meyer (lid vir Vrijheid trek 1 stem) en JPL Lombaard (lid vir Standerton trek 1 stem).

L de Jager Jzn, J de Clercq Azn en ADW Wolmarans word benoem om sy hoogede die staatspresident die vergadering binne te lei. RK Loveday en CJA Birkenstock moet die eerwaarde ds MJ Goddefroy gaan haal en na die vergadering bring vir die volgende sessie om twee namiddag. Lede van beide die Eerste en die Tweede Volksraad sou teenwoordig wees vir die opening van die jaarlikse sittings met gebed.

Ds MJ Goddefroy het in 1887 ná die mislukte kerkvereniging na die Republiek gekom, weer soos drie dekades vantevore die geval was met ds Dirk van der Hoff, as enigste predikant van die NHK ZAR. Hy is beroep na die kombinasie Pretoria-Middelburg-Standerton (Trichardsfontein). "Formeel sou hy ook bevestig word as predikant van die kombinasie. Maar in werklikheid sou hy al die gemeentes van die Nederduitsch Hervormde Kerk, wat oor die hele destydse Zuid-Afrikaansche Republiek versprei was, alleen moes bedien."²⁶⁸ Teen 1893 het Heidelberg darem 'n predikant gehad in die persoon van ds Jac van Belkum. Ds CW du Toit van Potchefstroom wat aanvanklik verenig het, het intussen teruggekeer na die NHK ZAR.

Soos vroeër aangedui was ds Goddefroy nie die enigste predikant wat in Pretoria woonagtig was nie. Van die Gereformeerde Kerk was daar ds Petrus Postma en van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk ds HS Bosman.

Buitelandse verteenwoordigers by die openingsgeleentheid was: ZEd Gestr. De Britse agent, Zed. Gestr konsulgenl vir Nedl, Zed. Gestr konsulgenl vir Portugal en die Zed. Gestr. Konsuls vir Frankryk, Duitsland, Switserland, België en Turkye.

Die deftige aanspreekvorme word beskryf in T Marshall se grammatika uit die 1840's.²⁶⁹

Hoog Edel Gestrenge Heer met aanspreekvorm Uwe Excellentie en afgekort U.E. of Uwe Hoog Edel Gestrenge, U.H.E.G. (in die derde persoon Zijne Excellentie) is gebruik vir ministers van die staat en diesulkes.

Predikante is aangespreek as Wel-Eerwaarde, Zeer Geleerde Heer en afgekort U.W.E.G.

²⁶⁸ S.J. Botha, *Ds Marié Joseph Goddefroy 1848-1920 Sy lewe en betekenis* (Pretoria: HAUM, 1981), 53.

²⁶⁹ T Marshall, *The Dutch Grammar, preceded by an historical sketch of the origin and progress of the language of the Netherlands, embracing a list of the most celebrated Netherlands writers and some specimens of the language of each century within that period with a literal English version. To which are added a praxis of the Dutch grammar, being specimens of Dutch prose, selected from modern and contemporary authors, with an English translation; and appendixes* (Rotterdam: Mensing & Van Westreenen, 1854), Appendix I *Titles of Royalty, Nobility, and Civil Rank, with their abbreviations, as used in diplomatic documents, correspondence, and Newspapers.*, 197-208.

Na die staatpresident is verwys as Zijn Hoogedelachtbare Heer, waarskynlik na aanleiding van die Groot Edel Achtbare Heeren van die statevergadering van 'n Nederlandse provinsie.

Herman sou later ook in die kerk hierdie wyse van aanspreekvorm teëkom en seker ook moes gebruik. Die dominee en kerkraad is aangespreek as eerwaarde, die voorsitter en skriba van die ring as weleerwaarde en die voorsitter van die algemene kerkvergadering as hoogerwaarde.²⁷⁰

JC Fourie se deelname aan die verrigtinge en debatte in sy tyd gevoer (Mei 1893 tot Januarie 1895)

Ons gee nou aandag aan JC Fourie se bydraes tydens die twee gewone sittings (1893 en 1894) en een buitengewone sitting (1895) soos dit blyk uit die notules. Joachim Fourie was nie 'n man van baie woorde nie. Meermale het sy bydrae in die debatvoering daaruit bestaan dat hy gestel het dat daar genoeg gepraat is en oorgegaan moet word tot stemming! Op Vrydag 6 Julie 1894 het die lid vir Piet Retief, die heer Tosen, 'n vurige pleidooi gelewer vir die instelling van 'n Departement van Landbou en Veeteelt met die oog daarop om boere te help met 'n wetenskaplike benadering tot grootskaalse ekonomiese boerdery en ook die gebruik van implemente. Hy vergelyk dit met die Departement van Mynbou wat reeds ingestel is. Met die Saterdagssitting kry Fourie die eerste spreekbeurt. "De heer Fourie meende er genoeg over de wet gesproken was en stelde voor de discussie te sluiten. Hij moest verklaren er geen memories uit zijn district waren, docht het algemeen was er op tegen, daarom sou spreker tegen de wet stemmen."²⁷¹ Die bespreking het egter voortgeduur en die heer **Roos** vir Pretoriadistrik lig uit sy distrik se memories die gedagte van 'n modelboerderij uit en vra dat dit afsonderlik bespreek word. Die voorsitter sê dat dit in verband met die beoogde departement bespreek moet word. 'n Modelboerderij is nie moontlik sonder 'n departement van landbou nie. Die uiteinde is dat die wet afgestem word op grond van die feit dat die meerderheid burgers hulle daarteen uitgespreek het. SW Burger en JH de la Rey laat hulle minderheidstem saam met vyf ander lede aanteken.²⁷²

Weer op 'n Saterdag, 14 Julie 1894, stel Fourie voor dat die bespreking van die waterwet beëindig word.²⁷³

As lid van die Volksraad en verkose verteenwoordiger vir sy distrik het Fourie die plig gehad om kommentaar te lewer op memories uit sy distrik en om aandag te gee aan die belange van sorgafhanklikes in die distrik. Tydens die 1893 sitting is 'n memorie van HJ Espag van die Komatiemyk in die Lijdenburgdistrik behandel. Hy het 'n bedrag van £100 versoek om appèl te kan aanteken teen 'n hooggeregshofbeslissing in verband met 'n sekere stuk grond. Die kommissie wat die memorie moes beoordeel het aanbeveel dat die kragtens die bestaande *Pro Deo* prosedures daar wel regshulp beskikbaar is.

"De heer **Fourie** zeide, de zaak in de memorie Espag hem niet bekend was, terwijl hij tevens van oordeel was dat zulke memories hier niet thuis behoorden.

De heer **Burger** meende uit de memorie van Meijer te moeten opmerken, alsof deze wilde dat de Raad een vonnis van de Hooggerechtshof zou vernietigen. Spreker had memorialist verleden jaar al geïnformeerd dat de Raad zoo iets niet kon doen."²⁷⁴

²⁷⁰ Aan my verduidelik deur prof HG van der Westhuizen

²⁷¹ *Notulen van den Eersten Volksraad der Z.A. Republiek 1894* (Pretoria, Staatsdrukkerij, 1894), art. 725, 315.

²⁷² *Notulen 1894*, art. 726, 318.

²⁷³ *Notulen 1894*, art. 835, 349.

²⁷⁴ *Notulen 1893*, art. 445, 186.

Selfs ds Du Toit het 'n memorie ingedien om te vra vir die aanlê van 'n spoorlyn van Krugersdorp via Klerksdorp na Potchefstroom en verder na die suide.²⁷⁵

So het Fourie sy rol as tolk tussen die regering en die volk vervul. Benewens aandag aan die memories uit sy distrik moes hy ook konsepwetgewing aan die burgers in sy wyke verduidelik en hulle wil aan die Volksraad bekendmaak.²⁷⁶

In die konsepbegroting vir 1 Mei 1893 tot 30 April 1894 word aan vyf gewondes elkeen 'n toelae van £2 toegeken.²⁷⁷ In die Lijdenburgdistrik was daar 'n weduwee met haar drie kinders wat 'n toelae ontvang het en drie weeskinders aan wie se voogde 'n toelae van £1 toegestaan is. Hulle was: Die weduwee Anna Eliz. De Beer, geb. Kruger wat £3 ontvang het en die weeskinders "Het kind van Jacoba Johanna Coetzee, geb. Viljoen Cornelis Johannes ... Het kind van Anna Sus. Franc. De Lange, geb. Minnaar Petrus Albertus ... Het kind van wijlen W.J. Steenkamp Anna Susanna."²⁷⁸

In 1894 maak Fourie 'n voorstel rakende die jagwet. Verskeie ander lede se voorstelle is verwerp maar sy voorstel in verband met die sekretarisvoël word aanvaar.

"Terwijl een voorstel van den heer **Fourie** gesecondeerd door den heer Schutte met 14 tegen 9 stemmen wordt aangenomen.

Het was van de volgende inhoudt:

Art.746 *De Eerste Volksraad, lettende op de memories onder E.V.R.R. 1496/94 en 1487/94 verzoekende den sekratarisvogel vrij te stellen om te kunnen gedoodt te worden, verder lettende op Eerste Volksraadsbesluit art. 430 van 1892.*

Besluit: *in zooverre aan de verzoek te voldoen dat wanneer de Sekratarisvogel kwaadt doet op makken goederen zooals pluimvee of kleine lammeren enz. is de eigenaar of zijn rechthebbende gerechtigd hen te dooden.*"²⁷⁹

Hy sekondeer voorstelle in verband met die oordrag van 'n plein aan die NHofG gemeente Lichtenburg en die aanvaarding van die "Zondagwet."²⁸⁰

Hy neem saam met SW Burger en vier ander lede standpunt in teen die voorstel dat paggronde nie verpag mag word voor dit behoorlik opgemeet is nie. 'n Regulasie moet opgestel word dat dit intussen verhuur kan word en dat die pagters die grond moet bewoon.²⁸¹

Op 27 Junie 1894 laat Fourie sy stem hoor teen die aanstelling van amptenare wat die administrasie moet behartig soos uiteengesit in die *Concept-wet inhoudende bepalingen betreffende Registratie van Geboorten, Huwelijken, Huwelijks-aangiften, en Huwelijksafkondigingen, Echtscheidingen en van overlijden van blanke personen*. Dit is juis hierdie bepaling wat 1,300 handtekeninge téén die wet ontlok het vir die ooglopende rede dat dit baie geld sou vereis om almal wat as amptenare in die dorpe en verspreid in die distrikte te betaal. "De heer **Fourie** verklaarde tegen de wet te zijn, en zijnen burgers waren het ook. Zij wilde de wet niet hebben. Spreker dacht er genoeg over de wet

²⁷⁵ *Notulen 1893*, art.509, 215. Daar was nog 44 mede-ondertekenare op die memorie gedateer 21 April 1893. Dit was een van talle memories in die verband. Sien vanaf art.507.

²⁷⁶ W.A. Kleynhans, *Volksregering in die Zuid-Afrikaansche Republiek: Die Rol van memories* (Pretoria, Van Schaik, 1966), 110-115.

²⁷⁷ *Notulen 1893*, art.1085, 367.

²⁷⁸ *Notulen 1893*, art.1085, 368. Sien ook *Notulen 1894*, art.1434, 536.

²⁷⁹ *Notulen 1894*, art.745 en 746, 322.

²⁸⁰ *Notulen 1894*, art 511-512, 217 en art.743, 323

²⁸¹ *Notulen 1894*, art. 539, 228.

gesproken was, en dacht het beste was de discussie te sluiten en de strekking van de wet in stemming te bregen. Het sou niet baat de wet verder te besproken.”²⁸²

Toe dit kom by die openingseremonie van die oosterlijn maak hy beswaar teen die voorgestelde bedrag wat daarvoor opsy gesit moet word. “De heer **Fourie** kon zich niet met het bedrag van £ 20,000 vereenigen. Zulks was te veel. Het publiek had er al te veel over gesproken. Als er een voorstel kwam, om het te brengen op £ 10,000, dan zou hij er voor stemmen. Spreker zou niet zooals de andere leden aanwijken, wie van de gelden zou genieten, want hij kon niet in de toekomst ziet. Hij was voor eene feestelijke opening, doch meende £ 20,000 te veel.”²⁸³

Fourie het noukeurig op begrotingsbedrae gelet soos ook blyk uit die behandeling van die bedrag vir vrywilligerkorpse:

“De heer **Fourie** vroeg, wat de noodzakelijkheid was geweest dat de toelage verdubbeld moest geworden.

De heer **Otto** antwoordde omdat £4 voor de infanterie en £9 voor de ruitery te weinig was.”²⁸⁴

Daar is ook geleenthede waar hy versoek dat aangeteken word dat hy in die minderheid gestem het. Een daarvan was die vermindering van die begrotingsbedrag vir die ZAR se tentoonstelling in Antwerpen en die gedagte dat die regering voortaan aan veldkornette die nodige patrone vir skietwedstryde sal voorsien.²⁸⁵ Tydens die bespreking van ‘n nuwe konvensie tussen die ZAR en Verenigde Koninkrijk van Groot-Brittanië in verband met Swaziland: “De heer **Fourie** zeide, dat in art.5 was het eerstgeboorterecht weggegeven en art. 6 bepaalde, gelijke rechten in die talen. Het was onmogelijk om die twee rechten weg te geven voor hetgeen de republiek kregen in de Conventie. Spreker stond by die memorie en kon niet voor de Conventie stemmen.”²⁸⁶ Toe die besluit geneem word dat die konvensie geratificeer word, versoek JC Fourie en die heer De Beer, die lid vir Waterberg, dat aangeteken word dat hulle in die minderheid gestem het.

Sake wat spesifiek vanuit Lijdenburg op die agenda geplaas is raak die deelname van die staatspresident aan die sittingswerkzaamhede van die Volksraad en die vergoeding vir grond wat vir die lê van spoorlyne benodig word. Carolina word in 1893 tot aparte distrik verklaar en sou vanaf 1895 sy eie volksraadslid kies. Dit sou nie JC Fourie wees nie omdat hy homself nie verkiesbaar gestel het nie.

Meer as een memorie is ontvang in verband met die teenwoordigheid van die staatspresident in die Volksraad. J Middel sen, A.J. de Jageren 18 andere, d.d. distrik Lijdenburg, April 1893 versoek dat die staatpresident nie voortdurend sitting sal neem in die Volksraad nie!²⁸⁷ Die reglement van orde het egter bepaal dat die staatspresident enige sitting mag bywoon en dat sy sitplek regs van die voorsitter is.²⁸⁸

‘n Memorie gedateer 7 April 1894 is ingedien deur J Middel van Sevenfontein in die Komatiëwyk, HS Smit en 16 ander. Hulle versoek ‘n billike vergoeding in gevalle waar die nuwe spoorlyn oor hulle plase loop, die grond verdeel en die plaas benadeel word. Hulle vra dat die spoorwegmaatskappy nie toegelaat word om paaie te maak of te verlê sonder die minste kennisgewing nie. “De heer **Fourie**

²⁸² *Notulen 1894, art. 539, 271.*

²⁸³ *Notulen 1894, art.1367, 504.*

²⁸⁴ *Notulen 1894, art.1462, 541.*

²⁸⁵ *Notulen 1894, art. 1115, 453 en art. 1368, 505.*

²⁸⁶ *Notulen 1894, art. 657, 283*

²⁸⁷ *Notulen 1894, art. 63, 36.*

²⁸⁸ *Notulen 1894, 38. Sien hoofstuk VIII van die Concept-wijziging van het Reglement van Orde.*

merkte op, de spoor over de plaats ging, en er aan beiden kanten van de spoorbaan breede voren waren gemaakt; vandaar was tans de memorie hier.”²⁸⁹

Op bladsy 19 van die konsepbegroting vir die “dienstjaar” Januarie tot Desember 1894 verskyn die volgende bedrae vir die **Lijdenburgdistrict**:²⁹⁰

Landdrost	£ 550	
1ste Klerk en Publ. Aankl.	£ 300	
Toelage als Zegeluitdeeler	£ 20	
Pasuitdeeler Komatiedrift	£ 25	
2de klerk	£ 175	
Gerechtsbode	£ 45	
Waterfiscaal	£ 20	
Marktmeester	<u>£ 20</u>	
		£ 1,155
Veldcornetten		
5 Veldcornetten à £ 150	£ 750	
5 Assistant à £ 100	<u>£ 500</u>	
		£ 1,250
		£ 2,405

Carolina (apart vermeld onder die Lijdenburgdistrict)

Resident Vrederechter	<u>£ 250</u>	
		£250

Sake wat die hele republiek raak wat tydens Fourie se dienstermyn behandel is was die besluit om die versoek om die aanbring van ‘n grafsteen op die graf van oud-commandant-generaal Stephanus Schoeman af te wys en te bly by ‘n vorige besluit om gemesselde grafstene te voorsien op die grafte van Andries Pretorius, Piet Retief en Hendrik Potgieter.²⁹¹ Daar is ook beginselgoedkeuring verleen aan die Uitvoerende Raad se voorstel vir die instelling van ‘n ridderorde vir die ZAR!²⁹²

JC Fourie het nie aktief deelgeneem aan die onderwysdebatte gedurende sy sittingstyd nie. Die onderwys was egter wel vir hom van groot belang soos blyk daaruit dat hy privaatonderwysers vir sy kinders gehuur het en ook sy deelname aan ‘n onderwyskongres gedurende 1898.

JC Fourie sou aan die einde van die 1894-sitting uittree.

“Aan de orde was thans de regeling van den Rooster overeenkomstig Volksraadsbesluit, art. 1168, van 2 Augustus 1890.

De loting bedoeld in het by dat besluit goedgekeurd rapport vond thans plaas, met den gevolgt dat den heeren de Clercq, Fourie, Otto, Malan en Burger te zamen met den heeren Roos, Spies, P.de la Rey, Labuschagne, Lombard, L, de Jager en Loveday in 1894 zullen moeten aftreden, en de twaalf andere leden in 1896.”²⁹³

Hy sou egter wel nog ‘n buitengewone sitting in Januarie 1895 bywoon. Die begrotingskommissie onder voorsitterskap van ADW Wolmarans het naamlik voorgestel dat die Volksraad vanaf 1895 op die tweede Maandag in Janaurie sitting neem en nie eers op die tweede Maandag in Meimaand nie.

²⁸⁹ *Notulen 1894, art. 1128, 456.*

²⁹⁰ *Notulen 1894, ingebind tussen 460 en 461.*

²⁹¹ *Notulen 1893, art.441, 184.*

²⁹² *Notulen 1893, art.1349, 478.*

²⁹³ *Notulen 1893, art.1356, 480.*

Dit sou die tydsverloop tussen die aanvang van die begrotingsjaar en die goedkeuring van die begroting aansienlik verkort.²⁹⁴ Gevolglik was hy vir oulaas teenwoordig op die openingsdag, wat toe op 12 Februarie 1895 geval het, vir sy laaste sitting in die Eerste Volksraad.²⁹⁵

Opsomming: JC Fourie

Met die totstandkoming van die Carolinadistrik het Fourie hom nie weer verkiesbaar gestel nie. Hy het saam met Schalk Burger gedien as lid van die Eerste Volksraad vir Lijdenburgdistrik. Fourie en Burger se paaie sou tot aan die einde van Fourie se lewe saamloop. Burger word in Mei 1899 bevorder van kommandant na generaal. Na die vertrek van president Kruger na Europa tydens die Tweede Vryheidsoorlog het Burger die waarnemende staatspresident geword. Fourie is gedurende Maart 1900 by Biggarsberg bevorder tot assistant-veggeneraal oor die Carolina-, Lydenburg- en Standertonkommandos. Hy sterf op 7 November 1900 in 'n stormloop na die vyandelike kanonne op die plaas Witkloof, aangrensend tot Welgevonden.²⁹⁶

Twee volksraadslede wat later in rol in Herman se lewe sou speel

Beide ADW Wolmarans en SW Burger sou later in Herman se lewe 'n rol speel. Wolmarans was die man wat hom in 1910 oortuig het om 'n beroep na die Pretoriagemeente van die NHK van ZA te aanvaar. SW Burger het waarnemende staatspresident geword na die vertrek van president Kruger na Europa in 1900. Ons ondersoek konsentreer dus vir 'n wyle op hulle.

ADW Wolmarans

ADW Wolmarans se oupa FG Wolmarans het die volksverhuizing meegemaak. ADW word op 19 September 1857 in die Potchefstroomdistrik gebore. Hy ontvang onderwys van rondreisende onderwysers en gaan vestig hom op eers op Bapsfontein en later op die plaas Koffiefontein in die Pretoriadistrik. Tydens die later so genoemde Eerste Vryheidsoorlog dien hy in die kommando van sy ouer broer JMA Wolmarans. Hy neem deel aan die Kerkvereniging van 1885 maar word later ontnugter en word die sekretaris van die Prokurasiekommissie wat lidmate van die NHK ZAR wat verenig het weer teruglei na hulle kerk van oorsprong. "Die huidige N.H. Kerk is grootliks gebou op die fundamente wat in die tydperk 1885 tot 1890 deur W. gelê is."²⁹⁷ Hy het 'n sterk persoonlikheid gehad en kon goed organiseer en redeneer. So word hy dan in 1888 verkies tot lid van die Eerste Volksraad. Sy bogenoemde broer was lid van die Uitvoerende Raad. Die Wolmaranse was Krugerondersteuners. Met die Jamesoninval lei Wolmarans as veldkornet 'n afdeling burgers om die inval te help stuit. Met die 1893 verkiesing begin sy derde termyn in die eerste Volksraad.²⁹⁸ Hy neem feitlik aan elke debat deel.

SW Burger

Schalk Willem Burger kom ook uit 'n familie aktief aan die politiek deelgeneem het. Sy oupa JJ (Kooitjie) Burger was volksraadslid in Natal en in die Ohrigstadse Volksraad. Beide sy pa en sy broer het dieselfde name as sy oupa gehad en was lede van die Eerste Volksraad. Een van sy onderwysers was JG Bantjes, van wie ons in hoofstuk een in verband met Jacob de Clerq sr. gelees het.

²⁹⁴ *Notulen 1894, Zaterdag 4 Augustus 1894, 460.*

²⁹⁵ *Notulen 1895, 1.*

²⁹⁶ Jacques Malan, *Die Boere-offisiere 1899-1902* (Pretoria: Van der Walt, 1990), 31.

²⁹⁷ SABW, Deel II (1972), s.v. "Wolmarans, Andreas Daniel Wynand," 878.

²⁹⁸ SABW, Deel II (1972), s.v. "Wolmarans, Andreas Daniel Wynand."

Burger maak gou opgang van klerk in die kantoor van die veldkornet van Lijdenburg tot veldkornet en kommandant (1885). Hy neem aktief deel aan die Eerste Vryheidsoorlog en die oorloë teen Sekhukune en Mmalebôhō. Hy onderhandel na die laasgenoemde oorlog met die protesterende kapteins en die kommandant-generaal Piet Joubert heg waarde aan sy raad. Hy dien sedert 1886 as lid vir Lijdenburg in die Eerste Volksraad waar hy in talle kommissies dien en in 1895 die voorsitter word. Hy verloor ook in daardie jaar die verkiesing van kommandant-generaal teen Piet Joubert, van wie hy egter ook 'n ondersteuner is. Hulle word beide beskryf as meer progressief in hulle politieke benadering.²⁹⁹

Inleidend oor die skooljare van Herman in Pretoria

In hierdie deel van die ondersoek word die verskillende skole wat Herman bygewoon het, by name die sogenoemde skool van meester Louis (Voorbereiding- en Opleidingskool – verwarrend genoeg ook genoem gymnasium), die Staatsmodelskool en die Staatsgimnasium beskryf. Die rol wat veral meester Wessel Louis in Herman se lewe gespeel het word nagegaan.

Daar word intens aandag gegee aan meester Louis se rol in die NHK ZAR gemeente Pretoria, die Konsulentsgemeente, omdat Herman later in die gemeente sou dien. Waardevolle inligting oor die skool- en losieslewe aan huis van die Louisgesin soos verskaf deur C. Beelaerts van Blokland word benut. Die noue bande van Beelaerts se familie met Suid-Afrika, die ZAR en die NHK ZAR word ook beskryf.

Daarna word 'n beskrywing gegee van wat van Herman verwag sou word as leerling aan die Staatsmodelskool (standaard V en VI). Gevolg deur 'n beskrywing van wat die kurrikulum aan die Staatsgimnasium behels het en wie die dosente was.

Ten slotte word ondersoek ingestel na die beskikbare beursskemas en hoe Herman daaruit kon voordeel trek. Een van Herman se vriende, Piet Grobler, se verhaal sluit aan by die destydse staatsbeursskema wat Piet as weeskind 'n hupstoot in die lewe gegee het. Hy en Herman het kontak behou tydens Hermans se eerste Nederlandse periode (middel 1898 tot einde 1899).

Die tien- en elfjarige Herman het vir die tydperk van die sittings van 1893 en 1894 in Pretoria skoolgegaan aan die skool van meester Wessel Louis, die Opleidingskool. In 1895 (die jaar waarin hy 13 geword het) is hy voltyds ingeskryf by eers die Staatsmodelskool (1895 – 1896) en daarna by die Staatsgimnasium (1897). Die skooljaar in die ZAR het in Januarie begin. In die loop van 1898 is hy na die staatsgimnasium in Zwolle in die provinsie Overijssel van die Koninkrijk der Nederlanden waar hy by die gesin De Haan tuisgegaan het. Die skooljaar daar het in September begin. Herman onderbreek sy skoolloopbaan om aan die oorlog van die ZAR teen die United Kingdom of Great Britain and Ireland deel te neem.

Herman was tien jaar oud toe sy pa sy eerste Volksraadsitting bywoon. “Dr. Fourie se vader was lid van die eerste Volksraad, Die ou Republiekeinsie [sic] Volksraad, wat in Pretoria gesetel was, en gedurende die Volksraadsittings moes Dr. Fourie in Pretoria skool gaan, ongeveer vier maande lank. Na die sitting moes hy maar weer terug plaasskool toe op Welgevonden.”³⁰⁰ Die sitting was in die wintermaande van Mei tot Augustus.³⁰¹

²⁹⁹ SABW, Deel II (1972), s.v. “Burger, Schalk Willem.”

³⁰⁰ MM Glatthaar, Persoonlike mededelings deur HCM Fourie aan haar, circa 1938/9, Privaatversameling HCM Fourie, 1/11, ABP NHKA, 1.

³⁰¹ LJS: Ter wille van die lede wat geboer het?

Van die grootmensewêreld gaan ons nou oor na die skoolwêreld van jong Herman wat vanaf 10-jarige tot 15-jarige ouderdom in Pretoria skoolgegaan het: In 1893 en 1894 vir die duur van die Volksraadsitting aan die Voorbereidingskool, vanaf 1895 voltyds aan die Staatsmodelskool en in 1897 aan die Staatsgimnasium.

In hierdie derde deel van die hoofstuk gee ons aandag aan die volgende: 'n Oorsig oor die onderwysontwikkeling en -wetgewing sedert die 1850's tot 1892; die onderwyswet van 1892; en die persoon van meester Wessel Louis by wie se gesin Herman ook ingewoon het. Daarna ondersoek ons die skool van meester Louis waar Herman skool gegaan het asook die kosskooltoestande. Herman se verhouding met die kinders in die Louisgesin word onder die loep geneem alvorens aandag gegee word aan die Staatsmodelskool en die Staatsgymnasium waaraan Herman onderrig ontvang het. Ten slotte word die beursmoontlikhede wat destyds bestaan het ondersoek saam met Herman en sy ouers se motivering om die Staatsgymnasium te verruil vir die Gymnasium in Zwolle.

Oorsig oor onderwysontwikkeling en -wetgewingsedert die 1850's tot 1892

Herman was, na sy ouderdom gereken, in 1893 in die middelbare fase van sy skoolonderrig.³⁰² Maar vóór 1893 lê daar 'n hele ontwikkelingsgeskiedenis van skoolwetgewing en oprigting van skole in die ZAR en Pretoria. Dit loop hand aan hand met stryd rakende Christelik-Nasionale onderwys en spesifiek die onderrigtaal.

'n Kort oorsig oor die onderwysontwikkeling in die Transvaal sedert die 1850's word gegee. Sake soos die stryd om die taal van onderrig en Christelike nasionale onderwys word bespreek. Daarna word die onderwysstelsel onder superintendent Mansvelt, wat sy pos in 1891 aanvaar, beskryf. Sy skolewet van 1892 het die onderwysstelsel omskryf waarbinne Herman voortaan sou skoolgaan. Hier is dit belangrik dat die leser nie eietydse terminologie terugprojekteer na destydse begrippe nie. Onder terme soos middelbare onderwys of hoëronderrig (wat vandag as naskoolse onderwys of tersiêre onderwys gesien word) is destyds iets heeltemal anders verstaan. Die destydse verstaan binne die ZAR en Nederland het ook van mekaar verskil. Raadpleeg hiervoor die definisies soos aan die begin van hierdie werk verskaf.

Ds Dirk van der Hoff was gestel op die kerk se rol in die onderwys, spesifiek Christelik-Nasionale onderwys.³⁰³ Die sogenaamde Van der Hoff-reglement is in 1853 deur die Volksraad aanvaar. Toegelate ouderdom vir skoolgaan was slegs van 'n kind se vyfde lewensjaar. Die kerkraad speel 'n rol in die aanstelling van onderwysers en besoldiging van onderwysers.³⁰⁴

In die geval van Lijdenburg het die kerkraad vir die periode 1854-1858 vir die salaris van meester Poen verantwoordelik geneem. Die Amsterdamse *Commissie* het toesig gehou oor die skool en die Lijdenburgse Volksraad (selfstandige republiek 1856-1860), was nie by die skool betrokke nie. Toe die kerkraad nie meer die besoldiging van meester Poen kon bekostig nie, het die skool 'n privaatskool geword.³⁰⁵

³⁰² MM Glatthaar, 1. Die afleiding kan gemaak word dat die pas van die skoolwerk op die plaas stadiger was as aan 'n staatskool want Herman gaan in 1895 en 1896 voltyds skool aan die Staatsmodelskool waar hy sy standaarde V en VI sou afhandel om in 1897 tot die Staatsgimnasium toegelaat te word.

³⁰³ E. Oliver, "Ds Dirk van der Hoff se bydrae tot die ontwikkeling van die Christelik- nasionale onderwysstelsel in die ZAR" *Hervormde Teologiese Studies* Jaargang 48 aflewering 3&4 (Sep/Nov 1992 AD Pont Huldigingsbundel): 871-882.

³⁰⁴ A.H. Lugtenburg, *Geskiedenis van die onderwys in die S.-A. Republiek (1836-1900). Bydrae tot die kennis van onderwystoestande in die Transvaalse, 1836-1900* (Pretoria: Van Schaik, 1925), 47-48.

³⁰⁵ Lugtenburg, *Geskiedenis van die onderwys*, 57-58.

In die **ZAR se grondwet van 1858** is in artikel 24 bepaal dat predikante en onderwysers uit Nederland moes kom. Kragtens die daarby aansluitende onderwysreglement van 1859 word begin met die oprigting van staatskole in die ZAR. Die Volksraad het nou die taak wat die kerkraad vervul het oorgeneem. Die beginsels van Christelik-nasionale onderwys is behou. Ds van der Hoff was steeds lid van die skoolkommissie.³⁰⁶

Hierdie bedeling geld tot in **1866** toe '**n nuwe onderwyswet, eintlik 'n reglement met 64 artikels**, aanvaar is. In 1868 neem die Uitvoerende Raad die rol van die skoolkommissie oor en Christelik-nasionale onderwys word oorboord gegooi. Op 22 Oktober 1868 word die grondwet gewysig om voorsiening te maak vir 'n staatspresident. Die eerste president was MW Pretorius.³⁰⁷

Die tweede **president, Thomas Burgers (1872-1877)**, skoei die onderwys streng op Nederlandse basis. Die 1874 onderwyswet was die eerste volledige onderwyswet en die begin van staatsondersteunde onderwys. Godsdiensoonderrig moes buite skoolure plaasvind. Die wet tree egter eers in 1876 in werking en in 1877 annekseer Britanië die ZAR.³⁰⁸

JV Lyle, die superintendent deur die Engelse aangestel doen goeie werk! In sy tyd word die eerste onderwysverslag gepubliseer. Hy bring godsdiensoonderrig terug en sien ook die noodsaak in van rondreisende onderwysers. Ná. hom was die Engelsgesinde ds HS Bosman 'n tydlank superintendent van onderwys.³⁰⁹

In 1881 verslaan die Boere die Engelse by Majuba en kry hulle vryheid terug. **Ds SJ du Toit** word deur die driemanskap, wat toe tydelik die Republiek regeer het, as superintendent aangestel. Hy dien van 1882 tot 1888. Hy staan sterk op Christelik-nasionale onderwys. Die plig lê by die ouers en die kerk. Die staat hou toesig en voorsien die geld. In **1882** is die sogenaamde "Du Toit-wet" aanvaar. In dieselfde jaar styg die getal skole, gestig deur die ouers en gesubsidieer deur die staat van nege skole (206 leerlinge) na 43 skole (873 leerlinge).³¹⁰

Die Du Toitwet het in 'n paar opsigte verskil van die Burgerswet. Dit word weer die ouers se taak om onderwysers te vind. Die staat moet die geld verskaf en toesig hou oor die onderwys. Die volledige plig gaan oor na die staat wat hoër onderwysinstellings moet oprig met die oog op die voorsiening van onderwysers en staatsamptenare; Die onderskeie kerkrade moet toesien dat skole gestig word; Godsdiensoonderrig berus by die kerk maar onderwys moet in 'n Christelike gees geskied en die lees van Gods Woord en die onderrig van die kerkgeskiedenis word deel van die kurrikulum – alles nie-leerstellig; en les bes: Alle onderwys moes in die "Nederduitsche taal" geskied.³¹¹

Die Du Toitwet sou geld tot die aanvaarding van die **1892-wet** aangevoer deur die nuwe superintendent **N Mansvelt**. Nicolaas Mansvelt (1852-1933) was 'n Nederlands-gekwalfiseerde onderwyser in Frans en Duits. Hy word in 1874 aangestel as dosent in die skole-afdeling van die Stellenbosch Gimnasium. Sy aanstelling maak deel uit van die beweging om verengelsing teen te staan. In 1880 word hy professor in moderne tale aan die Arts Department van die Stellenbosch Gymnasium (later Victoria College). Hy was 'n uitstekende dosent in die vak Nederlands en ook 'n taalstryder vir Afrikaans. Hy lewer lesings en artikels oor die ontwikkeling van die taal en publiseer

³⁰⁶ Lugtenburg, *Geskiedenis van die onderwys*, 52-53, 62-66.

³⁰⁷ Lugtenburg, *Geskiedenis van die onderwys*, 76-80.

³⁰⁸ A.K. Bot, *Die ontwikkeling van onderwys in Transvaal 1836-1951* (Pretoria: Staatsdrukker, 1951), 7-10.

³⁰⁹ Bot, *Die ontwikkeling van onderwys*, 12-14.

³¹⁰ Jan Ploeger, *Onderwys en Onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt (1881-1900)* Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis Jaargang 15, Deel 1 (Kaapstad: Cape Times vir die Staatsdrukker, 1952), 13.

³¹¹ Ploeger, *Onderwys*, 7-8. Vir 'n volledige bespreking lees bladsye 1 tot 20.

ook 'n woordeboek. In 1890 word hy stigterslid en sekretaris van De Zuid-Afrikaanse Taalbond wat die beoefening van Nederlands bevorder en die voorkeur wat aan Engels gegee is, te bestry. Die Taalbond en die NZAV werk nou saam.³¹²

Mansvelt aanvaar in Oktober 1891 die aanstelling as superintendent van onderwys in die ZAR.

Die Onderwyswet van 1892 en temas daarin wat in Herman se lewe 'n rol sou speel

Meester Louis, oor wie meer gegewens later in die hoofstuk volg, het help skryf aan die ontwerp vir die Mansveltwet. Die regering het in Oktober 1891 aan superintendent Mansvelt opdrag gegee om 'n konsep-onderwyswet op te stel. Louis was verantwoordelik vir die gedeelte oor hoër onderwys.³¹³ Uiteraard 'n belangrike deel van die wet.

Die wetsontwerp is verdeel in drie gedeeltes: Algemene bepalings, Besonder bepalings rakende laere- en middelbare onderwys en besonder bepalings rakende hoër onderwys.³¹⁴ Dit het bestaan uit 78 artikels wat op 30 Januarie 1892 in die Staatscourant verskyn het.³¹⁵

Die Volksraad het op 5 Mei 1892 'n kommissie aangewys om die konsepwet en die memories te behandel en 'n verslag uit te bring. President Kruger het elke sitting van die kommissie bygewoon.³¹⁶ Die wet soos dit aanvaar is was Wet Nr. 8 van 1892.³¹⁷

Die belangrikste sake wat in die algemene bepalings genoem word is dat dit die ouers se plig is om voorsiening te maak vir die opvoeding en onderwys van hulle kinders. Die staat beperk sy rol tot ondersteuning by wyse van subsidies aan die skole. Die wetgewing bepaal watter skole vir subsidie in aanmerking kom. Die staat vereis dat sy toekomstige landsburgers in alle vakke in Protestantse-Christelike gees opgevoed word en onderrig ontvang. Terwyl leerstellige godsdiensonderrig as die taak van die kerk beskou word het Gods Woord plek in skooltyd wanneer met Skriflesing en gebed geopen en afgesluit word en Bybelgeskiedenis behandel word. Die staat stel homself ten doel om self 'n inrigting vir hoërsonderrig op die been te bring waar veral toekomstige staatsamptenare en onderwysers opgelei kan word. Laeronderwys bestaan uit standaarde I tot III, middelbare onderwys uit standaarde IV tot VI en hoërsonderrig ná graad VI.

Temas in die Onderwyswet van 1892 wat op Herman se lewe 'n invloed sou hê

'n Tema in die wet wat op Herman se vorming en die verdere verloop van sy lewe betrekking het, is Hollandsch as onderrigtaal soos vasgestel in die artikel 24: "Alle onderwys moet gegee word in de Hollandsche taal." Tussen die tyd van die Hollandsch-mediumskole in die ZAR (1890's) tot 'n eie Bybelvertaling in Afrikaans (1930's) lê 'n groot gedeelte van die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans, spesifiek in die ZAR, later die Transvaal Colony en Transvaalprovinsie. Herman sou in 1919 deur die NKKK ZA benoem word om aan die eerste volledige vertaling van die Bybel in Afrikaans mee te werk. In 1920 onttrek hy hom egter aangesien die voorneme was om slegs die Satetenvertaling in Afrikaans om te sit. Die Algemene Kerkvergadering van 1922 het hom daarin gesteun en in 1924, toe daar reeds ooreengekom is om vanuit die oorspronklike tale te vertaal, word hy as eindvertaler benoem. Dit was pas nadat hy van Bronkhorstpruit na Johannesburg beroep is. Die kerkraad van

³¹² SABW, Deel I, 2de uitgawe (1976), s.v. "Mansvelt, Nicolaas."

³¹³ Ploeger, *Onderwys en onderwysbeleid*, 76-77.

³¹⁴ Ploeger, *Onderwys en onderwysbeleid*, 76.

³¹⁵ Ploeger, *Onderwys en onderwysbeleid*, 77.

³¹⁶ Ploeger, *Onderwys en onderwysbeleid*, 81.

³¹⁷ Ploeger, *Onderwys en onderwysbeleid*, 333-342. Die hele wet kan hier gelees word. Dit vorm Bylaag II van Ploeger se werk.

Johannesburg het toe ds PJJ Venter as tweede predikant beroep sodat Fourie aan die vertaling kon werk. Hy was die hele tyd daarmee besig totdat hy in 1929 na Groot-Marico beroep is. Op Groot-Marico was hy besig met die nasienfase van die vertaling.

‘n Taal ontwikkel intern en ekstern. Die interne geskiedenis dui op die taal self en die eksterne geskiedenis op die taalfunksies.³¹⁸ Die eksterne geskiedenis loop uit op die eerste volledige vertaling van die Bybel in Afrikaans, waarin natuurlik ook die interne ontwikkeling tot op daardie stadium vervat is. Maar op onderwysgebied in die ZAR het dit aan die einde van die 19de eeu nog gegaan om Hollandsch te beskerm teen die Engelsmedium waarop Engelsgerigte burgers, en later veral die Uitlanders, aangedring het.

Daar was ‘n poging na die 1880-1881 oorlog om Afrikaans tot amptelike taal van die ZAR te verhef maar daar het niks van gekom nie. Paul Kruger het Afrikaans as ‘n vorm van Hollands beskou en verder was Hollands vir hom die taal van die Bybel. In daardie sin was die Kaaplandse Afrikaners die ZAR voor want met die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners in 1874 is juis onderneem om Afrikaans tot skryftaal te verhef sodat die Bybel in Afrikaans vertaal kan word!³¹⁹

‘n Ander tema was dat “toekomstige burgers de vereischte Protestantsch-Christelijke opvoeding ontvangen;... dat in alle van Regeeringewege ondersteunde scholen het onderwijs in de verschillende leervakken gegeven word; (a) In Protestantsch-Christelijke geest;”³²⁰ Dit was die superintendant van onderwys, ds SJ du Toit, wat vir die eerste keer sedert ds Van der Hoff se reglement weer die saak van Christelik-nasionale onderwys wetlik onder woorde gebring het. Dit sal interessant wees om as opvolgstudie na die studie waarmee ons besig is hierdie lyn verder te volg tot by die beginsels van die Nasionale Party waartoe ds, later dr, Herman Fourie sou behoort. Ook sal ‘n ondersoek van die *Wetten en Bepalingen voor de NHK van ZA* noodsaaklik wees. Die hele saak van Christelik-nasionale onderwys het sterk op die voorgrond getree ná die oorlog van 1899-1902.

Reeds vroeg (1889) het daar in die ZAR die ideaal geleef om ‘n eie universiteit op te rig. Toe daar in die Unie van Suid-Afrika reeds die Transvaal University College gevestig was en die NHK van ZA ‘n eie teologiese opleiding wou begin, is ds HCM Fourie in 1912 benoem word as professor in die teologie. Hy wys die benoeming van die hand omdat hy nog nie oor ‘n doktorsgraad beskik nie.

Die inwerkingtreding van die 1892-wet en die bepalinge aangaande eksamens

Die onderwyswet tree op 1 Januarie 1893 in werking. “Hierdie wet was vir die ou gevestigde bevolking en almal bedoel wat van plan was om die amptelike taal van die Suid-Afrikaanse Republiek te beskerm en voort te plant. Vir vreemdelinge wat geen kennis van hierdie taal besit nie, was die sgn. besluitskole bedoel wat onder die Volksraadsbesluit van 4 Junie 1892 geval het. Hierdie skole sou van tydelike aard wees. Na drie jaar sou hulle, indien die proefneming slaag, verval.”³²¹

‘n Konsepwet om beter voorsiening te maak vir die eksaminering van persone wat beroepsgerigte eksamens in die ZAR aflê loop uit op die aanvaarding van wet no. 6 van 1895.³²² Die wet wou ook die beoefening van lettere en wetenskappe in die Republiek bevorder. Saam met die

³¹⁸ J.C. Steyn, *‘Ons gaan ‘n taal maak’ Afrikaans sedert die Patriot-jare* (Pretoria: Kraal Uitgewers, 2014), 11.

³¹⁹ Steyn, *‘Ons gaan ‘n taal maak,’* 19-20, 31-21.

³²⁰ *Wet No. 8, 1892 Regelende het onderwijs voor de blanke bevolking in de Z.A. Republiek*, Artikels 1 (b) en 2(a).

³²¹ Ploeger, *Onderwys en onderwysbeleid*, 98.

³²² *Wet no.6, 1895 goedgekeurd en vasgesteld bij besluit van den Ed.Achth. Volksraad, art. 555, d.d. 2 Julie 1895 zijnde wijziging van wet no.13 van 1886 tot het daarstelling van een raad van examinatoren*, (Pretoria: Staatsdrukkerij, 1895).

schoolwedstrijden, waarin skoliere aansporingspryse kon wen, het die wet die standarde van kwalifikasies en erkenning aan prestasies in die ZAR na 'n hoër vlak geneem. Daar is dus nog voor die opening van die Staatsgymnasium reeds wetlike voorsiening gemaak vir die eksaminering van kandidate vir die kwalifikasies L.C. (Candidatus Litterarum) en Ph.N.C. (Philosophiae Naturalis Candidatus).³²³

Voornemende beroepslui van buite die ZAR kon ook eksamens met die oog op praktiserende lisensies bekom. Die volgende beroepe word genoem: Onderwyser, regsgeleerde, landmeter, mijnopmeter, apotheker en drogist.³²⁴

Die Raad van examinatore sou bestaan uit die Hoofdrechter, Superintendent van Onderwijs, Staatsprocureur, Landmeter-generaal, en die voorzitter van die Geneeskundige Commissie saam met vyf lede aangestel deur die Volksraad.³²⁵

Betreffende die examen in klassieke tale in Letteren was die vereistes vir die vóór-candidaatsexamen en candidaatsexamen soos volg:

Latijn vóór-candidaatsexamen: "Taalkunde; Vertalen uit het Hollandsch in het Latijn; Vertalen en verklaren van moeilijker Latijnsche proza en poëzie, b.v. filosofische werken en brieven van Cicero, Tacitus, Horatius; Vertalen ad aperturam van gemakkelijke Latijnsch proza en poëzie, zooals Cicero, Ovidius, Vergilius."³²⁶

Latijn candidaatsexamen: "Taalkunde; Vertalen uit het Hollandsch in 't Latijn, Vertalen en verklaren van moeilijker Latijnsche proza en van lyrische en dramatische poëzie. Vertalen ad aperturam van Latijnsch proza en poëzie; prosodie; beknopt overzicht der Letterkunde."³²⁷

Vóór-candidaatsexamen: "De Grieksche Taal: Taalkunde, vertalen en verklaren van moeilijker Attisch proza, b.v. Plato of Demosthenes, en van Epische Poëzie, Homerus; Vertalen ad aperturam van gemakkelijker Attisch proza, b.v. Xenophon, Lysias."³²⁸

Candidaatsexamen: "De Grieksche Taal: Taalkunde (Attisch, Ionisch, en Episch dialect); Vertalen in 't Hollandsch en 't Latijn van moeilijker Grieksch proza en van dramatische en epische poëzie; vertalen ad aperturam van Attisch proza en Epische poëzie; prosodie; beknopt overzicht der Letterkunde."³²⁹

Indien Herman Fourie die pad aan die Staatsgymnasium voluit sou loop en tevrede sou wees om te vorder tot Candidatus Litterarum in die ZAR, was sy einddoelwitte hiermee wetlik vasgestel. Maar hy was nou nog maar 13 jaar oud en sou eers die werk aan die Staatsmodelschool moes voltooi – en voor die Staatsmodelschool om die beurt die plaasskool en die Voorbereidingskool!

Wessel Louis: Rolspeler in Herman se lewe

Vervolgens word die persoon van meester Wessel Louis aan die orde gestel. Behalwe dat hy Herman onderrig en geleer het om sistematies te werk te gaan, het Herman by tye by die gesin ingewoon. Met Louis se rol in 1886/7 as sekretaris om vir die konsulentsgemeente Pretoria 'n predikant uit Nederland te kry begin 'n trajek wat sou uitloop op die beroep van proponent Herman Fourie na sy eerste gemeente. Louis se diens in die ZAR op onderwys- en kerklike gebied vorm deel van 'n wyer beweging om as Nederlanders en vanuit Nederland die belange van die ZAR te bevorder. Louis was

³²³ *Wet no. 6, 1895, Vereischten voor de examens, 20.*

³²⁴ *Wet no. 6, 1895, De Raad van Examinatoren in de Z.A. Republiek, 5.*

³²⁵ *Wet no. 6, 1895, artikel 1, 1.*

³²⁶ *Wet no. 6, 1895, Vereischten voor de examens, 15.*

³²⁷ *Wet no. 6, 1895, Vereischten voor de examens, 16.*

³²⁸ *Wet no. 6, 1895, Vereischten voor de examens, 17.*

³²⁹ *Wet no. 6, 1895, Vereischten voor de examens, 18.*

deel van die tweede emigrasie van Nederlanders na Transvaal in die tyd van staatpresident TF Burgers.³³⁰

Meester Wessel Louis en die onderswysposte wat hy beklee het

Louis kom in 1875 na die ZAR en word die hoof van die “goewermentsdistrikskool” op Potchefstroom.³³¹ Dit was ‘n laerskool. In 1883 word hy ingevolge die 1882-onderwyswet aangestel as hoof van die nuwe staatshoërskool in Pretoria, die Opleidingskool.³³² Maar, omdat die vlak van algemene onderrig nie op peil was nie, moes daar aanvanklik in die skool aan baie leerlinge eers middelbare onderrig gegee word.³³³ In 1886 is ‘n amptelike middelbare afdeling, die Voorbereidingskool, ingestel en tot die inrigting toegevoeg. Vanaf 1887 staan die inrigting as die gimnasium bekend.³³⁴

Die gesin Louis woon gedurende 1883 in ‘n huis wat behoort het aan ds SJ du Toit, geleë op die hoek van Kochstraat en Vermeulenstraat.³³⁵ Die eerste skoolgebou was geleë aan kerkplein (noordwestelike hoek), langs die Hervormde pastorie, destyds bewoon deur ds HS Bosman.³³⁶ Daar het ook kosgangers by die Louisgesin ingewoon.

Na ‘n kortstondige verblyf in ‘n huis van regter Jorissen verhuis die gesin in Desember 1884 na Prinsloostraat.³³⁷

Meester Louis se dogter Katharina onthou soos volg: “Die nuwe skool is in twee afdelings verdeel, nl. Die Opleidingskool en die Gymnasium. Die Opleidingskool se drie klaskamers staan vandag [1960] nog met sy voorkant na Prinsloostraat terwyl die Gymnasiumklas in president Burgers se waenhuus waarin sy kar en perde gehou was, gehuisves was. Hierdie karhuis wat ons vandag ‘n garage sou noem, het agter die gebou van die Opleidingskool gestaan. Die tuin het omtrent die helfte van die blok ooswaarts gestrek, terwyl die erwe aan die suidekant [aan Pretoriusstraat] nog heeltemal onbebou was.”³³⁸

Rosa Swanepoel skryf verder: “Die naam van die skool het nou verander na die Staatsmodelskool. Op 1 Augustus 1893 is die ‘Staatsmodelskool’ deur die Superintendent van Onderwys, Dr. N. Mansvelt, namens die regering plegtig geopen en [sic] teenwoordigheid van enkele Volksraadlede en kuratore. Met die opening van die Staatsmodelskool in [sic] ongeveer 122 leerlinge ingeskryf en as gevolg van gebrek aan ruimte is St. I in een lokaal geplaas; St. II en die helfte van St. III in die tweede lokaal; in die derde lokaal die ander helfte van St. III en die helfte van St. IV; en in

³³⁰ Jan Ploeger, *Nederlanders in Transvaal 1850-1950* (Pretoria: Van Schaik, 1994), 13-14.

³³¹ SABW, Deel II, 2de uitgawe (1986), s.v. “Louis, Wessel.”

³³² Rosa Swanepoel, *Pretoria Geselsbrief*, April 2005.

<https://repository.up.ac.za/bitstream/handle/2263/3491/Pta-05-04.pdf?sequence=1&isAllowed=y>

Haar beskrywing dat dit ‘n hoërskool was maak meer sin as Jan Ploeger se beskrywing daarvan as die eerste middelbare skool in die Transvaal. SABW, Deel II, 2de uitgawe (1986), s.v. “Louis, Wessel.” Sien egter ook lys van definisies.

³³³ Ploeger, *Onderwys*, 57.

³³⁴ Swanepoel, *Pretoria Geselsbrief*, April 2005.

³³⁵ J. Ploeger, “Herinneringe van mevr. Katharina Cornelia Peters-Louis” *Pretoriana* Deel 4 No. 3 (April 1955), 15. <http://hdl.handle.net/2263/11480>

³³⁶ Tans Bosman- en Madibastrate. Spies gee die perseel aan as daar waar die Pointonsentrum vandag is, grensend aan Kerkstraat-Wes (WF Nkomostraat).

F.J. du T. Spies, “Die skool van Louis. Herinneringe van C. Beelaerts van Blokland” in *Pretoriana* No. 056 & 057, (April-Aug. 1968), 16 <http://hdl.handle.net/2263/13869>

³³⁷ Ploeger, “Herinneringe van mevr. KC Peters-Louis,” 17.

³³⁸ Swanepoel, *Pretoria Geselsbrief* (April 2005).

die laaste lokaal die ander helfte van St. IV. Daar was nog drie buitekamertjies waarin Engels en Natuurwetenskappe onderskeidelik gedoseer is, terwyl in die derde kamer die doofstoom leerlinge onderrig ontvang het.

“Voordat die ‘nuwe’ Staatsmodelskool in Van der Waltstraat gebou is, was ruimte nog steeds ‘n groot probleem en twee van die markgeboue in Kerkstraat word gehuur en later die woning van mnr. Ockerse in Van der Waltstraat, regoor Burgerspark. Dr. Fockens moes met sy instrumente verhuis na die ‘n huisie op Kerkplein, waar die Paleis van Justisie later gebou is. Ook verskeie ander geboue is gebruik as deel van die skool.”³³⁹

Die **staatsgimnasium open in 1893** en meester Louis word mederektor en personeellid. Dit val saam met die jaar van die aanvaarding van die 1892-onderwyswet. Louis was dus nie onderwyser aan die Staatsmodelskool toe Herman daar skoolgegaan het van 1895 tot 1896 nie.

Wessel Louis se rol in die Konsulentsgemeente Pretoria

Die gesin Louis was lidmate van die NHK ZAR en spesifiek van die Konsulentsgemeente Pretoria.³⁴⁰ Later is die gemeente net genoem Pretoria en in 1911 het gemeente Erasmus in 1911 daarvan afstig met Herman Fourie as die eerste predikant! Die konsulentsgemeente het ontstaan uit ‘n gedeelte van die lidmate van gemeente Pretoria na aanleiding van die feit dat ds Begeman in 1864 geweier het om kinders te doop omdat toestande binne die gemeente en kerkraad volgens hom nie na wense was nie. Hy het ook in Junie 1865 (toe die NHK ZAR nog staatskerk was en ‘n Hervormde predikant die eerste sitting van die Volksraad met gebed moes open) geweier om die openingsgebed te doen.³⁴¹

“Die stigting van die Konsulentsgemeente Pretoria is op die Algemene Kerkvergadering van November 1869 finaal goedgekeur. Hierdie gemeente wat deur ds. D. van der Hoff gestig is, het dieselfde grense as Pretoria gehad, maar langamerhand het Witfontein, die woonplaas van die heer M.J. Prinsloo, die middelpunt geword. Hier is later ‘n sinkkerkgebou opgerig.

“In die jare van die kerkvereniging sou Witfontein ‘n belangrike rol speel, en sou die sinkkerk die ‘ark’ van die Hervormde Kerk genoem word.”³⁴²

Meester Louis was een van twee persone wat, woonagtig in Pretoria, hulle vir die belange van die gemeente beywer het. Die ander persoon was ‘n ouderling van die konsulentsgemeente maar ook ‘n belangrike en invloedryke figuur in die openbare lewe binne die ZAR. Christiaan Johannes Jacobus Joubert was lid van die Volksraad sowel as die Uitvoerende Raad, vise-president en hoof van mynwese.³⁴³

³³⁹ Swanepoel, *Pretoria Geselsbrief*, April 2005.

³⁴⁰ <https://www.familysearch.org/ark:/61903/3:1:3Q57-L9Z5-RTX?i=1152&cc=2155416> (Gesoeke na rekords bevattende Wessel Louis in South Africa, Netherdutch Reformed Church Registers (Pretoria Archive), 1838-1991) gee doopbesonderhede van sommige kinders: Doopouers telkens Wessel Louis en Minka/e van Veen. Ada Paulina gebore 26 Augustus 1887 en gedoop 5 Februarie 1888 te Rustenburg (LJS: Ds Smits van Rustenburg was die konsulent van die konsulentsgemeente Pretoria) bladsy 37 inskrywing 277; Gesina Lucretia gebore 5 Oktober 1876 en gedoop op 25 April 1878 te Potchefstroom Bladsy 305; Wessel Christiaan gebore 15 Desember 1885 en gedoop op 5 Februarie 1888 op Rustenburg (saam met Ada Paulina) Bladsy 37 Inskrywing 276. Die naam Louis Wessel kom nie andersins in ‘n soektog in die kerklike registers op hierdie webblad voor nie.

³⁴¹ J.D. Storm, “Die Nederduitsch Hervormde Gemeente, Bronkhorstpruit” in *Nederduitsch Hervormde Gemeente Bronkhorstpruit 1869-1969* (Krugersdorp: NHW-Pers, 1969), 81.

³⁴² Storm, “Bronkhorstpruit,” 83.

³⁴³ G.D.J. Duvenage, “Oudl. C.J.J. Joubert” in *Nederduitsch Hervormde Gemeente Bronkhorstpruit 1869-1969* (Krugersdorp: NHW-Pers, 1969), 110.

Nadat die Algemene Kerkvergadering van die Verenigde Kerk in Desember 1885 nie aan die afgevaardigdes van die Konsulentsgemeente sitting gegee het nie, het ouderling Christiaan Joubert meester Louis Wessel versoek om as sekretaris in die korrespondensie om 'n eie predikant vir die Konsulentsgemeente te bekom, op te tree. Louis skryf aan die vader van een van sy skoolleerlinge, dr GJT Beelaerst van Blokland, wat op kerklike en staatkundige gebied sterk uitgekóm het vir die saak van die ZAR. Sy ywer vir die Transvaal gaan terug na sy oupa se rol aan die Kaap in die dekades voor die landsverhuizing.³⁴⁴

GJT Beelaerst van Blokland se oupa Gerard (1772-1844), doctor in regsgeleerdheid, word in 1802 prokureur-generaal en fiskaal van die militêre hof en kom in 1803 na die Kaap en verleen waardevolle hulp aan kommissaris-generaal De Mist met die verbetering van die regstelsel. Onder die Engelse bewind word hy sekretaris van Justisie. Hy vergesel in 1812 die Kaapse rondgaande hof (die sogenaamde “Swarte Ommegang”) vir sy sittings in die oostelike distrikte. As kroonvervolger bevind hy dat talle beskuldigings deur die sendelinge Van der Kemp en Read teen die grensboere ongegrond is. In 1813 word hy voorsitter van die Maatschappij tot Nut van 't Algemeen. Die maatskappy beywer hom onder andere vir die onderwys. In 1815 tree hy as sekretaris op vir die twee regters wat die Slagtersnekopstand ondersoek en ses doodsvonnisse oplê. Vier van die galgtoue breek en die persone word wêér gehang. Dit versoorsaak groot wrok. “Die opdrag wat hom met hierdie tragiese gebeure verbind, vind B. deurgaans onaangenaam.” Hy keer in 1817 terug na Nederland.³⁴⁵

GJT Beelaerst van Blokland se pa Frans Willem Anne (1810-1886) is aan die Kaap gebore, maar in sy sewende lewensjaar weer saam met sy ouers terug na Nederland. Hy promoveer ook in die regte en beklee belangrike betrekkinge in die verband in Rotterdam en Den Haag. Hy beywer hom vir sy geboorteland en spesifiek ook vir die Boererepubliek: “B. tree vroeg op as verdediger van die Boere-emigrante in die binneland van Suid-Afrika, wat in die jare veertig en vyftig besig was om eie onafhanklike state op te rig. In Rotterdam is hy ouderling van die Hervormde Kerk en medebestuurder van die Nederlandsch Zendinggenootschap.”³⁴⁶

Dr GJT Beelaerst van Blokland met wie Louis korrespondeer was lidmaat van die Nederlandse Hervormde Kerk en in diens van die Departement van Justisie. Van 1869-1875 was hy advokaat-diaken van die Nederduitse Hervormde Kerk van Nederland [sic]. Hy het tot die Anti-Revolutionaire Partij behoort en was ten tye van die korrespondensie in 1886 lid van die Tweede Kamer van die State-Generaal vir die kiesdistrik Tiel. Ná die Engelse anneksasie van die ZAR en tydens die Eerste Vryheidsoorlog kom hy aktief op vir die saak van die Boererepubliek. Hy tree op as raadgever en tolk vir die 1883/4 deputasie van SJP Kruger, NJ Smit en ds SJ du Toit. In 1884 gee koning Willem III van Nederland toestemming dat hy in diens van die ZAR as vreemde staat te tree. Hy word “minister-resident” vir die ZAR by die regering van die Verenigde State van Amerika. Later ook by al die koninklike hofe en regerings in Europa met die uitsondering van sy eie land, België en Groot-Brittanje. Sy pos word in 1889 opgradeer toe hy buitengewone gesant en en gevolmagtigde minister van die ZAR by genoemde regerings en hofe word. In die tydperk 1887 tot 1897 word konsulate van die ZAR geopen in Lissabon, Berlyn, Brussel, Amsterdam, Parys, Frankfurt, Hamburg, Napels en Den Haag.

³⁴⁴ SABW, Deel II, 2de uitgawe (1986), s.v. “Beelaerts van Blokland, *jonkheer* Gerard Jacob Theodoor.”

³⁴⁵ SABW, Deel II, 2de uitgawe (1986), s.v. “Beelaerts van Blokland, *jonkheer* Gerard.”

³⁴⁶ SABW, Deel II, 2de uitgawe (1986), s.v. “Beelaerts van Blokland, *jonkheer* Frans Willem Anne.”

Dr GJT Beelaerst van Blokland se seun Cornelis (1873-1948) keer, op sy versoek aan sy ouers en met hulle toestemming, saam met die deputasie terug na die ZAR om daar vir drie jaar lank skool te gaan by meester Louis.³⁴⁷ Hy trek op 28 Julie 1884 in by die kosskool van Louis.³⁴⁸

Louis se eerste skrywe aan dr GJT Beelaerst van Blokland gaan uit op 8 Januarie 1886 en hy volg dit sommer op 28 Januarie op. Op Saterdag 13 Februarie het die gemeentevergadering gehou te Witfontein die bekende besluit geneem :

“... Maakt geene objectie omtrent het niet opnemen dezer Gemeente in de rij der Gemeenten van de Ned. Herv. of Geref. Kerk.

“Gevoelt ons integendeel tevreden te blijven hetgeen wij was en nu nog ben, namelijk: Ned. Herv. Deze vergadering verklaart verder, dat zij onder geene omstandighede zullen aansluiten bij die Kerkgenootskap, waardoor inbreuk zal kunnen worden gemaakt op de naam en regten van de Ned. Herv. Kerk, zooals dezelve zijn neergelegd in art. 20 onzer Grondwet...”³⁴⁹

Die ander afdeling in die gemeente, Rhenosterpoort, bekragtig hierdie besluit op ‘n gemeentevergadering gedurende dieselfde week.

“Die konsulentsgemeente het met hierdie besluit dus verklaar dat hy nie meer ‘n *Konsulentsgemeente* van Pretoria sou wees nie, maar voortaan sou optree as *die* Ned. Hervormde gemeente van Pretoria, want ds. Bosman met sy kerkraad het verenig.”³⁵⁰

Nog voor ontvangs van Beelaerts se antwoord gedateer 10 Maart 1886 skryf Louis in April dat die mense soos opgewonde kinders wag op die antwoord in verband met ‘n predikant. Beelaerts se antwoord was dat daar eers ‘n beroep uitgebring moet word alvorens hy sal kan help.³⁵¹

Die kerkraad en die ouderlinge en diakens van Standerton, Middelburg en Heidelberg wat op die beroepsvergadering gehou op 3 Januarie 1887 teenwoordig was, stuur ses blanko beroepsbriewe na Beelaerst.³⁵² Hy moet soek na ‘n predikant wat “een vast, onwrikbaar Hervormde leraar zijn” wat ook die Hervormde Kerk se eer sal handhaaf en teen die teenparty sou kon verdedig.³⁵³ Louis skryf op 6 Januarie 1887 aan Beelaerst: “De oude hervormde partij is heelemaal voortrekkers element en Krugers gezind (anti-Kaapsch, anti-Engelsch), redenen waarom president Kruger zoo gaarne de Hervormde Kerk weer op de been zag.”³⁵⁴ En op 21 Januarie 1887 dat die predikant ‘n vroom gemoed moet hê, “alle lust (LJS: moet) heeft om te *staan* teenover die Kaapsche partij” en hulle poging om die Hervormde Kerk te verengels.³⁵⁵

Louis skryf privaat aan Beelaerst dat dit goed sou wees as die beroepene voor Mei 1888, wanneer die Verenigde Kerk oor die naam van die Kerk sou besluit, reeds bevestig sou wees. Die nuwe

³⁴⁷ SABW Deel II, 2de uitgawe (1986), s.v. “Beelaerts van Blokland, *Jonkheer* Gerard Jacob Theodor,” 50.

³⁴⁸ F.J. du T. Spies, “Die skool van Louis. Herinneringe van C. Beelaerts van Blokland” in *Pretoriana* No. 056 & 057, (April-Aug. 1968), 16-20. URI <http://hdl.handle.net/2263/13869>

³⁴⁹ S.P. Engelbrecht, *Geskiedenis van die Nederduits Hervormde kerk van Afrika* (Pretoria: De Bussy, 1936 tweede hersiene en vermeerderde uitgawe), 362.

³⁵⁰ Engelbrecht, *Geskiedenis*, 362.

³⁵¹ S.P. Pretorius, “Die kerkvereniging van 1885 – sy aanloop en mislukking” (UP: Ongepubliseerde proefskrif, 1986), 431.

³⁵² Pretorius, “Die kerkvereniging,” 432.

³⁵³ Pretorius, “Die kerkvereniging,” 432.

³⁵⁴ Engelbrecht, *Geskiedenis*, 362.

³⁵⁵ Pretorius, “Die kerkvereniging,” 432.

predikant sou 'n aansporing wees vir die Hervormers wat verenig het om terug te keer na die Hervormde Kerk.³⁵⁶

In Maart 1887 het ds MJ Goddefroy, leraar van die Hervormde kombinasiegemeentes Achlum en Hitzum in Friesland³⁵⁷, die beroep aanvaar na die kombinasie Pretoria, Standerton en Middelburg. Hy en sy gesin gaan ter see aan die begin van Mei en kom in Junie in Pretoria aan. Op 30 September 1887 word hy deur ouderling Christiaan Joubert te Witfontein bevestig.³⁵⁸

Die Opleidingskool se nuwe skoolterrein in Prinsloostraat (1884)

Op hierdie stadium is meester Louis se skool³⁵⁹, wat eers op kerkplein was, gevestig op die erf wat front na Prinsloostraat op die suidoostelike hoek met Kerkstraat. Louis se skoonpa het die koopbedrag vir die eiendom vanuit Nederland gestuur. President Burgers het voorheen daar gewoon en die eiendom (vier erwe) is deur meester Louis van die regering aangekoop.³⁶⁰ Oorkant die erf, aan die ander kant van Prinsloostraat was die marktplaas.³⁶¹

Die woonhuis was op die hoek en het wes gefront na marktplaas.³⁶² Daar was ook 'n koetshuis en stal met 'n vrugteboord met granaat- en vyelanings sowel as 'n wingerd. Die eiendom was aan drie kante omraam met 'n roosheining. Die waterleivoer het langs Prinsloostraat afgeloop.

Aanvanklik is die waenhuis as skool én slaapvertrekke gebruik en later het Louis uit eie fondse 'n nuwe skoolgebou gedurende 1887/8 voor die waenhuis laat oprig. Dit is dan die skoolgebou waarin Herman skoolgegaan het. Dit het bestaan uit vier groot vertrekke en een kleintjie. Die vloere was van swart potklei en die plafon van seildoek, wat beweeg het wanneer die wind waai. President Kruger het op Saterdag bandiete oorgestuurd om die skool skoon te maak.

Die Hervormde Gemeente Pretoria (voorheen die Konsulentsgemeente) het vir 'n tyd lank dienste in die skoolgebou gehou. In die geval van 'n aanddiens is lampe by die NZASM geleen. "Die klaskamers het groot voudeure gehad. Wanneer dit oopgevou of oopgemaak is, het dit 'n groot lokaal uitgemaak. Die predikant was ds. Goddefroy wat op Pretoriusplein gewoon het."³⁶³

³⁵⁶ Aangehaal by Pretorius, "Die kerkvereniging," 433 wat dit oorgeneem het uit S.P. Engelbrecht eerste uitgawe, 315.

³⁵⁷ SJ Botha, *Ds Marié Joseph Goddefroy 1848-1920 Sy lewe en betekenis* (Pretoria: HAUM, 1981), 33.

³⁵⁸ SJ Botha, *Ds Marié Joseph Goddefroy*, 60.

³⁵⁹ Alle gegewens oor die skool en koshuis kom uit die volgende bronne:

J. Ploeger, "Herinneringe van mevr. Katharina Cornelia Peters-Louis" *Pretoriana* Deel 4 No. 3 (April 1955): 14-18 URI <http://hdl.handle.net/2263/11480>; en

F.J. du T. Spies, "Die skool van Louis. Herinneringe van C. Beelaerts van Blokland" in *Pretoriana* No. 056 & 057 (April-Aug. 1968), 16-20. <http://hdl.handle.net/2263/13869>

Rosa Swanepoel, Pretoria Geselsbrief (April 2005) geraadpleeg by <https://repository.up.ac.za/bitstream/handle/2263/3491/Pta-05-04.pdf?sequence=1&isAllowed=y>

³⁶⁰ Ploeger, "Herinneringe:" 16

³⁶¹ Marktplaas was geleë op die straatblok waar vandag die Staatsteater en Strijdomplein is. Kerkstraat heet tans Helen Josephstraat en Prinsloostraat Sisulustraat.

³⁶² Spies, "Die skool van Louis:" 17 noem dit klaarblyklik verkeerd as kerkplein.

³⁶³ Rosa Swanepoel, Pretoria Geselsbrief, April 2005.

Sien ook: Botha, *Ds Marié Joseph Goddefroy*, 59 wat meld dat die pastorie gebou is op die hoek van Markt- en Visagiestraat (waar die huidige stadsaal van Pretoria geleë is).

Herman as tydelike skooler en kosganger van die sogenoemde Gimnasium (= Voorbereiding-/Opleidingskool) in 1893 en 1894

Herman skakel gedurende 1893 en 1894, ten tye van die Volksraadsittings, as deel van sy middelbare onderwys in by die Voorbereidingskool. Hy loseer ook in die koshuis. Hy "... (gaan) tuis ... in die koshuis van mnr. Louis. Bitterdae het hy daar gehad: slegte kos, 'n treurige slaapplek- mens wonder of daar nie die grond gelê is vir die lewerkwaal, wat hom sy hele lewe lank gepla het."³⁶⁴

Die koshuishuisgangers het tuis gegaan in die perdestal – met krip en al! Aan nuwe kosgangers wat beswaar gemaak het daarteen om in 'n stal te slaap het meester Louis gevra waar ons liewe Heer dan gebore is! Die trommel is in die krip gebêre en die katels was van yster met vingerbreedte staalplate as basis vir die matras.³⁶⁵

'n Vroeëre skooler, C Beelaerst van Blokland se beskrywing van die skool en koshuis

By gebrek aan primêre bronne met meer presiese detail oor Herman se eie skool- en kosgangerervaringe maak ons staat op die beskrywing van 'n vroeëre skool- en kosganger, C Beelaerst van Blokland. Hy herinner hom dat mevrou Louis die hele huishouding waargeneem het. Sy het 'n bediende gehad met die naam Papallel. Etes is in die woonhuis se eetkamer voorgesit. Surerige bruin semelbrood is in die somer met botter besmeer en in die winter met goue stroop. Smiddae is 'n dik sop bedien en daarna taai beesvleis omdat in Pretoria destyds slegs ou trekosse geslag is. Katte is aangehou weens die slanggevaar. Die leerlinge moes om die beurt voor en na ete bid. Hulle moes ook op die werf hulle kant bring met natgooi van die tuin. Hulle het swem in die Apiesrivier verkies bo die bestaande swembad op die werf. Daar was byvoorbeeld Meintjes se gat in die omgewing van Leeubrug, wat in 1887/8 opgerig is. Die noodsaak om te gaan swem kom van die feit dat daar geen badkamers was nie! In die winters is daar net Saterdag voete gewas!

"Voor en tussen skoolure is verskillende spelsoorte beoefen. Rugby-voetbal was veral in trek, 'hetgeen wilder is dan wat men hier in Nederland na mijn terugkomst speelde, omdat men ook de handen mag gebruiken en met den bal weglopen.' Die markplein voor die skool was nie baie geskik vir die spel nie omdat daar 'n aantal doringbossies gestaan het waarin die bal gewoonlik 'n lek opgedoen het. Na skooltyd het hulle ook soms gaan kyk hoe die volwassenes voetbal speel op die plein waar later Burgerspark aangelê is."³⁶⁶

Die kinders het meester Louis met ontsag bejeën. "(Meester Louis) kwam naar school op swarte schoenklompen, een zwart fluweelen kalotje op het hoofd en gewapend met een flinke kirie ..." ³⁶⁷

Ander onderwysers was JKM Te Boekhorst³⁶⁸, Van Coevorden, Boersma en Tromp. Dr Fockens het die ou skool aan kerkplein gebruik as laboratorium.

³⁶⁴ Weduwee Jo Fourie se puntsgewyse lewensoorisig van HCM Fourie, Punt 13, Privaatversameling HCM Fourie. Jo Fourie meld nie die skole in Pretoria wat Herman voor die Staatsgimnasium bygewoon het nie. Ons kom dus nie nader aan jong Herman se eie skoolervaringe van 1893 tot 1896 as ander beskikbare tydgenootlike beskrywings nie.

³⁶⁵ Swanepoel, Pretoriase Geselsbrief, April 2005.

³⁶⁶ Spies, "Die skool van Louis:" 20 haal C Beelaerst van Blokland aan.

³⁶⁷ Spies, "Die skool van Louis:" 17 haal C Beelaerst van Blokland se beskrywing van meester Louis in sy werk *Transvaal* aan.

³⁶⁸ Jan Ploeger en medewerkers, *Nederlanders in Transvaal 1850-1950* (Pretoria: JL van Schaik, 1994), 23. Te Boekhorst was een van die onderwysers wat tydens die Tweede Vryheidsoorlog in die krygsgevangenekampe sou skool hou.

Herman en die Louiskinders

Herman sou die Louisgesin goed leer ken. Die egpaar Louis het voor hulle koms na Pretoria 'n seun, Antoine, gehad en drie dogters waaronder Katharina Cornelia en Gesina (gebore 5 Oktober 1876).³⁶⁹ In Pretoria is gebore Wessel Christiaan (15 Desember 1885), Ada Paulina (26 Augustus 1887) en Harmen. Wessel se bynaam was Wessel Boemi. Hy is gebore op die oomblik toe daar op Salvokop, suid van die stasie, by die "Time Ball" op 16 Desember 'n kanonskoot afgevuur is!³⁷⁰ Harmen het graag as kind met 'n knopkierie rondgeloopt en het so die bynaam Kierieman verwerf. Herman was 7 jaar jonger as Gesina, 3 jaar ouer as Wessel, 5 jaar ouer as Ada en ook ouer as Harmen. Uit 'n brief van een van Herman se latere skoolmaats, Pieter Grobler, blyk dit dat daar 'n later moontlik vonkie van tienerverliefdheid tussen Herman en Ada was!³⁷¹

Leerling aan die Staatsmodelschool

"Op advies van Onderwysinspekteur Nieuwenhuizen, stuur Dr. Fourie se vader hom in 1895 na die Modelskool te Pretoria..."³⁷²

Hierdie staatskool (met ander woorde nie 'n gesubsidieerde ouerskool nie) moes as model dien van hoe 'n skool moes funksioneer. Dit het sy deure op 1 Augustus 1893 geopen met die Nederlandse onderwyser uit Hilversum, FW Wagner, as skoolhoof. Dit was 'n instelling vir laer- en middelbare onderwys wat, by wyse van Volksraadsbesluit, gegroei het uit die Voorbereiding- en Opleidingskool. Die Opleidingskool (tot Standaard VI) het ook as die gymnasium bekend gestaan, wat natuurlik onderskei moet word van die Staatsgymnasium (bo Standaard VI).³⁷³ Meester Louis het nie op die personeel van sy omvormde skool gedien nie, hy is as dosent in wiskunde aangestel aan die Staatsgymnasium en Herman sou hom weer daár as dosent hê. Ons gee hier onder aan die Staatsgymnasium aandag.

Ons bereken dus dat Herman hier standaarde V en VI sou deurloop het aangesien hy in 1897 by die Staatsgymnasium sou inskryf.

"De School, tot heden bekend als de Voorbereidingsschool, in verband met het bestaande Gymnasium, blijft als Modelschool onder het rechtstreeksch beheer van de Regeering, onder toezicht van het Curatorium van het Gymnasium, en zal, zoodra een 'Opvoedkundig departement' in verband met het Gymnasium tot stand gebracht is, daarmee in betrekking gesteld worden."³⁷⁴

³⁶⁹ Spies, "Die skool van Louis:" 17: Beelaerst noem nie vir Wessel Christiaan of Ada Paulina wat in sy tyd by die gesin gebore is nie. Hy noem die vier oudste kinders as volg: Tonie, Cato, Geziena en Anna. Laasgenoemde is moontlik die dogter wie se naam nie aan Ploeger bekend was nie. Raadpleeg SABW, Deel II, 2de uitgawe (1986) s.v. "Louis, Wessel," 422.

³⁷⁰ Ploeger, "Herinneringe van mevr. Katharina Cornelia Peters-Louis:" 17 en die doopinskrywing verskil met 'n dag.

³⁷¹ Pieter Grobler aan HCM Fourie, 30 Maart 1899, Privaatversameling HCM Fourie, 1/10/1, ABP NHKA, Pretoria.

³⁷² MM Glatthaar, Persoonlike mededelings deur HCM Fourie aan haar, circa 1938/9, bladsy 1, Privaatversameling HCM Fourie, 1/11, ABP NHKA, Pretoria. Superintendent van onderwys, *Schoolgids uitgegeven door den superintendent van onderwijs ten behoeve van schoolbesturen en onderwijzers in de Zuid-Afrikaansche Republiek* (Pretoria: Staatsdrukkerij, 1892), 3 Jacobus Nieuwenhuize was werksaam as onderwyser op Lijdenburg en was verantwoordelik vir inspeksie in ses verskillende onderwysdistrikte.

³⁷³ Lugtenburg, *Geskiedenis van die onderwys*, 217.

³⁷⁴ Ploeger, *Onderwys en onderwysbeleid*, 341 = artikel 71 van Wet Nr. 8, 1892.

Wanneer Herman inskryf is daar nog nie 'n doelmatige skoolgebou nie. Tweehonderd drie en twintig leerlinge is in vier klaskamers en 'n winkel onderrig.³⁷⁵ Die bekende en steeds bestaande gebou, waaruit Churchill later sou ontsnap om deur die "mighty Apiesriver" te swem, is eers in 1897 in gebruik geneem. Herman het dus nie in die gebou skool gegaan nie. Geen van die lokale waarin hy in Pretoria skool gegaan het (1893-1897/8) bestaan meer nie.

Die standaard V-syllabus het soos volg daar uitgesien:³⁷⁶

Bijbelse Geschiedenis: Die Ou en Nuwe Testament is in historiese volgorde behandel ("geregeld Geschiedkundig verband"). In **Lezen** is verdere aandag gegee aan duidelike en vloeiende voorlesing met in agneming van leestekens en die betekenis van woorde. Spelling uit die kop uit. In **Rekenen** het tiendelige breuke, renteberekening (enkelvoudig en saamgesteld), wins- en verliesberekening, verhouding, "gezelshapsrekening en menging" bygekom by hersiening van die vorige standaard se werk. Reëlmatige liggame is in **vormleer** behandel. **Skoonskrif en kunsskrif** is geoefen. Bekende stukke Hollandse prosa en poësie moes **geresiteer** word. Die hele veld van **taalkunde** uitgesonderd woordvorming is gedek. Daar is van leerlinge verwag om opstelle oor konkrete onderwerpe te skryf en om poësie in prosavorm oor te skryf! Diktasie en die skryf van briewe het aandag geniet.

Zangkunde het bestaan uit verpligte kerkmusiek en die oefen van ander sang en meerstemmige sang. Die hele **geschiedenis** van Zuid-Afrika en die ZAR is behandel met 'n kort oorsig oor die nuwere wêreldgeskiedenis, veral Europese geskiedenis sedert die Franse Rewolusie. Die hooftrekke van **aardrijskunde** is aan leerlinge verduidelik en klem is gelê op die aardrijskunde van Zuid-Afrika.

Die *Schoolgids* bevat ook 'n lys van aanbevole lees- en leerboeke vir die verskillende vakke. Dit is opvallend dat heelwat boeke spesifiek vir Zuid-Afrika geskryf is. By die lys vir middelbare onderwys is dit vir **Lezen**: Elffers, *Leesboek voor Z. Afrika*; Murray, *Volksleesboek v. Scholen en Huisgezinnen in Z. Afrika*; In **Rekenen** is vyf van die ses boeke "Afrikaansch" of "voor Zuid-Afrika;" Van Tuuk het die boek *Ned. Spraakkunst voor Zuid-Afrika* geskryf en dit is gebruik in (Nederlandse) **Taalkunde**; So ook Elffen, *Practische Holl. Spraakkunst*; In **Geschiedenis** was daar Odé se *Geschiedenis van Zuid-Afrika* en Theal se *Korte Geschiedenis van Zuid-Afrika*; Die **aardrijskunde** van Zuid-Afrika is behandel aan die hand van Blink, *Beknopte Aardrijskunde van Zuid-Afrika voor schoolgebruik* en *Aardrijskunde v. Zuid-Afrika*; Odé, *Aardrijskunde van Zuid-Afrika, bijzonder van de Z.A. Republiek met bijbehorende kaart*; Jeppe, *Schoolatlas voor de Z.A. Republiek, volgens opdracht van de H. Ed Regeering*; Oerder en Van Wouw, *Wandkaart van de Z. Afr. Republiek, voor schoolgebruik*. Jutta's *Schoolroom Map of South Africa* is wyer gebruik as net in Suid-Afrika; Changioun en Nelson het boeke vir gebruik in **Engelsch** gelewer.³⁷⁷

Elke leerder moes oor die volgende beskik: griffels (1s vir 12 dozijn)[sic], krijt en een onbreekbare lei; stalen pennen, pennehouders en inkt; potlooden en linialen; blanke schrijfboeken en 'n passerdoos.³⁷⁸

Merkwaardig die feit dat die hoëronderrig (bo standaard VI) se studieboeke reeds in die *Schoolgids* gepubliseer is aangesien die Staatsgymnasium eers die volgende jaar sy eerste inname van studente sou hê. Ook dat daar gepraat word van graden in Letteren en Wetenskap wat toegeken sal word. Om net na die klassieke tale te verwys: Vir **Latijnsche Taal- en Letterkunde** was daar die *Grammatica* van Dr Kühnen en ook Van der Capelle sin. Die volgende literatuur is behandel: Livius se boeke (LJS: *Ab Urbe Condita*) I tot III en XXI; Vergilius, *Aeneïde* [sic] I-IV; Sallustius, *Catalina*;

³⁷⁵ Ploeger, *Onderwys en onderwysbeleid*, 167.

³⁷⁶ Superintendent, *Schoolgids*, 28-29.

³⁷⁷ Superintendent, *Schoolgids*, 36-39.

³⁷⁸ Superintendent, *Schoolgids*, 39.

Cicero se *De Amicitia*; Horatius se *Ars Poetica*; en Terentius, *Andria*. Vir die **Griekse Taal- en Letterkunde** is Plato se *Phaedo* en Socrates se *Oedipus*.³⁷⁹

Die volgende sake rakende die Modelschool kom voor in die onderwysverslag oor die jaar 1895:³⁸⁰ Op gesamentlike Curatorium vir die Staatsgymnasium, Staatsmodelschool en die Staats-Tehuis (kosskool) het ds MJ Goddefroy gekom in die plek van JF Celliers wat oorlede is. FPJ van Nikkelen Kuyper het vir Goddefroy ingestaan toe hy in die tweede semester in Nederland besoek afgelê het. 'n Subkomitee van twee Curatoriumlede is benoem om na die Tehuis om te sien. Hulle was ds P Postma en landdros Schutte. Die wetsbepaling aangaande die samestelling van die Curatorium het bepaal dat dit uit sewe lede sal bestaan waarvan die superintendent die voorsitter sal wees, die hoofregter en plaaslike landdros dien³⁸¹ ook ampshalwe terwyl die regering (Uitvoerende Raad) en die Volksraad elke twee lede sal benoem wat 'n jaar lank sal dien, maar wat ook herkiesbaar is.

Daar was gedurende 1895, Herman ingeslote, 329 leerlinge aan die skool. Die personeelkorps het uit tien lede bestaan, maar dit was nog te min om al die behoeftes na behore aan te spreek. Die hoof was FW Wagner. Hy het sy pos in Augustus 1893 aanvaar. Hy het die vereistes wat gestel is vir die hoof van die belangrike inrigting oortref. Die vereistes is deur dr Leyds (staatssekretaris) in sy korrespondensie met gesant Beelaerts van Blokland uitgespel. Die kandidaat moes in Nederlandse as skoolhoof dien of daarvoor bevoeg wees. Sy Nederlands moes van hoë gehalte wees en wat geloof betref van positiewe Christelike oortuiging. Wagner het loshande daaraan voldoen want hy was hoof van 'n skool in Hiversum met meer as 400 leerlinge en ook gekwalifiseerd in Frans, Duits en Engels!³⁸²

Dit bring ons by 1896 en standaard VI. In alle vakke word hersiening gedoen en soortgelyke werk gedoen as in die vorige standaard gedoen, meestal met uitbreiding. By **Rekenen** kom by: eweredighede, rekenkundige, meetkundige en harmoniese reekse, vierkantsmagte en wortels. In **Taalkunde** kry woordvorming en sinsbou aandag. In Geschiedenis word uitgebrei op die Zuid-Afrikaanse geschiedenis met 'n oorsig oor wêreldgeschiedenis. Die **aardijkskunde** van Afrika kom onder die loep en die beginsels van wiskundige en natuurkundige aardrykskunde word aangeleer.³⁸³

Dit was 'n moeilike jaar vir die leerlinge omdat daar groot verskuiwing onder die dosente plaasgevind het. Die jaar het afgeskop met 297 leerlinge in tien klasse verdeel plus een normaalklas met agt kwekelingonderwysers. Teen die middel van die jaar was daar 374 leerlinge in die skool! Bykomende ruimte is bekom met die oprigting van 'n skoolgebou in die weste van die dorp waar 80 leerlinge geakkommodeer kon word. 34 leerlinge het die toelatingseksamen vir die Staatsgymnasium afgelê. 32 het geslaag, een is as toehoorder toegelaat en een leerling het die hoogste punte nog behaal! Sou dit Herman kon wees?³⁸⁴

Die Curatorium het na nege lede uitgebrei. Uiteraard die superintendent, dr N Mansvelt en dan het die Uitvoerende Raad vier lede vir 'n termyn van drie jaar benoem en die Eerste Volksraad vier lede, ook vir 'n termyn van drie jaar. Die regering het JS Smit (spoorwegkommissarie) benoem saam met

³⁷⁹ Superintendent, *Schoolgids*, 40-41.

³⁸⁰ *Verslagen van den staat van het onderwijs en de onder het Departement van Onderwijs ressorteerende Staatsinrichingen in de Zuid-Afrikaansche Republiek over het dienstjaar 1895*. Pretoria: Staatsdrukkerij, 1896.

³⁸¹ Ploeger, *Onderwys en onderwysbeleid*, 339. Bepaling 48 van die 1892-onderwyswet.

³⁸² Ploeger, *Onderwys en onderwysbeleid*, 166.

³⁸³ Superintendent, *Schoolgids*, 29-30.

³⁸⁴ "Jaarverslag van het Curatorium van het Staats-Gymnasium, de Modelschool en de Staats-Tehuizen over het dienstjaar 1896." In *Verslagen van den Staat van het gesubsidieerd- en van het Staats-onderwijs alsmede der onder het Departement van Onderwijs ressorteerende Staatsinrichingen in de Zuid-Afrikaansche Republiek over het dienstjaar 1896*, Pretoria: Staatsdrukkerij, 1897.

CE Schutte die landdros, ds MJ Goddefroy en GAAA Middelberg die direkteur van NZASM. Die Volksraad het ADW Wolmarans uit eie geledere aangewys en verder ds P Postma, ds AJ Louw van Heidelberg en FPJ van Nikkelen Kuyper, die weesheer. AW Tolsma was die sekretaris.³⁸⁵

Hier sien ons dat beide ds Goddefroy saam met wie ds Herman Fourie later in die NHK van ZA sou dien en ADW Wolmarans wat hom as predikant vir dié kerk sou werf, hom as jong skoolseun geken het. Minstens het hulle hom op papier geken en as seun van 'n vroeëre Volksraadslid.

Die openingsdag van die Staatsgymnasium in 1893 en die ontwikkeling gedurende 1894-1896 tot met Herman se inskrywing in 1897

"... en in 1897 gaan hy na die Gymnasium onder Dr. Reymink [sic]."³⁸⁶

Aan die begin van Augustus 1892 slaag 23 kandidate die eerste toelatingseksamen tot die Staatsgymnasium. Kandidate is getoets aan die hand van die standaard VI-syllabus. 'n Jaar later, net na die afsluiting van die jaarlikse sitting van die volksrade, word die inrigting in die saal van die eerste Volksraad geopen³⁸⁷. Die eerste 19 *gymnasiasten* ontvang hulle onderrig in die "oude pastorie" aan kerkplein.³⁸⁸ Daar is ook gebruik gemaak van klasse van die Staatsmodelschool en 'n huis en 'n kantoorgebou.³⁸⁹

Gedurende die verslagjaar 1896 is daar 'n "strengere afscheiding" gemaak in die kursusverdeling aan die inrigting. Afdeling A was die Lettere-afdeling en Afdeling B die Natuurwetenskaplike afdeling. In die A-afdeling is in die loop van die jaar aangestel: J Bergmans L.H.C. in klassieke tale; JFM Wolff Candt. in de Ned. Letteren en in de Rechten in Nederlandsche Taal en Letterkunde; en Dr PF Ammann is tydelik aangestel vir Duitsch en Fransch. J Hondius staan in vir Anton van Wouw wat in 1897 in Europa was en aan die Staatsmodelschool Teekenen aangebied het.

Toe Herman in 1897 inskryf was dit by die nuwe gebou wat op 2 November 1896 voltooi is. Die gebou is ontwerp om die wetenskaplike departement te huisves maar moes voorlopig ook huisvesting bied aan die klassieke departement. Daar sou nog 'n hoofgebou op die terrein opgerig word spesifiek vir die klassieke departement.³⁹⁰ Die pragtige gebou was geleë op die hoek van Proes- en Bosmanstraat.³⁹¹

Die rektor: Dr Reininck

Daar is oorweging geskenk daaraan om Wessel Louis as rector aan te stel maar hy het nie oor 'n doktorsgraad beskik nie.³⁹² Gevolglik is daar in Nederland na die geskikte kandidaat gesoek om aan die hoof van hierdie belangrike mylpaalinrigting in die ZAR te staan. Die hoof van die Staatsgymnasium was rektor, hoewel dit nie 'n universiteit was nie. "**RECTOR**, M. (-en), bestuurder, eerste leraar aan eene Latijnsche school of een gymnasium; (ook) zekere kerkelijke

³⁸⁵ H. Reininck, *Programma van het Staatsgymnasium te Pretoria voor het jaar 1898* (Pretoria: Staatsdrukkerij, 1898).

³⁸⁶ MM Glatthaar, Persoonlike mededelings deur HCM Fourie aan haar, HCM Fourie Pivaatversameling, 1.

³⁸⁷ Sou JC Fourie en dalk HCM teenwoordig wees?

³⁸⁸ Jan Ploeger, "Die 'Staatsgymnasium' te Pretoria: 'n Pêrel aan die kroon van die onderwysstelsel in die 'Zuid-Afrikaansche Republiek'" In *Almanak en Bybelse Dagboek Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika 1970*, 39. Ploeger verwys na dr Reininck se herinneringe soos opgeneem in *Gedenkboek uitgegeven door de Vereniging van Onderwijzers en Onderwijzeressen in Zuid-Afrika*, Pretoria 1918, 83.

³⁸⁹ Jan W Meijer, *Dr Hendrik Reininck (1864-1939) 'n Man met 'n Missie* (Hatfield: Skrywer, 2004), 21.

³⁹⁰ Ploeger, "Die 'Staats-Gymnasium,'" 40.

³⁹¹ Tans Bosman- en Johannes Ramokoase-strate, op Du Toit se kaart Proes- en Kochstraat.

³⁹² Ploeger, "Die 'Staats-Gymnasium,'" 43.

waardigheid bij de R.-K.; *rector magnificus*, eerste bestuurder, voorzitter van den akademischen senaat.”³⁹³ Die term kom volgens die definisie dus éérder by ‘n gymnasium voor, en is ook by universiteite gebruik.

Hendrik Reininck was maar 29 jaar oud toe hy in 1893 as een van “Kruger se Hollanders” aangestel word as tydelike rektor van die Staatsgymnasium. Sy permanente aanstelling word eers van krag met sy dertigste verjaardag in Januarie 1894.³⁹⁴ As predikantseun uit die pastorie van ‘n Christelike Gereformeerde Kerk (1834 se afskeiding) voltooi hy sy gymnasiumopleiding in Assen. Hy studeer klassieke tale aan die Gemeentelike Universiteit in Amsterdam waar hy in 1891 sy doktorsale eksamen aflê. Sy eerste pos was dosent in klassieke tale aan die “Litterarische Afdeling” van die Teologiese Skool in Kampen waar dr H Bavinck die waarnemende rektor was. Hy promoveer in 1893 en tree in die huwelik met ‘n mooi Lanting, die dogter van een van sy ouer studente, ds PA Lanting! Die egpaar vertrek op 22 Julie 1893 na die ZAR waar hy die rektorpos opneem.³⁹⁵

Hy was van geaardheid teruggetrokke en “gesien sy kerklike agtergrond mag ons aanvaar dat Reininck in ‘n nogal geïsoleerde sfeer groot geword het. Die tyd waarin die Afgeskeidenes publieke vervolging en onderdrukking ondervind het, was nog nie so lank gelede nie. Sy eerste en mees basiese lewensuitkyk was daardeur ortodoks, belyn en teruggetrokke.”³⁹⁶ Die Tagtigers se ideaal van ‘n Nederlandse nasionale herlewing en kultuuroptimisme het ‘n groot invloed op hom gehad. Die werk en figuur van Abraham Kuyper het ook ‘n invloed op Reininck gehad.³⁹⁷

Sy eerste ondervinding as dosent het hom voorberei vir die vlak van onderwys waarop die studente was wat hy in die ZAR aan die Staatsgymnasium sou teëkom. Die werkslading was hoog en die standaard van vooropleiding van die studente het aansienlik verskil.³⁹⁸

Die superintendent van onderwys van die ZAR, dr N Mansvelt, het Nederland in 1892 spesifiek besoek om personeel vir die nuwe Staatsgymnasium te vind. Hy oorreed Reininck om aansoek te doen vir die rektorspos tesame met doseerverpligtinge. Die gesant van die ZAR, Beelaerts van Blokland, besorg aan hom die skriftelike benoeming. Die salaris was aantreklik en sy biograaf meen dat Reininck ook ‘n roeping en ‘n opdrag in die benoeming gesien het.³⁹⁹

Die titel van sy proefskrif is *De Quibusdam Aristotelis Republicae Atheniensium locis cum locis aliorum scriptorum comparatis*.

In die ZAR is daar groepe wat hom eendersyds verwelkom en andersyds krities bejeën hangende hulle gevoel oor Kruger se Hollanders. Hy het “...as vanself ‘n pion in die politieke skaakspel geword. Hy was nie net ‘n Hollander nie, maar sou ook ‘n sleutelrol speel in die beleid om Hollands-georiënteerde hoëre amptenare te vorm. Dit het hom by die Engelssprekendes en Kapenaars verdrag gemaak.”⁴⁰⁰

Hy pak met oorgawe sy taak aan om van die Staatsgymnasium ‘n sukses te maak in lyn met die doelstellings daarvan. Hy stel hoë eise aan homself en sowel die personeel as die leerlinge. Hy

³⁹³ Van Dale’s *Groot Woordenboek der Nederlandsche Taal*, geheel opnieuw bewerkt, Vierde uitgawe (1904), s.v. “rector.”

³⁹⁴ Meijer, *Dr. Hendrik Reininck*, 7, 8, 20.

³⁹⁵ Meijer, *Dr. Hendrik Reininck*, 9.

³⁹⁶ Meijer, *Dr. Hendrik Reininck*, 11.

³⁹⁷ Meijer, *Dr. Hendrik Reininck*, 12.

³⁹⁸ Meijer, *Dr. Hendrik Reininck*, 13.

³⁹⁹ Meijer, *Dr. Hendrik Reininck*, 14.

⁴⁰⁰ Meijer, *Dr. Hendrik Reininck*, 17.

handhaaf 'n sesdag werksweek en het selfs op Saterdag spreekure gehad.⁴⁰¹ Hy toon wel begrip vir die unieke omstandighede van leerlinge wat nog nie gereed was vir die vereistes van 'n "Europees georiënteerde onderwysinstelling" nie. Daarom word "toehoorders" ook toegelaat.⁴⁰²

W Louis as dosent aan die Staatsgymnasium

Die fasiliteite van meester Louis se Opleidingschool/Gimnasium in Prinsloostraat is aan die regering verhuur toe hy dosent aan die staatgimnasium geword het.⁴⁰³ Dit het dus, soos aangetoon, die eerste tuiste van die Staatsmodelschool geword.

Meester Louis het nie oor 'n doktorsgraad beskik nie en het nie gekwalifiseer vir die rektorspos nie. Hy is wel as vise-rektor aangestel.⁴⁰⁴

"Hy het onder die beskerming van 'n sambreel ("paraplu") skool toe gestap. Hy het 'n swart Angorabokwolbaadjie ("Everlasting" was die Boerebenaming) en 'n paar ekstra hoë polvy aangehad. Sy boeke was onder sy arm en die klaskamer waarheen hy gestap het was in 'n grasdakhuis waar later die ou Stadsaal opgerig is.

"In sy klaskamer tooi hy hom verder met 'n randlose swartfluweel mussie. Sy yl grysbaardjie en sy lang hare het nogal 'n opmerklike kontras met sy mussie gevorm. 'n Ronde grysende figuur met 'n lang stok in die hand en met meetkunde-stellings en algebraïese vraagstukke op die swartbord, het dit 'n onuitwisbare indrukke nagelaat."⁴⁰⁵

Herman was dankbaar teenoor mnr. Louis wat hom geleer het om metodies te werk, "die grondslag van alle eie studie."⁴⁰⁶

Herman as leerling aan die Staatsgymnasium

Herman se eerste dag aan die Staatsgymnasium was op 3 Februarie 1897. Dit val saam met die ingebruikneming van die nog onvoltooide gebou.⁴⁰⁷ Die Curatorium doen verslag dat "in verschillende toespraken werd gewezen op het groote belang en de noodzakelijkheid van dergelijke onderwijs in christelijken en nationalen geest."⁴⁰⁸

Waar die akademiese jaar eers van winter tot winter gestrek het, word dit in 1897 weer aangepas om saam te val met die kalenderjaar. Die vorige akademiese jaar is verleng na 'n jaar en 'n half om dit moontlik te maak.⁴⁰⁹

Sou Herman dalk nou in een van die Staats Tehuise (koshuise) ingewoon het? Daar was die jongmanne na die Jamesoninval slaggereed vir enige gebeurlikheid: Kurator Middelberg beskryf die

⁴⁰¹ Reininck, *Programma 1898*.

⁴⁰² Meijer, *Dr. Hendrik Reininck*, 21.

⁴⁰³ Ploeger, "Herinneringe van mevr. KC Peters-Louis," 17.

⁴⁰⁴ Meijer, *Dr. Hendrik Reininck*, 29.

⁴⁰⁵ Rosa Swanepoel, April 2005, ongepagineerd

⁴⁰⁶ Weduwee Jo Fourie se puntsgewyse lewensoorisig van HCM Fourie, Punt 13, Privaatversameling HCM Fourie.

⁴⁰⁷ Meijer, *Dr. Hendrik Reininck*, 22.

⁴⁰⁸ "Jaarverslag van het Curatorium van het Staats-Gymnasium, de Modelschool en de Staats-Tehuizen over het dienstjaar 1897." In *Verslagen van den Staat van het gesubsidieerd- en van het Staats-onderwijs alsmede der onder het Departement van Onderwijs ressorteerende Staatsinrichingen in de Zuid-Afrikaansche Republiek over het dienstjaar 1897*, Pretoria: Staatsdrukkerij, 1898.

⁴⁰⁹ Lugtenburg, *Geskiedenis van die onderwys*, 222.

inwoners klaarblyklik nie snags verkleed het nie en dat tandeborsels en seep skaars was. “De geweeren en partroonbandeliers waren wel het eenigste dat in orde was.”⁴¹⁰

Sy klasmaters in Klasse IA was N Mansvelt, GJ Oosthuizen, NJ van der Walt, A Uys, W Lagerwey, N Snijman, H Viele, J Moote, JH Coetzer en JM Botes. Daar was ook twee wie se name ons nie ken nie omdat hulle nie Klasse IA geslaag het nie.⁴¹¹ Die jaar 1897 het op 8 Desember 1897 afgesluit met ‘n leerlingtal van 68 leerlinge.⁴¹² Daar was aan die begin van die jaar 82 leerlingen en toehoorders.⁴¹³ Meijer sê dat die name van die leerlinge lees soos ‘n “Who’s Who?” van die ZAR met al die bekende vanne van predikante, amptenare, regters, besigheidslui, plaasonderwysers, boere en dorpslui.⁴¹⁴

Uit die eerste *Programma* wat aan die begin van 1898 verskyn het en waarin die vyfjarige kursus van Afdeling A beskryf word, kan ons sy lesrooster (Klasse IA) gedurende 1897 en (Klasse IIA) die eerste helfte van 1898 volg, met toelating daarvoor dat daar wel ‘n wysiginkie of twee tussen 1897 en 1898 kon ingetree het.⁴¹⁵

Die docente in **Latijnsche Taalkunde en Letterkunde** was die rector self en J Bergmans (Lit.Hum.Cand.) met 5 lesure in Klassen IA en IIA. Die derde pos was vakant. Daar is gewerk aan die hand van die volgende handboeke: Dr J Woltjer, *Lat. Grammatica* en *Lat. Oefeningen I en II*; Caesar, *Belli Gallici libri VII* (ed. Van Oppen); Dr FFC Fischer, *Vocabularium op Caesar*; Van Wageningen, *Gids voor Gymnasiasten*; Engelbrecht, *Latijnsch Woordenboek* en Raimond Oehler, *Klassisches Bilderbuch*.

Dr Reininck en J Bergmans het ook **Grieks** aangebied, maar eers vanaf Klasse IIA. Klasse IA moes eers oor die skok van die Latijn kom! Vyf lesure per week is aan hierdie taal in die vreemde skrif afgestaan. As handboeke is gebruik Van Leeuwen en Mendes da Costa, *Att. Vormleer* en dr J van Wageningen, *Grieksche oefeningen* 1ste deel, *met Vocab.*

3 ure per week is opsy gesit vir **Nederlandsch** in Klasse IA en 2 ure per week in Klasse IIA. Spraakkuns en literatuur is bestudeer aan die hand van Terweij, *Beknopte spraakkunst*; Dr JJ Moolhuizen en JC Bouwmeester se bloemlezing *Met z’n vieren*; en De Genestet se *Gedichten*. Dr JFM Wolff was die docent.

Engelsch: It was the task of WA Macfadyen (BA, LLB) to teach the Boertjes the language of the Uitlanders. He did that by drilling into them the grammar of the language by means of Davidson and Alcock’s *Eng. Grammar*. If that was not enough they also had to struggle with Meiklejohn’s *Eng. Grammar etc. Pts I-IV*. They had to read from the *Royal Reader V and VI*. Five hours per week in Klasse IA and then it was reduced to three hours for Klasse II.

Vir **Duitsch** is 3 ure per week opsy gesit in Klasse IA en 2 ure in Klasse IIA. Herman sou die name Hartmann en Valette leer ken met hulle *Inleiding tot de beoefening der Hoogduitsche taal en Praktische Leerboek. der Hgd. Taal*. E Dittmar het die vak doseer.

Daar is eers in Klasse IIA met **Fransch** begin. Die handboek was die eerste deel van Dubois se *Introduction à la nouvelle gramm. française*. 2 ure per week. Die doseerpos was vakant met die aanvang van 1898 se akademiese jaar.

⁴¹⁰ Meijer, Dr. Hendrik Reininck, 27. Hy haal aan uit ‘n notule van die kuratore, OD 312, SP Engelbrecht-versameling, A 371 TAB.

⁴¹¹ Reininck, *Programma 1898*.

⁴¹² Reininck, *Programma 1898*.

⁴¹³ “Jaarverslag Curatorium 1897,” 84.

⁴¹⁴ Meijer, Reininck, 27.

⁴¹⁵ Al die inligting wat nou volg kom uit die *Programma 1898*.

Genoeg nou van tale. Vir **Geschiedenis** is 2 ure per week aan beide jaargroepe toegeken. Aitton, *Geschiedenis van Zuid-Afrika* en Hermans en Woltjer, *Atlas der Algemeene Geschiedenis* is gebruik. N Hofmeyr (BA) het klas gegee. Hy was ook saam met dr EJ Evers verantwoordelik vir **Aardrykskunde**. 1 uur per week is in beide jaarproepe daaraan bestee. Die handboek deur Bruins het die allermooiste naam: *Onze Moeder Aarde*!

Nicolaas Hofmeyr was 'n seun van die Stellenbosse teologiese professor NJ Hofmeyr. Hy was self vyf jaar lank predikant maar word eervol ontslaan en verhuis na Bloemfontein waar hy koerantredakteur was. Hy skryf ook op versoek van die Vrystaatse superintendent vir onderwys, dr J Brebner, 'n leesboek *Kijkjes in onze geschiedenis*. Hy word in 1897 by die Staatsgymnasium aangestel. In dieselfde jaar nog as die Jamesoninval skryf hy *De Afrikaner-Boer en de Jameson-Inval*. Hy en sy swaer ds JD Kestell publiseer in 1898 *De Voortrekkers, of het dagboek van Izak van der Merwe, een verhaal voor jongelieden*.⁴¹⁶

Wiskunde het baie aandag gekry: 8 ure in Klasse IA en 6 ure in Klasse IIA. Daar was ook drie docenten: W Louis, AB Bartmann (MA) en dr EJ Evers. Algebra is genoem Stelkunde en daarmee is begin in Klasse IIA. Kempees se verduideliking van die basiese beginsels is gebruik. Hy was skrywer van *Beginnels der Stelkunst met vraagstukken en oefeningen* in twee dele. Met meetkunde is reeds in Klasse IA begin aan die hand van Versluys, *Nieuw leerboek der vlakke meetkunde* en Kempees se *Meetkunde*.

Met ingang van die jaar 1898 was daar nie enige docent vir Plant- en Dierkunde, Natuurkunde en Scheikunde nie. Gevolglik is daar seker geskarrel om die uur per week in beide jaargroepe aan te bied vir wat genoem is **Natuurlijke Historie**. Daar was in elk geval nog nie voorgeskrewe handboeke nie.

Beskikbare beurse

Ten slotte ondersoek ons aan die hand van amptelike verslae en ander bronne die beskikbaarheid van beurse vir skoliere en studente. Daar was drie kategorieë: Beurse aangebied deur privaatpersone en instansies; beurse toegeken deur die Beurskommissie van die regering en dan die beurse beskikbaar gestel deur die Studiefonds voor Zuid-Afrikaanse Studenten van die NZAV. Herman was ten tye van sy vertrek na Nederland nie 'n beurshouer nie. Die beurse het eers gevolg nadat hy reeds in Zwolle was. Meer daaroor in die volgende hoofstuk.

Beurse toegeken deur die Beurskommissie van die Eerste Volksraad

Op die Beurskommissie het ADW Wolmarans as voorsitter gedien met W Louis as sekretaris. Die ander lede was J de Clercq Azn., dr N Mansvelt, Paul Maré, JP Meijer, HJ Schoeman, ds P. Postma en WH van Niekerk. Hulle het gedien tot Meimaand 1897. PJ Schutte het in die volgende termyn gedien in die plek van Paul Maré.⁴¹⁷

Keuring vir die beurse het afgehang van eksamens wat spesiaal vir die doel afgelê moes word. Die name van die suksesvolle *sollicitanten* is in die verslae opgeneem.⁴¹⁸ In die Kommissie se jaarlikse verslae is berig oor beurshouers wat hulle eksamens geslaag en of in diens van die staat getree het

⁴¹⁶ SABW, Deel II, tweede uitgawe, 1896, s.v. "Hofmyer, Nicolaas."

⁴¹⁷ *Verslag der Beurskommissie over het jaar Mei 1896 tot Mei 1897; Mei 1897 tot Mei 1898; en Mei 1898 tot Mei 1899* (Pretoria: Staatsdrukkerij, 1897/1898/1899).

⁴¹⁸ Van Dale's *Groot Woordenboek der Nederlandsche Taal, geheel opnieuw bewerkt*, Vierde uitgawe (1904), s.v. "sollicitant." "m. -en) verzoeker, dinger (naar iets): voor de betrekking hebben zich 200 sollicitanten aangemeld."

of oorsee verder gaan studeer het. In Mei 1897 was daar nie minder nie as 109 beurse! 40 vir onderwys, 36 studiebeurse, 4 studiebeurse vir studie in Nederland, 9 beurse vir studie aan die Staatsgymnasium en nog 20 ander wat aan die begin van 1898 beskikbaar gestel sal word. Die Volksraad het JJ Schoeman en JJ Kleijn se studiebeurse vergroot van sestig pond sterling na honderd pond sterling sodat hulle hulle studie kan voortsit.⁴¹⁹

Aan die begin van 1898 tree tien nuwe onderwysers, wat met beurse studeer het, toe tot die onderwys aan staats-gesubsidieerde skole. Die getal beurse het gestyg na 50 onderwysbeurse, 46 studiebeurse en 12 vir studie aan die Staatsgymnasium. Die Beurskommissie versoek die Volksraad om nog drie beurse vir studie aan die Staatsgymnasium goed te keur sodat daar 3 per jaargroep beskikbaar sal wees. "De geheele leercursus toch bestaat uit 5 jaar; aan het eind waarvan de jongelieden bij welgeslaagd eindexamen met 'jus promovendi' (recht om een academischen graad te behalen) naar een der Europeesche universiteiten kunnen gaan voor hooger studie."⁴²⁰ Die Volksraad het die versoek toegestaan en nog drie beurse beskikbaar gestel.⁴²¹

Beurse toegeken deur die NZAV se Studiefonds voor Zuid-Afrikaansche Studenten

Die jaarlikse verslag van die bestuurders van hierdie fonds is ook telkens saam met die Beurskommissie se verslag aan die Volksraad voorgelê. In die verslag oor die jaar 1896 word verwys na die afsterwe van die penningmeester, HAL Hamelberg. "Door oude banden verbonden met Zuid-Afrika, waar hij de beste en gelukkigste jaren zijns levens had doorgebracht, was hij bijzonder goed op de hoogte van de eigenaardige toestanden daar te lande."⁴²² Die Nederlands-gebore Hamelberg woon vanaf 1856 tot in 1871 in die Republiek van die Oranje Vrijstaat. Hy was 'n advokaat en Volksraadslid. Met sy terugkeer na Nederland word hy die konsul-generaal van die Vrijstaat in Nederland.⁴²³

In die volgende hoofstuk sal ons ingaan op die sillabus aan 'n Nederlandse gimnasium. Uit die verslae oor die jare 1896 tot 1898 kom die volgende na vore oor skoliere en studente uit die ZAR wat onder die vlerk van die NZAV studeer het:

JJ Schoeman kom in Junie 1896 in Nederland aan en word geplaas in die sorg van E Nijland, die hoof van 'n Christelike School in Utrecht. Hy ontvang privaatonderrig by Nijland met die oog op toelating tot 'n Hoogere Burgelike School. Hy word die volgende jaar toegelaat as toehoorder by Klasse III aan die HBS Utrecht en vaar goed. In 1898 was hy toehoorder in Klasse IV en beoog hy om later in die ingenieurswese te studeer. Hy was die houer van 'n ZAR Beurskommissiebeurs nadat JS Smit die vorige beurshouer was.

Meester Wessel Louis was hoog aangeskryf by die Fondsbestuurders want hulle verwys spesifiek daarna dat twee kweekelinge, **H Bodenstein** en **C Weilbach** by Louis skoolgegaan het en dat hulle ook aan die Staatsgymnasium was. Hulle was houters van privaatbeurse en kry privaatonderrig. Vir die akademiese jaar 1897/8 word hulle tot die Amersfoortsche Gymnasium toegelaat, in Klasse II en III onderskeidelik. Hulle gaan tuis by mev Meinsma. Hulle is die toppresterders in hulle klasse.

Gedurende 1896 slaag **M Malherbe** die eindeksamen aan Amersfoortsche Gymnasium en word toegelaat tot universitêre studie. Hy het tuisgegaan by die heer Hubers. Met 'n beurs van die NZAV

⁴¹⁹ *Verslag der Beurskommissie over het jaar Mei 1896 tot Mei 1897*, Pretoria: Staatsdrukkerij, Nr. 20, 1897.

⁴²⁰ *Verslag der Beurskommissie over het jaar Mei 1897 tot Mei 1898*, Pretoria: Staatsdrukkerij, Nr. 18, 1898.

⁴²¹ *Verslag der Beurskommissie over het jaar Mei 1898 tot Mei 1899*, Pretoria: Staatsdrukkerij, Nr. 21, 1899.

⁴²² "Verslag van bestuurders van het Studiefonds voor Zuid-Afrikaansche Studenten over het jaar 1896." In *Verslag der Beurskommissie over het jaar Mei 1896 tot Mei 1897*, Pretoria: Staatsdrukkerij, Nr. 20, 1897.

⁴²³ SABW, Deel I, tweede druk, 1976, s.v. "Hamelberg, Hendrik Antonie Lodewijk"

begin hy sy juridiese studie gedurende 1898 aan die universiteit in Utrecht. Hy het die kandidaatseksamen cum laude geslaag. **E da Souza** het ook in dieselfde jaar vir die studie in die regte aan dieselfde universiteit ingeskryf nadat hy, as beurshouer van die ZAR, tuisgegaan het by mev weduwee Berkhout te Doetichem tydens die afhandeling van sy studie aan die gymnasium.

NJ Smit (NZAV-beurshouer) het tuisgegaan by ds Kamp in Zwolle waar hy klasse V en VI aan die gymnasium voltooi het. Na 'n besoek aan sy familie skryf hy in vir die regstudie aan Leiden. Sy broer **JS Smit** het saam gekom na Nederland.

C Pistorius (Beurskommissie) woon in Utrecht en berei homself voor vir toelating vir 'n akademiese toelatingseksamen onder leiding van dr Fraenkel. Hy kon egter nie daarin slaag nie en keer in Augustus 1898 terug na die ZAR.

JJE (of JJP) Kleijn [sic] het ingenieurswese in Delft studeer. Sy uitslae was goed en hy het gedurende die somervakansie 'n werk gekry te Gennep. Die Noord-Brabantsch—Duitsche Spoorwegmaatschappij het hom die geleentheid gebied. Die Beurskommissie sou met hom heel ingenome wees!

Dan was daar nog vyf ander Transvalers wat op eie rekening onder toesig van die Fonds se bestuur studeer, wie se name nie vermeld word nie. Een van hulle is 'n teologiese student. Die Fondsbestuurders het reeds twee jaar te vore aan die Synode der Nederlandsche Hervormde Kerk geskryf en versoek dat studente uit Transvaal ook in die kerklike album ingeskryf mag word. Die saak was in 1898 nog nie afgehandel nie want die regering moes ook nog eers daartoe instem. Moontlik sal hierdie saak weer opduik wanneer ons vorder tot by Herman se inskrywing as teologiese student in 1905 aan die Universiteit van Utrecht.

H Reitz, seun van die oud-president van die Oranje-Vrijstaat, kom teen die einde van 1897 na Amsterdam. Hy het die Kaapse matriek geslaag en wil die kandidaats-examen vir regte aflê. Hy slaag dit in 1898 en het net vir een jaar gebruik gemaak van die NZAV-beurs.

In die verslag oor 1898 lees ons van dr Leyds, die ZAR se gesant. "Ook maaken wij nog dankbaar gebruik van de aanwezigheid van Dr. Leyds in ons land om met Zed Gestr. de belangen van sommigen onzer kweekelinge te bespreken."⁴²⁴ WJ Leyds, voorheen staatsprokureur en later staatsekretaris van die ZAR, is in Mei 1898 deur die regering aangestel as Buitengewone Gesant en Gevolmagtigde Minister van die ZAR in Europa. Hy maak Brussels sy hoofkwartier.⁴²⁵

Die name van sommige van hierdie bogenoemde jongmanne kom voor in Herman se moeder se korrespondensie met hom en daar was ook onder hulle diegene wat saam met hom hulle studie sou onderbreek om aan die oorlog van 1899-1902 te kom deelneem.

Beurse toegeken deur privaatpersone of instansies

Afgesien van die Beurskommissie wat die staatbeurse geadministreer het en die Studiefonds voor Zuid-Afrikaansche Studenten wat deur die NZAV behartig is, was daar ook privaatinstansies en persone wat skoliere en studente met beurse gehelp het. So byvoorbeeld het twee beurshouers na Nederland gegaan met 'n Lippertbeurs in die sak.⁴²⁶ Die firma Lewis & Marks het in 1893 'n beurs ten

⁴²⁴ "Verslag van bestuurders ... over ... 1897"

⁴²⁵ SABW, Deel III, 1977, s.v. "Leyds, Willem Johannes."

⁴²⁶ "Jaarverslag van het Curatorium van het Staats-Gymnasium, de Modelschool en de Staats-Tehuizen over het dienstjaar 1898." In *Verslagen van de Staat van het gesusedieërd- en van het Staats-onderwijs alsmede der*

bedrae van £60 beskikbaar gestel vir 'n leerling wat aan die Staatsgymnasium sou studeer. Die firma H Eckstein het die volgende jaar dieselfde gedoen. Eduard Lippert het 'n beurs van £150 (in 3 of 5 paaie) beskikbaar gestel vir studie in Europa, minstens vir 'n jaar lank aan 'n Duitse universiteit. Op versoek van superintendent Mansvelt het hy die voorwaardes gewysig sodat dit voorsiening gemaak het vir aanvanklike studie aan die Staatsgymnasium opgevolg met studie aan Europese universiteite, steeds met die bepaling dat een jaar aan 'n Duitse universiteit moes wees.⁴²⁷ Lionel Philips het ook van sy kant beurse beskikbaar gestel.⁴²⁸ Herman sou later uit die Ziervogelfonds 'n toekenning ontvang.⁴²⁹ Daar was ook beurse beskikbaar vir studie aan die Staatsmodelschool.⁴³⁰

Die verhaal van Piet/er Grobler

Een van Herman se maats, Piet Grobler,⁴³¹ het ná sy pa, PDCJ Grobler (1855-1888) se dood vir agt jaar lank 'n beurs van die Beurskommissie ontvang. PDCJ Grobler was die ZAR-konsul in Matebeleland. Hy is gewond in 'n aanval op sy geselskap aan Ellensfontein (Limpopo-rivier) in opdrag van die Ngwatokaptein Kgama. Ten tye van sy dood het PDCJ Grobler geboer op die plaas St Helena in die Ermelo-distrik. Hy het later aan die wond beswyk. Nadat Piet drie jaar aan die Staatsgymnasium voltooi het bedank hy die beurs vir Klasse IVA. Hy word as staatsamptenaar aangestel.⁴³² Omdat hy graag prokureur wou word doen hy aansoek om via die Beurskommissie deur die Volksraad vrygestel te word "van het aanvullings-onderwysersexamen I-ste klas (LJS: 'voorexamen'),⁴³³ om ongehinderd myself op te werken voor het prokureursexamen?"⁴³⁴ Daarmee het hy 'n tallekeer vir die Volksraad geskep want in die daaropvolgende jaar se verslag staan dat nog geen antwoord op die versoek ontvang is nie.⁴³⁵ Sy vaderlandsliefde blyk ook uit die skrywe: "Mijn vader is gevallen voor dit ons land, evanals zoovele brave burgers, en ik hoop dit nooit te vergeten, en hun voorbeeld mij waardig te maken!"⁴³⁶ Profetiese woorde. Die woorde sou ook in Herman se lewe 'n tema word ná sy vader en sy broer se dood in die Tweede Vryheidsoorlog.

Samevatting: Van Pretoria na Zwolle

In hoofstuk drie is die lewe en omgewing waarin Herman hom sedert sy vertrek saam met sy Pa in Pretoria bevind het, geskets. Dit is 'n belangrike fase in sy lewe. Hy word nie net aan die hoofstad van die Republiek bekendgestel nie, maar deel in die beste skoolopleiding beskikbaar. In hierdie verband is die Nederlandse invloed en Nederlandse onderwysers onmiskenbaar. Daarby is die Christelike inslag daarvan opvallend. Dit is in geen enkele opsig bevestigend nie. In hierdie sin is dit wat in die plaaslewe vasgelê is, verdiep. Aan toewyding het dit hom nie ontbreek nie. Hy slaag daarin om hom te onderskei. En, laat hom die moontlikheid om in Nederland verder te studeer welgeval. Het hy toe al daarmee te kenne gegee dat hy hom boerdery nie as sy voorland ingedink het nie? Het hy aan universiteitsopleiding begin dink as 'n werklikheid? Dit is baie duidelik uit die bronne dat

onder het Departement van Onderwijs ressorteerende Staatsinrichtungen in de Zuid-Afrikaansche Republiek over het dienstjaar 1898. (Pretoria: Staatsdrukkerij, 1899), 169.

⁴²⁷ Jan Ploeger, *Onderwys en onderwysbeleid*, 164.

⁴²⁸ Rector aan Curatorium, Verslag oor 1894 In *Verslag van den Superintendent van Onderwijs betreffende het gesubsidieerde onderwijs in de Zuid-Afrikaansche Republiek gedurende het dienstjaar 1894* (Pretoria: Staatsdrukkerij, 1894), 44.

⁴²⁹ AE Fourie aan HCM Fourie, 7 Julie 1899, Privaatversameling HCM Fourie, ABP NHKA, Pretoria.

⁴³⁰ Jan Ploeger, *Onderwys en onderwysbeleid*, 167.

⁴³¹ Pieter Grobler aan HCM Fourie, 30 Maart 1899, Privaatversameling HCM Fourie, ABP NHKA, Pretoria.

⁴³² *Verslag der Beurskommissie over het jaar Mei 1897 tot Mei 1898*, Pretoria: Staatsdrukkerij, No. 18, 1898.

⁴³³ *Verslag der Beurskommissie over het jaar Mei 1897 tot Mei 1898*, Pretoria: Staatsdrukkerij, No. 18, 1898, 5.


⁴³⁴ *Verslag der Beurskommissie over het jaar Mei 1897 tot Mei 1898*, Pretoria: Staatsdrukkerij, No. 18, 1898, 6.

⁴³⁵ *Verslag der Beurskommissie over het jaar Mei 1898 tot Mei 1899*, Pretoria: Staatsdrukkerij, No. 21, 1899.

⁴³⁶ *Verslag der Beurskommissie over het jaar Mei 1897 tot Mei 1898*, Pretoria: Staatsdrukkerij, No. 18, 1898, 6.

Herman intellektueel ontwikkel het en dat hy die wêreld breër gesien het as die beperkte blootstelling daaraan op die plaas. Hy het uit sy konteks uitgegroeï.

En so kom 'n periode in Herman se lewe ten einde om oor te gaan na 'n baie opwindende tyd: Studie aan die Gymnasium in Zwolle in Nederland! In die volgende hoofstuk klim ons saam met hom op die skip en ontmoet ons dr JW Pont in Utrecht om met die trein na Zwolle en Herman se nuwe tuiste, die huis van die De Haans te gaan.



*Foto 26 Herman Augustus 1897
TAB 31511*

HOOFSTUK 4

DISCIPILUS GYMNASII

ZWOLLE 1898 TOT 1899

Inleiding

Hierdie hoofstuk word gewy aan die periode (middel 1898 tot Desember 1899) toe Herman leerling aan die Zwolse Gymnasium in die stad Zwolle in die provinsie Overijssel in die Koninkrijk der Nederlanden was. Die beweegrede om sy skoolloopbaan in Nederland voort te sit word ondersoek en sy reis daarheen beskryf. Sy skolastiese prestasie soos vervat in primêre bronne word weergegee asook gegewens in verband met die gymnasium. Sy verblyf aan huis van ds Adriaan de Haan, predikant van die Hervormde gemeente, en sy gesin word beskryf asook die stadslewe in Zwolle. Gedurende die tydperk was daar gereelde korrespondensie tussen Herman en sy moeder waarvan haar briewe aan hom behoue gebly het. Dit was in die aanloop tot wat later genoem sou word die Tweede Vryheidsoorlog tussen die Zuid-Afrikaansche Republiek en die United Kingdom of Great Britain and Ireland. Herman het in Desember 1900 op eie stoom besluit om aan die oorlog te kom deelneem. Die korrespondensie werp lig op die lewe van die Fouriegesin gedurende die tyd in aanloop tot die oorlog sowel as toestande in die ZAR.

Beweegredes om juis in Nederland die skoolloopbaan voort te sit

Ons eerste ondersoek in hierdie hoofstuk fokus op die redes waarom Herman nou juis in Nederland sy skoolloopbaan voortgesit het. Inligting kom uit die eeufeesboek van UNISA en die verslag van die NZAV vir die jaar 1897/8. Die feit dat daar nog geen universiteit in die ZAR was nie, slegs 'n Engelstalige universiteit in die Cape Colony, en die deure na Nederlandse skole (en gevolglik universiteite) deur die NZAV oopgemaak is, het die besluit eintlik eenvoudig gemaak, veral met die beurse wat moontlik beskikbaar gestel kon word.

Nederlandse universiteite geslote vir leerders van die Staatsgimnasium

Binne die ZAR was daar destyds nie geleentheid vir Herman om 'n universitêre opleiding te deurloop nie. In die Eerste Volksraad is nog net gepraat oor die moontlikheid van die oprigting van 'n universiteit. Die Universiteit van Pretoria het eers in die volgende eeu tot stand gekom.

Die eerste universiteit in Suid-Afrika was in die Cape Colony met die naam The University of the Cape of Good Hope. Dit is opgerig kragtens Wet 16 van 1873.⁴³⁷ Daar was wel studente van buite die Cape Colony wat aan die universiteitseksamens deelgeneem het maar die regering van die twee republieke en die Natal Colony was nie bereid om by te dra tot beurse vir studie aan die universiteit nie. Veral in die republieke is die universiteit met agterdog bejeën as 'n Engelse instelling.⁴³⁸

Toegang tot Nederlandse universiteite was nog nie moontlik nie. Reeds die 1884-Deputasie van die ZAR het die Nederlandse regering daarop gewys dat die Nederlandse wet op Hooger Onderwijs van 1876 die Nederlandse universiteite "feitelijk voor vreemdelingen gesloten heeft. Zij doet dit door de bevoegdheid tot het afleggen van universitaire examens uitsluiten toe te kennen aan hen, die het

⁴³⁷ Maurice Boucher, *Spes in Ardius 'n Geskiedenis van die Universiteit van Suid-Afrika* (Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika, 1973), 27 met wetsinleiding afgedruk op eerste binneblad.

⁴³⁸ Boucher, *Spes in Ardius*, 81-82.

eindexamen van een Nederlandsch gymnasium of het daarmede gelijk staand staatsexamen met goed gevolg gedaan hebben.”⁴³⁹

Die Koninklijk Besluit van 30 Juli 1886 het bepaal wie toegelaat kan word om die toelatingseksamens aan Nederlandse universiteite af te lê. Dit het aanvanklik studente uit Suid-Afrika uitgesluit.⁴⁴⁰

Op 22 Oktober 1897 het die NZAV ‘n versoek aan die nuwe minister van Binnelandse Sake, Goeman Borgesius, gerig dat die Koninklijk Besluit gewysig word om voorsiening te maak daarvoor dat matrikulante wat die matriculatie-examen van The University of the Cape of Good Hope geslaag het, toegang tot die toelatingseksamens kon kry. Die nuwe minister was nie daartoe geneë nie sodat “het bedoelde Kon. Besluit bleefte dan ook dit jaar [LJS: 1898] in dit opzicht onveranderd, waardoor onze Universiteiten nagenoeg gesloten blijven voor de Afrikanen, die in tal van Hoogeschoolen in Schotland, Engeland en Duitschland tot de examens worden toegelaten.”⁴⁴¹

Die verslag van die NZAV-bestuur ten opsigte van 1897/8 gaan dan voort: “Intusschen koesteren wij de hoop, dat de door den Minister voorgenomen vereenvoudiging van het bestaande gymnasiale leerplan eerlang het eindexamen onzer hervormde gimnasia veel meer dan het thans bestaande zal doen gelijken op het matriculatie-examen der Kaapsche Universiteit, waardoor voor onze regeering alle bezwaar tegen de gelijkstelling der beide examina, zeker op de gewenschte wijze zou worden opgeheven.”⁴⁴²

Met verloop van tyd is The University of the Cape of Good Hope se intermediêre B.A. met Grieks en Latyn wel aan Nederlandse universiteite erken.⁴⁴³

Wanneer Herman en sy ouers, waarskynlik aan die begin van 1898, besluit dat hy aan ‘n Nederlandse gymnasium sy voorbereidende studie om tot ‘n Nederlandse universiteit toegelaat te word sou voltooi, is dit op daardie stadium nog die enigste moontlikheid. Die deure direk van die Staatsgymnasium in Pretoria na ‘n Nederlandse universiteit was aan die begin van 1898 nog nie oop nie.

“In den loop van 1898” word in die Verslag van die Bestuur van die NZAV in 1898 opgemerk, “zal aan het Staatgymnasium te Pretoria voor het eerste eindexamen worden afgenomen, hetgeen, zooals bekend is, ook toegang geeft tot onze Universiteiten. Dan zal dus moeten blijken of de leerlingen, die daarbij voldaan hebben, gebruik zullen maken van de hun geboden gelegenheid om in Nederland te studeeren, dan wel den stroom zullen volgen der gediplomeerden van de Cape University, die thans nagenoeg allen naar het buitenland gaan, omdat onze Regeering gemeend heeft de sinds 1886 aan hen gestelde eischen te moeten handhaven.” Die Verslag wys verder daarop dat “Het spreekt van zelve dat, indien het boven besproken denkbeeld tot wijziging van ons gymnasiale leerplan in de bovenbedoelde geest mocht worden verwezenlijkt, het wenschelijk zal zijn dat daarna ook het leerplan van het gymnasium te Pretoria met het onze in overeenstemming worde gebracht, waardoor alsdan tevens eene nauwere aansluiting met de overige in Zuid Afrika gevestigde onderwijs-instellingen zou worden verkregen.”⁴⁴⁴

⁴³⁹ NZAV Bestuur, “Bijlage VII Skrywe NZAV gedateer 22 October 1898 Minister van Binnelandse Zaken,” in *Verslag van de bestuur van de Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Vereeniging voor 1897/1898 met bijlagen* (Amsterdam: JH de Bussy, 1898), 74 - 75.

⁴⁴⁰ NZAV Bestuur, *Verslag van de bestuur van de Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Vereeniging voor 1897/1898 met bijlagen* (Amsterdam: JH de Bussy, 1898), 27. <https://digital.lib.sun.ac.za/handle/10019.2/2674>

⁴⁴¹ NZAV Bestuur, *Verslag 1897/1898*, 28

⁴⁴² NZAV Bestuur, *Verslag 1897/1898*, 28.

⁴⁴³ Boucher, *Spes in Ardius*, 84.

⁴⁴⁴ NZAV Bestuur, *Verslag 1897/1898*, 28.

Skoliere en studente in 1897 reeds in Nederland

Soos in die vorige hoofstuk aangetoon was daar egter reeds die moontlikheid om met behulp van beurse van die ZAR-regering en die NZAV aan 'n gymnasium in Nederland te matriculeer.

Uit die *Verslag van Bestuurders van het Studiefonds voor Zuid-Afrikaansche Studenten over het jaar 1897* (opgestel deur JH Gunnig en Joh. W. Pont) kon 'n lys van die volgende student saamgestel word.⁴⁴⁵

- J Schoeman studeer met 'n beurs van die ZAR aan die HBS (Hogere Burgerschool) in Utrecht en is die derde klas;
- H Bodenstein en C Weilbach is in die derde en vierde klas aan die Amersfoortse Gymnasium met beurse "uitgeloofd door particulieren in de Transvaal";
- M Malherbe (beurs NZAV 720 gulden vir die verslagjaar)⁴⁴⁶ en E de Souza (beurs ZAR) het hul eindeksamens geslaag en gaan in die regte studeer aan die universiteit in Utrecht;
- NJ Smit, seun van genl Smit, studeer met 'n beurs van die Studiefonds aan die Gymnasium in Zwolle en gaan tuis by ds Kamp. Die beursbedrag bedra 720 gulden vir die verslagjaar.⁴⁴⁷ Hy is in die sesde klas en berei voor vir sy eindeksamen;
- C Pistorius (beurs van die ZAR) woon en gaan skool (sesde klas) in Utrecht;
- JJP Kleijn met 'n beurs van die ZAR studeer in siviele ingenieurswese in Delft;
- H Reitz, seun van die oud-president van die Oranje-Vrijstaat, studeer met 'n beurs van die NZAV in die regte in Amsterdam. Hy het sy voorbereidende studie in Kaapstad voltooi. Dit beteken dat in 1897 daar reeds matriculante wat die Kaapse matriekeksamen geslaag het toegelaat is tot universitêre studie in Nederland; en
- Dan is daar ook enkele "Transvaalsche jongelieden" wat vir hulle eie rekening skoolgaan in Nederland.

Geen beurs vir Herman nie

Herman se naam kom nie voor op enige van die lys van beurshouers vir 1898 nie. Maar die moontlikheid het bestaan dat hy wel later 'n beurs sou kry. Daarom verruil hy die Staatsgymnasium in Pretoria vir Gymnasium in Zwolle. Sy ouers sou die treinrit, seereis sowel as gymnasiumfooie en losiesgelde moes betaal. 'n Paar jaar tevore, in 1893, het 'n reis vanuit Holland na Pretoria f625 (seshonderd-vyf-en-twintig gulden) bedra.⁴⁴⁸

Die NZAV

Herman sou genoeg ondersteuning van die NZAV ontvang. Die omvang van die vereniging se werk blyk uit die volgende inligting uit hulle verslag vir 1897/98:

Op die verskillende besture dien A Louis (waarskynlik Antoine, seun van meester Louis) in die Studenten-Afdeling Leiden, dr JH Gunning Wzn van Zwolle op die Taalfonds en genoemde dr Joh. W

⁴⁴⁵ NZAV Bestuur, "Bijlage VI Verslag van Bestuurders van het Studiefonds voor Zuid-Afrikaansche Studenten over het jaar 1897," in *Verslag van de bestuur van de Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Vereeniging voor 1897/1898 met bijlagen* (Amsterdam: JH de Bussy, 1898), 67-69.

⁴⁴⁶ Bestuurders van het Studiefonds, "Bijlage VI," in *Verslag*, 71.

⁴⁴⁷ Bestuurders van het Studiefonds, "Bijlage VI," in *Verslag*, 71.

⁴⁴⁸ P.C. Baerveldt (Belgiese konsul in Pretoria), *Wereld-Tentoonstelling te Antwerpen 1894 De Afdeeling der Zuid-Afrikaansche Republiek (Transvaal)* (Antwerpen: De Nederlandsche Boekhandel, 1894), 9.

Pont van Utrecht op die Studiefonds voor Zuid-Afrikaanse Studenten.⁴⁴⁹ In die *Naamlijst van Correspondenten, Donateurs en Lede op 1 Mei 1898* tref die volgende name die oog.⁴⁵⁰

Die correspondenten in Pretoria is W Louis en ds P Postma; Donateurs en lede in Haarlem is JC Joekes; in Utrecht A Louis en dr Pont; in Wormerveer heelwat Laan's; in Zaandam J Pont jr.; in Zwolle dr JH Gunning Wz, ds AF Kamp, mr AGR Baron Sloet tot Oldhuis, ds J Vermeer Az en ds E Cats Wor; In Nederlandsh-Indië sewe in Java, vier in Batavia, een in Sumatra, vier in Soerabaja, een in Atjeh., twee in Semarang; een in Buitenzorg.; en twee wie se woonplek nie aangegee word nie; 'n lys van sewe en 'n kwart bladsye in die ZAR; 'n bladsy lange lys elk vir die Oranje Vrijstaat en die twee kolonies gesamentlik.

In die interessante ZAR-lys kry ons die name van onder andere ds MJ Goddefroy, Chr. J Joubert, SJP Kruger, W Louis, prof dr N Mansvelt en dr H Reininck.

Met sy aankoms in Nederland is Herman, alhoewel nie 'n beurshouer nie, deur dr JW Pont ontvang.⁴⁵¹

Die reis na Nederland

Uit inligting gepubliseer oor treinreise via die oosterlijn en die rooster van die Deutsche Ost-Afrika Linie op die voorblad van *De Volksstem*, sowel as uit weduwee Fourie se notas word wat bekend is van Herman se reis van Welgevonden na Zwolle vervolgens beskryf.

Met die Oosterlijn van NZASM en die oostelike roete van de Duitsche Oost-Afrikaanse Mail

Ons kan ons voorstel dat Herman se ouers hom waarskynlik grondpad langs – dit was behalwe tweespoorpaadjies nog die enigste paaie! – met 'n perdekar na Dalmanuthastasie sou neem.⁴⁵² Sy portmanteau gepak vir die verblyf in Zwolle. Dit was immers hulle jongste wat nou baie ver sou weggaan. Dit sou lank wees voor hulle mekaar weer sou sien. Ma Aletta sou wel gesorg het dat daar genoeg padkos vir die treinrit en die skeepsreis sou wees. Sy het graag gebak en ook droëvrugte gemaak.⁴⁵³ Alles dalk in 'n kis wat saamgaan?

Wat sou in die jong seun se gemoed omgegaan het? Hy was nou al gewoond om maande weg te wees van die plaas, maar dit was maar net in Pretoria, nie landuit nie. Bang? Opgewonde? Braaf? Allerlei voorbereiding sou daar wel wees: Die aansoek by die Zwolse Gymnasium, die verblyf by ds De Haan en sy gesin, 'n paspoort en geld om mee oor die weg te kom. Die bestudering van die advertensies van die trein- en skeeptye en die roete al langs die kus.⁴⁵⁴

Die opklimtyd op Dalmanutha sou ongeveer 8:00 nm of 6:00 vm wees. Die eerste opwindende gedeelte van die treinroete is die tunnel tussen Waterval-Boven en Waterval-Onder. Die tunnel begin langs die Elandsrivierwaterval. Twee lokomotiewe neem die trein deur die tunnel. Die

⁴⁴⁹ NZAV Bestuur, "Bijlage Samenstelling van Besturen" in *Verslag*, 79-81.

⁴⁵⁰ NZAV Bestuur, "Bijlage IX Naamlijst van Correspondenten, Donateurs en Lede op 1 Mei 1898" in *Verslag*, 81-110.

⁴⁵¹ AE aan HCM Fourie, 19 Mei 1899, Privaatversameling HCM Fourie, 1/1, ABP NHKA.

⁴⁵² Naaste stasie aan Welgevonden wanneer in oostelike rigting gereis is. 25°75'53.2"S 30°16'93.8"O

⁴⁵³ AE Fourie aan HCM Fourie, 13 Februarie 1899, Privaatversameling HCM Fourie, 1/1, ABP NHKA.

Weduwee Jo Fourie se puntsgewyse lewensoorsig van HCM Fourie, nota 7, circa 1939, Privaatversameling HCM Fourie, 1/11/2, ABP NHKA.

⁴⁵⁴ "Nederlandsche Zuid-Afrikaanse Spoorwegmaatschappij Loop der persoonentreinen vanaf 1 Juli 1898" en "Oostelike Route. De Duitsche Oost-Afrikaanse Mail," *De Volksstem*, 2 Augustus en vroeëre uitgawes 1898.

lokomotiewe pas net-net in die tunnel waarvan die wande met klip uit Italië gebou is. Die personeel dra maskers vir die rook. Daar is 'n val van meer as 34 voet 9 duim ('n val van 1:20) deur die 692 voetlange gekromde donker tunnel. Almal het gepraat van die prestasie dat die tunnel van twee kante gegrawe is om op 9 September 1892 met 'n skrale hoogteverskil van 2 duim te ontmoet. Die agsterste lokomotief laat 'n rat sak om te pas in die ekstra tandgeratte middelste spoor wat vir die doel aangebring is om te verhoed dat die trein die afdraende onbeheersd afjaag.⁴⁵⁵

Die trein is in die laeveld wanneer dit na 'n afdraende van 682 voet oor 4.4 myl van Waterval-Bo by Waterval-Onder aankom. Die hele omgewing het verander van grasveld na 'n groen boomryke omgewing.

Die grens tussen die ZAR en die Portugese kolonie Moçambique word oorgesteek net na die treinbrug oor die Komatirivier. Jongheer Fourie is in die buiteland! Die treinroete eindig om 9:50 vm of 7:36 nm (hangende met watter trein Herman uit Dalmanutha weg is) by die beskeie hout-en sinkstasiegebou wat in 1895 deur Paul Kruger ingewy is.



Daar sou die stoomboot se geel skoorsteen met sy wit, swart en rooi strepe voor anker lê, twee dae nadat dit uit Durban gestoom het.⁴⁵⁶

Omdat Herman voor die aanvang van die skooljaar op 1 September in Zwolle moes wees het hy moontlik op een van die volgende stoomposbote van die Deutsche Ost-Afrika Linie gevaar: Die *Herzog* onder bevel van kaptein Von Issendorff het op 4 Julie uit Lourenco Marques gevaar, die *Admiral* onder bevel van kaptein W(onleesbaar) op 18 Julie en die *Kanzler* onder bevel van kaptein Elson op 1 Augustus. Die moontlikheid bestaan dus dat Herman sy 16de verjaardag ter see sou vier.

Beira is die eerste hawe waar aangedoen word. Dit is aan die Afrikakontinent in die Mosambiekkanaal tussen Moçambique en die Franse Kolonie de Madagascar. Hierdie was Rhodesia se in- en uitvoerhawe en dus vir daardie land, eintlik vir die heer Rhodes, net so belangrik soos Delgoabaai vir die ZAR.

Die hawe Dar-es-Salaam was in Deutsch-Ostafrika, eine Kolonie des Deutschen Kaiserreiches. Van die vastelandse hawe na Zanzibar, die spesery-eiland, wat as British protectorate onder beheer van die Sultan van Zanzibar gestaan het. Hierdie twee hawens was op hul dag dié verspreidingspunte van slawe na die res van die wêreld.

Van Afrika na die Arabiese Skiereiland: Daar word aangedoen by die Britse hawe Aden voor die skip die Rooisee binnestoom. Die hawe by die suidelike toegang tot die Suezkanaal is by Suez. Die kanaal is in 1869 geopen. Voorheen was die enigste seeroete van Europa na die ooste om die Cape of Good Hope. Waar die kanaal by die Middellandse See uitmond is die hawe Port Said. Egipte was in daardie dae 'n selfregerende staat met verpligtinge teenoor die Turke. Die onderkoning Mohammed Ali het al Egipte se aandeel in die kanaal aan die United Kingdom verkoop ten einde bankrotskap vry te spring. Die kanaal was dus onder Engelse beheer.

Nou volg Europese hawens: Napoli oorkant die vulkaan Vesuvius aan die weskus van die Regno d'Italia. Daarvandaan na een van die oudste Europese hawens: Marseille in die République

⁴⁵⁵ https://www.youtube.com/watch?v=i6Z_GiDxwxk Pasella besoek Waterval Boven. Die verteller is afgetrede polisiekolonel en geskiedenisentoesias Piet Schoeman. Die tunnel is 211 meter lank en val 10,6 meter oor hierdie afstand. Die hoogteverskil by die bymekaarkompunt is 50mm. Die hoogteverskil tussen Waterval-Bo en -Onder is 208 meter oor 7 kilometer.

⁴⁵⁶ <http://www.theshipslist.com/ships/lines/woermann.shtml>

Française. En so stoom Herman voort deur die Straat van Gibraltar verby die Calpe Mons (Rots van Gibraltar) tot in die Atlantiese Oseaan en noordwaarts na Lisboa, hawestad van die Reino de Portugal e Algarves.

Dan: Uiteindelik! Nederland! Vlissingen en Rotterdam. Waarskynlik baie dankbaar stap die Boerseun van die skip af. Sy ouers se motiewe was goed, maar die reis was vir hom moeilik, veral weens die seesiekte.

14 Om hulle kind die beste te gee, besluit die ouers om hom na Holland te stuur. 15 jaar oud, alleen in 'n staatsie-hut op 'n mailboot, seesiek en eensaam, kry hy 'n wrewelige haat aan seereise.

Dokumentfoto 2 Weduwee Jo Fourie se puntsgewyse lewensoorlog van HCM Fourie, nota 14, circa 1939, Privaatversameling HCM Fourie, 1/11/2, ABP NHKA.

Ons het nie 'n historiese rekord van die indruk wat hierdie internasionale ondervinding op Herman gemaak het, behalwe dat hy nie elke dag wel gevoel het nie. Met sy terugreis sou hy egter aan boord briewe skryf wat behoue gebly het waardeur ons die reis in sy eie woorde sal kan herleef.

Dr Pont van die NZAV se Studiefonds voor Zuid-Afrikaanse Studenten

Na alle waarskynlikheid sou Herman eers na Utrecht gaan. Daar sou dr Joh. W Pont, predikant van die Luthersche gemeente hom verwelkom. Hy was "... de man die u in Holl. ontvangend heeft ..." ⁴⁵⁷ Pont word beskryf as iemand wat in drie kringe beweeg het: Die van die Luthersche kerk, "die van het volk, en dan in het bijzonder het Zuid-Afrikaanse volk en zijn verbindingen met het oude stamland..."; en die van die Wereldbond der kerken. ⁴⁵⁸ Hy is in die jaar voor Herman se aankoms aangewys as sekretaris van die NZAV se Studiefonds voor Zuid-Afrikaanse Studenten. "Bijna een halve eeuw heeft hij het vele daaraan verbonden werk onder omstandigheden, die zich telkens wijzigden, met groot liefde en bekwaamheid verricht. Zijn invloed op de vorming van jonge Zuid-Afrikaners kan moeilijk overschat worden." ⁴⁵⁹ Hy sou in 1908 lid van die hoofdbestuur van die NZAV word en in 1911 voorsitter vir die volgende 25 jaar. ⁴⁶⁰



Foto 27 Dr (later) prof JW Pont
<https://profs.library.uu.nl/index.php/profrec/getprofdata/1648/90/127/0>

Uit wat volg sal ons sien watter belangstelling prof JW Pont in Herman getoon het. Van Utrecht kan ons ons voorstel dat Herman per trein na Zwolle is.

⁴⁵⁷ AE aan HCM Fourie, 19 Mei 1899, Privaatversameling HCM Fourie, 1/1, ABP NHKA.

⁴⁵⁸ W.J. Kooiman, *Levensbericht van Johannes Wilhelm Pont*, overdruk uit Handelingen en Levensberichten van de Maatschappij der Nederlandsche Letterkunde te Leiden, (Leiden: Brill, 1942), 113.
<https://archief.amsterdam/inventarissen/scans/870/24>

⁴⁵⁹ Kooiman, *Levensbericht*, 117.

⁴⁶⁰ Kooiman, *Levensbericht*, 118.

Enkele opmerkings oor die stad Zwolle se geskiedenis en beeld teen die einde van die 19de eeu

Gedurende 2004 het 'n omvattende boek met die geskiedenis van hierdie Nederlandse stad in die provinsie Overijssel, saamgestel deur Jan ten Hove, verskyn. Daaruit kon geput word om 'n beeld te gee van hoe die stad daar uitgesien het en wat daar te doen was. Herman sou uiteindelik, die oorlogsonderbreking uitgerek, vyf jaar van sy lewe daar deurbring. Hy sou ook later sy bruid, Johanna Everharda la Riviere, daar ontmoet.

Aankoms in die stad Zwolle

Sowat van water! Welgevonden is waterryk met die watervoor wat bo van die fontein af deur die hele plaaswerf gelei en benut word tot onder by die boog van die Klijn-Comaté onderkant die opstal. Maar dit is niks in vergelyking met die waters rondom Zwolle nie. Die IJsselrivier, een van die vertakkings van die Rynrivier, loop suidwes van Zwolle verby. In Zwolle ontspring ook 'n rivier genaamd Zwarte Water, waarby De Vechtrivier of Overijsselse Vecht (by Utrecht is ook 'n gelyknamige rivier) aansluit. Zwarte Water mond uit die Zwarte Meer wat weer aansluit by die Ketelmeer (waarin die IJssel, net anderkant Kampen, uitmond). Vanuit die Ketelmeer kan die IJsselmeer binnegevaar word en dit is die roete tot die Noodsee of die Engelse kanaal. En so is Zwolle waterlangs met die see verbind soos die oosterlijn Pretoria met die see verbind.

'n Algemene verklaring van die betekenis van die naam Zwolle tref ons aan in nl.wikipedia: "Zwolle ontstond als nederzetting in de middeleeuwen op een dekzandrug tussen de IJssel en de Overijsselse Vecht aan het riviertje de Aa. Dit was een hoger gelegen en bewoonbare plek in het verder moerassige landschap. Zo'n plek werd destijds een 'suolle' genoemd, hetgeen later veranderde tot Zwolle. Deze dekzandrug is nog altijd zichtbaar door de hoogteverschillen in de stad. Zo ligt de Sassenstraat hoger dan het Grote Kerkplein. Het hoogteverschil is het duidelijkst in de Tijlspassage tussen de Voorstraat en de Melkmarkt. Hier zijn trap treden aangelegd om het hoogteverschil op te vangen."⁴⁶¹

Die Zwolse stasiegebou se perrondak van gietyster word beskryf as een van die mooiste kapkonstruksies van die 19de eeu.⁴⁶² Ten Hove verwys na 'n Franse en Vlaamse besoeker wat onderskeidelik die eerste aanblik van die stad vanaf die stasie beskryf as 'n "entrée formidable" (Corveille) en die mooiste uitsig op 'n grag in die ganse Nederland (J de Cock). Oor die grag was die Nieuwe Havenbrug al sedert 1875 in gebruik. De Cock het geskryf dat die besoeker wat met Stationsweg by die stasie uitstap die volgende sien: "een allemachtig zwierige bocht van helder frisch water met aan dezen kant niets dan deftige heerenhuizen en aan den overkant een pracht van hooge dichte beuken, met aan 't rechter uiteind de torentjes van de Sassenpoort en de zierlike Sassenpoortenbrug en aan 't linker uiteind de Nieuwe Havenbrug en hoog in de lucht de stompe Onze-Lieven-Vrouwetoren, de Zwolse stadstoren, de toren dien ge zien kunt in geheel Overijssel en Gelderland."⁴⁶³


Die stad het met Herman se eerste periode aldaar meer as 30,000 inwoners gehad.⁴⁶⁴ Die De Haanwoning in Walstraat val in die binnenstad, die ou stadskern waar daar nog die Middeleeuse stadsmure staan met omringende watergragte. Die nommer van die huis in Walstraat verskyn nie op enige van die behoue korrespondensie nie. Daar is aanvaar almal het geweet waar ds De Haan en sy gesin gewoon het.

⁴⁶¹ [https://nl.wikipedia.org/wiki/Binnenstad_\(Zwolle\)](https://nl.wikipedia.org/wiki/Binnenstad_(Zwolle))

⁴⁶² Jan ten Hove, *Geschiedenis van Zwolle* (Zwolle: Waanders, 2005), 443.

⁴⁶³ Ten Hove, *Zwolle*, 444.

⁴⁶⁴ <https://nl.wikipedia.org/wiki/Zwolle>



Kaart 7 Binnenstad Zwolle

<https://www.google.com/maps/@52.5128375,6.0906003,15.6z>

Die stasie lê 'n paar straat blokke ten suide van die Sassenpoort.

Die adres van die Gymnasium was Goudsteeg 19.

Die westepunt van Walstraat word Koestraat wat lei na die Blijmarkt, waar voorheen varke verhandel is en waar die Paleis van Justitie geleë is. In 1899 is begin met die bou van die sinagoge in Schoutensteeg wat parallel loop met Walstraat.⁴⁶⁵ Die sinagoge grens met sy agterkant aan Walstraat. Langs die sinagoge is die kerkgebou van die eglise Wallone wat in 1686 gestig is. Dit is in 1504 gebou as kapel van St. Geertruiden-klooster.⁴⁶⁶

Ds De Haan en sy gesin

Inligting oor die gesin van ds Adriaan de Haan waar Herman gedurende sy verblyf in Zwolle tuisgegaan het is verskaf deur die Historische Centrum Overijssel. Herman se moeder het ook met ds en mev De Haan gekorrespondeer en daardie primêre bronne uit die ABP NHKA is benut. Ds De Haan se werk as een van die Hervormde predikante in die verdraagsame Hervormde gemeente waar daar plek was vir predikante uit verskillende teologiese rigtings word bespreek aan die hand van 'n boek oor die gemeente wat die periode 1830 tot 1940 dek.

Die gesin De Haan

Adriaan de Haan (31 Maart 1861 tot 3 Februarie 1933) tree op 5 Februarie 1886 in die huwelik met Hillegonda Maria Agatha Laan (15 November 1863 tot 5 Mei 1922). Enkele dae na die huweliksbevestiging word proponent De Haan in sy eerste gemeente (Vleuten) bevestig. Van 1889 tot 1894 dien hy in die gemeente Ophemert om dan op 9 September 1894 in Zwolle bevestig te word. Wanneer Herman in September 1898 een van die loseerders by die gesin word is daar ses jong De Haantjies. Maria Jacoba is 11 jaar oud, Jacoba Francoise 9 jaar oud, Pieter 8 jaar oud, Hillegonda

⁴⁶⁵ <https://www.synagoge-zwolle.nl/index.php?pageID=17>

⁴⁶⁶ <https://www.waalsekerkzwolle.nl/geschiedenis/>

Maria Jacoba Agatha 7 jaar oud, en Adriana Hillegonda 2 jaar oud. Mev De Haan het ook twee miskrame gehad. Later sou daar nog kom Elisabeth Henriëtte op 16 November 1903.⁴⁶⁷



Foto 28 De Haangesin
TAB 31513

“Behalve de kinderen waren er ook altijd personen in huis, die er tijdelijk verbleven, waaronder Herman Fourie...”⁴⁶⁸ In hierdie gesin sou Herman soos ‘n ouer broer vir die kinders word en ds en mev De Haan vir hom soos ouers.

Daar het ‘n sterk nasionale bewysyn in die huis geheers. Herman se nuwe huisvader was beduidend koningsgesind. Nie lank na Herman se aankoms nie het koningin Wilhelmina 18 jaar oud geword en oorgeneem by koningin Emma wat sedert 1890, toe Wilhelmina op tienjarige ouderdom koningin geword het, as regentes opgetree het. Adriaan de Haan was teenwoordig by die troonbestygingsgeleentheid. “Ds. De Haan schreef bij het regeringsjubileum in 1923 in de Kerkbode (weer met een oranje rand): “6 September 1898 was ik gezetten tegenover de deur door welke H.M. zou binnentreden, rechts van de troon. Ik bemerkte dat toen zij binnentrad, de tranen mij over de wangen liepen – zonder dat ik het zelf wist. Ik bad en ik juichte, ik dankte en aanbad... Het was mijn Koningin, die daar stond, aan Wie haar volk trouw zwoer, aan Wie in stilte ook ik de eed van liefde en trouw aflegde.”⁴⁶⁹

Ds De Haan en die gemeente

Rondom die eeuwisseling van die 19de na die 20ste eeu was daar, alhoewel tot in minder mate as vroeër, steeds ‘n sterk klasseverskil in die bevolking. Kerksitplekke is daarvolgens ingedeel en gekoop. Benewens die klasseverskil was daar ook in die gemeente verskillende teologiese rigtings.

⁴⁶⁷ Ingeborg Jonkers, medewerker Collectie OverIJssel, Resultate van ondersoek, e-pos aan skrywer, 23 Augustus 2022.

⁴⁶⁸ Arnold Gevers, medewerker HCO, Resultate van ondersoek, e-pos aan skrywer, 30 Julie 2012.

⁴⁶⁹ J. Erdsieck en W. Faber, *Een aanzienlijke gemeente met een eerlijke verdraagzaamheid: Verkenning in de Zwolsche Hervormde Gemeente gedurende de jaren 1830 tot 1940* (Zwolle: Hervormde Gemeente, 1898), 113.

Die Hervormde Gemeente het ontstaan uit die Gereformeerde (vanaf 1804 genoem die Hervormde) godsdienst wat sedert 1540 in Zwolle aangehang is.⁴⁷⁰ Teen die einde van die 19de eeu was die lidmate almal deel van een groot gemeente met verskillende predikante en vier kerkgeboue: Grote Kerk, Broederkerk, Bethlehemkerk en die Eglise Wallone. Daar was predikante vir elke rigting. Die drie rigtings was: Vrijzinnig, evangelisch en rechtzinnig.⁴⁷¹ Eredienstye is gepubliseer met aanduiding van wie die prediker sal wees, met ander woorde watter rigting se lidmate tuis sou voel binne 'n spesifieke eredienst. Ds de Haan was regsinnig, ook genoem ortodoks. Hy was ywerig betrokke by stadsevangelisering soos ds Vermeer en ds Van Noppen. Hulle het die aflosstokkie van hulle rigting en evangelisasiebetrokkenheid so aan mekaar oorgegee: "De estafetteloop van een konsistent beleid gedurende 84 jaar is dan aldus:

<u>1868</u>	<u>Vermeer</u>	<u>1904</u>
	(36)	
	<u>1894</u>	<u>De Haan</u>
		<u>1926</u>
	(32)	
	<u>1918</u>	<u>Van Noppen</u>
		<u>1952</u>
	(34)	

Erdsieck en Faber beskryf die drie predikante se invloed soos volg: "Kenmerkend voor dit tijdperk was, dat een drietal gelijkgezinde predikanten gedurende deze periode een sterkte wisselwerking hebben ondergaan met de gemeente en de hele levensfilosofie vrijwel ongewijzigd is gebleven:

- een milde orthodoxe prediking voor de doelgroep in verstaanbare taal. (zowel De Haan als Van Noppen waren 'ethisch');
- een duidelijk wereldbeeld zonder geplaagd te worden door de moderne wetenschappen.; gezagsgetrouw en een sterk geloof in het 'drievoudige snoer'. God-Nederland en Oranje (een romantisch godsdienstig nationalisme);
- stimulators van een veelzijdige verenigingsleven, zowel in de politiek, de school als in het ontspannings en vromingswerk.;
- het meeleven gedurende een langdurig verblijf met lief en leed door twee of drie generaties heen.

"Tenslotte: ze hebben elkaar opgevolgd, maar niet abrupt; er was telkens een 'kroonprins' aanwezig om de fakkel, zonder onderbreking verder te dragen."⁴⁷²

Ds De Haan word geteken as 'n "reuz" wat sy standpunt kon handhaaf teen ander oortuiginge.⁴⁷³

Ds De Haan was 'n gewilde predikant alhoewel hy in die boonste sosiale kringe beweeg het. Sy gade was van adellike stand. Hy is genoem die "sjieke dominee."⁴⁷⁴ Sy arbeidstermyn in Zwolle is gekenmerk deur 'n geleidelik verandering in die klasseverskil. In die stadsevangelisering was "(d)e doelgroep ... de behoudende geschoolde arbeider en de kleine middenstander met een Saksische mentaliteit onder leiding van een welmenend patriachaal, dat op zijn wijze toch met een zekere emancipatie bezig was."⁴⁷⁵

⁴⁷⁰

https://historischcentrumoverijssel.nl/archieven/?mivast=20&mizig=210&miadt=141&micode=1140&milang=nl&mizk_alle=Ds.%20de%20Haan&miview=inv2#inv3t1

⁴⁷¹ Erdsieck en Faber, *Een aanzienlijke gemeente*, 141-143.

⁴⁷² Erdsieck en Faber, *Een aanzienlijke gemeente*, 118-119.

⁴⁷³ Erdsieck en Faber, *Een aanzienlijke gemeente*, 109.

⁴⁷⁴ Erdsieck en Faber, *Een aanzienlijke gemeente*, 117.

⁴⁷⁵ Erdsieck en Faber, *Een aanzienlijke gemeente*, 117.

Herman se kerklike horison wat tot dusver bestaan het uit die invloed van ds AG du Toit en ds HS Bosman se prediking sou dus nou uitgebrei word na ds De Haan se ortodokse prediking en hy sou kennis neem van die rigtingverskille binne die Nederlandse Hervormde Kerk.

Van die kerklike terrein gaan ons ondersoek nou oor na die opvoedkundige. Aan die hand van die destydse verslae van die kuratorium en die leerplanne, primêre bronne dus, leer ons die Zwolse Gimnasium van nader ken.

Die Gimnasium in die jaar 1898

Uit die verslag van die onderskeie kuratore van verskillende skole vir die jaar 1898/99⁴⁷⁶ kom ons die volgende te wete oor die Gymnasium te Zwolle: Die gymnasium is 'n item op die stedelike begroting en ontvang ook 'n Rijks subsidie. Daar word geen vrystelling verleen vir die schoolgeld ten opsigte van enige leerling nie. Op 1 Januari 1899 is die "getal der leerlingen

in den 1ste klasse:	6
in den 2de klasse:	13
in den 3de klasse:	3
in den 4de klasse:	4
in den 5de klasse:	4
in den 6de klasse:	5 ⁴⁷⁷

Vyf en dertig leerlinge in totaal waarvan een, mej. ES Kamp, vrouwelijk. Daar was geen toehoorders nie, en gymnastiek word nie aangebied nie. Herman sou op die voetbalveld van sy oortollige energie ontslae raak. Later meer daaroor.

Die koste verbonde aan die inskrywing het f100 bedra en was betaalbaar op 1 September, 20 November, 8 Februarie en 29 April. Die moontlikheid het ook bestaan dat 'n toehoorder lesings kon bywoon teen f25.⁴⁷⁸

Die onderwysend personeel het uit 15 lede bestaan. So anders as baie van die rondreisende onderwysers op die plase in die ZAR. Hierdie manne was gekwalifiseerd! Agt met doktorsgrade, NA Cramer was doktorandus in die Nederlandse Letterkunde en HR Idzerda 'n kandidaat in Klassieke Letterkunde. Vier onderwysers het beskik oor 'n akte van bevoegdheid vir Middelbaar Onderwijs. Daar was een Israëlitisch onderwyser. Die totaal van hulle salarisse bedra f19,600. Met die inkomste uit die 35 leerlinge se skoolgeld van f100 elk (f3,550) beteken dit dat die bydrae uit die stads- en Rijks subsidie aansienlik was.⁴⁷⁹

Briefwisseling

In die Argiefbewaarplek van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (ABP NHKA) word die behoue briefwisseling tussen Herman en sy moeder en ander persone bewaar in die privaatversameling HCM Fourie. Die briewe is geskryf van 10 Oktober 1898 tot 2 Januarie 1900. Enkele swarttraam koeverte van 12 by 9 cm het behoue gebly maar die seëls is verwyder. Die adres op een van die koeverte is Den jongenheer Herman Fourie, pa Ds. A. de Haan, Walstraat, Zwolle, Holland.

⁴⁷⁶ *Gymnasium te Zwolle: Toestand gedurende den cursus 1898/99*, HCO, 0774-9.

⁴⁷⁷ *Gymnasium te Zwolle: Toestand gedurende den cursus 1898/99*, HCO, 0774-9.

⁴⁷⁸ *Leerplan van het Stedelijke Gimnasium te Zwolle 1898-1899* (De Erven J.Jl Tijn, 1898), HCO, 0774-16, 3.

⁴⁷⁹ *Gymnasium te Zwolle: Toestand gedurende den cursus 1898/99*, HCO, 0774-9.

In 1935 het ds P de Haan, seun van ds en mev A de Haan die briewe (en ook latere briewe) in sy oorlede vader sy lessenaar (bureau) gevind. Op 13 Augustus 1936 stuur hy dit met 'n begeleidende brief aan dr en mev Fourie wat toe in hulle laaste gemeente (Groot-Marico) werksaam was. Fourie het die briewe dus weer kort voor sy eie dood in 1939 terugontvang. Fourie se dogter Kintie, getroud met George F. Malan, lid van die Volksraad vir Humansdorp, het die briewe in ongeveer 1971 oorgetik en die oorspronklikes saam met haar getikte weergawe daarvan by die Argiefbewaarplek ingedien. In 'n begeleidende nota meld sy dat haar moeder min leestekens gebruik het, meestal net kommas. Kintie het dit in sinne met die regte leestekens verander.

Hierdie primêre bron is baie waardevol en gee 'n goeie blik nie alleen in die lewe van die Fouriegesin nie, maar ook in destydse landsomstandighede in die ZAR. Skrywer het oor 34 aflewerings 'n verkennende reeks oor hierdie skrywes vanaf die oorgetikte weergawes gepubliseer in die tydskrif *Koers in Leer- en lewenskewissies* (vanaf Mei 2013). Vir hierdie studie is die oorspronklike briewe self geraadpleeg. Dit is ook presies oorgetik soos dit geskryf is. Sien daarvoor bylae 3. Onderstaande bespreking berus op hierdie transkripsie. Foutiewe aannames, soos wel in die reeks in *Koers* voorkom, is uitgeskakel. Plek-plek is skrywer se kommentaar op die skrywes soos dit in *Koers* verskyn het wel woordeliks aangehaal sonder om dit telkens as sodanig te vermeld.

Herman en sy moeder het minstens maandeliks gekommunikeer. Op twee van die behoue koeverte is die stempels wat in die ZAR sowel as in Zwolle aangebring is leesbaar: 'n Brief aan Herman wat op Machadodorp ge-pos is, is op 7 Augustus 1900 op Bonnefoi gestempel en op 18 September 1900 in Zwolle. 'n Brief aan mev de Haan word op 3 April 1900 in die ZAR gestempel (7:30 Vm) en kom op 27 April in Zwolle aan. Dit het dus so ongeveer tussen 3 weke na 8 weke geneem vir 'n skrywe om in Nederland aan te kom.

Dit is meestal Aletta Fourie se briewe aan haar jongste seun wat behoue gebly het met enkele briewe van ander persone aan hom. Van sy hand het poskaarte en skrywe aan dr Pont en die gesin De Haan behoue gebly. Met ander woorde, die skrywes na Nederland is die wat behoue gebly het.⁴⁸⁰

10 September en 10 Oktober 1898: Herman se eerste brief huis toe en Moeder Aletta se antwoord

Op 10 September 1898 skryf Herman huis toe om die goeie nuus mee te deel dat hy sy toelatingseksamen geslaag het. Die skrywe is waarskynlik verlore maar ons weet daarvan omdat sy ma in haar antwoord van 10 Oktober daarna verwys.⁴⁸¹ Sy wens hom van harte geluk en spreek die versugting uit dat hy al sy eksamens sal slaag.

⁴⁸⁰ Oorspronklike korrespondensie, 10 Oktober 1898 tot 2 Januarie 1900, Privaatversameling HCM Fourie, 1/1, ABP NHKA.

⁴⁸¹ AE aan HCM Fourie, 10 Oktober 1898, Privaatversameling HCM Fourie, 1/1, ABP NHKA.

heden berigt Ronnie
is lidmaat
geworden Welgevonden
10 Okt 1898.

Heer jongenheer
Herman Fourie

Lieve jong!

Heden ontrijgen wij uw
brief van den 10^{den} Sept
en zijn verblijd om te zien
dat het u welgaat, en wen-
schen u ook van harte geluk
met u afgelegde examens
wij hopen dat het voortdu-
rend zal gelukken.

nu de nieuws van ons land
de onlusten met de quassies
zijn afgelopen ten gunste
van Bunu hij is weer hoof-
kapitein geworden de gewa-
pende macht is terug, en nu
opnieuw oorlog met Maga-
to in Zoutpansberg, Magato

Dokumentfoto 3 AE Fourie aan HCM Fourie, 10 Oktober 1898
Privaatversameling HCM Fourie, 1/1, ABP NHKA

Na die gelukwensing val sy dadelik weg met landsnuus. Die lede van die Carolinakommando wat onluste in Swaziland moes gaan beheer het pas teruggekeer. Bunu (Ma Aletta se spelling) is weer hoofkapitein.

Ter agtergrond: Waaroor dit gegaan het is dat Swaziland kragtens die 1894-konvensie 'n protektoraat van die ZAR was. Die jong koning Ngwane V (circa 1876-1899) het die bynaam Bhunu gekry weens sy humeur. Dit beteken Boer, die humeur is met die Boere geassosieer. Toe hy verdink word van die moord op een van die koninginmoeder se raadgewers is dit aan die ZAR se kommissaris vir Swaziland, Johannes Krogh, gerapporteer. Bhunu het na Natal gevlug en by die Britte hulp gaan soek. Hulle argument was dat die ZAR nie die koning kon verhoor nie. Daar is uiteindelik tog wel 'n verhoor gehou waar Bhunu met 2,000 soldate opgedaag het. Hy is 'n boete vir rusverstoring opgelê en toegelaat om verder te regeer.⁴⁸² Maar daar was alweer nuwe onrus rondom 'n swart stam. Ma

482 Dictionary of African Biography (online version 2011), s.v. "Bhunu"
<https://books.google.nl/books?id=39JMAgAAQBAJ&pg=PA443&lpg=PA443&dq=%22Ngwane+V%22+1898&source=bl&ots=1B5j2npxYo&sig=ACfU3U2noQxe9pNeDnm7WjVl5KXMbsOfjA&hl=en&sa=X&ved=2ahUKewjq4tXO7YzsAhVSsKQKHAB0BzIQ6AEwB3oECAEQAQ#v=onepage&q=%22Ngwane%20V%22%201898&f=false>

skryf dat Magato in die Noorde weier om belasting aan die ZAR te betaal. Hy is “vreeslik brutaal.” Die Carolinaburgers het opdrag gekry om op gereedheidsgrondslag te wees. ‘n Groot burgermag uit die res van die ZAR asook die artillerie is reeds ontplooi.

Om die oorloë waarna verwys word beter te verstaan moet ons weet dat die Zuid-Afrikaansche Republiek vanaf 1854 tot 31 Mei 1902 in 31 oorloë en veldtogte gewikkel was. Twee oorloë was teen the United Kingdom en dan was daar die Jamesonveldtog. Die ander oorloë en veldslae was teen verskeie swart stamme.⁴⁸³

Die twee oorloë teen die VhaVenda van die verre Noord-Transvaal het in 1895 en 1898 plaasgevind. Magato was die 9de VhaVendakaptein en het hom onder invloed van sy raadgevers teen Blanke gesag verset. Onder sy leiding word die inwoners van Soutpansberg in 1867 onder andere met 'n nagtelike aanval verplig om die dorp op 15 Julie te verlaat. Lees ook hieroor in AD Pont se proefskrif oor ds NJ van Warmelo.⁴⁸⁴ Magato sterf in 1895 en dus kon die oorlog waarna moeder verwys nie teen hom wees nie, maar moes dit wees teen sy opvolger Alilali Tshilamulele Mphephu.⁴⁸⁵

Mphephu was 'n seun van Magato en het die regering oorgeneem deur sy broer Maemu te verdryf. Tydens sy pa se lewe het Mphephu in die Kimberleyse diamantmyne gaan werk om gewere te koop vir die stryd wat hy later sou voer. As opperhoof weier hy om belasting aan die ZAR-regering te betaal. Sy impi verdryf die regeringsamptenare wat 'n nedersetting moes uitmeet en die VhaVenda moes tel. Hy begin om vir homself belasting by onderhorige stamme in te samel. Hy saai gedurende 1898 verwoesting onder vreedsame stamme en brand wonings en winkels af. Op 16 November 1898 (sien die aanloop hiertoe in brief 1 van 10 Oktober 1898) val 4,000 ZAR-burgers en 3,000 Bantoe hom aan en neem sy hoofstad in. Hy vlug oor die Limpopo. Tydens die 1899-1902 oorlog sou hy homself in diens van die Britte stel.

Dit is dus na hierdie oorlog teen Mphephu waarna moeder verwys. Magato se naam is egter steeds gebruik omrede hy so lank oor die betrokke stam van die VhaVenda regeer het.⁴⁸⁶ Die weiering om belasting te betaal was inderdaad die hooforsaak van die oorlog van 1898.⁴⁸⁷ Dit was tydens hierdie oorlog dat die onlangse gestigte Carolinakommando sy eerste krygsondervinding opgedoen het.⁴⁸⁸

Aletta Fourie vrees baie lewensverlies weens die gevegte sowel as die somerkoors (malaria?) waarvoor die Soutpansbergstreek berug was. Sy weet dat Herman se broers ook opgeroep kan word en verplig sal wees om te gaan en dus ook kan sterf. Oor Herman is sy dus bly dat hy gekies het om in Nederland studeer.

Oor die loop van die volgende jaar sou Herman die bekende plaaslewe oor die verskillende seisoene voor hom kon sien afspeel uit sy ma se briewe.

https://en.wikipedia.org/wiki/Ngwane_V

⁴⁸³ Jacques Malan, *Die Boere-offisiere van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902* (Pretoria: JP van der Walt, 1990), 5-6.

⁴⁸⁴ A.D. Pont, *Nicolaas Jacobus van Warmelo 1835-1892* (Utrecht: Kemink & Zoon, 1955), 84-85.

⁴⁸⁵ SABW Deel 3 (1977) s.v. “Magato.”

SABW Deel 3 (1977) s.v. “Mphephu AT.”

⁴⁸⁶ JI Rademeyer, “Die oorlog teen Magato,” (M-skripsie, UP, 1934), 6,

<https://repository.up.ac.za/bitstream/handle/2263/30206/dissertation.pdf?sequence=1&isAllowed=y>

⁴⁸⁷ Rademeyer, “Die oorlog teen Magato,” 27-28.

⁴⁸⁸ F.J. Grobler, “Die Carolinakommando in die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902),” (M-skripsie, PU vir CHO, 1960), 5.

Soos altyd die geval met boerdery is die reën baie belangrik. Op 10 Oktober 1898, die president se verjaardag, skryf sy oor hoe droog dit is. Die president het daarom versoek dat daar geen feesvieringe sal wees nie. Boonop het daar pokke in Pretoria uitgebreek. Aan die einde van Januarie 1899 kan sy berig dat lieflike reën geval het. Chris wat ten tye van die droogte nie op sy eie plaas kon wees nie, kon daarheen terugkeer. Die boerdery het skade gely maar nie soveel soos ander boere nie.

Ons kan ons indink hoe die plaasseun hom ingeleef het in die gedagte van die natuur se reaksie op die reën. Die grasse was aan 't groei om weer wuiwend te staan. Die lande kon bewerk word. Aletta Fourie maak 'n geloofsuitspraak: Hulle skade met die droogte (en die Magato-oorlog) was nie erg soos andere sin nie en hulle sal dit "met tevredenheid dragen."

Met die lees van 13 Februarie se brief is Herman terug in sy avontuurwêreld: Die Comatierivier en "onze rivieren" (Klijn-Comatie en ander) was tot onlangs nog vol. Dit word nou weer droog en tog is daar tekens dat die reën oppad is: Die slang seil uit. Sy het juis onlangs op die voorstoep 'n swartrinkhals ontmoet wat oppad was na binne die huis. Die slang het nie die ontmoeting oorleef nie. Op 5 Julie 1899 skryf sy van nog 'n slang: "Ik had voor een paar dagen een ontmoeting met een pofadder bij het varkenhok. Schut vermorselde zijn kop voordat hij in het muur was." Schut was een van die plaaswerkers. Hy was Januari se seun.⁴⁸⁹

Op 13 Maart voorspel sy 'n vroeë winter omdat die somer eintlik droog was en dit nie baie gereën het nie. In die twee briewe van Junie skryf sy oor die strawwe winter en "de bittere koude."

Naas die winter en die droogte was daar die sprinkane. Op 10 Oktober 1898 skryf moeder dat almal inspring om die swarms te verjaag wanneer hulle toesak maar dit is 'n moeilike taak, hulle vreet selfs die bloeiesels van die perskebome. Die volgende jaar skryf sy weer op 25 Augustus en 18 September van die plaag. Daar was skade aan 'n pragtige stuk koring. Daar word nou roes in die laatkoring verwag omdat dit weer natgelei moes word om weer uit te groei. "de droogte en sprinkhanen hebben wij ook, van sommige menshen zijn de gezaaiden geheel vernield door de sprinkhanen de droogte is zeer gevoelend op sommige plekken is wel regen gevallen doch niet voldoende.... Dit jaar verschijnt twee soorten sprinkhanen de roode en vaalen, de rooden zijn toch wild en vluchten voor geroep of blikken slaan, maar de vaalen zijn voor niets bang voor geen rook of vuur zij zijn veel kleiner dan de rooden, zodra als het gras volop is, zullen ze niet zoo erg wezen maar nu vallen ze op de groene landen toe en vernielen zoo ver ze kunnen..."

Vrugte was daar altyd volop op Welgevonden. In die middel van Februarie was sy besig om perskes droog te maak en teen middel Maart was die vrugte-oes afgehandel. Herman lees van en proe die gedroogde vrugte: Ma skryf dat sy drie en 'n halwe mud sakke vol vye gedroog het. Daar is ook 'n sak kwepers, genoeg vir die winter. Sy is al moeg gewerk. Maar die spreekus en die vye! Schut skiet op hulle maar dit help maar min.

Die landboutentoonstelling het vir groot opwinding gesorg. Welgevonden se mense het al einde Januarie 1899 gereed gemaak daarvoor. Pa se koring staan 'n goeie kans maar sy dink nie sy sal weer die eerste prys kry vir haar vrugte nie want baie van die plaas se vrugte is sleg.

Op 13 Februarie berig sy dat dit toe nie te sleg gegaan het op die tentoonstelling nie! Herman se pa het die eerste prys behaal vir die plaas se gars en tweede prys vir die koring. In die perde-afdeling het die vosponie wat hy by Everard gekoop het ook tweede gekom. Nonnie, op Johannes Grobler se swart hings, het eerste gekom in die ruiterafdeling. Haar eie vrugte, gedroogde appeltjies en

⁴⁸⁹ HCM Fourie aan ds en mev De Haan, 15 Januarie 1900, los bladsy.

boerseep het eerste prys gekry; en haar boerebrood tweede prys. Sy het 'n spesiale prys ontvang vir haar blattang, "u weet gemaalde risjes en bereid met azijn om bij vleesch te eten."

Die tentoonstelling was klaarblyklik 'n saak van groot opwinding en meelewing. Herman se broers Jakob en Chris (met sy vrou) was daar. Ander oorslaapgaste was Abel Erasmus en David Schoeman, Jan Lombard. Moeder "had dat heel drukt" maar het vir alles gesorg. Sy het twee slaapkamers in die hotel gehuur en het 'n tent opgeslaan waarin sy etes bedien het. Watter jong seun in 'n vreemde land sou nie by die lees hiervan erg huis toe verlang het nie!

Gedurende die wintermaande is daar vir winterweiding met die skape getrek van die Ermelose hoëveldplaas Blaauwkoop na die laeveldplaas Kortbegrip. Die boere het gesamentlik getrek en daar was vaste oorstaanplekke.⁴⁹⁰ Op 10 Oktober 1898 skryf Aletta dat Jacob (nou 23 jaar oud) besig is om terug te trek met die wintervet skape. In die brief van 19 Mei 1899 word vertel dat Jacob besig is met die voorbereidings vir nog so 'n trek. Na die somer is die skape mooi en vet. As dit 'n goeie winter is sal alles goedgaan. Op 18 September 1899 was Jacob nie meer op Kortbegrip nie maar oppad terug, op daardie stadium by Badplaas (warm bad). Hy sou met die skape oorstaan op Welgevonden omdat daar nog nie weiding op Blaauwkoop was nie. Op 6 Oktober berig sy dat dit gereën het. Sy skryf oor die wolprys: Januarie 1899 se opbrengs was £95 sterling. Hierdie keer sal die lammers ook geskeer word en behoort die skaapboerdery die moeite werd te wees. Graanboere leef swaar omdat die pryse laag is. Tog is baie graan nodig vir al die plaaswerkers en perde se kos. Die perde word juis gevoer met die oog op die dreigende oorlog.

Herman het in sy skrywe van 10 September 1898 gevra dat sy ouers vir hom op een van die koerante inteken en ook vir bladmusiek. Sy pa sal dit reël wanneer hy weer in Pretoria kom. Op die oomblik gaan sus Nonnie in Pretoria tuis by die Burgergesin ter wille van haar katkisasie. Sy sal ook help soek na die musiekstukke. Voor die brief toegeplak is was Nonnie terug op die plaas en ma Aletta skryf bo-aan haar brief "heden berigt Nonnie is lidmaat geworden."

SW Burger, Nonnie se gasheer, was sedert 1886 lid van die Eerste Volksraad. In gemeente Lijdenburg was hy 'n diaken. Hy tree in 1896 uit die kerkraad omdat hy na Pretoria verhuis.⁴⁹¹ Die rede daarvoor is dat hy op 31 Mei 1896 lid van die Uitvoerende Raad geword het.⁴⁹² Ten tye van haar veblyf by die Burgergesin was hulle reeds meer as twee jaar lank Pretorianers.

Die predikant by wie Nonnie katkiseer is ds HS Bosman wat 'n paar maande later met langverlof gegaan het om onder andere die vergadering van die Presbiteraanse Alliansie in Washington by te woon. Met die oog op sy afwesigheid is proponent HD van Broekhuizen as hulpprediker georden. Hy en Herman sou later goeie tronkvriende word ná Van Broekhuizen se preek teen die Suidwesinval en Herman se aktiewe deelname aan die gewapende verset.

⁴⁹⁰ Bornman, *Carolina*, 65-66.

⁴⁹¹ NHofG Gemeente Lijdenburg, *Notule Gecombineerde Kerkraadsvergadering gehouden 4 July 1896*, argief van die Oostelike Sinode, Pretoria, 215.

⁴⁹² SABW, Deel II, 2de uitgawe (1986), s.v. "Burger, Schalk Willem."

9(a)

No.	NAMES.	WAKKER GEBORRE.	AANGENOMEN.		Aanmerkinge.
			Wanneer.	Door wie.	
237	Anna Sophia Wilhelmina Adendorff	4 Juli 1880	7 Oct. 98	H. Bosman	6 Oct. 98
238	Augusta Emily Adendorff	19 Aug. 82	"	"	"
239	Martha Sophia Fourie	25 Oct. 79	"	"	"
240	Johanna Maria Petrus du Preez	2 Juni 82	"	"	"
241	Cornelia Petronella Johanna Kleynhans	12 Nov. 81	"	"	"
242	"	22 Nov. 82	"	"	"

Dokumentfoto 4 Lidmaatskrywing 239 Martha Sophia Fourie
NHofG Gemeente Pretoria
Foto: Andrew Kok

Moeder sluit af met haar eie groete en die van die plaaswerker ou Januarie, "hij is nog maar ou dronker bij de bier."

Herman as leerling (discipulus) aan die Gymnasium

Danksy die vriendelike hulp van Fokje Duursema van Zwolle en die vriendelike bystand van die personeel van die Historisch Centrum Overijssel is die jaarlikse leerplanne asook die rapporte bekom en benut om Herman se gymnasiumloopbaan mee te beskryf.

Die College van Curatoren van die Gymnasium het bestaan uit mr AGA baron Sloet tot Oldhuis, president; mr G Wicherlink, waarnemend sekretaris; mr J Thiebout; mr AF Vos de Wael; en mr C baron de Vos van Steenwijk.

Dr B ter Haar was rector. Sy spreekure aan die gimnasium was Maandae, Dinsdae, Donderdae en Vrydae, "1 - 2 ure."⁴⁹³

Die leerplan het oor ses jaar gestrek, klasse I tot IV. Herman word op 8 September 1898 toegelaat tot die tweede klas aan die Stedelijk Gymnasium.⁴⁹⁴ Dit beteken dat hy die toelatingseksamen geslaag het waarmee sy moeder hom ook per bostaande skrywe geluk gewens het.

Dat Herman tot die tweede klas toegelaat is beteken dat die kennis wat hy aan die Staatsgymnasium opgedoen het op die vlak was wat in die eerste klas aan die Stedelijke Gymnasium verwag is.⁴⁹⁵ Hy sou al kon vertaal tussen Nederland en **Latyn** en "zeer gemakkelijke proza" kon baasraak aan die hand die eerste leerfase in vormleer en die hoofreëls van sintaksis; in **Nederlandsch** was die belangrikste boublokke van spraakleer en die gebruik van volsinne al onder die knie. Herman sou die basiese ontleding van taal- en redekuns kon behartig en geoefend wees in voordrag en die lees van Nederlandsche lektuur. Vir **Frans** ('n taal wat rég gepraat word eers as dit móóí gepraat word), was uitspraak belangrik en ook spraakleer. Oor en weer vertaling tussen Fransch en Nederlandsch tot op 'n sekere vlak was al ingeoef. Poësie is gememoriseer. Die Gymnasium het die fabels van die 17de eeuse digter LaFontaine voorgeskryf. En dan was daar natuurlik leeswerk. Antieke **geskiedenis** en die begin van die Middeleeuse geskiedenis (Europees sowel as Vaderlands) is doseer. In **aardrykskunde** is Nederland en sy kolonies behandel en Herman sou iets daarvan moes weet, wat nie 'n probleem sou wees met die opvoeding aan die Staatsgymnasium en die algemene ingesteldheid in die ZAR se geleerdheidskringe nie. Hy sou **wiskunde** se baas moes wees in die afdelings rekenkunde (hoofbewaterkinge van heelgetalle, kenmerke van deelbaarheid, die grootste

⁴⁹³ Leerplan 1898-1899, 1.

⁴⁹⁴ Album Discipulorum, inskrywing 218, Gimnasium Celeanum te Zwolle, Historische Centrum Overijssel, 0774-14.

⁴⁹⁵ Leerplan 1898-1899, 4-5.

gemene deler en die kleinste gemene veelvoud asook desimale breuke); algebra/stelkunde (die hoofbewerkinge en die vergelyking van die eerste graad met een onbekende); en meetkunde (die grondbegrippe, hoeke, lyne, kongruensie van driehoeke, die vierhoek, parallelogram, die trapesium, die veelhoek en die kongruensie van veelhoeke). In **natuurlike storie** is op die terrein van die dierkunde die mens behandel tesame met 'n algemene oorsig van gewerwelde diere, veral soogdiere en in plantkunde onder andere organographie. Aan die Stedelijke Gymnasium was Klasse I se totale lesure 28 lesure per week.

Vir die tweede klas⁴⁹⁶ is 31 lesure per week voorgeskryf. Agt ure in Grieks wat na die 10de Januari verminder tot vyf wanneer daar begin word met drie ure per week Hoogduits.

Die rector dr B ter Haar het Grieksch aangebied, maar nie vir klasse II nie.

HR Idzerda het die ses ure se lesings in **Latyn** behartig. Daar is op hoër vlak aandag gegee aan vormleer, sintaksis en vertaling. Literatuur van Caeser is voorgeskryf. Daar is net drie moontlikhede: Die *Commentarii de Bello Gallico*, die *Commentarii de Bello Civili* of *Anticato*. Indien dit die oorlogskommentare was wonder 'n mens onwillekeurig of Herman enige verband sou trek tussen die Romeinse manier van oorlog maak en dié van die Engelse toe hy homself later op die slagveld sou bevind?

Grieksch is aangebied deur **dr KB van Wulfften Palthe** met dieselfde tydsvermindering ten behoeve van Hoogduitsch as in die eerste klasse. Attiese Grieks is bestudeer. Vormleer met betrekking tot werkwoorde tot μι. Maklike Attiese prosa moes ontleed en vertaal word. In hierdie verband skryf Kruger: "Die posisie van die Atheense dialek was egter besonder sterk. Reeds in die tyd van Perikles (LJS: c. 495 – 429 v.C) het Atties dié Griekse dialek op die gebied van handel en diplomatie geword. Maar dit was veral, danksy haar groot skrywers, dat Atties ongetwyfeld die mees wydgelede Griekse dialek was. Sparta mag die hegemonie van Griekeland by Aigospotamoi gewen het en Thebe dit weer van haar by Leuktra afgeneem het, maar nóg Dories nóg Aiolies kon die inherente vitaliteit en aanpasbaarheid van Atties ewenaar of selfs probeer ewenaar. Daarom is dit dan ook nie verbasend dat die Attiese dialek die hoofmoment sou word in die vermenging van Griekse dialekte waaruit Koinê van die Hellenistiese tydperk gebore is nie."⁴⁹⁷

Die leeraar in **Nederlandsch** was **dr F Buitenrust Hettema** wat twee ure per week sy leerlinge besig gehou het met verdieping van die werk in die eerste klas. Net so met **LAA van Kervel** wat **Frans** aangebied het. Sintaksis het ook nou aandag gekry.

Heel gepas het **JG Talen Hoogduitsch** aangebied. Dit was die leerlinge se eerste onderrig in hierdie taal. Klem is gelê op uitspraak, lees, skryf, vertaling en die praat van die taal ("Beginselen der spraakkunst").⁴⁹⁸

Drs NA Cramer het chronologies oorgegaan na die onderrig van die tweede deel van die Middeleeue. Daarnaas is begin met die bestudering van die eerste deel van nuwere algemene en Vaderlandse **geskiedenis**. **Dr F Buitenrust Hettema**, wat ook Nederlandsch aangebied het, het die **aardrykskunde** van Europa aan die jongelinge verduidelik.

Dr VCLME Frackers het die diepere wonders van die **wiskundige** wêreld vir hulle oopgemaak. In rekenkunde is die Franse erfenis van die metrieke stelsel behandel saam met verhoudinge en

⁴⁹⁶ *Leerplan 1898-1899*, 5-6.

⁴⁹⁷ G van W Kruger, *Hoofstuk 3 Die ontstaan en gebruik van Koinê van "Die Grieks van die Nuwe Testament" Akroterion* https://journals.co.za/doi/pdf/10.10520/AJA03031896_3

⁴⁹⁸ *Leerplan*, 5.

eweredighede, "Gezelschapsrekening"⁴⁹⁹ met renteberekening en so meer. In algebra/stelkunde is geleer van ontbinding in faktore sowel as eerstegraadse vergelyking met twee of meer onbekendes. Die belangrikste eienskappe van die sirkel is in meetkunde behandel, ook die eweredighede wat ontstaan as twee regte lyne deur ewewydige lyne sny. Verder is gespeel met driehoeke en die gelykvormige veelhoek (pentagon, heksagon...).

K Bischopp van Tuinen het in **plantkunde** dieper ingegaan op organografie en binnelandse plantvorme. Linnaeus se stelsel is verduidelik en moontlik sou Herman homself hier ontdek as lid van die subspesie *homo sapiens*!⁵⁰⁰ In **dierkunde** is die menslike sintuie, voëls, die kruipende gediertes en die padda-agtiges en visse behandel.

Hierdie is 'n voorbeeld van 'n klassieke Europese opleiding met die oog op toelating tot universitêre studie soos by die wisseling van die 19de en 20ste eeu. Dit staan bekend as middelbare onderwys. Ná die ses jaar se studie het 'n staatseksamen gevolg wat toelating tot 'n universiteit kon verleen.

In klasse II was daar 13 leerlinge: G ten Doesschate, HCM Fourie, AM Joekes, F Middag, JE van der Pot, FLJE Rambonnet, JH van Riemsdyk, H Timmer, AJ Vierdag, A Welcker, JH Welcker, IJ van Wyke en H Wuite. Soos ons later in Herman se korrespondensie sal sien het hulle mekaar op die van aangespreek. Herman en Joekes het vriende geword. Saam met A Welcker was hulle ook die beste presteerders in die klas.

Rapport 13 November 1898 tot 25 Januari 1899

En daar skop die Transvaler sy Nederlandse klasmaats sand in die oë deur eerste te staan! Hy behaal 70% gemiddeld terwyl die klasgemiddeld 64% is. En dit ten spyte daarvan dat Aardrykskunde en Nederlands hom onderkry en hy minder as die klasgemiddeld behaal! Hy blink uit in Natuurgeskiedenis (80%), Wiskunde en Grieks (75%) en doen goed in Latyn en Geskiedenis (70%). Sien bylae 4 by hoofstuk 4.

⁴⁹⁹ *Leerplan*, 6.

⁵⁰⁰ Encyclopedia Britannica, July 2, 2020. s.v. "*Homo sapiens sapiens*." <https://www.britannica.com/topic/Homo-sapiens-sapiens>. Lineaus het slegs van *homo sapiens*, verdeel in vier subspesies gekoppel aan plek van voorkoms onderskei. Deesdae word die term *homo sapiens sapiens* gebruik om te verwys na die mens.

N A M E N.	Latijn.		Grieksch.		Antiq.		Nederl.		Hoogd.		Engelsch.		Fransch.		Wisk.		Gesch.		Aardr.		Natuurk.		N. Gesch.		Sch.
	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	
13 November 1898 - 25 Januari 1899																									
Klasse II.																									
G. ten Boschhate	6	6	5	5			6	6					6	6	6	6	6	6	5				6	6	
E. C. M. Fourie	8	6	8	7			7	5					8	5	8	7	7	7	7	6			8	8	
A. M. Joekes	8	6	6	6			7	6					7	7	8	7	7	7	7	7			7	7	
P. H. de Vries	4	4	5	5			6	5					6	4	8	7	6	7	6	6			7	7	
J. E. van der Pot	7	4	6	4			7	5					7	4	5	5	7	7	7	6			6	6	
P. L. J. E. Ramtornet	6	5	6	5			8	8					7	5	6	5	8	6	7	6			7	6	
J. A. van Riemsdijk	6	6	6	6			5	5					5	5	6	6	7	6	6	6			7	7	
H. Timmer	5	5	7	7			6	6					6	6	6	6	7	6	7	6			8	7	
A. Vriesdag	7	6	6	6			7	6					8	7	7	7	6	6	7	7			8	8	
A. Welcher	7	7	6	7			7	6					7	6	6	6	7	7	8	7			7	7	
J. H. Welcher	7	6	6	7			6	6					6	5	6	6	6	6	7	7			7	7	
J. J. van Wyke	8	8	7	7			7	7					8	7	6	5	6	6	7	7			6	6	
E. Wuite	7	6	6	6			7	6					6	5	7	7	7	6	7	6			7	6	

Dokumentfoto 5 Klasse II Cijfers 13 November 1898 tot 25 Januari 1899

Cijfers der leerlingen, 1890 tot 1921 07

Gimnasium Ceeleum te Zwolle, HCO

Foto: Fokje Duursema

27 Januarie 1899: Moeder se tweede brief – Die takhare

Op 27 Januarie 1899 neem ma Aletta weer die pen op. Sy weet natuurlik nog nie van haar jongste telg se goeie punte nie. Sy bring hom op hoogte met plaastoestande en toestande in die land. Sy skryf aan hom die nuus asof hy 'n grootmens is.

Die veldtog teen Magato (Mphephu) is afgehandel. Die Fouries se wa het skade opgedoen maar die regering sal daarvoor instaan. Twee van Herman se broers was toe wel saam en haar moederhart is dankbaar om hulle veilig terug te hê. Ander mense was nie so gelukkig nie en het onder die koors (malaria?) deurgeloop. Die koors (LJS: 'n ander koors?) het nou ook in hulle distrik onder die mense uitgebreek, sy wonder of die droogte nie 'n ongesonde toestand geskep het nie.

Sy maak 'n geloofsuitspraak: Hulle skade met die droogte en die oorlog was nie erg soos andere sin nie en hulle sal dit "met tevredenheid dragen."

Die Soutpansbergkoors het slagoffers geëis: Twee weke gelede is beide Frans Pretorius ("de groote vechter met de vuist") en Gustaaf Basch oorlede. Weduwee Pretorius verkeer in armoede en het ses kindertjies om voor te sorg. Tydens die terugtog is Hermanus du Toit, bywoner by Jan Blaauw, oorlede en op Pietersburg begrawe.

Plaaslik is die siekte wydverspreid en Arie van Wyk het twee getroude dogters en 'n skoondogter aan die dood afgestaan.

Ouboet Chris was tydens die droogte nie op sy eie plaas nie maar kon nou daarheen terugkeer. Sy vrou Maggie is nog maar sieklik. Die res van die familie is die koors gespaar. Jochim het nog sy bobbejaan wat "heel aardig" is maar net soveel skade kan aanrig wanneer hy loskom.

Oor landsake skryf sy dat die verkiesing van volksraadslede gehou word. Jan Grobler en Vorbeck is die kandidate vir die Tweede Volksraad. Sy sal die uitslag laat weet. Daar is 'n onrustigheid in

Johannesburg (onder die Uitlanders). Sy verwag dat die skilpad weer sy kop sal uitsteek soos met Jameson (in 1896). Die “jonnies” moet egter weet dat die boere sterk is. Binne ‘n paar weke het 4,000 man opgeruk na Magato. “(D)ie ou boeren zijn kwaai vooral die veldschoen dragers met de takharen. —”

Howard C Hillegas, oorlogskorrespondent vir die *New York World*, sou die takhare soos volg beskryf: “The Boer who was bred in a city or town good-naturedly referred to his country cousin as a ‘takhaar’—a man with grizzly beard and unkempt hair. It was a good descriptive term, and the takhaar was not offended when it was applied to him. The takhaar was the modern type of the old voortrekker Boer who, almost a hundred years ago, trekked north from Cape Colony, and after overcoming thousands of difficulties settled in the present Boer country. He was a religious, big-hearted countryman of the kind who would suspect a stranger until he proved himself worthy of trust. After that period was passed the takhaar would walk the veld in order that you might ride his horse. If he could not speak your language he would repeat a dozen times such words as he knew, meanwhile offering to you coffee, mutton, bread, and all the best that his laager larder afforded. He offered to exchange a pipe-load of tobacco with you, and when that occurred you could take it for granted that he was your friend for life. The takhaar was the man who went to the frontiers on his own responsibility weeks before the ultimatum was sent, and watched day and night lest the enemy might trample a rod beyond the bounds. He was the man who stopped Jameson, who climbed Majuba, and who fought the natives. The takhaar was the Boer before gold brought restlessness into the country, and he was proud of his title. The fighting ability of the takhaar is best illustrated by repeating an incident which occurred after the battle of Dundee when a large number of Hussars were captured. One of the Hussar officers asked for the name of the regiment he had been fighting against. A fun-loving Boer replied that the Boers had no regiments; that their men were divided into three brigades—the Afrikanders, the Boers, and the Takhaars—a distinction which carried with it but a slight difference. ‘The Afrikander brigade,’ the Boer explained, ‘is fighting now. They fight like demons. When they are killed, then the Boers take the field. The Boers fight about twice as well and hard as the Afrikanders. As soon as all the Boers are killed, then come the takhaars, and they would rather fight than eat.’ The officer remained silent for a moment, then sighed and said, ‘Well, if that is correct, then our job is bigger than I thought it was.’”⁵⁰¹

Almal stuur vir Herman groete: Die hele gesin, die bure, ou meester De Jongh en al die plaaswerkers. O ja Kleinboo en die ander swart werkers wat gedros het is weer terug.

Die plaaswerker Januarie het gereeld vir Herman groete gestuur. Klein Manie het van vroeg af al ‘n goeie verhouding met hom gehad – tewens hulle het in isiNdebele met mekaar gepraat. “Sy maats was dus maar die klein (swart kinders) van die plaas en hy is hul leier. Dit lê die grondslag vir sy kennis van naturelle-tale, isi-Swazi en isi-Zulu vernameelik.”⁵⁰² Januarie was waarskynlik die oudste en mees vertroude van die plaaswerkers. Op 13 Maart 1899 skryf moeder dat ou Januarie by Henri Swain ‘n foto van homself laat neem om vir Herman te stuur. Hy sal kwaad wees as die fotograaf “misfchien dien dag noozel hoeksig zal wezen, en hem niet goed nemen,...” Hans, “de ou ruiker,” het ook beloof om ‘n portret van hom te gee om vir Herman te pos. Ander werkers wat groete stuur is Schut en Witkous. Op 6 Junie 1899 “zegt (ou Januari) u moet nu slimmer worden want werken is te swaar, hij is al oud gesukkeld en is nog arm en net nou borrel hij (dat is sterven).” Op 25 Augustus 1899 en 18 September is Januari moordlustig en “regt kwaad op de Engelschen en wil laat borrel zegt hij.”

⁵⁰¹ Howard C. Hillegas, *With the Boer Forces*

<http://www.gatewaytotheclassics.com/browse/display.php?author=hillegas&book=forces&story=army>

⁵⁰² Weduwee Jo Fourie se puntsgewyse lewensoorisig van HCM Fourie, punt 2, circa 1939, Privaatversameling HCM Fourie, 1/11/2, ABP NHKA.

Ook meester De Jongh stuur meermale groete. “Ten slotte kry hulle ’n mnr. de Jong, ’n Fries, wat ook nogal van ’n sopie gehou het, maar ondanks dit, ’n uitstekende leerkrag.” In 1898 was meester De Jongh elders en nie meer op Welgevonden nie. Hy het by ander plaasskole in die omgewing onderwys gegee. Op 25 Augustus 1899 skryf Aletta dat meester De Jongh met die oog op ’n betrekking by die NZASM na Waterval-Boven verhuis het. Dit is maar te hope dat hy goed sal doen want hy het al die geld wat hy met skoolhou verdien het, deurgebring. Toe hy moes vertrek het hy sy lot by hulle kom bekla. Herman se pa het aan hom geld gegee om sy reiskoste en losies te betaal totdat hy geplaas kan word. Dit wil tog net nie goed met die arme man gaan nie.

Aletta Fourie het met belangstelling die wel en wee van die onderwysers in die Carolina- en Lijdenburgdisrikte gevolg. Op 13 Maart 1899 skryf sy dat daar die vorige week ’n troue in die distrik was: Hendrik van kolJacobs (?) is op Lijdenburg getroud met ’n Frankdame, ’n kleindogter van ou meester Poen⁵⁰³. Hendrik is die derde landdrosklerk en sy oom Helgard en moontlik iets te doen met sy aanstelling. Sy hoor dat De Voogd nou onderwyser is te Waterval-Beneden. Sy weet nie wat die storie met hom is nie. Hy het ’n tyd lank skool gehou in die skool op Vorbeck se plaas. Die skoolinspekteur Mora het ’n hele aantal onderwysers afgesit weens onbekwaamheid. Onder hulle was die Duitser wat amper in die Comatie verdrink het, hy is tans vrywilliger by die forte wat aan die Soutpansberg opgerig is, en enkele Kapenaars waarvan sy nie die name ken nie.

13 Februarie se brief: Word tog nie ’n dokter nie maar ’n regter!

In haar brief van 13 Februarie 1899 spreek Aletta Fourie die hoop uit dat haar seun wel haar briewe ontvang. ’n Mens kan jou, gegewe die lang tydsverloop tussen brief en antwoord daarop, goed voorstel dat daar maar bietjie onsekerheid was of jou brief sy bestemming bereik het. Sy hoop ook dat die koerante by Herman uitkom. *De Pers* begin haar teleurstel. Die koerant is in 1889 deur AH Nellmapius gestig met die spesifieke doel om die regering van president Kruger te ondersteun.⁵⁰⁴ Sedert die laaste presidentsverkiesing (vroeër in 1898) het die koerant se beriggewing verswak en die intekenare het afgeneem. Daar is selde nog ’n foto by ’n berig. Sy skryf ikabod oor dié koerant.

Helgard Schoeman en sy vrou is aan “koors” oorlede. ’n Klein niggie van Herman, by tante Bettie is oorlede aan kinderstupe. Die res van die familie is gelukkig gesond. Jan Grobler is toe herkies as lid van die Tweede Volksraad.

Terwyl sy besig is om te skryf kom die pos van Bonnefooi op die plaas aan. Herman het op 18 Januarie geskryf en haar meegedeel dat hy ’n mediese dokter wil word. Vir haar is dit ’n verkeerde begeerte. Haar “bedoeling is ook niet dat u juist een advokaatje moet worden, maar wel dat u in de rechten moet studeeren in daarin docktor worden, zoo als hier onze straf rechters of zoo als wij ze noemen jutsen,...” Sy was op 26 September teenwoordig in die hooggeregshof wat op Carolina gesit het. Die Duitse regter Esser het die onder andere die doodstraf en harde arbeid opgelê. Sy het daar gesit “met de inwindige begeerte en volle gedachte op u en verlangen dat mijn zoon toch eenmaal die waardige betrekking moge bekleeding.” Hier moet ons in gedagte hou dat beide Aletta se pa en oupa De Clercq landdroste was. In die omgang, skryf sy, word daar gevra wanneer landseuns dan eendag regters sal wees (sodat) uitlanders nie oor (die volk) vonisse hoef uit te spreek nie. Wanneer Herman die dag so ver geleerd is dat die regering oor hom verleë is sal hy hom nie oor ’n lewenstog hoef te bekommer nie.

Herman het in sy brief melding gemaak van die jarelange studie. Dit is niks want daar kan ’n plan vir ’n besoek gemaak word - Malherbe en Da Souza was sewe jaar aan ’t studere en het wel in daardie

⁵⁰³ Poen is oorlede op 17 Oktober 1897.

⁵⁰⁴ Heinie Heydenrych, “Paul Kruger en die pers in die ZAR, 1890–1895” *LitNet Akademies* Jaargang 13 Nommer 1 (Mei 2016): 2.

tyd vakansies tuis gehad. "Transvaal is niet onbereikbaar." "Lieve zoon denk toch niet er om doctor in medicijn te worden kind heb ooren heeft ou tante Grietje Stolz gezegd,..."

Herman se pa vra hy moet tog navraag doen "... hoeveel geld betaald moet worden jaarliks voor u kost school logies buiten zakgeld, dan schrijft u ons, want de een zegt £100, de ander 80, en u Pa was nog niet weer bij mijnh Louis doch maak niet groot gewacht er van, maar hoor slechts uit ____"

Die rapport vir die periode 26 Januari tot 25 Maart 1899

In die middel van die kwartaal, te midde van die leerwerk, skryf Herman op 8 Februarie 'n brief huis toe. Toe die rapport kom lyk sy punte goed:

N A M E N.	Latijn.		Grieksch.		Antiq.		Nederl.		Hoogd.		Engelsch.		Fransch.		Wisk.		Gesch.		Aandr.		Natuurk.		N. Gesch.		Scheik.	
	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.
26 Januari - 25 Maart 1899.																										
I Klasse II.																										
C. ten Doerschate	7	7	6	6			6	6	7	6			6	6	8	6	7	7	7	6			5	6		
H. C. M. Frouin	7	5	8	7			7	5	7	6			8	6	8	7	7	8	6	5			8	8		
A. M. Joekes	7	7	6	6			7	6	7	6			7	7	8	8	7	8	7	7			8	7		
P. Middag	5	4	5	4			6	6	7	6			6	5	7	6	7	7	6	6			6	6		
J. E. van der Poel	7	4	6	4			7	6	7	5			7	4	4	4	7	7	6	6			6	5		
F. L. J. E. Rambout	6	6	6	6			7	7	7	6			7	5	6	6	7	7	7	7			6	6		
J. H. van Riemsdijk	6	6	6	6			6	5	7	5			5	5	6	6	7	6	6	5			5	5		
F. Timmer	6	4	6	7			6	5	7	6			7	6	6	6	7	7	6	6			8	7		
A. J. Vierdag	6	6	6	6			7	7	7	6			7	6	6	6	7	8	7	6			8	8		
A. Welcker	7	7	6	7			7	6	7	6			7	6	6	6	7	8	7	7			8	8		
J. H. Welcker	5	5 ¹ / ₄	6	6			7	6	7	6			6	5	6	6	7	7	7	7			7	7		
L. J. van Wyke	6	6	6	7			7	5	7	6			8	7	6	5	7	7	5	5			6	5		
F. Wuite	6	5	5	5			7	6	7	6			6	5	8	7	7	7	7	7			7	7		

Dokumentfoto 6 Klasse II Cijfers 26 Januari tot 25 Maart 1899

Cijfers der leerlingen, 1890 09 tot 1921 07, Gimnasium Celestium te Zwolle 0774-14, HCO

Foto: Fokje Duursema

Herman se vlyt was ywerig. Hoogduitsch, Nederlandsch en aardrijkskunde was nog 'n uitdaging. Grieksch, wiskunde en geskiedenis kon hom nie onderkry nie. Hy het uitgeblink in natuurlike geskiedenis. 'n Kind van voorgeslagte wat geskiedenis gemaak het en 'n kind van 'n hoëveldse plaas. Sy gemiddeld lê op 68%. Joekes staan nou eerste met 70% gemiddeld en Herman deel die twee klasposisie met A Welcker.

13 Maart 1899: Goudkoors

Ma Aletta se brief van 13 Maart sou Herman bereik het nadat hy hierdie tweede rapport ontvang het. Sy het wel sy skrywe van 8 Februarie met blydschap ontvang – sy is gelukkig as dit met haar seun goedgaan.

Herman het waarskynlik na aanleiding van koerantberigte navraag gedoen na manne met die vanne Lagesen en Van der Hoven. Dit is moeilik om agter te kom wat Herman se vraag presies was. Dit dui egter op die aandag waarmee hy as 16-jarige seun die koerante bestudeer het. Die twee manne was in die mynbedryf. In Florida het Van der Hoven agt standplase geskenk waar skole vir mynkinders

opgerig kon word.⁵⁰⁵ CA Lagesen was regeringsverteenwoordiger op die skoolraad van die staatskool op Vrededorp.⁵⁰⁶ Moeder skryf dat Lagesen uitstel gevra het tot 7 April aanstaande jaar, dan sal hy “hier wezen.” Oor Van der Hoven is daar nie nuus nie. Hulle sake in Johannesburg staan stil en hulle sal plase gaan soek wanneer die goudkoors weer uitbreek.

Vir ‘n paar weke het moeder nie koerante aangestuur nie, gewoon omdat daar nie enige noemenswaardige nuusberigte verskyn het nie. In die wat sy nou stuur sal Herman lees dat ‘n sekere heer Boshof in die plek van ou Jaap de Clercq tot die Eerste Volksraad verkies is. Sy en Herman se pa beplan om vir hom in te teken op die Ermelose *Echo* wat baie nuus bevat. So nie op *De Volkstem* want *De Pers* beteken nie meer veel nie. Aan die ander kant kan sy voortgaan om bloot vir hom die koerante aan te stuur soos wat sy tans doen. Henri Swain kry sy koerante op die manier vanaf sy suster in Engeland.

Sy sluit met beste wense vir gesondheid en voorspoed in Nederland en “en dat u tot ons pleizer moge terug keeren als uw werk voltooid is,...”

30 Maart 1899: Twéé briewe: Vriend Pieter Grobler skryf én Moeder, maar daar is ook ‘n derde brief – Voetbal op Sonda

Herman se vriend Pieter Grobler (van wie ons aan die einde van hoofstuk 3 gelees het dat hy in die staatsdiens begin werk het) skryf op 30 Maart 1899 in antwoord op ‘n brief wat Herman aan hom gerig het. Hy was onlangs met ses weke verlof en dit was lekker om na die kantoor-sittery in Pretoria weer op Ermelo te wees. Met sy terugreis na Pretoria het hy by Wonderfontein op die trein geklim en daaraan gedink dat Herman gewoonlik daar opgeklim het.⁵⁰⁷ Hy het weer hulle laaste nagreis saam herleef. Hulle was baie lal gewees en iemand met die naam Koos was ook saam.

Pieter was onlangs by meester Louis. Daar het hy gehoor dat miss Cato teen einde April weer Holland toe gaan, waaroor sy baie bly is. Miss Gezina het vertel dat Herman destyds dadelik tuis was by mrs Louis en die gesin. Pieter dink toe daaraan dat dit ook nie anders kon nie aangesien Ada daar was. Hoe is dit dan dat Herman nie meer oor Ada skryf nie? Herman moet tog laat weet hoe dit gaan met hulle gimnasiummaats Bok, Koos Smit en Fortuyn. Hy moet ook baie groete oordra aan die Transvalers daar.

In Pretoria is die gimnasiumleerlinge weg vir ‘n week vakansie. Dit is Nagmaalsnaweek en dit is altyd vir hom lekker omdat hy so baie plattelanders ken.

Ma Aletta het op dieselfde datum geskryf maar hierdie keer is haar brief van ‘n ander kleur: Mev De Haan het haar laat weet dat Herman op Sonda voetbal speel en nie kerk toe gaan nie! Sy hou haar in en doen eers verslag oor die verkiesing van drie veldkornette vir die drie wyke van die Carolinakommando wat aan die gang is. Sy dink H Prinsloo sal in hulle wyk, dit is wyk 1, hervekies word.⁵⁰⁸ In die Soutpansberg is dit nou stil. Die afloop van die oorlog was gunstig. Op die terrein waar die hooflaer van die burgers was word nou ‘n dorp aangelê vernoem na Louis Trigard.⁵⁰⁹ Haar aardrykskunde is nie korrek nie – sy vertel dat die nuwe dorp op dieselfde plek is as die dorp wat deur Louis Trigard se broer Carel aangelê is, waarmee sy na Schoemansdal verwys. Sy verwys na die

⁵⁰⁵ SIW Roos, “Plaaslike beheer in die onderwys in die Zuid-Afrikaansche Republiek, 1852-1899” (Proefskrif D.Ed, PUvirCHO, 1955), 353,

http://repository.nwu.ac.za/bitstream/handle/10394/10981/Roos_SIW_TOC.pdf?sequence=1

⁵⁰⁶ Roos, “Plaaslike beheer,” 422.

⁵⁰⁷ Naaste stasie aan Welgevonden vir ‘n treinrit in westelike rigting. 25°80’73.1”S 29°89’41.4”O

⁵⁰⁸ Grobler, *Carolinakommando*, 4.

⁵⁰⁹ JI Rademeyer, “Die oorlog teen Magato, 70-79.

feit dat Schoemansdal weens vyandigheid en koors verlaat moes word. In werklikheid is Schoemansdal deur die kommandant-generaal vir Zoutpansberg, Stephanus Schoeman gestig.⁵¹⁰ Baie mense trek nou na die nuwe dorp, ook mense wat uit Damaraland teruggekom het en nie grond besit nie. Sy verwys moontlik na Dorslandtrekkers uit die jare 1874 tot 1877 wat weer na Transvaal teruggekeer het.

Soos Herman in die koerant sou geles het het Daan Wolmarans in die plek van sy broer wat te siek geword het, lid van die Uitvoerende raad geword.

Welgevonden het 'n brief van Cato Louis ontvang waarin sy vertel dat sy einde April of begin Mei na Holland gaan. Pa sal probeer om betyds Pretoria toe te gaan om Cato te sien wat die geld wat hulle vir Herman stuur moet saamneem. Cato sal baie nuus, veral uit Pretoria, hê om vir Herman te vertel.

Ma was bly om 'n brief van mevrou De Haan te ontvang en het eintlik haar plig versuim om nie van haar kant af reeds aan mevrou De Haan te geskryf het nie. Herman verkeer immers onder haar moederlike sorg. Mevrou De Haan skryf goeie dinge oor Herman en hoe hy ook goed met haar kinders omgaan. Dit is vir haar en die dominee egter nie reg dat Herman op Sondag deelneem aan voetbalwedstryde nie. Herman het dit ook aanvanklik nie saamgestem met die wedstryde op Sondag nie maar later daaraan begin deelneem. Eers het hy op Woensdag- en Saterdagmiddag gespeel en dit baie geniet. "...nu wel mijn zoontje het is niet goed dat u het Zondag doet, God ruste zelve ten zevende dage van Zijn werk..." Dit kan so maklik gebeur dat 'n "kwaadgunstige" miskien uit Nederland skryf dat die jonges van Transvaal nie die sabbat heilig nie, en dit nogal terwyl hulle by predikante tuisgaan. Mevrou De Haan het gelyk en Herman moet hom as kind laat onderrig. Wanneer sy byvoeg dat gehoorsaamheid beter is as offerhande leer ons iets ken van Aletta Fourie se geloofsoortuiging. Sy vertrou Herman sal ophou met wedstryde en dergelike dinge op Sondag. "...u moet toch niet de harten van u pleegouders tergen, u is toch ook verstandig genoeg..."

Aletta Fourie het ook op mev De Haan se brief geantwoord. Sy bevestig dat Herman baie tevrede is by die De Haans en dat hulle huis vir hom soos 'n ouerhuis geword het. Dit doen haar moederhart goed en sy spreek haar dank uit dat Herman deur die De Haans as pleegseun beskou word. Herman is haar jongste kind en sedert sy vertrek het sy baie gehuil "doch ik heb hem onder de wil des Heeren afgegeven met de bede dat ik mijn zoon zal terug ontvangen (als de Heer mij in leven spaart) als een geleerd en nuttig mensch,..."

Sy gee mevrou De Haan gelyk dat wedstryde op Sondag nie goed is nie. Daar is mos genoeg tyd in die week daarvoor. Sy het Herman in haar brief aan hom daarvoor aangespreek en "ernstig gewaarskuwd teen schending van den Sabat..." In die drie jaar toe Herman by die gesin Louis gebly het was hy net vakansietye tuis. Hy was gehoorsaam maar sy kan haar goed indink dat kinders mekaar kan verlei. Mevrou De Haan moet haar tog op hoogte hou. Die ooreenkoms met meester Louis was dat hy sal optree indien Herman fouteer. "...als hij dan aan uwe waarschuwing en onderrichten en aan mijn brief aan hem niet luistert, zal er wel een plan komen om te jonge boom te buigen, doch ik heb toch de beste hoop dat mijn zoontje zal gehoorzaam wezen."

Sy vertel van haar vier ander kinders. Die oudste (Chris) wat getroud is en in Ermelodistrik woon, nog 'n seun (Jacob) wat ook nie op Welgevonden woon nie en Joachim en Nonnie wat in die huis woon. Herman se plek in die huis is leeg "toch niet groot als in mijn hart, die ledige plaats blijf ongevuld, maar ik vertrouw alleen op de Heer des hemels, die hem kan bewaren en tegen het kwade kan beschermen,..."

⁵¹⁰ Rademeyer, "Die oorlog teen Magato," 7.

19 Mei 1899: Ds Pont het geskryf en Herman kry 'n beurs!

In die brief van 19 Mei 1899 kry ons 'n diepe insig in die hart van 'n verlangende moeder. In die vorige brief het sy geraas oor die sokkerspelery op Sondag en nou wil sy doodsekermaak haar seun het haar reg verstaan en dat hy werklik gelukkig is. Dit is alles gedagtes wat haar moes besig gehou het terwyl sy Joachim gedurende April en die begin van Mei help versorg het en nie aan Herman kon skryf nie. Daar was wel in die tyd korrespondensie: Herman het 'n brief geskryf gedateer 23 April 1899, moeder het 'n pragtige poskaart van hom ontvang en van die ander familieleden sou volgens moeder se brief met Herman gekorrespondeer het oor sy broer Joachim se siekte. Hy is beter maar die lewer gee nog probleme.

Ds Pont het geskryf – en is Aletta nie beindruk met hom nie! Hy sê dan sulke mooi dinge oor haar seun!

“...hij prijst u, en noemt u een aardig en vlytig begaafd jongen, het schijnt mij aan zijn schrijven of hij een heel goede man is,...” Ingeslote by sy skrywe was “ook de Courant rekening van de uitgaven van alles omtrent u.” Haar moederhart dink dadelik aan die beste vir haar seun. Sy moedig hom aan om hom met enige probleem na ds Pont te wend, ook vir ander verblyf indien hy nie meer gelukkig is by die De Haans nie. Hulle betaal dat hulle seun ‘n goeie en vriendelike behandeling ontvang en nie bitter hoef te verduur nie. Sy voel ook al weer sleg dat sy moes raas oor die voetbal op Sondag. Sy skryf dat die probleem die Sondagsport is en gevolglik afwesigheid by die erediens is en nie die sport as sulks nie.

Herman kan ook aan meester Louis skryf of haar vra om aan ds Pont te skryf. “- u behoeft niet een uur uit te houden om onvriendelijk aangezien te worden, men moet toch voor zijn geld goed behandelt worden, dat is mijn eisch ook daarvoor betaal ik, en wil het hooren en niet anders.” Ds Pont is “... de man die u in Holl. ontvangend heeft moet voor u zorgen, maar als u zwijgt kan hij het van zelf niet weten, ...” Weer die moederhart: “... mijn begeerte is, dat u moet moeite doen, bij de kleinste slechte behandeling, uithouden zal de betaling niet verminderen en het is niet noodig ...”

Sy deel Herman die goeie nuus mee dat ‘n regeringsbeurs ten bedra van £60 per jaar aan hom toegeken is. Die beurs het beskikbaar geword toe Pistorius aan wie dit aanvanklik toegeken is dit nie opgeneem het nie. C Pistorius was in 1897 in die sesde klas in Utrecht.⁵¹¹

Met die uitsondering van superintendent Mansveld en W van Niekerk het al die lede van die beurskomitee die gedagte gesteun dat die beurs Herman toeval. ADW Wolmarans (Daan of Blink Danie in haar brief) “heeft veel er aan gedaan” en mijnheer Louis “komt alle lof en dank toe...” “... blink Danie is weer naar Europa of hij naar Holl is kan ik niet zeggen,...” Hierdie verwysing na ‘n oorsese reis van ADW Wolmarans op hierdie stadium maak nie sin nie want van 31 Mei 1899 tot 5 Junie 1899 is hy deel van die Bloemfonteinkonferensie gereël deur president Steyn in ‘n poging om oorlog te verhoed.

Sy vertrou dat die beurs tot seën sal wees en vir oulaas: “... laat de kwestie van klagten over het voetbalspelen op zijde gaan, en doet zoo als ik u hier in geschreven heb mijn raad is goed, ___ en zijt hartelijk gegroet van uw heilwenshende moeder.”

6 Junie 1899: Konferensie in Bloemfontein en Onderwyskongres in Pretoria

Die Bloemfonteinkonferensie wat deur president Steyn gereël is as ‘n poging om oorlog te voorkom was aan die gang. Aletta weet nog nie wat daar gebeur nie omdat die samesprekings in geheim gevoer word. “... het zal een geluk wezen als wij geen oorlog krijgen, ...” Die distrik se boere wat met

⁵¹¹ NZAV Bestuur, “Bijlage VI,” 67-69.

hulle vee na die bosveld (laeveld) toe is vir winterweiding moet gereed wees om opgeroep te word. Jacob is ook reeds op Kortbegrip.

Die stemreg wat die jingoes eis is die eersgeboortereg van die Transvalers. Hulle is gereed vir 'n Engelse inval en die NZASM hou leë trokke gereed om perde mee te vervoer indien dit nodig sou word. Omdat die Vrystaat saam sal veg as bondgenoot van die ZAR sal die Engeland nie sonder verliese haar doel bereik nie. Joachim is gesond maar so maer soos 'n telegraafpaal. Hy is egter vol selfvertroue dat hy weer goed kan skiet.

Aletta Fourie gebruik meermale die term “jingo's” om na die Uitlanders in die ZAR te verwys. Dit dui op persone wat oorlog wil maak. “Jingo, m. (’s), voorstander van oorlog, aanzetter tot een oorlog.”⁵¹²

Pa woon op uitnodiging die onderwyskongres in Pretoria by. Hy het gister vertrek. Dit was nie nodig dat hy gaan nie omdat hulle nie meer kinders op skool het nie. Dit gaan egter oor die nageslag. Die kongres behandel die verdrukking van die Hollandse taal wat deur Engels op skool oorheers word.

Die aanloop tot die nasionale kongres wat van 7 tot 9 Junie 1899 in Pretoria in die ou kerkgebou van die Gereformeerde Kerk gehou is was 'n kongres wat op 29 en 30 Maart in Germiston gehou is. “Kortliks kom die besluit van die ses-en-sestig stemgeregtigde aanwesiges op die kongres daarop neer dat hulle die twee [sic] leidende figure van die Departement van Onderwys (LJS: Superintendent Mansvelt en sekretaris CG de Jonge) wou laat val en deur gebore Suid-Afrikaners wat 'n ander koers wou inslaan, te vervang, terwyl die Staatsgymnasium, met 'n gewysigde leerplan, in dieselfde bane gelei sou word. In een slag sou die beleid, wat in 1892 deur die wil van die meerderheid van die bevolking in die onderwyswet neergelê was, verander word.”⁵¹³ Ploeger gee 'n volledige bespreking van die Germistongkongres met die rol wat die leiersfigure gespeel het op bladsye 272 tot 279.

Die groot saak waar vir verandering geagiteer is was die taalbeleid. Die wet daarvoor lees soos volg:

“24. Alle onderwys moet gegeven worden in de Hollandsche taal. Alleen bij het onderwijs in de vreemde talen is het den onderwijzer geoorloofd, zich van de taal te bedienen, welke hij onderwijst. 25. Bij het Lager Onderwijs mogen, des vereischt, alleen in den derden Standaard drie van de vijf en twintig door de Regering gevordere uren per week (zie art. 26) aan het onderwijs in eene levende vreemde taal gewijd worden.

Bij het Middelbare Onderwijs mogen op alle scholen, waar de ouders dit verlangen, vier van de vijf en twintig door de Regering gevordere uren per week (zie art. 26) aan het onderwijs in eene levende vreemde taal gewijd worden; doch in de overige door de wet vereischte uren moet alle onderricht door en in de Hollandsche taal geschieden.

26. Op elke ondersteunde school moet er gedurende vijf dagen per week iederen dag minstens vijf uren onderwijs gegeven worden in de bij de Wet vastgestelde vakken, behoudens de vrijheid in vorig artikel toegestaan.”⁵¹⁴

Die kongresvoorsitter en -sekretaris skryf in die voorwoord tot die gepubliseerde notule en referate van die Pretoriakongres die volgende: “Het is hare innige wensch, dat ons volk steeds beter de beginselen eener degelijke, Christelijke en nationale opvoeding, zooals in ons onderwijstelsel belichaamd, zal verstaan en dezelve verdedigen. Daardoor alleen zal ons volk in de toekomst een zelfstandig, vrij volk blijven. Het nageslacht zal zijne voorouders dankbaar zijn voor de handhaving

⁵¹² Van Dale's Groot Woordenboek der Nederl. Taal, s.v. “Jingo.”

⁵¹³ Ploeger, *Onderwys en onderwysbeleid*, 276.

⁵¹⁴ Artikels 24 tot 26 van Wet nr.8, 1892 soos aangehaal in Ploeger, *Onderwys en onderwysbeleid*, 336-337.

der heilige rechten, waarvoor deze goed en bloed hebben opgeofferd.”⁵¹⁵

JC Fourie was saam met LCJ van Rensburg en J Brink kommissielede vir die distrik Carolina en as sulks deel van die groter reëlingskomitee vir die kongres.⁵¹⁶ In die oproep tot die kongres is gestel: “Waar reeds gedurende enkele jaren het tegenwoordige onderwysstelsel heftige bestrijding naas hartelike ondersteuning heeft ondervinden, en telken jare onze Ed. Achtb. Volksraad wordt bezig gehouden met een groot aantal memories op het gebied van Opvoeding en Onderwijs, daar meenen wij, dat thans de tijd rijp is, het Nationaal Onderwijs in onze Republiek op een Congres aan eene ernstige bespreking te onderwerpen.”⁵¹⁷

ADW Wolmarans het ook die kongres bygewoon en kortliks verslag gedoen oor Milner se eis om stemreg aan alle nuwelinge wat vyf jaar in die ZAR is en die ZAR-afgevaardigdes se antwoord daarop wat neergekom het op sewe jaar.⁵¹⁸

Die eerste referaat oor “Ons Onderwysstelsel” is gelewer deur J Boersma van Belfast. Hy stel onder andere “De tijden zijn er niet naar om maar, zooals vroeger, tevreden te zijn met den eerste den besten vreemdeling, die goed kan praten, wat zingen en behoorlijk kon schrijven en lezen.”⁵¹⁹ “Want waarlijk,” gaan hy voort, “de tijden zijn nog niet voorbij, dat menigeen zijne kinderen, zijne duurste panden, zonder nader onderzoek toevertrouwe aan den een of anderen rondlooper, die pas die diggerspade had neergelegd, vóór dien tijd als winkelklerk had gewerkt, vroeger misschien als matroos had gevaren en nóg vroeger om wie weet welke reden het land zijner geboorte den rug had toegekeerd, en zich nu maar, om toch niet broodeloos te zijn, als onderwijzer aandient.”⁵²⁰ Hy eindig met die woorde: “Ons onderwys-“stelsel” willen wij handhaven, omdat het is de waarborg van ons godsdienstig en nationaal volksbestaan en een der hechtste steunpilaren onzer zoo duur gekochte en met Gods hulp bewaarde Onafhankelijkheid.”⁵²¹

Die heer Knype wat reeds 12 jaar in diens van die onderwysdepartement was, beskryf die Republiek se onderwysstelsel so: “Het fundament waarop ons Staatsgebouw berust was onze Grondwet en die had Gods Woord als beginsel. Uitgaande van dit beginsel moest ons onderwysstelsel berusten op het Staatkundig fundament, op de Grondwet, gebouwd op Gods Woord.”⁵²²

PGW Kruger het verduidelik wat gebeur het met die aanvaarding van wet 15 van 1896 in aanvulling by die onderwyswet van 1892: Wet 15 het voorsiening gemaak vir Engelssprekende kinders om in Engels onderrig te word met die voorwaarde dat hulle ook die landstaal aanleer. Nou gebeur dit dat Hollandsprekende kinders ook die skole bywoon. Hy wil dat dit wetlik verbied word.⁵²³ AP Roos verskil en sê dat die skole wél vir Hollandssprekende kinders bedoel is.⁵²⁴ Dit gaan hier oor die verskil tussen gesubsidieerde skole en staatskole.

JH Smit laat hom soos volg uit oor die aanleer van vreemde tale: “Verder was hier gesproken, om van af Standaard 1 vreemde talen te leeren, doch hij waarschuwde daartegen en gaf tot voorbeeld,

⁵¹⁵ Regelingskommissie, *Notulen en referaten van het Onderwijs-congres gehouden te Pretoria op 7, 8 en 9 Junie 1899* (Pretoria: Staatsbiblioteek, 1965), *LS!*.

⁵¹⁶ *Notulen en referaten*, 5.

⁵¹⁷ *Notulen en referaten*, 5 - 6.

⁵¹⁸ *Notulen en referaten*, 9-10.

⁵¹⁹ *Notulen en referaten*, 21.

⁵²⁰ *Notulen en referaten*, 23.

⁵²¹ *Notulen en referaten*, 29.

⁵²² *Notulen en referaten*, 32.

⁵²³ *Notulen en referaten*, 33-34.

⁵²⁴ *Notulen en referaten*, 35.

dat een boom, dien men geplant had en waarop men andere vruchten entte, voordat de wortels zich goed in den grond hadden vastgegrepen, dat die boom dan begon te kwijnen. Wachtte men echter met enten, tot de wortels goed vast zaten, dan groeide zoo 'n boom in een jaar meer dan anders in drie jaar. Spreker vind het bovendien niet goed om aan onze jeugd zooveel talen tegelijk te leeren, dat zou oorzaak zijn, dat wij later een gebroken taal kregen, en wij zouden later wellicht berouw gevoelen over iets, dat wij hedenavond gedaan hadden.”⁵²⁵

AP Roos van Klerksdorp het die referaat “Het gevaar van Meer Engelsch” gelewer.⁵²⁶ Meer Engels sal die onafhanklikheid van die Republiek bedreig. Engels word gesien as die spil waarom alle beskawing draai. Daarom is daar ouers wat met goeie bedoelings hulle kinders in Engels laat leer. Maar dit lei uiteindelik daartoe dat die kinders na die Engelse kerke toe oorgaan. Die godsdien en sedes van die voorvaders word verruil vir die van die Engelse geleerdheid in vreemde lande. “En de vijand sit ook niet stil. Als de kind in het vreemde land komt, brengt hij zijn oogmerk ten uitvoer om dat kind te bederven, om van hem een Engeschman te maken, een Jingo te maken.”⁵²⁷ In die Republiek is daar reeds amptenare wie se kinders net Engels magtig is. Dit sal uiteindelik lei tot Engels in die Volksraad en 'n Engelse Republiek. Die kennis van die stryd om onafhanklikheid sal verdwyn met die geskiedenis wat afgeskeep sal word.

Die Reformers het voor die Jamesoninval reeds in hulle manifes meer Engels op skool geëis. Die Engelse het alle skole in die Kaap Engels gemaak nadat hulle die kolonie oorgeneem het. In 1827 is 'n wet aangeneem dat alle amptelike dokumente in Engels gelewer moes word. Dieselfde moet in Transvaal gedoen word vir die Hollandse taal. Vreemdelinge moet Hollands aanleer. Dit is nie nodig om die skoolwet te verander nie. Engels het wel sy plek en doel en leerlinge aan die Gymnasium leer wel onder die bestaande wet Engels. Hy noem die Engelse “onze aartsvijanden.”⁵²⁸ Hy verwys na die Gelofte van 1838 wat in Hollands afgelê is. “Kijkt de geschiedenis in en herinnert u, hoe Sarel Celliers voor ons heeft gebeden. Deed hij dat in de Engelsche taal? Neen, in zijn moedertaal.”⁵²⁹

H Grobler van Carolina sê: “Wat hem betref wilde hij de Wet laten blijven zooals zij was, aangezien het in Carolina een plezier was te zien hoe de dorps- en zelfs ook de wijscholen bloeiden. Verder was hij tegen meer Engelsch. Als het van hem afhing, moest de Hollandsche taal alleen staan en de andere talen slechts als bijtalen worden geleerd. Wat de Z.A.R. vandaag was, was zij niet geworden door de Engelsche taal; wij hadden onze kracht en onafhankelijkheid aan de Hollandsche taal te danken. Spreker zou dan ook tegen meer Engelsch stemmen.”⁵³⁰

“De heer W. Hugo haalde een oude spreuk van den Superintendent van Onderwijs, toen deze op Stellenbosch was, aan: ‘Zooveel talen als ik kan, zooveel malen ben ik man.’”⁵³¹ Verskeie ander sprekers het ook daarop gewys dat daar geen beswaar was teen die aanleer van Engels en ander tale nie, maar dan nie ten koste van Hollands nie.

Die kongres besluit uiteindelik dat die wetgewing moet bly soos dit is.

Dr H. Reininck betoog is sy referaat: “Het onderwijs aan – en het eindexamen van het Staatsgymnasium” dat die standaard aan die Staatsgymnasium nie hoef terug te staan vir die

⁵²⁵ *Notulen en referaten*, 35.

⁵²⁶ *Notulen en referaten*, 43-48.

⁵²⁷ *Notulen en referaten*, 44.

⁵²⁸ *Notulen en referaten*, 47.

⁵²⁹ *Notulen en referaten*, 47.

⁵³⁰ *Notulen en referaten*, 55-56.

⁵³¹ *Notulen en referaten*, 57.

standaard aan die Victoria College of die Matriculatie-examen van die Kaapsche Universiteit nie.⁵³²

Die groot besluit in verband met die superintendent en sy sekretaris is met 17 teenstemme aanvaar: "Het Onderwijs-Congres gehouden te Pretoria op 7, 8 en 9 Juni, gevoelt na de gehouden uitvoerige bespreking van ons onderwijsstelsel zich gedroegen om zijn vol vertrouwen uit te spreken met den Superintendent van Onderwijs en zijn Secretaris, aan wie hoofdzakelijk de handhaving van dit stelsel is toevertrouwd, overtuigd dat zij hun best steeds hebben gedaan in het belang van de opvoeding der Transvaalsche jeugd."⁵³³

ADW Wolmarans was baie ingenome met die kongres en sien dit as 'n mylpaal: "... meende hij, dat het volk dit Congres als een gedenksteen had neergelegd en er geen verdere congressen meer noodig waren.... Spreker hoopte verder, dat dit Congres ons een herinnering zou blijken, zooals de vergadering, die wij op Paardenkraal hadden gehouden."⁵³⁴

JC Fourie het nie aan die bespreking deelgeneem nie. Ons het hom reeds in die Volksraad leer ken as 'n man van min woorde. Hy het wel af en toe die pen opgeneem. Ma Aletta skryf dat sy en haar man aan dr Pont geskryf het. Herman se pa het hom bedank vir sy vriendelike skrywe en sy het geskryf dat hy asseblief vir Herman moet sorg vir ander verblyf as hy nie meer by die De Haans gelukkig is nie. "...volgens zijn brief aan ons heeft hij veel over voor u, en heeft u ook lief."

Sy kan van die plaashuis af sien hoe daar gewerk word aan die spoorlyn wat Ermelo en Machadodorp sal verbind. Hulle sal van die huis af die treine vir 'n hele ent kan sien loop. Daar kom 'n stasie naby die Vorbecks oorkant die groot "Commatie."⁵³⁵

Herman se broer Chris sê dat Jan Lombard nie Europa toe sal gaan nie omdat die regering die fonds vir buitelandse studie stopgesit het. "...want Mansveld heeft het zoo ver verkregen om hier een hooger school als de Gymnasium te stichten, wat van die geleerdheid zal worden, zal nog later blijken, ik ben maar blijde dat u keuze was, om naar Holl. te gaan, want al de geleerden hier van het Gymnasium zijn klerkjes, geen een is een hoofd ambtenaar,..." Moontlik verwys Chris en Aletta hier na die voorneme om 'n universiteit in die ZAR te vestig. Bedoel Aletta dat nie al die dosente aan die Gymnasium oor doktorsgrade beskik het nie?

10 Junie 1899: Antwoorde op Herman se vrae

Op 10 Junie 1899 skryf Moeder om te antwoord op Herman se verlore brief van 11 Mei. Uit haar antwoord kan ons aflei dat hy baie vrae in die brief gevra het. Sy antwoord hom nou daarop want sy brief het gearriveer net nadat sy 6 Junie se skrywe versend het. Hy het ook aan sy broer Jacob 'n poskaart gestuur. Jacob was blykbaar nie self 'n groot skrywer nie want hy laat weet maar net deur middel van sy ma vir Herman dat hy die poskaart ontvang het.

Sy kan nie veel van landsomstandighede vertel nie "want in moeilijke tijden worden zoovele leugens verteld zoo dat de waarheid kostelijk is". Nogtans hou almal hulle gereed om teenstand te bied sou (Engeland) hulle aanval.

Daar is gedurende Januarie treinvragte vol mynmasjinerie na die Shebamyn gestuur. Verder staan alle besigheid stil. Moeder verwys hier na die Sheba-myn by Barberton wat tot stand gekom het na die ontdekking van die ryk neerslae deur Edwin Bray in 1885 nadat hy in die OVS steenkool en by

⁵³² *Notulen en referaten*, 65, 69.

⁵³³ *Notulen en referaten*, 117.

⁵³⁴ *Notulen en referaten*, 119.

⁵³⁵ Moedig 25°89'26.2"S 30°17'58.6"O

Groot Marico lood en silwer ontdek het.⁵³⁶ Let nou op wat sy verder skryf: “Wij hadden groote hoop op die rifting aan Kortbegrip (plaas suid van die Komatirivier), nu is het een doodse stilte.” Die hoop is verydel want lees verder: “ik denk als de oproer koorst (LJS: spanning in Republiek nav die Uitlanderkwessie) over is zal alles weer voorui[?]t werken.” Van der Hoven, ook 'n goudsoeker (na wie Herman is sy skrywe van 8 Februarie navraag gedoen het), is ook stil.

Met sy broer Joachim se siekte het hulle die ou dr Parsons gaan haal. Hy het jarelank in koorslande gewerk en is bekend met die landskoors. Hy het baie goed gehelp met die bystand van sy dogter wat ook die siekte ken. Sy het 15 dae oorgebly en die verpleging behartig. Sy het geen geraas toegelaat nie. Die jonges kan juis so raas! Hard praat of loop het sy verbied. Sy was “... een trouw zorg. de oude Parson woont nu aan Leeuwspuit nabij Machadodorp. ik heb nu onlangs gehoord dat de Voogd nu te Balmoral woont wat zijn bezigheid is kan ik net zeggen,...”

H Prinsloo is gekies as kommandant vir die Carolinadistrik as opvolger van D Joubert. Prinsloo was veldkoronet en 'n nuwe moet gekies word. “Wie de Mozes zal worden zal ik u later melden.”

Moeder antwoord ook op Herman se terugvoer ivm die sokkerspel. Hy het die spelery gestaak om eers van sy ouers te hoor. Hy het nie hulle beoordeling goed verstaan nie, want dit het vir hulle gegaan oor Sondagsport en nie deelname as sulks nie. Hulle is bly as hy pleiser vind in “een aardige spelletjie”. Hulle probleem was dat Herman nie kerk toe gegaan het nie, maar na die wedstryd. Dit is wat mev De Haan geskryf het. Dit was ook al waaroor Moeder ontevrede was. As daar geen ander dag is om te speel nie kan Herman op Sondaemiddae speel. Hy kan ook op Sondaemiddae “uitrijden” om te gaan kuier. Sy wil nie dat hy 'n geknelde lewe lei nie. Hy kan met 'n “aangenaam hart” aan alle ordentlike vermaak deelneem.

Hy kan dr Pont vra wat hulle as ouers aan hom geskryf het en dan sal hy sien dat hulle hom vermaak in een of ander vorm gun. As dit nie goed gaan waar hy nou by die De Haans bly nie “is het u eigen schuld om het uittehouden daar er goede versorgung genoeg is. en als het u niet welgaat waar gij tehuis zijt, is het u eigen schuld om het uittehouden daar er goede verzorgung genoeg is.”

Moeder hoop dat Herman die brief in goeie gesondheid sal ontvang en sy (17de) verjaardag op 5 Julie in vreugde en gesondheid sal deurbring. Hulle (op die plaas) sal aan hom dink.

Skoolvakansie

Die dag ná sy 17 de verjaardag (met ander woorde op 6 Julie 1899) word Herman bevorder na die 3de klasse. Maar eers is dit die lang somervakansie tussen die skooljare.

Die De Haans het vakansies benut om rond te ry en Herman het dan saamgegaan. Hy verwys later in 'n brief daarna: “Ik hoop maar dat U een lekker zomertje hebt gehad. Was ik maar daarbij dan had ik weer nieuwen steden gezien.”⁵³⁷ Miskien was daar ook tydens vakansies tyd om die stad en omgewing verder te verken. Daar is pragtige strate in en plekke rondom die stad Zwolle soos onder ander beskryf in *Wandelingen in en om Zwolle, door een neef van den Drentschen assessor met een plattegrond van Zwolle*.⁵³⁸ (Zwolle: JJ Tijl, 1846).

⁵³⁶ <http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/2002/11/30/6/2.html> Die oudste Goudmyn lewe nog.
<http://edwinbray.org/>

⁵³⁷ HCM Fourie aan ds De Haan, 8 September 1902, 2.

⁵³⁸ *Wandelingen in en om Zwolle, door een neef van den Drentschen assessor met een plattegrond van Zwolle*.⁵³⁸ (Zwolle: JJ Tijl, 1846).
<https://play.google.com/books/reader?id=dRPAAAAcAAJ&pg=GBS.PA6&hl=af>

5 Julie 1900: Briewe van dank en “De zaken met de jingoes zijn nog duister.”

Twee dae ná Herman se 17de verjaardag op 5 Julie 1899 skryf Moeder weer vanaf die plaas aan hom in verre Nederland. Sy het vandag (7 Julie) 'n poskaart van hom ontvang. Met blydschap het sy verneem dat dit met hom goedgaan en dat hy hulle klein geskenk ontvang het. Dit is klein en gering maar 'n dankbare kind is altyd tevrede met wat 'n ouer gee. Daarom is hulle tevrede met sy dankbaarheid en wens sy hom weer met sy verstreke verjaardag geluk. “Het was mij (eer)gister een dag van groot aandenking en dankbaarheid aan den Heer van leven en dood die mij zoolang gespaard heeft tot op heden dat mijn jongste kind 17 jaar is, daar zoo vele dierbare moeders naar de eeuwige rust moeten gaan en hunne teedere kleinen achter laten. Wat over mij besloten is, is bij den Heer bekend hoelang ik voor mijn kinderen moge gespaard blijven. Ik ben blijde dat u zoo gezond zijt en met uwe studie voorspoedig zijt. De Heer zegene u voor uzelve en uw ouders, land en natie.”

Dit is goed dat Herman aan oom Daantjie, lid van die Uitvoerende raad (LJS: ADW Wolmarans) geskryf het dat hulle ou mynh Louis (sien Moederbrief 5) nie moet vergeet nie. Sy wil graag hê dat Herman aan den heer S. Burger, ook lid van die Uitvoerende Raad (LJS: wrn Staatspresident tydens die komende Oorlog) 'n dankbrief skryf. Dit is immers hy wat dit bemiddel het dat daar aan Herman vir 2 jaar £30 per jaar uit die Ziervogelfonds toegeken is. Of die Fonds Herman verder sal kan help weet sy nie, maar daar is belofte dat as hy teen die einde van die twee jaar goeie vordering gemaak het, daar verdere ondersteuning sal wees. Moederadvies: Bedank hom vir die hulp reeds ontvang met die hoop dat die Fonds hom verder sal help om sy studie te voltooi.

“De zaken met de jingoes zijn nog duister.” Die tyd sal leer wat hulle plan is. Sy sal aan Herman 'n boek stuur insake die Bloemfonteinse onderhandeling tussen die President en die Hoë Kommissaris en daarin sal Herman sien wie hier te lande die rebelle is: nie die bevriende uitlanders nie, maar “de vuilnis van Johannesburg.” (Skrywer kon nie vasstel na watter boek Aletta Fourie verwys nie). En dan word daar nog geloofwaardigheid aan sulke valse dinge geheg! Moeder glo dat dinge nie op oorlog sal uitloop nie want wie hier voer oorlog? Die takhare en jongmense wat nie deel in die skatte van die land nie. Die rykes en amptenare verroer geen vinger nie en gaan met die geld heen.

Moeder het onlangs 'n brief van mev De Haan ontvang. Sy sal terugskryf en haar bedank vir haar liefdevolle mededeling. Herman moet groete oordra aan haar en ds de Haan, mev Louis, Cato en ook aan dr Pont. Sy sal bly wees om foto's van hulle te ontvang en ook van Herman sodat sy kan sien of hy gedurende die afgelope jaar verander het. Hulle vier susters het 'n gesamentlik foto laat neem. Sy het haar afdruk nog nie ontvang nie. As dit mooi is (!) sal sy aan Herman ook een stuur.



Foto 29 De Clercqsusters
Aletta Fourie voor links, Anna S vd Merwe voor regs
Martha S Grobler agter links, Elizabeth H Joubert agter regs
TAB 31509

Die ooms van die winkel op Bonnefoi, die “gebroeders Everard” sowel as Henri Swain stuur groete.

Klasse III

Met die aanvang van die nuwe skooljaar kry die gimnasium ook nou ‘n conrector by name dr NJ Beversen.⁵³⁹ Die rector kon nou tussen 11 en 12 uur gesprek word, op Dinsdae en Donderdae.

In Latijn (6 uren), soos met die ander vakke⁵⁴⁰ sou Herman slegs die helfte van aanbieding van die sillabus meemaak. Die volle sillabus vir klasse III het behels: Hersiening en uitbreiding van die vormleer en syntaksis met skriftelike en mondelinge toepassing. Lektuur uit Caesar en ook dele van Ovidius se *Metamorphōseōn librī* tesame met die beginsels van metrum (rym). Die eltelange gedig is in heksameter. Ovidius (43 vC – 17/18nC) beskryf die voorgeskiedenis soos volg:

Ante mare et terras et quod tegit omnia caelum
unus erat toto naturae vultus in orbe,
quem dixere chaos: rudis indigestaque moles
nec quicquam nisi pondus iners congestaque eodem
non bene iunctarum discordia semina rerum.⁵⁴¹

Grieksch het ook nou 6 ure per week aandag gekry. Die vormleer is in sy volle omvang aangeleer. Daar was skriftelike oefeninge en *Ξενοφῶν* (c. 430 – 354vC) is gelees. Dié man het so baie geskryf dat dr KB van Wulfften Palthe ‘n hele biblioteek gehad het waaruit hy kon voorskryf!

In Nederlandsch (6 uren) is nou vereis dat opstelle geskryf word aan die hand van meer gevorderde werk as in klasse II.

⁵³⁹ *Leerplan 1899-1900*, 3.

⁵⁴⁰ *Leerplan 1899-1900*, 6-7.

⁵⁴¹ <https://www.perseus.tufts.edu/hopper/text?doc=Perseus%3Atext%3A1999.02.0029%3Abook%3D1>

In Fransch is voortgebou op die vorige jare se werk. Sinonieme het aandag gekry en die beginsels van die spraakkuns is behandel tot en met die onreëlmatige werkwoorde.

Die vlak van Hoogduitsch het uiteraard verhoog en die taaleie van Nederlandsch en Hoogduitsch is behandel.

A new language was introduced: Mr Brennan had three hours per week to make sure that his pupils did not roll their “r’s” and could read properly. (The rain in Spain really falls mainly on the plain!) They obviously had to translate and also had to command the English tongue up to and including the irregular verbs.

Het tweede gedeelte der nieuwe geschiedenis (algemeen en Vaderlandsch) is bekend gestel.

Vir ‘n uur elke week het die aardrijkskunde van Asië, Afrika, Amerika en Australië beurtelings aandag geniet.

In rekenkunde is wortelberekinge en oneindige getalle behandel. Algebraïese breuke het vir sommige hoofbrekens besorg en in meetkunde is die oppervlakte van drie- én vierhoeke bereken en lyne, driehoeke en vierhoeke is gebruik op allerlei moontlike maniere met sirkels te speel.

Herman sou egter net die helfte van die 3de jaar meemaak aangesien hy op 1 Desember 1899 die Gymnasium verlaat. JE Pot bly agter in klasse II en in die eerste rapport word daar slegs by een vak punte toegeken, by die ander staan “Wegens langdurige ongesteldheid niet ingevuld.”⁵⁴²

25 Augustus 1900: Meester De Jongh en Pa se barmhartigheid; Herman word ‘n oompje

“...het is voor ons hier een gewigtvolle tijd met al het gedreigd van England, doch een ding is zeker goedwillig zal het niet gaan, hoe swaar het ook al is om oorlog te maken, die mooi praten wil niet helpen, de beste is klaar maken en klaar houden, als wij aangevallen worden om zich heftig te verdedigen,...” Aletta het meel en ander bestanddele gereed om dadelik beskuit te kan bak vir Herman se pa en sy broers wat sonder enige twyfel nie sal bly (as oorlog uitbreek nie). Sy weet dat dit weer soos met die Jamesoninval sal gaan dat die jingoes hulle met hul soort lis sal bekruij, maar elkeen is nou op sy hoede.

More is dit die begrafnis van haar skoonsuster Mimie, die vrou van haar broer Hendrik. Sy is aan masels oorlede. Haar seun Jacob gaan in Pretoria skool en was met 15 dae vakansie by die huis toe hy die masels wat hy in Pretoria opgedoen het, uitslaan. Sy is by die warmbad oorlede maar word by hul woning begrawe. Pa en Nonnie gaan die begrafnis bywoon. Sy sien nie kans om haar broer se smart te aanskou nie.

Herman se broer Christiaan en Maggie het op die 17de ouers geword van 'n mooi “frisch dochttertje.” Dit is wonderlik dat sy al 'n ouma is en Herman 'n oompje.

18 September 1900: Die vroue sal veg

“... de toestand hier is drukkend, onze welmenende bevolking is al moede van al de Engelsche dreigende brutaliteit en onze Transvaalsche manschappen zijn goed gewapend om zich te verdedigen indien zij aangevallen worden, dus England zal Transvaal niet hebben of de laatste Transvaler moet eerst dood, en dan zullen de vrouwen ten laatste de wapen opnemen, het bloed en

⁵⁴² Klasse II Cijfers 4 September 1899 tot 11 November 1899, Cijfers der leerlingen, 1890 09 tot 1921 07, Gimnasium Celestium te Zwolle 0774-14, HCO.

tranen van onze voorvaders gevoelen wij nog sterk mooi praten wil toch niet helpen, maar't is al regt vervelend om gedurig klaar te houden en gereed te wezen om oorlog te maken en niet wetende wanneer mijnheer Engelsman ons wil aanvallen, onze burgers zijn al zoo opgewonnen dat zij niets meer omgeven en smachten dat er een eind aan kome oorlog of vrede, want alle bezigheid staan stil, en de armen hebben geen verdiensten,..."

Goedgevoerde perde staan gereed vir die oproep. In die kop teen die rantjie word skietoefeninge gehou. Alles is in beweging.

6 Oktober 1899: Pa en Jochim met die Carolinakommando na Swaziland en Chris en Jacob met die Ermelose kommando na Langnek

Aletta skryf in die hoop dat die Europese pos nie gesluit is nie. Dwarsdeur die land is burgers opgekommandeer en wie nie opgekommandeer is nie gaan vrywillig. Pa en Jochim het gister met die Carolinakommando na die grens met Swaziland vertrek. "... daar de troepen geland zijn aan Kosiabaai en door het land van Sambaan en de Zwasies komen moeten, en zelfs dan de Zwasies zijn opgemaakt om vrouwen en kinderen te vermooren en te plunderen, zoo moet geweld met geweld maar gekeer worden."



*Foto 30 Joachim Fourie jr.
TAB 31516*



*Foto 31 Jacob Fourie
TAB 31517*

Chris en Jacob is deel van die Ermelose kommando. Chris is reeds weg na Langnek by Majuba en Jacob sal gaan wanneer met die skape terug is op Blaauwkop waar dit intussen gereën het.

"... zoodat van ons familie drie vrouwen en 1 klein kindje achterblijven ik Martha Nonni Maggie bij haar huis met de kleine, doch ik heb hen zonder een traan zien weggaan omdat onze zaak regtvaardig is, mijn gemoed is zoo opgewonnen, dat verdriet geen plaats daarin kan krijgen, de

grootste van de vijand is om nog de swarte k.....s teen ons op te steken.” Die vyand wat hulle aanval sal egter ’n warm ontvangs kry.

Die skole is gesluit en sy het self die klein C Coetzee wie se pa in die Vryheidsoorlog gesneeu het, met die wapen in die hand sien optrek. Almal het by Everard op die plaas bymekaar gekom. Die Transvalers en Hollanders het saamgesing toe die opdrag kom op op te saal en voorwaarts te gaan. Die goederewaens is reeds soos ’n lang trein vooruit. Daar is niks op die Hollanders te sê nie want hulle voeg hulle by ons en is vol terger.

Sy het die koerantjie (van Herman uit Nederland?) ontvang en oor en oor deurgelees en dit toe aangestuur na Jacob. Ons weet dat Holland ’n vriend van ons is en ons alreeds in nood gehelp het.

Die Here sal beslis of die neerlaag aan hulle toekom, maar sy het nog van niemand gehoor wat onwillig is nie, behalwe die jingoes wat byna almal uit die land gevlug het, so ook die klerk Archibald by Everard. Herman se oom Abram se vrou het gesê sy sal hom doodskiet sodra die oorlog begin. ’n Paar dae later is hy toe weg! Die jingoes is so dapper dat hulle al vlug met die dreigement van ’n vrou!

Op 22 Oktober skryf Herman sy voorlaaste brief huis toe. Moeder ontvang dit die 27ste November.⁵⁴³ Op 5 November skryf hy om toestemming te vra om terug te kom en te kom deelneem aan die oorlog.⁵⁴⁴

⁵⁴³ AE aan HCM Fourie, 1 Desember 1899, Privaatversameling HCM Fourie, 1/1, ABP NHKA.

⁵⁴⁴ AE aan HCM Fourie, 15 Desember 1899, Privaatversameling HCM Fourie, 1/1, ABP NHKA.

Laaste rapport

Herman se volgende rapport is goed: Hy deel die eerste klasposisie met AM Joekes!

4 Sept. 89 - 11 Nov. 89		Latijn.		Grieksch.		Antiq.		Nederl.		Hoogd.		Engelsch.		Fransch.		Wisk.		Gesch.		Aandr.		Natuurk.		N. Gesch.		Sci.	
N A M E N.		vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.
Klasse III.																											
G. ten Boeckhate		14	3	3/4	2	2		4	3	3	3	4	3	3	4	4	3	3	3	4	4						
H.C.M. Fourie		17	5	3/4	4	3		4	3	4	3	4	4	4	4	4	4	4	3	4	3						
A.M. Joekes		14	4	3/4	4	3		4	4	4	3	4	4	4	4	4	4	3	3	4	4						
F. Middag		14	3	3/4	2	2		4	3	3	2	4	2	3	3	4	3	4	3	4	3						
T.L.F.E. Rambornet		14	2	3	4	3		4	4	4	3	4	3	4	3	4	3	3	2	4	4						
J.H. van Riemsdijk		16	3	3	3	3		3	2	3	3	4	4	3	3	3	3	3	2	3	3						
H. Timmer		15	3	2	2	2		4	3	4	4	4	3	4	4	3	2	4	4	4	3						
A.J. Vierdag		14	2	3	3	3		3	3	3	3	4	4	4	4	3	3	3	3	4	4						
A. Welcher		15	3	4	4	3		4	4	3	3	4	4	3	4	4	4	4	4	4	4						
J.H. Welcher		14	3	3/4	3	3		4	3	3	3	4	4	3	3	4	4	4	3	4	4						
H. Louie		14	3	3	4	3		3	3	3	3	4	3	4	4	4	4	3	3	3	3						
L.J. van Wyke		14	3	3	3	3		4	4	3	3	4	4	4	4	2	2	3	2	3	3						

Dokumentfoto 7 Klasse III Cijfers 4 September tot 11 November 1899

Cijfers der leerlingen, 1890 09 tot 1921 07

Gimnasium Ceeleum te Zwolle 0774-14, HCO

Foto Fokje Duursema

Herman staan eerste in Latyn en Grieks en tweede in Engels, Frans en wiskunde. Selfs vir aardrykskunde waar hy die agste posisie beklee het hy 70% behaal. Hierdie rapport van 11 November 1899 kom uit wanneer die oorlog reeds 'n maand oud is. Herman en enkele ander Transvaalse skoliere sou nie die akademiese jaar voltooi nie en het teruggekeer na die ZAR om self ook aan die oorlog deel te neem.

13 Nov. 1899 - 24 Jan. 1900		Latijn.		Grieksch.		Antiq.		Nederl.		Hoogd.		Engelsch.		Fransch.		Wisk.		Gesch.		Aandr.		Natuurk.		N. Gesch.		Scheik.	
N A M E N.		vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.	vlijt.	vord.
NB. H.C.M. Fourie heeft op 1 December het Gymnasium verlaten.																											

Dokumentfoto 8 Album Discipulorum

Inskrywing 218

Gimnasium Ceeleum te Zwolle 0774-14, HCO

"13 Nov 1899 - 24 Jan. 1900 NB. H.C.M. Fourie heeft op 1 December het Gymnasium verlaten."

Foto Fokje Duursema

Samevatting

Die ongeveer 18 maande tussen Junie 1898 en Desember 1899 het Herman in die buiteland spandeer. Hy het in Zwolle, Nederland beland, aan 'n gesiene gimnasium studeer en was tuis aan huis van 'n belese en gewaardeerde predikant. Dit was 'n intellektuele omgewing, waarin die trajekte van belangstelling wat in die vorige Pretoria-fase van sy lewe al duidelik geword het, nou

verder gevoer is. Dit word bevestig deur die besonder goeie uitslae wat hy behaal het. Hy het aan akademiese momentum gewen wat die moontlikheid van universiteitstudie nou binne bereik geplaas het.

Die kurrikulum was klassiek in begronding. Hy het daarin 'n lewensuitkyk ontmoet wat omvattend was. Uiteraard is dit Europees ingeklee. Die oriëntering aan akademiese werk stoel op die Griekse en Romeinse nalatenskap. Dit is ook vir ons studie belangrik om daarop te wys dat Herman nie in 'n kerklike skool of kerklike onderwys opgeneem is nie. Die kurrikulum was sekulêr, maar het ook nie swaarde met die Christendom gekruis nie. Daar was min ingeskrewe leerlinge aan die Gimnasium wat beteken dat Herman deel van 'n bevoorregte groep jongmense was.

Herman het ook kennis gemaak met klasverskille tussen mense wat anders was as in sy land van herkoms. Die bestaande kennis is dat dit hom nie hoogmoedig teenoor sy latere gemeentede gemaak het nie, intendeel hy het almal gelyk behandel.

Dit is 'n vraag waarom gerugte van 'n oorlog uit die ZAR hom so aangespreek het? Hoe het hy op die punt gekom om akademiese vorming, iets waaraan hy hom klaarblyklik toegewy het, wou prysgee om in 'n oorlog te gaan deelneem? Waar 'n latere vriend soos Totius die oorlogsveld verlaat het ter wille van studie in Nederland, was dit by Fourie omgekeerd. In die bronne is daar egter nie aanduiding van 'n opgeskerpte nasionalisme nie. Miskien het dit gegaan om reg en verkeerd.

Herman verlaat die Gimnasium op 1 Desember 1899. Hy het waarskynlik met die hulp van dr Leyds, ZAR gesant in Brussels, 'n treinkaartjie na Napels en 'n skeepskaartjie na Lourenço Marques bekom. Meer hieroor in die volgende hoofstuk.

HOOFSTUK 5

HERMAN SE OORLOGSERVARING

1899 TOT 1902

Inleiding

Herman se besluit om aan die oorlog in Suid-Afrika te kom deelneem sou van ingrypende betekenis wees. Hy sou hom die wreedheid van 'n oorlog nie kon indink nie. Nog minder wat vir hom sou voorlê. Die onderbreking van sy skoolloopbaan in Zwolle verdien dus 'n afsonderlike hoofstuk. Dit het 'n nuwe fase in sy lewe tot gevolg gehad.

In hoofstuk 5 word die verhaal vertel van Herman se reis na die ZAR en sy deelname aan die oorlog. Die primêre bron is sy eie woorde in korrespondensie wat hy met ds en mev De Haan en dr Pont gevoer het. Daar is ook inligting in briewe wat sy ma aan hom geskryf het maar wat hom nie bereik het nie omdat hy reeds op pad terug was na die ZAR. Kerkhistoriografies gaan dit gevolglik om die weergawe van die belewing van 'n oorlog deur 'n jong man, soos wat dit in briefvorm aan die orde kom. Hierdie bronne bepaal die fokus op die oorlog en is van besondere betekenis in die bestudering van die Anglo-Boereoorlog 1899-1902.

Die chronologie wat in hierdie hoofstuk gevolg word is gebaseer op hoe en wanneer Herman dinge te wete gekom en beleef het en nie die volgorde van gebeure waarvan hy nie bewus was op die tyd toe dit plaasgevind het nie. Die oorlogsnuus waarmee hy op hoogte kom in die tyd na sy aankoms op die plaas was meestal goeie nuus vir die Boere. Soos geweerskote wat die teiken getref het. Maar daar het ook 'n vyandelike liddietbom baie naby aan hom gebars – hy verneem van sy oudste broer se dood. Dit was al drie weke voor sy laaste eksamen op 13 November 1899 begin het.

Ons gee dienooreenkomstig aandag aan Herman se seereis en gee 'n inleiding tot die briewe wat hy oor die volgende tyd sou skryf. Daarna skets ons sy aankoms op Welgevonden op 13 Januarie 1900. Nou volg die inkleur van die gebeure sedert die uitbreek van die oorlog op 11 Oktober 1899. Herman was nog in Zwolle tot die 1ste Desember. Die laaste brief wat hy egter van sy ma ontvang het was óf die een van 18 September óf die een van 6 Oktober. Die brief gedateer 28 Oktober waarin die nuus van sy broer se dood op Talanaheuwel vervat is, het hom nie voor sy vertrek bereik nie. Vervolgens gee ons aandag aan alles wat Herman te wete gekom het oor Christiaan se dood aangevul met wat ons daarvan weet. Dit strek oor etlike bladsye en so ook die volgende gedeelte waar ons 'n oorsig gee van die gevoelens van 'n moederhart – wat Aletta alles geskryf het oor Christiaan se dood en haar gevoelens jeens die vyand. Ons eindig daardie vertelling met inligting oor die Talanamuseum en die gedenkteken by die NG Kerk op Dundee.

Dit word onderbreek deur 'n opsomming van Joachim en Aletta se pogings om Herman te maan om in Nederland te bly. Geen van hierdie briewe het hom bereik nie.

Vanaf middel Januarie 1900 val Herman se lewensverloop en die chronologie van gebeure weer saam. Die Slag van Spioenkop word kortliks geskets en hoe Herman drie weke na die slag by die Carolinakommando, wat nog steeds onder Spioenkop was, aansluit.

Die oorlog soos dit na Spioenkop verloop het word beskryf: Die ontsetting van Ladysmith en die terugval van die Boere eers tot in die Biggarsberge en dan die poging om die Engelse te verhoed om Bothaspas uit te kom.

En so volg beskrywings van die volgende fases van die verloop van die oorlog met inligting van Herman, sy pa en sy broers se betrokkenheid daarby: Die omswerwing noord van Volksrust, die

terugkeer na die Carolinadistrik, die aksie in die laeveld, die dramatiese gebeure in die omgewing van die Klein-Komatierivier. Daarna, by gebrek aan primêre inligtingsbronne, 'n kort oorsig oor die res van die oorlog en 'n beskrywing van Aletta Fourie se afsterwe kort na die oorlog.

Die hoofstuk eindig met Herman se situasie, planne en gemoedstoestand toe hy na die oorlog bestek moes opneem as 'n veranderde jongman, van wie beide ouers gesterf het.

Die seereis na Mosambiek

Die inligting vir hierdie deel van die navorsing kom uit 'n poskaart wat Herman op 5 Desember 1899 vanuit Napels aan ds JW Pont stuur en twee briewe aan ds en mev De Haan gedateer 16 Desember 1899 (vanaf die skip) en 15 Januarie 1900 vanaf Welgevonden.

1899- 1902, Die Boere- oorlog.
19 Die drang om te gaan help is sterk, al is hy nog nie 18 jaar nie.
maar- sonder verlof van sy ouers, met 'n spesiale permit van dr.
Leyds, vir hom en nog twee ander, kom hy nog net beyds weg, op die
duitse boot, "die Hertzog" (naam onseker) en is maar weer ellendig
seesiek.

*Dokumentfoto 9 Weduwee Jo Fourie se puntsgewyse lewensoorlog van HCM Fourie
nota 19, circa 1939, Privaatversameling HCM Fourie, 1/11/2, ABP NHKA.*

Zwolle tot Napels

Dr WJ Leyds het Jonkheer GJT Beelaerts van Blokland opgevolg as gesant van die ZAR. Hy word in Mei 1898 aangestel as buitengewone gesant en gevolmagtigde minister van die ZAR in Europa met Brussels as hoofkantoor.⁵⁴⁵ As sodanig het hy jongmense van die ZAR hulp verleen om na die ZAR te reis ten einde aan die oorlog deel te neem. Dr Pont en die NZAV was waarskynlik ook hiermee behulpsaam soos blyk uit die volgende:

"Utrecht 4 Nov. 99
L. Nieuwstraat 3

Hooggeachte Heer,
Zoo spoedig mogelijk zullen wij u toezenden een onzer Transvaalsche jongelui (onleesbaar) hulpe. Dr Leyds, met dr Gunning, onze voorzitter heden confereerde, heeft dit verzocht. Wie komt en hoe laat de persoon in (onleesbaar) komt zal u nog telegrafisch – of is't mogelijk – per brief worden medegedeelt.

U zult wel van ons een (onleesbaar) en niet te duur onderkomen (onleesbaar) Transvalers willen zorgen.

Met beleefden groet hoogachtend

Joh. W. Pont

Sec. Best. Studiefonds Z. Afr. Studenten"⁵⁴⁶

Dr Leyds se hulp sou finansiële wees asook amptelik soos die spesiale permit waarna hierbo verwys word. Hy het die fondse van die ZAR tot sy beskikking gehad en sou later, in Julie 1900, die regeringsfondse alles onder sy persoonlike beheer kry soos per Uitvoerende Raadsbesluit aan hom toevertrou.

Herman is vergesel van H Bodenstein en C Weilbach. Hulle het ook voorheen aan die Staatsgymnasium skoolgegaan en was ingeskryf by die Amersfoortse Gymnasium in Klasse III en

⁵⁴⁵ SABW Deel 3 (1977) s.v. "Leyds, Willem Johannes."

⁵⁴⁶ JW Pont aan onbekend, LA 807 1900-1902 Deel III nr 1216.

IV.⁵⁴⁷ Herman stuur op Dinsdag 5 Desember 1899 'n poskaart aan dr Pont om te berig dat hulle om 2 uur na "een mooie reis" baie moeg en honger in Napels aangekom het. Alles is baie bedrywig. "Wij hebben onze biljetten al gewisseld." Waarskynlik bedoel Herman dat hulle hulle kaartjie vir die seereis op die *Herzog* in ontvangs geneem het. Dit is moontlik dat hulle van Nederland na dr Leyds in Brussels is en vandaar per trein na Italië gereis het. Daar is baie Engelse waarvan twee sover hulle weet ook sal saamreis.

Napels is vir hom 'n mooi stad. Sy twee vriende het Pompeie gaan verken. Hulle was nie deur Rome nie maar het baie antieke dinge gesien, onder andere die inskripsie "ubi Caesar legionem X instructam habebat." Dit verwys na die plek waar Caesar die bekende Tiende Legioen gestasioneer het.

Hulle het tuisgegaan in die hotel *Britannique*. Die hotelnaam het sekerlik nie vir Herman aangename konnetasies ingehou nie!

Herman vra dat dr Pont die poskaart aanstuur na ds De Haan en sit 'n nota by dat Marie dit vir haar versameling kan hou. Sy moet oplet dat dit 'n poskaart van Napels en nie Brussels is nie.⁵⁴⁸

Herman en sy vriende gaan aan boord die *Herzog*, een van die Deutsche Ost-Afrika Linie (DOAL) se skepe wat sedert 1890 met 'n groot vloot van verskeie skepe passasiers en vrag vervoer het. Die *Herzog* met 'n tonnemaat van 4,933 is in 1896 gebou en later (in 1911) aan Portugal verkoop en hernoem na Beira. Toe Herman-hulle aan boord gaan was die skoorsteen soos met die res van die vloot se skepe geverf in dikker en dunner strepe van swart, geel, wit en rooi. Die skip het ook maste gedra vir seile.⁵⁴⁹ Uiteraard is die bemanning en baie passasiers Duits. "Hier onder de moffen is heelemaal niet de sympathie van Holland voor Transvaal."⁵⁵⁰

Herman se briewe

In die res van hierdie studie sal ons deurlopend te doen kry met briewe wat Herman aan ds en mev De Haan geskryf het. Oor die loop van die volgende drie jaar stuur hy gereeld groete aan mense wat hy die afgelope 18 maande in Zwolle leer ken het. Ons vertel eers vlugtig wie hulle was en wat ons van hulle weet alvorens die inhoud van die briewe chronologies waar dit inpas aan die orde kom.

Mense aan wie Herman groete stuur

In sy briewe wat strek oor die tydperk 5 Desember 1899 tot 8 September 1902 stuur Herman telkens groete aan bekendes in Nederland. Die De Haankinders Marie (Marietje), Jakoba, Piet(er) en Gonda bly in sy gedagtes. Herman stuur gereeld groete vir sy klasmaat Joekes. Joekes mag ook sy briewe lees en moet sy groete aan die leraars oordra. Joekes het ook aan Herman geskryf. Leraars wat uitgesonder word is die rector mijnheer Ter Haar, die dosent in gesiedenis mijnheer Cramer en die dosent in Grieksch mijnheer Palthe. Die families Beyerinck en Royers ontvang gereeld groete. Dalk was hulle gemeentelêde wat aan die pastoriegesin goed bekend was? Ds Pont ontvang ook gereeld groete en Herman vra soms dat sy brief aan die De Haans ook aan dr Pont gestuur word. Persone wat ons nie met die kennis tot ons beskikking kan plaas nie is Adrie, Brennan, Jan Adie, Jans, Nellie en Roel. Daar is ook 'n mev Royer en 'n tante Sophie. In Weesp is daar 'n oupa en tantes. Dit alles

⁵⁴⁷ Sien hoofstuk 3 onder die opskrif "Beurse toegeken deur die NZAV se Studiefonds voor Zuid-Afrikaansche Studenten."

⁵⁴⁸ HCM Fourie aan dr JW Pont, 5 Desember 1899, poskaart.

⁵⁴⁹ <http://www.theshipslist.com/ships/lines/woermann.shtml>

⁵⁵⁰ HCM Fourie aan ds en mev De Haan, 16 Desember 1899, 4.

laat maar net blyk hoe goed Herman in Zwolle by die gemeentekring, familiekring en die gimnasium ingeskakel het. Hy het ook oor die mense gepraat want selfs ou Januari stuur vir hulle groete!

Op een of ander wyse het Aletta Fourie ook met mev Beyerinck nader kennis gemaak want sy stuur ook vir haar groete. Aletta stuur ook groete vir 'n Bertha.

Briewe tydens die vaart op die Middellandse See en die Rooisee

Op vaart na Port Said skryf Herman sy eerste brief aan ds en mev De Haan. Die brief het verlore geraak. By Port Said het hy nie aan wal gegaan nie maar wel 'n Egiptiese kleedjie gekoop vir sy lessenaar. Hy het ook 48 lemoene vir 2 shillings gekoop. Dit help vir die seesiek en is beter as die vrugte aan boord die tweede klas. Op 16 Desember skryf hy weer terwyl hulle deur die Rooisee vaar. Hy speel veilig en pos die brief nie van die Britse hawe Aden af nie maar van die Duitse hawe Tanga.

In die Middellandse See was sy seesiekte erg. Met die deurvaart van die Suezkanaal kon hy darem weer eet. "Het Seuz-kanaal is zeer lang. Wij hebben er bijna 24 uren over gedaan. Het is nog al breed zoodat 2 schepen elkaar gemakkelijk kunnen passeren. Eens zaten wij bijna in 't zand vast. Langs het kanaal is zeer dor land. Zoover men kan zien is er niets dan zand, alles zand en geen gras. Langs de oevers loopen op sommige plaatsen arme lui (half naakt, sommige geheel naakt) om sinaasappels te bedelen. Wij gooien dan kleine naar hen toe. Tot wederziens! Die lui schijnen niet moe te kunnen worden want zij loopen b.v. best een 20 minuten met het schip mee, halen dan wat zij opgeraapt hebben uit en gaan dan lekker zitten smullen."⁵⁵¹

Die Rooisee is erg ontstuimig en verklaar sy slordige skrif. Hy is vandag weer op sy lemoendieet. Herman haal die raaisel oor die Israeliete se trek deur die Rooisee aan: "hout sleutel, water slot, die haas daar deur, die hond kapot." "Den volgenden morgen zagen wij 't gebergte Sinaï. Het is een tamelijk hooge berg of liever bergen."⁵⁵²

Saam met die drie maats is daar ook 'n Malherbe en 'n Pienaar aan boord. Hulle is almal maar versigtig met wie hulle praat en waaroor. In Port Said het 'n Engelse oorlogskip by hulle verbygevaar en hulle was bang dat hulle skip ook voorgekeer sal word soos met die König gebeur het. Die Herzog vervoer ook drie ambulanse na die oorlog, een elk uit Holland, Duitsland en België. Daar is twee Amerikaanse oorlogskorrespondente aan boord sowel as 'n Ier "die moet bij Dr. Leyds geweest zijn, en voor ons tegen de Jonies gaan strijden."⁵⁵³ Hulle het baie pret met 'n Russiese offisier wat by Port Said aan boord gekom het. Hulle verstaan mekaar nie en kommunikeer met tekens en geluide. Hulle het die dik ou Duitser "Ottje" gedoop "omdat hij zoo dik en vet is als mijnh Reinders in LaagSoeren in Holland!"⁵⁵⁴ Nogtans beindruk hy hulle met sy kennis van Latyn. Hy sit saam met Herman en Malherbe uit Caesar en vertaal. As Weilbach 'n reël uit Homeros aanhaal sal die Duitser dit voltooi en verder opsê!

Dit is baie warm en Herman sweet, iets wat nie maklik gebeur nie. Hy kan nie eers water drink nie want dan beledig hy die bier! Hy het een aand op die dek aan die slaap geraak en eers drie uur die oggend ontwaak. Hy het sy eie horlosie waarop hy die tyd kan sien. "Zoo gaat het : quandoque dormitat bonus Homerus, zou Jan zeggen."⁵⁵⁵

⁵⁵¹ HCM Fourie aan ds en mev De Haan, 16 Desember 1899, 2.

⁵⁵² HCM Fourie aan ds en mev De Haan, 16 Desember 1899, 2.

⁵⁵³ HCM Fourie aan ds en mev De Haan, 16 Desember 1899, 2.

⁵⁵⁴ HCM Fourie aan ds en mev De Haan, 16 Desember 1899, 2.

⁵⁵⁵ HCM Fourie aan ds en mev De Haan, 16 Desember 1899, 3.

Die maats het derde klas kaartjies maar gebruik die kajuite in die tweede klas wat goedgunstiglik deur die offisiere tot hulle beskikking gestel is .

Herman sou graag meer van sy handboeke wou saambring. Wat 'n merkwaardige jong man – oppad na die avontuur van 'n leeftyd maar steeds pligsgetrou in sy studie! Aan die ander kant is dit miskien ook tekenend van sy verwagting dat die oorlog maklik sou verloop en daar tyd vir studie sou wees.

Hierdie brief wat Herman op 16 Desember 1899 aan ds en mev De Haan skryf word 'n lang verhaal. Hy skryf dat hulle nie koerante kan koop nie maar dat hulle by 'n Arabier by wie hulle iets gekoop het gehoor het van 'n slag tussen Ladysmith en Escourt waar 500 Engelse soldate gesneuwel het.⁵⁵⁶ “Het is vandag Dingaansdag bij de Boeren: allegemeene feestdag en dankdag voor de uitredding bij Bloedrivier 16 Dec. 1838. En in plaats van nu bij 't monument te Paardekraal bij een te komen en God te loven zitten ze vandaag in 't veld voor de lyddiet bommen. Maar wij hopen dat wij ook eens een feestdag mogen hebben van deze gebertenis; de Heer zal ons helpen.”⁵⁵⁷

Herman onderneem om weer van Delagoabaai af te skryf – dit is as hy nie as krygsgevangene op die *Penelope* beland nie. Dit is die skip waarop die Engelse Boerekrygsgevangenes in Valsbaai gehou het.⁵⁵⁸

Herman hervat sy vertelling van hulle seereis in die volgende brief wat hy op 15 Januarie 1900 aan die De Haans skryf. By Tanga het twee Engelse soldate en 'n Engelse verpleegsuster aan boord gekom. Die verpleegsuster sit by Herman aan tafel. Dar-Es-Salaam is vir hom mooi. Hulle vertoef vier dae in Beira waar hulle ook nuwejaar vier. In die Engelse koerante lees hulle dat Ladysmith ontset is. Later sou hy hoor dat dit nie waar is nie.

Daar was nou nie minder as 30 Engelse offisiere en soldate aan boord nie. So hoor die maats dat 'n Engelse oorlogskip die *Bundesrath*, 'n ander skip van die DOAL, gekaap het. En sowaar net toe hulle regoor Ihambane kom word die *Herzog* deur die Britse oorlogskip die *Thetes* beveel om tot stilstand te kom. Die skip word deursoek en 'n Engelse offisier en 16 soldate neem bevel van die skip oor. Hulle word beveel om na Durban te vaar met die *Thetes* agterna. Sommige van die passiers het aan die soldate verklap dat Herman-hulle jong Transvalers is en hulle word glimlaggend en beterweterig aangekyk. Herman troos homself daarmee dat wie die laaste lag die lekkerste lag. Hulle gooi op 'n Saterdagmore naby die *Bundesrath* wat al 10 dae by Durban lê, anker. Na my berekening moes dit op die 6de Januarie 1900 wees.

In sy brief beskryf Herman hoe dit 'n paar dae van spanning, onsekerheid en neerslagtigheid word. Op die Dinsdag beveel die Engelse kaptein dat alle passasiers wie se kaartjies na Durban was aan wal moet gaan. Herman se kaartjie was ook tot in Durban. Hy dink al hoe hy bedags en snags die binneland in sal moet loop huis toe. Malherbe gaan sien die *Herzog* se kaptein en dié het nie beswaar dat Herman aan boord bly nie.

Die maats besluit om alle bewyse dat hulle ZAR-burgers oppad na die oorlog was te vernietig. “Wij hadden al onze brieven en dingen,” skryf hy aan die De Haans, “die wij hadden stuk gescheurd. Mijn telegram en de paspoorten van de anderen. Ik wist niet wat in de brief stond van Mevr. aan mijne

⁵⁵⁶ JH Breytenbach, *Geskiedenis van die Tweede vryheidsoorlog 1899-1902 Deel I Die Boere-offensief* (Pretoria: Staatsdrukker, 1969), 263, 315. Die plek dui op Colenso, waar die slag op 15 Desember 1899 plaasgevind het. Die Boere onder aanvoering van generaal Louis Botha het 'n skitterende oorwinning behaal wat hulle as 'n wonderwerk van God beskou het.

⁵⁵⁷ HCM Fourie aan ds en mev De Haan, 16 Desember 1899, 4.

⁵⁵⁸ Louis Changuion, *Vasgevang! Die lewe van die Boere in Suid-Afrikaanse krygsgevangenekampe gedurende die Anglo-Boereoorlog. 1899-1902* (Centurion: Kraal Uitgewers, 2022), 23.

moeder en daar de Engl. gemeen genoeg zijn om dien b.v. te openen heb ik hem geopend en gelezen en zag dat hij voor mij zeer gevaarlijk was omdat u schreeft dat ik opgekommandeerd was en zodoende heb ik hem ook maar stuk gescheurd wat mij later zeer speet toen ik en Delagoa kwam.”⁵⁵⁹

Elke keer as die “kleine losboot” van die wal af naderkom ys Herman. Hy sien homself al as ‘n krygsgevangene aan boord die *Penelope* of in die tronk in Durban.

Daar het egter ‘n Duitse oorlogsboot aangekom wat na Duitsland toe getelegrafeer het en uiteindelik is die *Herzog* toegelaat om terug te vaar na Delagoabaai. “... onze gedachte was de Duitse keizer heeft gezegd. Engl. jij laat mijne schepen los of ik doe je den oorlog aan en kies de partij van Transvaal.”⁵⁶⁰

Die Dinsdagmiddag word die Duitse vlag met ‘n “hoera!” gehys. Die Woensdagoggend verlaat die Engelse soldate die skip en Herman vaar die middag om 14:00 teen £3 terug na Delagoabaai.

Hierdie episode het die onderwerp van ‘n koerantberig met ‘n foto in *The Graphic* geword. “The mail steamer *Herzog*, belonging to the German East Africa Line, was seized by the H.M.S. *Thetis* and brought into Durban suspected of carrying contraband of war. The vessel had on board the Belgian medical mission sent out to aid the Boer wounded. The steamer, which was bound for Lourenço Marques, was suspected of also having some officers on board for service with the Boers. The vessel was subsequently released.”⁵⁶¹

Herman skryf op die 15de Januarie 1900 verder aan die De Haans dat hulle die aand anker gegooi het by Lourenço Marques. Hulle gaan die Donderdag aan land. Dit word ‘n dag van heen en weer loop in die reën om passe te kry by die Hollandse en Portugese konsuls. Die stad wemel van Engelse wat uit Johannesburg en elders vlug. Uiteindelik het hulle teen Donderdagaand die dokumente in die hand en vertrek hulle die Vrydagoggend per trein na die ZAR. Die ambulanse is op dieselfde trein gelaai en die Rooi Kruisvlag wapper aan die kondukteurswa.

Om middernag klim Herman af by Dalmanuthastatie. Hy skryf dat hy daar geslaap en die Saterdagmore die skokkende nuus van ‘n Hollander ontvang het dat sy oudste broer Christiaan in die eerste slag, by Dundee, gesneuwel het. Hy slaan voet, volgens my berekening 40 kilometer ver, tot op Welgevonden.

Terug op Welgevonden

Volgens berekening het Herman op Saterdag 13 Januarie 1900 na 18 maande se afwesigheid weer op Welgevonden aangekom. Hy was by die huis! Maar tyd vir kuier en ginnegaap was daar nie. Hy geniet die plaas se vrugte maar is nie “daar” nie. In sy gedagtes is hy reeds op die slagveld of terug op Gymnasium. Aletta skryf aan ds De Haan: “Ik heb niet veel aan hem gehad, hij was pas een paar dagen tehuis of hij is naar den naasten veldornet en kreeg een mauser geweer met 100 patronen, en zoo ging de oefening aan, ik heb in huis eenige geweren en patronen die ik gereed houdt als ik aangevallen wordt maar Herman gaf dadelijk aan ou Januari een, en zoo gaat de oefening alle dagen voor is het niet naar de schijf dan toch naar het veld, en als hij in huis komt is hij aan de boeken. Zijn

⁵⁵⁹ HCM Fourie aan ds en mev De Haan, 15 Januarie 1900, 3.

⁵⁶⁰ HCM Fourie aan ds en mev De Haan, 15 Januarie 1900, 4.

⁵⁶¹ “The S.S. ‘Herzog’ seized in Delagoa Bay” *The Graphic* (UK), January 27, 1900: 128.

Vir meer inligting oor die HMS Thetis sien <https://www.angloboerwar.com/unit-information/rn-ships/159-hms-thetis>

zuster vraagt hem uit naar Holl. en omdat zij zoo nieuwsgierig is krijgt zij niets uit hem. Het schijnt mij of Herman liever in Holl. is als hier.”⁵⁶²

Op hierdie punt staan ons eers stil om, soos Herman, op datum te kom met wat alles sedert die uitbreek van die oorlog gebeur het. Ons volg die Carolinakommando vanaf die vertrek na die Swazilandse grens tot uiteindelik in Natal en vertoef by die Fourievader en -broers se wedervaringe tot by die Slag van Spioenkop op 24 Januarie 1900. Christiaan se dood op Talanaheuwel val binne hierdie periode maar geniet apart aandag omdat dit so ‘n groot impak op die Fouries se lewens gehad het. Die geskiedenis van die Carolinakommando in Grobler se tesis word aangevul met inligting vanuit die briewe van Aletta en Herman Fourie.

Die Carolinakommando vertrek na die front

Grobler meld dat kommandant HF (Hendrik) Prinsloo ook nog as veldkornet van wyk I van die Carolinakommando opgetree het. Sy voorbereidings vir die opkommandering het hy op sy plaas Haverfontein net noord van die dorp getref. Hy het opdrag gegee dat die kommando op 4 Oktober 1899 op die plaas Kwaggafontein vergader. Wyke II en III se manne het mekaar eers op Bonnefoi ontmoet en is daarvandaan saam na Kwaggafontein.⁵⁶³

Grobler teken aan dat die een-en-twintigjarige Jochim Fourie op Kwaggafontein as kommandant Prinsloo se adjudant aangewys is.⁵⁶⁴ Christiaan was toe reeds as deel van die Middelburgkommando by Langnek, Majuba. Jacob sou ook later daar by die Ermelokommando aansluit sodra die vee veilig op Blaauwkop was.⁵⁶⁵

SW Burger, Volksraadslid vir Lydenburg en lid van die Uitvoerende Raad, was die generaal wat bevel gevoer het oor die kommandos van Lydenburg en Carolina. Die eerste taak was om die Swazilandse grens te partollee ten einde te verseker dat daar geen gevaar vanuit Swaziland sal kom nie.⁵⁶⁶ Daar was nie ‘n wesenlike gevaar nie en dus ook nie soveel manne nodig nie. Op 17 Oktober vertrek 80 van Carolina se manne as deel van ‘n groep van 250 man met generaal Burger na Natal. Ingesluit by die 80 was LEV David J Joubert, veldkornette Piet Taute en Willem de Villiers en ook Joachim Fourie en sy seun Jochim. Jochim was kommandant Prinsloo se adjudant maar het hier saam met sy pa gegaan terwyl die kommandant tot in Desember met ander manne van Carolina by Oshoek agtergebly het. Daarna het hulle aangesluit by die deel van die kommando wat vooruit Natal toe is en by Ladysmith aangewend is.⁵⁶⁷

Slegs 20 man onder leiding van veldkornet Jacob J Middel het op die Swazilandse grens agtergebly.⁵⁶⁸

Generaal Burger saam met wie die Fouries was, het op Sondag 22 Oktober op Vryheid aangekom waar hulle van Christiaan se dood verneem het. Hulle het Maandagmiddag op Dundee aangekom. Die Slag van Dundee/Talanaheuwel het die Vrydag plaasgevind. Later meer hieroor. Hulle vertrek op die 25ste na Ladysmith waar hulle op 27 Oktober aankom.⁵⁶⁹

⁵⁶² AE Fourie aan ds A De Haan, 9 Februarie 1900, 5.

⁵⁶³ F.J. Grobler, “Die Carolinakommando in die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902)” M-Skripsie, PU vir CHO, 1960), 6.

⁵⁶⁴ Grobler, “Die Carolinakommando,” 8.

⁵⁶⁵ AE aan HCM Fourie, 6 Oktober 1899, 2.

⁵⁶⁶ Sedert 2018 het Swaziland ‘n nuwe naam en heet dit Eswatini.

⁵⁶⁷ Grobler, “Die Carolinakommando,” 6, 10, 15 en 16.

⁵⁶⁸ Grobler, “Die Carolinakommando,” 19.

⁵⁶⁹ Grobler, “Die Carolinakommando,” 22-23.

As deel van 'n ketting Boerekommando's in die rantjies rondom Ladysmith het die Carolinakommando op 30 Oktober aan die Slag van Modderspruit deelgeneem. Grobler skryf dat dit 'n oorwinning vir die Boere was wat nie deur kommandant-generaal Joubert opgevolg is nie. Gevolglik het die Engelse kans gehad om in Ladysmith terug te trek sonder dat hulle beslissend verslaan is.⁵⁷⁰ Aletta Fourie skryf op 6 Desember 1899 aan Herman: "U Vader en beide andere broeders zijn bij Ladysmith ik heb gister een telegram ontvangen // zij namen deel in het gevecht bij Modderspruit nabij Ladysmith en behaalde een groote overwinning."⁵⁷¹

Die beleg van Ladysmith het op 30 Oktober 1899 begin. Grobler gee die burgers se posisie aan: "Noord-oos van die dorp, net suid van Modderspruitstasie, was genl. Joubert se hooflaer met genl. Schalk W. Burger se Lydenburgers en Carolina-burgers oos van hom."⁵⁷² Elke boer se gedagtes was behalwe op die Engelse ook nog op die boerdery tuis. Aletta skryf op 1 Desember 1899 vir Herman dat sy pa vir die tweede helfte van November op Welgevonden was om boederybelange te behartig.⁵⁷³

Op 2 Januarie 1900 vertel sy in haar brief aan Herman dat die twee seuns intussen na Escourt, Weenen en Colenso gestuur is. Grobler skets die groter prentjie: Veertig burgers van Carolina onder leiding van LEV David Joubert, wat as kommandant waargeneem het, is op 13/14 November as deel van 'n mag van 3,000 man na Colenso gestuur. Die mag het bestaan uit die burgers met die beste perde uit die verskillende kommando's wat verkenningwerk suid van die Tugela kon onderneem. Die Fourieseuns Jacob en Jochim was dus onder hulle. "Jacob heeft mij geschreven dat ze voor dien // grooten slag overal met groote klompen slaags waren. Aan Moordspruit digt aan Weenen was een wacht van 50 Ermelo menschen waaronder Jacob was slaags met 200-300 Natal vrijwilligers die bij de Engelsche troepen was. Onze wacht de onverwinning en namen 58 gevangen, de dooden onbekend, 2 van onzen sneuvelden, burgers van Ermelo. U broeders schrijven mij zij waren meer dan 3 weken onder de blooten hemel in regen en donder met hun waterjassen – zoo gaat het met de paarden commandos."⁵⁷⁴ Al die kommandoede het dit moeilik gehad in die nattigheid. Vuurmaak was verbode en hulle het selfs honger gely.⁵⁷⁵

Op die 22ste November 1899 het waarnemende kommandant Joubert Mooirivier gebombardeer. Die burgers het 'n paar mooi perde gebuit.⁵⁷⁶ Teen 27 November was almal van Carolina terug by Ladysmith waar kommandant Prinsloo wat van Swaziland gekom het, ook by hulle aangesluit het. Hulle sou nie deel wees van die Slag van Colenso nie.⁵⁷⁷ Joachim Fourie het op die 29ste November op Welgevonden vertrek om ook weer by die Carolinakommando aan te sluit.⁵⁷⁸

Op 6 Januarie 1900 vind plaas wat bekend sou word as die Slag van Platrand. In Aletta Fourie se briewe aan ds De Haan praat sy van Platkop.⁵⁷⁹ Hierdie was die enigste poging tydens die beleg van Ladysmith waar die Boere gepoog het om die dorp in te val. Jochim het 'n noue ontkoming gehad. Die Carolinaburgers moes die Engelse aan die kant van die dorp besig hou maar Jochim was op die Platrand.⁵⁸⁰ "Op Platkop is zijn hoed op 't hoofd aan stuk geschoten, zoodat hij bloots hoofd van de

⁵⁷⁰ Grobler, "Die Carolinakommando," 24-26.

⁵⁷¹ AE aan HCM Fourie, 6 Desember 1899, 1-2.

⁵⁷² Grobler, "Die Carolinakommando," 27.

⁵⁷³ AE aan HCM Fourie, 1 Desember 1899, 3.

⁵⁷⁴ AE aan HCM Fourie, 2 Januarie 1900, 1-2.

⁵⁷⁵ Grobler, "Die Carolinakommando," 31.

⁵⁷⁶ Grobler, "Die Carolinakommando," 31.

⁵⁷⁷ Grobler, "Die Carolinakommando," 33.

⁵⁷⁸ AE aan HCM Fourie, 1 Desember 1899, 3.

⁵⁷⁹ AE Fourie aan ds en mev De Haan, 27 Februarie 1900, 4-5.

⁵⁸⁰ Grobler, "Die Carolinakommando," 36.

kop kwam sonder eenig letsel aan 't lijf, hij is maar een wilde en onvoorzichtig jongen maar nu sal hij wel geskrik hebbe.”⁵⁸¹ Aletta skryf ook van die poging wat daarna aangewend is om die loop van die Kliprivier te verander en die dorp se water af te sny.

Ds JD Kestell saam met wie Herman jare later as eindvertaler van die Bybel in Afrikaans sou optree het hier by die Slag van Platrand hulp aan beide kante verleen. In Februarie 1965 is daar 'n monument ter ere van hom opgerig.⁵⁸²

Aletta Fourie skryf op 6 November 1899 aan Herman: “Bij Elandslaagte zoo gezegd wordt is de nederlaag toe te schrijven aan te moedige voorwaarts snellen van de Hollanders Duitschers en jonge Transvaal en Vrystaaters, die nog niet heelmaal op de hoogte van het Boeren manier van vechten zijn. Geen witte vlag van onze gehezen. Zij hebben zich verdedigd tot op het laatste oogenblik.”⁵⁸³

“De onze gesneuvelden bij Dundee en Elandslaagte hebben heldendood gesneuveld en tegenstand tegen de groote overmagt geboden, tot op het laatste en toen hulp kwam Dundee ingenomen.”⁵⁸⁴

Modderspruit en oorwinnings in Natal

Op 5 November het Aletta 'n telegram ontvang dat haar man en seun Jacob en Jochim by Ladysmith is. Hulle het aan die slag van Modderspruit, waartydens 'n groot oorwinning behaal is, deelgeneem. Die Boere kom telkens teen 'n groot meerderheid te staan. Tog wen hulle elke keer behalwe by Elandslaagte en deels by Dundee. Oor die gerug dat die Engelse vrede vra is haar opinie dat hulle sien dat die Boere Natal ingeneem het “... en ze zoo groote nederlaag lijden met al hun helse wapens en dum dum kogels. Ze hebben nu zeker hun bloeddorst gestild en ons in droefheid gedompeld.”⁵⁸⁵

BJ Grobler onthou 'n gebeurtenis uit hierdie tyd waarby generaal Fourie hom van straf gered het.⁵⁸⁶ As jong burger het hy die jagverbod oortree en 'n hartbees geskiet. Joachim Fourie was blykbaar deel van die krygsraad wat op 'n straf moes besluit. Hy vra Grobler toe met hoeveel skote hy die hartbees platgetrek het. Toe hy hoor dat dit net een skoot was het hy tot ontsteltenis van die kommandant gesê dat hulle die saak daar sal laat mits die offisiere ook elkeen 'n stukkie vleis kry.⁵⁸⁷

Joachim Fourie vir twee weke tuis op Welgevonden

Op 6 November 1899 skryf Aletta vir Herman dat sy en Nonnie die lugbalonne van die vyand oor Welgevonden heen en weer tussen wes en oos sien gaan het. Eerstehandse nuus het gekom in die besoek van die baas van die plaas. Op 18 November het Joachim Fourie van Ladysmith af op sy plaas aangekom om te sien hoe dit met sy vrou en dogter gaan. Hulle kry by hom meer volledige inligting. Die geveg te Dundee was op die 20ste Oktober en die by Elandslaagte op die 21ste. Christiaan het dus op die 20ste sy lewe geoffer. Joachim vertel van die dapperheid van die Hollanders soos deur 'n Lombard aan hom meegedeel: Die gewonde Engelse offisiere het gesê dat hulle soos duiwels geveg het by Elandslaagte. Die bloedverlies van die Transvalers en Vrystaters is groot maar hulle het

⁵⁸¹ AE Fourie aan ds en mev De Haan, 27 Februarie 1900, 5.

⁵⁸² <https://www.battlefieldsroute.co.za/place/wagon-hill-on-platrand/>

⁵⁸³ AE aan HCM Fourie, 6 November 1899, 2.

⁵⁸⁴ AE aan HCM Fourie, 28 Oktober 1899, agter-op JC Fourie jr. aan AE Fourie, 25 Oktober 1899.

⁵⁸⁵ AE aan HCM Fourie, 6 November 1899, 4.

⁵⁸⁶ JC Fourie het egter eers in Maart 1900 generaal geword.

⁵⁸⁷ Jan Hendrik Grober, *Beknopte aantekeningen van die Carolina Kommando* (publieksiebesonderhede onbekend), geen bladsynommers nie.

seëvierende oorwinnings behaal. Jacob en Jochim is by Escourt en dit gaan nog goed met hulle. Natal is amper in Boerehande.

Aletta het verneem en skryf aan Herman dat die Britse troepe onbeskryflike gruweldade gepleeg het: Gewondes en dooies is by Dundee en Elandslaagte ontklee en gesteeek. Die liggaam van die gesneuwelde skoolinspekteur De Jonge is te Elandslaagte met lanse deursteeek. "Ds. Burger van Middelburg was te Dundee met het begraven der dooden, hij zegt het is zoo gruwelijk dat de Heer de wreker van zulke daden moet zijn, want dat is boven menschen verstand."⁵⁸⁸

Sy het ook gehoor dat op vlug van Dundee na Ladysmith Britse troepe op plase aangekom het en die mans in hegtenis geneem het. Die vroue en meisies moes nakend vir hulle dans. Dit is aan Natalse kolonians gedoen, hoe sal dit gaan as die Here sou toelaat dat die Britte in Transvaal kom?! Indiërs en swartes het meegedoen.

Toe Joachim en Schalk Burger in Dundee kom het die Indiërs en Natallers die dorp reeds geplunder. Die burgers het meegedoen aan die rowery. Een van die Carolinaburgers, Jan Hendrik Grobler, het later aangeteken: "Ons slaap hier (LJS: Op Dundee) en elkeen help homself aan kos uit die leë winkels."⁵⁸⁹ Die Indiërs is gevange geneem en ook na Ladysmith gebring om daar saam met die Engelse beleër te word.

Groot oorwinnings is aan die westergrens behaal en 'n groot deel land herverower. "... al het Engelsch bezetting in Z.A. is gestolen goed."⁵⁹⁰

Aletta skryf op 1 Desember aan Herman dat hy nie die Engelse oorlogsnuus moet glo nie, hy moet wag vir haar briewe en die koerante. "Als onze berichten u bereiken zal u zien hoe de jingoes kunnen liegen."⁵⁹¹ Die Engelse is ver van 'n oorwinning af want Ladysmith word deur die Boere beleër en gevegte is tussen Pietermaritzburg en Ladysmith aan die gang. Die regering het die deel van Natal wat ingeneem is geproklameer (geannekseer) en boere uit Natal en in die weste en in die Kaapkolonie voeg hul by die strydende ZAR-burgers.

Joachim en Aletta Fourie laat weet by herhaling dat Herman in Holland moet bly

Herman se ouers het sterk daarvoor gevoel dat hy nie ook nog aan die gevaar van oorlog blootgestel moet word soos die res van die gesin nie. Hulle skryf by herhaling dat hy in Nederland moet bly en met sy studies moet voortgaan. Hierdie briewe het hom egter nie bereik nie.

Herman het op 22 Oktober geskryf dat daar jong Transvalers in Holland is wat aan die oorlog wil kom deelneem. "Dat is mooi van u doch vooreerst niet noodig geloof mij."⁵⁹² Daar is mense wat nog nie eers 'n skoot op die vyand geskiet het nie. Daar lê nog duisende burgers aan die Sandspruit en by Volksrust wat nog nie na die front gestuur is nie. Die groot oorwinnings tot dusver is deur vinnig bewegende perdekommendo's behaal. Voorraadwaens word maar nou eers na die front gestuur. Die Vrystaat het nog 'n hele groot mag en daar is ook nog baie burgers op die Swazilandgrens waar hulle miskien nie eers nodig sal wees nie.

Herman se pa en broers het verkies om Natal toe te gaan en nie naby die huis te bly nie. Pa is ook nou, na twee weke tuis om na die boerdery om te sien (en seer sekerlik ook om sy vrou te troos),

⁵⁸⁸ AE aan HCM Fourie, November 1899, 4.

⁵⁸⁹ Grobler, *Beknopte aantekeningen*, geen bladsynommers nie.

⁵⁹⁰ AE aan HCM Fourie, November 1899, 7.

⁵⁹¹ AE aan HCM Fourie, 1 Desember 1899, 1.

⁵⁹² AE aan HCM Fourie, 1 Desember 1899, 2.

weer terug na Ladysmith. Amper al die koring is geoes en die vrugte word al ryp. Soos die Engelse gee die sprinkane ook las maar aangesien die veld mooi lyk is hulle nie so erg op die lande nie. Aletta en Nonnie is buite gevaar en die werkers is gehoorsaam en doen hulle werk. Sy verwys na die Uitlanders wat gevlug het: “de vuilnis is uit het land.”⁵⁹³

Die paar jong Transvalers in Holland sal soos ‘n druppel in ‘n emmer wees. Wat wel uit die buiteland nodig is is simpatie. “U moet toch niet zoo alles gelooven wat van de zijde der Engelschen komen, wij zullen u geen leugens schrijven, onze zaak is te rechtvaardig om te liegen. De Engelschen doen het om ons klein te maken in het oog der Buiteland maar ons vertrouwen is dat heel Europa weet dat England een vuilnes en schurk is met al wat aan haar Majesteit behoort.”⁵⁹⁴ “Onze boodschap aan u allen mede aan de leeraren in Holl. is gedenk onzer in uwe gebeden opdat wij niet vallen in de handen der smeerige onmenselijke Britten. God beware ons daarvoor en zegene u mijn zoon in uwe studie.”⁵⁹⁵

Sy skryf van haarself: “Tot nog toe is een ieder vol moed en vertrouwen, vooral de genen die al reeds hun dierbaar bloed ten slagoffer moesten geven.”⁵⁹⁶

Herman se pa, skryf Aletta, het vertel hoe dapper die Vrystaters veg en van die oorwinnings wat hulle behaal het. Almal wat van ‘n geveg af kom vertel van die hand van die Here. “Als hun vuur lostbreekt dan denkt man dat niemand overblijft, doch als onze Fransche kanon lost duurt het niet lang of hun wit vlag komt of de vlucht en dan zijn de dooden en gewonden aan onze zijde onverstaanbaar weinig en honderden van den vijand.”⁵⁹⁷ Daar is wel na Dundee en Elandslaagte die wyse les geleer om versigtig te wees om met net ‘n handvol ‘n groot oormag aan te val. “En toch zegende de Heer ons met groot verlies der vyand.”⁵⁹⁸

Joachim Fourie het ook vir president Kruger te siene gekry. Hy is oud en swak maar almal weet dat hy ‘n man van God is. Voor die oorlog het hy verklaar dat hulle nie die erwe van hulle vadere kan weggee nie en dat hulle weer hulle bloed daarvoor sal moet gee. Die Here sal hulle nie onder die juk van Engeland plaas nie. Aletta skryf op 1 Desember 1899 dat die president die woorde twee weke gelede aan Herman se pa herhaal het. Ook dat die burgers nie moet juig oor die oorwinnings nie want die Here is die oorwinnaar en nie die mens nie. “Wij zijn een klein volkje tegen de groote magt.”⁵⁹⁹

Aletta is van alle kante op hoogte gehou van gebeure aan die oorlogsfront. Wanneer sy op 15 Desember aan Herman skryf sluit sy twee afskrifte in van amptelike telegramme wat vir haar onthulwe gekopieër en aan haar besorg is. Die eerste gedateer die 13de Desember is gekopieër deur MS dC en genummer nr 29. Dit gee ‘n verslag van gebeure by Ladysmith, Modderivier, Mafeking en Colenso. Dan is daar ‘n kopie van ‘n ongedateerde telegram van die staatspresident aan die landdros van Carolina waarin die mededeling gemaak word van die assistent-generaal JM Kock, lid van die Uitvoerende Raad, se dood by Ladysmith.

Sy skryf dat sy Herman se skrywe van 5 November waarin hy sy voorneme te kenne gee om terug te keer huis toe en aan die oorlog te kom deelneem, ontvang het. Sy deel sy gevoel vir sy vaderland in hierdie moeilike dae maar een swaweltjie maak nog nie ‘n somer nie. As daar ‘n gebrek aan

⁵⁹³ AE aan HCM Fourie, 1 Desember 1899, 3.

⁵⁹⁴ AE aan HCM Fourie, 1 Desember 1899, 7.

⁵⁹⁵ AE aan HCM Fourie, 1 Desember 1899, 8.

⁵⁹⁶ AE aan HCM Fourie, 1 Desember 1899, 4.

⁵⁹⁷ AE aan HCM Fourie, 1 Desember 1899, 4.

⁵⁹⁸ AE aan HCM Fourie, 1 Desember 1899, 5.

⁵⁹⁹ AE aan HCM Fourie, 1 Desember 1899, 8.

weerbare mans was was dit 'n ander saak. Sy glo dat as daar 'n opname gemaak word nog nie die helfte van die bevolking iets gedoen het nie. Die jong Hollanders wat wel in Transvaal is is net bekommerd oor hulle salaris en om gesien te word. Sy stel dit so: "de jongeluit die uit Holl hier aan kwamen is meer om te laat zien als wat ze zullen doen, en hun ouders zijn de Kribvreterers zoo als het hier genoemd word. Hun salaris gaat voort en als den oorlog voorbij is kan degenen die hun goed en levens veil hadden toezien, om weer te werken om te leven, en degenen die de noodzakelijkheid in ziet gaat vechten en laat alles achter." Waarskynlik bedoel sy daarmee dat baie van die Hollanders wat in die land is ter wille van geld hier is. Hulle ouers in Nederland is arm en hulle moet vir hulle sorg. Vir hulle gaan dit nie oor die land nie. Tog is daar diegene wat wel bereid is om vir die land te veg.

Sy dra ook Pa se besluit oor: "U Pa heeft mij gezegd ik moet u schrijven dat u toch maar in Holl blijft, daar u zeer jong zijt en wij alles opgeofferd hebben voor ons heilig doel en zelfs ons dierbaar bloed moeten afgeven voor het land. Daar u Pa en beide broeders die heden misfchien nog leven, onder in Natal dag en nacht voor het zwaard des vyands moeten staan, dat onze offer en ons verlies groot genoeg is. Als de helft van Transvaal maar doen zoo als wij dan is niets te vreezen gister hoorde ik nog dat een groot boeren magt aan Sandspruit en Volksrust legt die nog niet eens een vijand gezien hebben."⁶⁰⁰

In dieselfde brief van 15 Desember 1899 skryf sy dat Dokter Everard sy meegevoel met Christiaan se dood kom betuig het en hy sê ook dat Herman soet in Holland moet bly. Hyself is nou gesond van die Delagoakoors en vertrek eersdaags na Ladysmith.

Naby sterfgevalle

Herman se boesemvriend Piet Grobler het, nadat hy by Elandslaagte 'n nekwond opgedoen het, daaraan beswyk. (Sien hoofstuk 3, die verhaal van Piet Grobler en hoe hy geskryf het dat hy hoop om sy pa, wat sy lewe vir die ZAR gegee het, se voorbeeld waardig te mag wees). Na sy verwonding is Piet saam met die gevange Boere na Ladysmith geneem. Aletta vertel dit vir Herman in haar brief van 15 Desember 1899 en wonder of sy dood dalk die gevolg was van mishandeling? Sommige vertel dat hy eers tien dae na die slag in die veld dood aangetref is maar Aletta glo dat die waarheid is dat hy in Ladysmith oorlede is.

Piet se ma wou nie dat hy na Europa toe gaan nie omdat dit te ver van haar af sou wees. En kyk nou net op watter bitter wyse moes sy hom nie nou afgee nie!

Aletta skryf verder in haar brief dat die werklikheid van die oorlog nou vir baie jong manne begin deurbreek. Die jong burgers was aan die begin baie dapper maar baie het later die Bybelspreuk (2 Samuel 10) aanvaar "Blijft te Jericho totdat u baard gewassen zult zijn." Herman se oom Abraham sê dat baie gedink het hierdie oorlog sou gaan soos die oorloë teen die swartes waar die vyand in gate weggekrui het. Hulle het nie verwag om in so 'n verskriklike vuur te staan nie.

Daar het al 'n neef van Herman se pa gesneuwel en twee De Clercq's is aan hulle wonde oorlede.

Die bevolking is baie dankbaar vir die bekwame dokters en verpleegsters wat die bevriende Europese lande gestuur het. "Wat is toch een Engelsman als schijnt hij een vriend te zijn wie kan hem vertrouwen en hier zijn nog Engelsche doctors."⁶⁰¹

⁶⁰⁰ AE aan HCM Fourie, 15 Desember 1899, 2.

⁶⁰¹ AE aan HCM Fourie, 15 Desember 1899, 7.

In haar brief van 18 Desember meld sy haar kommer oor Herman se pa en broers. Maar sy het nog nie 'n telegram ontvang nie en vertrou dus dat hulle nog lewe. Hierdie is nog 'n bewys van hoe na Herman en sy ma aan mekaar was dat sy haar kommer so met hom as haar jongste deel. By haar en Nonnie is alles nog stil en rustig sonder enige vyande.

Sy sluit 'n brief van die mak Engelsman Henri Swain in en vra namens hom dat Herman dit na Henri se pa in Engeland sal aanstuur. Die pos na Engeland is geslote en Henri wil sy pa net gerusstel dat hy veilig is. Hy is altyd gewillig om Aletta te help en het ook 'n bydrae gemaak vir die burgers wat op kommando is. Hyself is nou opgeroep en is gewillig om vir die ZAR te gaan veg.

Tugela

Op 21 Desember 1899 het Jochim vanaf die Carolinalaer aan sy ma geskryf. Aletta sluit die brief in by haar eie van 2 Januarie 1900 aan Herman. Pa was siek maar is nou weer beter. Die slag by die Tugela word beskou as die grootste wat nog in Suid-Afrika gelewer is. Jochim en sy pa was die dag na die slag op die slagveld "en hebben met eigen oogen de slagtoffers gezien. O moeder al is het mijn vijand toch was het voor mij hartverscheurent, om de dooden te aanschouwen die op het veld dood lagen, bij klomppen. Ja de slagveld was als het ware overtrokken van dooden . Het getal dooden en gewonden bedraagt 5 000 zielen, onze zeide 30 dood en gewond. 5 alreeds dood eenigen zwaar gewond, doch de meeste licht gewond. De vijand moest terug trekken en 10 kanonnen en 9 ammunitiewagen werden door de onze genomen, ook werdt gevangen genomen 186 troepen waar onder eenige officieren waren zijn."⁶⁰²

Aletta het langs 'n ander weg ook gehoor dat haar man en andere vanaf Ladysmith die gevegsgeraas van Tugela gehoor en daarheen oorgery het. Twee rapportryers, vroeër inwoners van Pretoria, is oppad na generaal Buller deur die Boere gevange geneem.

Pa het vir Ma geskryf dat sy weer vir Herman moet skryf dat hy tevrede in Holland moet bly. In lig van die moeilike tye is dit vir almal beter dat hy daar bly. Die jongmanne wat reeds oorgekom het se oorkoms was totaal onnodig.

Na die slag aan die Tugela is Jacob en Jochim terug Ladysmith toe. Jacob het laat weet dat daar voorafgaande aan Tugela oral gevegte teen groot meerderhede gehad. By Moordspruit het 50 Ermelose burgers waaronder Jacob slaags met 200-300 Natalse vrywilligers. Die Ermelose burgers het die oorwinning behaal en 58 van die vyand gevange geneem. Twee burgers het gesneeu.

Jacob en Jochim het geskryf dat hulle in hulle reënjasse vir meer as drie weke onder die blote hemel in reën en donderweer was. Dit is hoe dit met die perdekommando's gaan. Na die slag van Tugela gaan dit beter, hulle het nou tente en waens langs die Tugela. Daar is enkele siekes maar die Fouriebroers is gesond.

Al hierdie dinge wat Aletta vir Herman geskryf het sou sy waarskynlik persoonlik vir hom vertel het, aangesien die briewe hom nie bereik het nie. Herman se ouers se herhaalde opdragte dat hy in Holland moet bly het hom ook nooit bereik nie.

Wat Herman alles te wete kom oor Christiaan se dood

Van verskeie kante hoor Herman wat bekend is oor Christiaan se dood. Die Hollander op Dalmanutha vertel hom wat hy weet en sy ma vertel hom wat sy geskryf het in die briewe wat hom nie voor sy vertrek uit Nederland bereik het nie. Sy het op 28 Oktober 1899 geskryf "Ik kan u het

⁶⁰² JC Fourie jr. aan AE Fourie, 21 Desember 1899.

hartverskeurend bericht melden dat u oudste Broeder gesneuveld is, bedenk toch hoe diep ik geslagen voel.” Christiaan se dood kom dan weer ter sprake in die briewe van 6 November (Nonnie het ook op die datum vir Herman geskryf), ‘n volgende brief in November (ná die 18de), 1, 15 en 18 Desember, 2 Januarie 1900 en in ‘n skrywe gedateer 9 Februarie aan mev De Haan. Die briewe sedert 28 Oktober 1899 is almal op roukaarte geskryf en in die gepaardgaande roukoeverte gepos. Aanhalings hierna sonder voetnote kom uit hierdie briewe.

Roukaarte en die daarby passende roukoeverte was in gebruik gedurende die 19de eeu tot ongeveer die helfte van die 20ste eeu. Die roukaarte is spesifiek gebruik om doodsberigte mee oor te dra en iets rakende die oorledene mee te deel.⁶⁰³

Aletta Fourie was beslis gedurende die tydperk waarin sy haar briewe geskryf het nog in diepe rou oor die dood van haar eersgeborene. Herman gebruik ook twee roukaarte en ‘n roukoevert vir sy brief van die 15de Januarie 1900 aan die De Haans. Aletta gebruik uitsluitlik net die roukaarte vir al haar korrespondensie met die De Haans tot by die laaste skrywe van 6 Augustus 1900. Herman skryf op gewone briefkaarte of wat ookal beskikbaar was.

Die slag van Talanaheuwel soos beskryf deur JH Breytenbach

Alvorens die meer persoonlike beskrywings gegee word van die omstandighede rondom Christiaan se dood word hier net eers kortliks JH Breytenbach se hoofstuk oor die slag van Talana, waar Christiaan gesterf het, opgesom.⁶⁰⁴

Kommandant-generaal PJ Joubert was bewus van die teenwoordigheid van ‘n sterk Engelse mag by Dundee. Hulle sou eers verslaan moes word alvorens die groot konsentrasie van Engelse magte by Ladysmith aangeval kon word. Generaal Lucas Meyer is getaak om die Dundee-omgewing gereeld te verken. Intussen het hy sy verskillende kommando’s by Doringberg laat versamel met die oog op ‘n aanval op Dundee.⁶⁰⁵

Op 17 Oktober 1899 het kommandant-generaal Joubert krygsraad gehou en is generaal DJE Erasmus en owerste SPE Trichardt beveel om oor Dannhauserstasie na Dundee op te ruk en die vyand aan te val terwyl generaal Lucas Meyer vanaf Doringberg daarheen sou optrek. Dit was noodsaaklik dat Generaal Meyer vinnig moes vertrek om betyds aan die oostekant van Dundee te kom. Op 20 Oktober sou daar van drie kante aangeval word. Generaal Erasmus sou van die noorde aanval en die Heidelbergse kommando onder bevel van kommandant Weilbach van die weste af. Generaal Meyer sou ook aan generaal Erasmus laat weet wat die beste posisie vir die kanonne sou wees. Generaal Erasmus se burgers het met die burgers uit Pretoria gedurende die nag Impatiberg bestyg terwyl owerste Trichardt met die kannone aan die voet gewag het vir bevel van generaal Erasmus.⁶⁰⁶

Generaal Lucas Meyer het gedurende die nag van 19 Oktober 1899 Talanaheuwel buite Dundee beset. In die Engelse kamp het generaal Symons om 4:30 verneem dat die Boere Talanaheuwel beset het. Hy was egter gerus dat hulle geen bedreiging inhou nie en het die kamp sy normale gang en oggendroetine laat gaan. Die kamp was opgeslaan waar dit deur heuwels omring was. Aan die noordekant was die hoë Impatiberg en aan die oostekant Talanaheuwel met Smithsnek na die suide om aan te sluit by Lennoxheuwel. Daar was ‘n afstand van 5,000 tree tussen Talanaheuwel en die Engelse kamp.

⁶⁰³ <https://amyhanson.wordpress.com/books/mourning-covers/>

⁶⁰⁴ JH Breytenbach, *Geskiedenis*, 214-236.

⁶⁰⁵ Breytenbach, *Geskiedenis*, 185, 186.

⁶⁰⁶ Breytenbach, *Geskiedenis*, 188-191.

Meyer het sy burgers soos volg opgestel: 900 man op Talanaheuwel met drie veldkanonne en 'n bommaxim op Talanaheuwel; 600 op Lennoxheuwel en Smithsnek en aangrensende koppe; en 1,400 man buite die gevegsgebied. Christiaan was op Talanaheuwel. Alles was nat en glyerig na die baie reën wat geval het en die wêreld was toegetrek met die mis. Generaal Meyer het, toe die mis weggetrek het, bevel gegee om bomme tot in die Engelse kamp te skiet. In die sagte modder het die bomme nie gebars nie maar daar het nietemin chaos onder die Engelse uitbreek.

Generaal Symonds het geleidelik beheer teruggekry en met twee batterye kanonne op Talanaheuwel losgetrek terwyl sy voetsoldate gereed gemaak het vir 'n aanval. Generaal Meyer het sy kanonne laat terugtrek sodat dit nie in die vyande se hande kon val nie. "Met sy burgers so goed moontlik agter en tussen klippe verskuil, het hy nou op 'n geskikte geleentheid gewag om die vyand weer aan te pak, nog steeds in die verwagting dat genl. Erasmus, deur 'n aanval van die kant van Impatiberg af, die Engelse sou dwing om 'n deel van hulle kanonne en infanterie in daardie rigting te stuur. Erasmus het egter niks van hom laat merk nie, en ondertussen het die Engelse kartetse op groot skaal bokant genl. Meyer se stelling ontplof."⁶⁰⁷ Sommige burgers het gevlug maar die meerderheid het hulle stelling behou terwyl 'n paar dit selfs gewaag het om langs die helling van die heuwel na Dundee toe te begin afsak. Christiaan sou onder hulle gewees het. Die bedoeling was om na genoeg aan die vyand te kom om hulle te kon raakskiet.

Die Britse infanterie het vanaf die Steenkoolspruit na 'n bloekombos en toe na 'n muur wat aan die voet van Talanaheuwel parallel met die lang heuwelkruin geloop het, beweeg. "Vanaf (generaal) Yule se frontlinie agter die muur en reg voor die bos, was die afstand tot op Talana se kruin maar 550 treë, maar die poging van die soldate om die Mauservuur hiervandaan stil te skiet, het geen merkbare uitwerking gehad nie. Die soldate het dus begin kyk of hulle nie posisies nader aan die kruin kon kry nie, vanwaar hulle met beter gevolg op die Boere kon losbrand nie."⁶⁰⁸ Die infanterie se aanslag het egter nie geslaag nie waarop generaal Symonds sy kanonne laat verskuif het en heftig losgetrek het op die Boereskuts.

Generaal Symonds het generaal Yule beveel om onder beskerming van die Engelse grofgeskut weer die heuwel te bestorm. Toe dié egter oordeel dat die tyd nie daarvoor ryp is nie het Symonds uit frustrasie self die infanterie gaan aanvoer, oor die muur gespring en is hy dodelik in die maag gewond. Hy het die slagveld verlaat en weer aan generaal Yule opdrag gegee om te storm. Yule het dan ook so opdrag gegee en die Engelse het goed gevorder danksy 'n terras wat hulle op 'n kritieke stadium vir die Boereskuts verberg het en 'n ander muur wat skuins na die kruin van die heuwel opgeloopt het.

Generaal Meyer "het egter, ofskoon hy bevel gegee het dat die muur gehou moes word, nie toegesien dat sy instruksies uitgevoer word nie. Wel het groepies burgers vroeër in die dag teen die helling afgesak tot by die muur, en die Engelse gedurende die vroeë stadiums van die slag daarvandaan af onder die koeëls gesteek, maar hulle het intussen weer na die kruin toe teruggekeer. Die gevolg was dat die muur, in plaas van 'n skans vir die Boere te wees, vanwaar dood en verderf op die aanstormende troepe gesaai kon word, 'n skans vir die Engelse geword, waaragter hulle op hul gemak kon voorberei vir die laaste stormloop na die kruin toe."⁶⁰⁹ Meer Engelse soldate het na die muur toe gestorm maar almal is daar deur noukeurige Boerevuur vasgekeer.

Soos daar egter wel Boere was wat gevlug het, het "... twee Engelse afdelings (ruitery) ... in die rug van die Boere alles in hul vermoë gedoen om soveel krygsgevangenes in die hande te kry as wat hulle maar enigsins kon. Een van hulle het selfs nie gehuiwer om 'n Boere-ambulansbediening met

⁶⁰⁷ Breytenbach, *Geskiedenis*, 219.

⁶⁰⁸ Breytenbach, *Geskiedenis*, 221.

⁶⁰⁹ Breytenbach, *Geskiedenis*, 223.

die kreet 'damn the Red Cross' te bestorm, met sabels na hulle te kap en hulle gevange te neem nie."⁶¹⁰ AWJ Vorster, een van die gevangenes het later in 'n eedsverklaring getuig dat hy en 14 ander met rieme om hulle lywe aan mekaar en toe aan 'n skotskar vasgebind is. Toe Boereruiters die prosesie opmerk het hulle op die Engelse afgejaag. Die gevangenes is toe van die skotskar losgesny maar beveel om steeds agter die vlugtende Engelse ruiters aan te hardloop, so nie sou hulle geskiet word. Dit het toe ook amper gebeur toe die uitgeputte gevangenes gaan staan het. Die aanstormende Boere het egter die Engelsman wat sy rewolwer op die gevangenes gerig het se hand afgeskiet.

Teen 11:30 het generaal Meyer opdrag gegee dat sy mense moes onttrek met 'n klein agterhoede wat die terugtog sou dek. Die redes vir sy opdrag was die verandering in die weer: mis het opgekom en reën het gedreig. Ook was hulle patrone gedaan en baie burgers het sonder verlof huis toe begin vlug. En dan was daar geen reaksie van generaal Erasmus nie ten spyte van verskeie heliografiese boodskappe.

Toe die Boere se geweervuur begin verswak is die bevel vir die laaste stormloop gegee. Met gevelde bajonette het die soldate oor die muur gespring maar hulle was uitstekende teikens vir die oorblywende Boere wat so effektief geskiet het dat die verskillende Engelse afdelings soldate met mekaar vermeng geraak het. Die Engelse moes terugval toe hulle eie kartetse reg bokant hulle ontplof in 'n poging van kolonel Pickwood om die kruin skoon te skiet. Sodoende kon die agterhoede op hulle gemak terugtrek, want die bombardement het 'n hele tien minute lank geduur!

Uiteindelik het die Engelse Talanaheuwel verower en het hulle van bo af die vlugtende Boere, in die gietende reën wat begin uitsak het, nog onder kanonskoot gehad het. Daar is egter nie op hulle geskiet nie omdat kolonel Pickwood gesien het dat hulle 'n wit vlag vertoon al het dit nie gelyk of hulle wil oorgee nie. Daar word ook gegis daaroor of die kolonel se vroeëre foutiewe optrede om op sy eie mense te skiet hom nie baie onseker gemaak het nie. Het hy 'n wit vlag gesien? Was hy bang om op die Rooi Kruis se ambulans ook te skiet? Was hy bewus van 'n versoek van generaal Meyer om 'n skietstilstand sodat die gewondes aandag kon geniet? Vanweë sy huiwering en onsekerheid het die Boere weggekom.

Christiaan Fourie het leweloos op die slagveld van Talanaheuwel agtergebly. Hy was een van die 31 burgers wat daardie dag gesneuel het.

Breytenbach se gevolgtrekking is: "Die Boere het dus, alles in ag genome, in die slag van Talana beter as hulle teenstanders gevaar. Hulle doel egter met die aanval op Dundee het hulle egter gemis.... Dit alles moet gewyt word aan die feit dat die sterk kommando wat onder genl. Erasmus ten noorde van Dundee gelê het, en die Heidelbergers aan die westekant van die dorp, nie hulle plig gedoen en saam met die burgers van genl. Lucas Meyer op die Britse kamp toegetas het nie, wat in die dié geval ongetwyfeld verplig sou gewees het om te kapituleer."⁶¹¹

Inligting oor Christiaan se dood en ander oorlogsnuus wat Welgevonden bereik het

Op 28 Oktober 1899, agt dae ná haar oudste se dood op Talanaheuwel skryf Aletta Fourie daarvan vir haar jongste seun in Zwolle. Christiaan se vrou Maggie is per telegram in amptelik in kennis gestel van haar man se dood. Aletta het ook 'n telegram ontvang, dit het haar en Nonnie op Nonnie se 24ste verjaardag, die 25ste Oktober op Welgevonden bereik. Hulle het toe al geweet "doch wij hebben wel gehoord maar geloofden niet, omdat het voor ons te zwaar was, om die harde tijding te

⁶¹⁰ Breytenbach, *Geskiedenis*, 225.

⁶¹¹ Breytenbach, *Geskiedenis*, 236.

gelooven,”⁶¹² Op die stadium weet sy nog nie wanneer hy dood is en hoeveel ander dood of gewond is nie.

Aletta skryf dat hulle by die een so en by die ander sus gehoor het. Die verskillende berigte was verwarrend.

Inligting oor Dundee en Talanaheuwel

Aletta herinnert Herman daaraan dat hy al by Dundee was toe hy kleiner was. Die Fouries het ‘n wa daar by die stasie daar naby gaan afhaal.⁶¹³ “Ik moet u herinneren als u niet weet, de Biggersberg Station is bij de Engelschen de Glenco nabij Dundee waar wij de wagen ontvingen als u het nog weet, in die nabijheid was de eerste slag waar u broeder gesneuveld is.”⁶¹⁴

By Dundee waar Christiaan gesneuveld het was die Boere 600 teen 6,000 volgens haar inligting. Hulle het “10 uren lang voor het vuur van 18 kanonnen (ge)staan, daar de onzen slechts 4 kanonnen hadden en nog geen positie hadden ingenomen, op de opene vlakte en van voor en achter werd aangevallen.”⁶¹⁵

Oor die gevange Boere wat ingespan is skryf Herman so: “In dezen slag waren een vijftal Boeren gevangen, werden uitgekleeft behalve hun pantalon en voor een kanon gebonden en moesten het trekken. // Voor zij ingespannen werden werden zij ontwapend zelfs van hun messen. N.t. een Boer nam voordat hij a/d beurt kwam zijn mes en stak het in zijn lange laars. Toen zij voortliepen kon hij het er uit halen om de touwen af te snijden. Toen zij losgesneden werden kwam er ontzetting en juist toen de Engl. officier ze maar wilde doodschieten en zijn armen uitstreekte om te schieten schoot een van de achtervolgers zijn arm af. Wonderlijk dat de Heer het juist zoo bestierde.”⁶¹⁶

Inligting oor Christiaan in die geveg

Christiaan was deel van die laaste 40 man wat op die heuwel gebly het om dit te verdedig. Sy swaer Fanie Lombard was naby hom. Toe die bombardement op hulle hewig was het hy vir Christiaan gesê om tog versigtig te wees en dat hulle skuiling moet gaan soek. “Toen antwoorde hij: ‘Mijn bloed is niets beter als die mijner voorvaderen en als ons land vrij komt geeft ik mijn bloed nog bij.’”⁶¹⁷ Andere het wel skuiling gaan soek. ‘n Neef van die Fouries was een van die min manne wat die aanslag oorleef het. Hy het Christiaan met sy hoed oor sy gesig gesien lê. Die manne het eers die aand by die perde gehoor dat Christiaan gesneuveld het. “Een van de anderen die ontkomen is heeft verteld dat mijne broer achter een kleine klip zat en toen hij op het punt was om over den klip te schieten kreeg hij een schot onder de armen, dus een doodschot.”⁶¹⁸ ‘n Man wat naby hom was het vertel dat hy, nadat die skoot hom getref het, ‘n paar onverstaanbare woorde geuiter het en toe “plotseling dood is.”⁶¹⁹ Fanie Lombard het die volgende oggend na Christiaan gaan soek. “De volgende ochtend zochten zij naar hem, en hoorde van die menschen die bij hem waren dat hij gesneuveld is zoo als ze zeiden is hij niet door een bom gedood, hij had een kogel onder de beide armen door het lijf.”⁶²⁰

⁶¹² AE aan HCM Fourie, 1 Desember 1899, 6.

⁶¹³ Glencoe 28°17'12.8"S 30°15'56.2"E

⁶¹⁴ AE aan HCM Fourie, 2 Januarie 1900, 6.

⁶¹⁵ AE aan HCM Fourie, 6 November 1899, 2.

⁶¹⁶ HCM Fourie aan ds en mev De Haan, 15 Januarie 1900, 7.

⁶¹⁷ AE aan HCM Fourie, 1 Desember 1899, 5-6.

⁶¹⁸ HCM Fourie aan ds en mev De Haan, 15 Januarie 1900, 7.

⁶¹⁹ AE aan HCM Fourie, November 1899, 4.

⁶²⁰ AE aan HCM Fourie, 1 Desember 1899, 5.

Herman skryf: “Die veertigen hebben hun leven duur verkocht want massa’s Engl. vielen daar. Wij weten niet waar onze broeder is gebleven en ook niet waar hij begraven is. Hij was niet eens in de gelegenheid om zijne ouders te groeten toen hij naar den oorlog ging en ik heb hem 3 jaar geleden gezien.”⁶²¹

Christiaan se lyk

Dit was ‘n groot werk om die lyke aan albei kante te begrawe. Heelwat gewondes is op die slagveld agtergelaat en is eers die volgende dag versorg. Die ambulanspersoneel sowel as gewone burgers het die taak van versorging en teraardebestelling verrig.

Joachim Fourie en Jacob en Jochim was twee dae na die slag op die toneel. Joachim het vir Aletta daarvan geskryf. “Nu schrijft hij mij niet of hij het lijk van u Broeder nog zelf gezien heeft.”⁶²² Die onsekerheid oor haar oudste se laaste rusplek het aan Aletta gevreet. “Toen schreef ik aan Ds Burgers van Middelburg als hij kan moet hij mij toch schrijven of hij iets af weet van mijn zoon. Hij schrijft mij toen dat hij het lijk van mijn zoon gevonden heeft bij de van zijn buurman Scheepers, en dat mijn zoon met 19 anderen in een graf begraven is. Volgens hij geschoten was is hij waarschyndlyk plotseling dood. Hij schrijft mij verder wil hij de raauwe wond niet aanroeren.”⁶²³

‘n Neef, ook genaamd Christiaan Fourie, het die graf gesien en Joachim daarvan vertel. Dit was voor Aletta by ds Burger navraag gedoen het. Die neef het dit egter laat klink of Christiaan apart begrawe is. Ds Burger het almal wat hy geken het apart begrawe en Christiaan se naam was op sy graf geskryf. Uit ds Burger se eie mededeling blyk dit egter dat Christiaan ook in die massagraf ter ruste gelê is.

Ds AP Burger het op 5 Oktober 1899 vanaf Middelburg per perdekar na die versamelpunt by Volksrust gegaan. Hy het dadelik met godsdiensoefeninge begin. Vandaar is hy agterna, al op die spoor van die kommando van generaal Lucas Meyer. Die ambulans van Beckett was by hulle. Die dominee in sy perdekar het saam met die ambulans getrek. Sy beskrywing van die slag is opgeneem in die boek *Worsteljare*.⁶²⁴

Vroeg die oggend van 21 Oktober 1899 het ds Burger en ds JP Liebenberg met Burger se kar en perde die slagveld besoek. Dr Moorhead van Middelburg was daar tussen die gewondes besig en die drie ambulanskarre van Beckett het gewondes na Smith se plaashuis toe aangery. Aan Boerekant was daar 90 gewondes nadat vyf die vorige dag saam met die kommando teruggeval het. “Daar was so baie gewondes dat dit lank geneem het eerdat ons aandag kon wy aan die gesneuweldes wat oral oor die groot uitgestrekte slagveld versprei gelê het. Met behulp van net sewe ambulansmanne en drie gewone burgers het ons toe voortgegaan om die dooies te soek en te begrawe in aanhoudende reën.”⁶²⁵

“Op die heuwel Talana het ons sewe lyke gevind, ... wat eenvoudig verpletter was deur die bomme, het ons met veel moeite ook sommer daar moes begrawe, almal in een graf.... Wat ons baie treurig gestem het, was die feit dat die lyke geplunder was deur die k.....s van Dundee. Hulle het eenvoudig alles van waarde weggedra, selfs die klere van die dooie liggaam uitgetrek.”⁶²⁶

⁶²¹ HCM Fourie aan ds en mev De Haan, 15 Januarie 1900, 7.

⁶²² AE aan HCM Fourie, 28 Oktober 1899, agter-op JC Fourie jr. aan AE Fourie, 25 Oktober 1899.

⁶²³ AE aan HCM Fourie, 2 Januarie 1900, 4.

⁶²⁴ A.J.V. Burger, *Worsteljare Herinneringe van ds. A.P. Burger, veldprediker by die Republikeinse Magte tydens die Tweede Vryheidsoorlog* (Kaapstad: Nasionale Pers, 1936), 7,11-12, 17-21.

⁶²⁵ Burger, *Worsteljare*, 22.

⁶²⁶ Burger, *Worsteljare*, 22-23.

Feitlik sonder hulp moes die dominee-hulle die lyke versamel. “Nadat al die lyke bymekaar gebring was, het ds. J. P. Liebenberg en ek Sondagoggend teen elfuur die plegtige begrafnis waargeneem. In die een groot graf wat ons laat grawe het, het ons 19 lyke weggeleë.”⁶²⁷ Burger gee die volledige lys name. Nommer drie op die lys is Christiaan Fourie, van Middelburg. ‘n Aantal gesneuweldes is in aparte grafte ter ruste geleë. Ds Burger het gepreek na aanleiding van 2 Samuel 1 vers 25; “Hoe het die helde geval, diep in die geveg!”⁶²⁸

Die smart van die dood.

In die briewe van genoemde tydperk (29 Oktober 1899 tot 9 Februarie 1900) kry ons insae in die treurende hart van ‘n ma wat haar kind onder oorlogsomstandighede aan die dood moes afstaan. Sy openbaar haar hart aan haar jongste seun en steek niks van haar smart en pyn vir hom weg nie. Ons lees al die tipiese emosies en gedagtes van ‘n persoon in roumart raak. Dit word in die hieropvolgende paragraafopskrifte en paragrawe vanuit die briewe saamgevat.

Die pyn van die hart

Op 28 Oktober 1899 het sy geskryf: “Ik kan u het hartverskeurend bericht melden dat u oudste Broeder gesneuveld is, bedenk toch hoe diep ik geslagen voel.”⁶²⁹

Sy sluit die onderskeie briewe af met beskrywings van haarself: “uw diepbedroefde moeder” en “u diepgeslagen moeder.” Haar pyn blyk uit sinsnedes soos: “Het zwaard die mijn teedere zoon doode is door mijn hart gegaan”⁶³⁰ en “Christian Ernst mijn geliefde zoon u oudste broeder hebben wij niet meer.”⁶³¹ Sy wou haar seun gaan haal om op die plaas te begrawe maar hoe sal sy hom tussen die ander dooies, “zijn mede broeders,”⁶³² kry? Sy sit met ‘n verwonde hart.

God sal haar verlies wreek: “De diepe wond en open gevallen plaats in mijn hart zal de God des hemels richten en wreken.”⁶³³ “Mijn hart is zoo doorwond, het zwaard door mijn hart sal een getuige zijn tegen het Britsche natie tot in mijn nageslacht, want hoewel mijn zoon moest sneuvelen staat hij toch de eerste op het lijst mijner kinderen in mijn hart geschreven.”⁶³⁴

Sy sal nie die ganse Britse Ryk wil hê in die plek van haar seun nie. Die Here help haar en almal wat verlies gely het “maar ons dierbaar bloed wordt als een offer van ons geëischt.”⁶³⁵

Sy verlang na haar man en seuns maar is ook bang om tyding van die kommando te kry omdat dit slegte tyding kan wees. Sy wens Herman ‘n geseënde studie toe “... tot nut voor ons land gekocht voor bloed en tranen, ja het bloed uwer ouders en van u legt nu weer in Natal. Nader aan het hart kan het niet zijn als het is.”⁶³⁶

⁶²⁷ Burger, *Worsteljare*, 25.

⁶²⁸ Burger, *Worsteljare*, 25-26.

⁶²⁹ AE aan HCM Fourie, 28 Oktober 1899, 1.

⁶³⁰ AE aan HCM Fourie, 28 Oktober 1899, 3.

⁶³¹ AE aan HCM Fourie, 6 November 1899, 1.

⁶³² AE aan HCM Fourie, 2 Januarie 1899, 8.

⁶³³ AE aan HCM Fourie, 28 Oktober 1899, 2.

⁶³⁴ AE aan HCM Fourie, 6 November 1899, 2.

⁶³⁵ AE aan HCM Fourie, November 1899, 8.

⁶³⁶ AE aan HCM Fourie, 2 Januarie 1899, 8.

Herman se suster Nonnie beskryf in haar brief van 28 Oktober 1899 aan Herman haar gevoel as verlate en verstote. Hulle moeder is ontroosbaar. Sy het binne 'n paar dae grys verouder en maer geword.

'n Foto van die dooie en bekommernis oor die agterblewendes

Maggie en Nonnie het albei gesoek na die beste foto's waarop Christiaan verskyn. Aletta beloof aan Herman om vir hom 'n foto van Christiaan en Maggie te stuur. Sy sal ook probeer om 'n foto van Christiaan se klein weesdogtertjie te laat neem. Herman moet dan in Nederland 'n nuwe foto laat maak waarop net Christiaan verskyn en dit vir haar stuur. Nonnie sal dieselfde hier te lande probeer doen.

Aletta skryf dat "de toestand van de arme Maggie is opgeklommen voor Gods troon."⁶³⁷ Maggie het 'n maand lank op Welgevonden gekuier en is nou na haar ouers toe. Die enigste kleindogter is al van Christiaan wat Aletta aan haar hart kan druk. "Ach is dat toch niet een lief en mooi kindje die zij heeft, doch onze zwaar en bitter komt nog wanneer het oorlog geeindigd is, en allen terug komen en mijn lieve Christiaan komt niet."⁶³⁸ Dit is slegs die almagtige God wat haar kan troos, geen mens kan haar vertroos nie.

Herman se pa het gevra dat Jacob vanaf die Ermelokommando by hom en Jochim by die Carolinalaer te Ladysmith moes aansluit "zoodat ze byelkander zijn als een van hen gewond wordt, of sneuvelt."⁶³⁹ "De eerste slag bij Dundee heeft ons een onvergetelijke verlies en schrik aangebragt om zonder iemand van uwe familie te zijn, en dan op slagveld te leggen."⁶⁴⁰

Die verlies wat dood meebring lei tot die vrees dat daar groter verlies kan wees. So skryf Aletta aan ds De Haan dat Herman se aankoms op Welgevonden vir haar 'n verskrikking was en dat sy hom veel eerder veilig in Holland wou hê. Die gedagte dat Herman ook kan sneuwel is vir haar te ontsettend om aan te dink. As sy sou moes weet dat Herman ter see gevange gehou was sou sy seker van angs gesterf het. Dit is beter dat sy dit nie geweet het nie. Die De Haans moet asseblief vir hulle bid, veral dat die Here Herman sal bewaar.

Verwerking van smart: Aletta se uitinge teen die Engelse

Aletta rig haar rousmartwoede teen die Engelse en hul "ontuchtbare karakter."⁶⁴¹ Christiaan "is ons ontroofd door het onregtvaardige Britsche zwaard."⁶⁴² "Ons bloed is zoo dierbaar dat elk burger die valt meer waard is dan duizend van de vuilnes uit England."⁶⁴³ Die Engelse maak hulle skuldig aan smerige skurkery (soos die lykskending deur die lansiers). Sy skryf die plundering van Christiaan se lyk ook aan die Engelse toe. Sy is nie beter as haar gesneuwelde seun nie en sal ook eerder sterf as om onder Engelse heerskappy te staan.

Aletta wys in haar briewe daarop dat die Engelse nie die teenstand verwag het wat die Boere bied nie. Die "mak Engelschen" glo dat die oorlog nie meer lank sal duur nie.⁶⁴⁴ Selfs in die Engelse kolonies is daar teenstand teen die oorlog. "En nu onze dierbare bloed weer vergoten is, blijft onze

⁶³⁷ AE aan HCM Fourie, 28 Oktober 1899, 2.

⁶³⁸ AE aan HCM Fourie, 15 Desember 1899, 7.

⁶³⁹ AE aan HCM Fourie, 2 Januarie 1900, 2.

⁶⁴⁰ AE aan HCM Fourie, 2 Januarie 1900, 3.

⁶⁴¹ AE aan HCM Fourie, 28 Oktober 1899, 2.

⁶⁴² AE aan HCM Fourie, 6 November 1899, 1.

⁶⁴³ AE aan HCM Fourie, 18 Desember 1899, 3.

⁶⁴⁴ AE aan HCM Fourie, 15 Desember 1899, 5.

vertrouwen op God de Heer die ons de overwinning zal geven.”⁶⁴⁵ Sy skryf by herhaling dat dit die Boere is wat die oorwinnings in Natal behaal. Dit is haar geloofsoortuiging dat die Boere sal wen. “Ik heb een vertrouwen op de regtvaardige God in den hemel, en onze zaak is regtvaardig, de oorlog is ons door de machtige England opgedwongen, met het doel om ons ten onder te brengen omdat wij klein zijn, doch de kleine kan niet anders als zich verzetten om niet door de groote vertrap te worden. Zoo gaat het ons en niets blijft over als om maar te vechten zoo hard als kan hoewel het eind van de zaak voor ons donker is. Tot nog toe hebben wij groote vertrouwen en moed om met de hulp des Heeren te zegevieren.”⁶⁴⁶

Koningin Victoria het ‘n spesiale teiken in Aletta se gedagtes geword. “De Heere zij het onsterflijke van de edele Vorstin op Englands troon genadigd maar zal de Heer haar niet in haar hooge ouderdom haar val doen aanshouwen.”⁶⁴⁷ “Doch is het niet onder de regering van die edele Vorstin, dat al het onregtvaardige bloed in Zuid Afrika vergoten is, is nu niet weer onder haar heerschappij wat heden in Transvaal gebeurd om weduwe en wezen en moeders van hunne zonen te berooven, en gevangenen en gewonden te mishandelen zal de God des hemels die edele Vorstin niet bezoeken? Zoo niet dan is ons geloof ijdel.”⁶⁴⁸

Die gedagte van vryheid kom sterk in Aletta se briewe na vore. Sy beskryf Natal as die Boere se bloedgrond (Akeldama, sien Handeling 1 verse 18 en 19). Hulle het die grond met hulle bloed gekoop. “...het bloed onzer voorouders door k.....s en die edele Britten vergoten en nu weer onze dierbaren van ons ontroofd.”⁶⁴⁹ Christiaan se lewe was vir hom nie soveel werd as vryheid en reg nie. Die Afrikaner “weert zich om zijn vrijheid te behouden.”⁶⁵⁰

⁶⁴⁵ AE aan HCM Fourie, 25 Oktober 1899, agter-op JC jr. aan AE Fourie, 25 Oktober 1899.

⁶⁴⁶ AE Fourie aan ds De Haan, 9 Februarie 1900, 4.

⁶⁴⁷ AE aan HCM Fourie, 25 Oktober 1899, agter-op JC jr. aan AE Fourie, 25 Oktober 1899.

⁶⁴⁸ AE aan HCM Fourie, 6 November 1899, 3.

⁶⁴⁹ AE aan HCM Fourie, 6 November 1899, 3.

⁶⁵⁰ AE aan HCM Fourie, 18 Desember 1899, 3.

Die Talanamuseum en gedenkmonument by die NG kerk op Dundee

Skrywer het by twee geleenthede besoek afgelê by die Talanamuseum en die gedenkteken by die NG kerk op Dundee waar die oorskot van die 19 gesneuwelde Boere herbegrawe is en daar 'n kopergedenkplaat opgerig is.




Foto 32 Bronsplaat en gedenksteen

NG kerk Dundee

Skrywer het foto geneem op 20 Desember 2018

Vervolg van die Oorlog: uit briewe

Soos hierbo by herhaling gelees kan word het Joachim en Aletta by Herman daarop aangedring om met sy studies voort te gaan en nie na die ZAR terug te keer om aan die oorlog deel te neem nie. Dit vraag kan natuurlik gevra word of hy hulle wens sou gehoorsaam indien die briewe waarin hulle dit geskryf het hom voor sy vertrek sou bereik het. Afgesien van haar vrees vir sy lewe het Aletta Herman se rol daarin gesien dat hy homself moes bekwaam om in 'n professionele hoedanigheid in sy land te kom diens lewer. "Ik hoop u alle zegen en voorspoed toe in Holl. dat de Heere u een rijke verstand moge geven in uwe studie voor ons dierbaar land tot zegen."⁶⁵¹

In ons verhaal val Herman se lewensverloop en die gebeure in die oorlogstyd saam en word dit ook so beskryf. Eers geniet die Slag van Spioenkop, waar die Carolinakommando so 'n groot rol gespeel het, aandag vanuit Grobler se beskrywing asook Aletta en Herman se briewe en daarna volg ons Herman se voorbereidings om te velde te gaan soos dit in die briewe beskryf word.

Spioenkop 24 Januarie 1900

Gedurende die tyd toe Herman nog op Welgevonden was vind die Slag van Spioenkop plaas. Die Carolinakommando het 'n groot rol gespeel in die oorwinning wat behaal is.⁶⁵² Daar was 14 sterfgevälle en 43 Carolinaburgers is gewond. Jochim Fourie het 'n baie noue ontkoming gehad

⁶⁵¹ AE aan HCM Fourie, 18 Desember 1899, 4.

⁶⁵² F.J. Grobler, "Die Carolinakommando," 38-72.

en die wonder daarvan dat hy lewend en ongeskonde anderkant uitgekome het word deur bogenoemde statistiek versterk.

Aletta skryf aan ds De Haan teen die einde Februarie 1900: "Het district Carolina heeft in den slag op Spioenkop 24 Jan II. een groot verlies geleden. Onmisbare mannen en zoons zijn gesneuveld. Die het gewicht van de zaak op het hart zit vecht zoo hard als kan. Zoo was het nog altijd van den eersten slag af: Kleine paarden commandos hebben al de groote slagen gemaakt. Het is de zekere waarheid dat op Spioenkop 60 Transvalers de duizende Britten er af joegen, die zelfde dag was langs de Tugela overall vechten toen duurde het reeds al 7 dagen. Wij noemen hier een eider die deelt in 't gevecht Transvaler of Vrijstater van welke natie ook."⁶⁵³

Herman skryf vroeër die maand aan ds De Haan wat hy van die slag verneem het: "'s morgens werd de berg bestormd door onze C. Mijn br. Joachim had eene nauwe ontkoming. Bij de bestorming nl. gingen ze voorwaarts en hij wilde achter een groote klip gaan schuilen en daarachter lag reeds een Engelschman (zij vechten nu bijna allen op Boerenmanier). // Hij zag J. en J. zag hem niet en toen J. bij die klip kwam schork die Engelschman zoo erg dat hij van angst zonder goed te mikken zijn geweer naar die richting van J. aftrok. Gelukkig het was mis. J. achter de klip en hij zag alleen 't Engelschman achterste en schoot hem dan ook boven zijn st....!"⁶⁵⁴

Jochim is reeds die aand van die 23ste Januarie in opdrag van kommandant Prinsloo teen Spioenkop uit om ondersoek in te stel na die moontlikheid om 'n kanon daar te plaas. Hy het terugrapporteer maar dit is nooit gedoen nie omdat die Engelse gedurende daardie nag Spioenkop bestyg het.⁶⁵⁵

Op die 24ste het kommandant Prinsloo Jochim gestuur om veldkornet Steenkamp van Rustenburg te beveel om met sy 50 man Alwynkoppie te gaan beset.

Ons aanvaar dat Jochim daarna deel van die manne was wat Spioenkop sou uit nadat kommandant Prinsloo iets gesê het soos: "Burgers, ons gaan onder die vyand in en ons sal nie almal terugkom nie. Doen julle plig en vertrou op die Here."⁶⁵⁶ Bo-op die berg was "(v)riend en vyand ... deurmekaar en het soms van weerskante van dieselfde klip op mekaar aangelê."⁶⁵⁷ So het die insident wat amper Jocim se lewe gekos het plaasgevind. Maar daar was soortgelyke ervarings: "So het C.J. Davel en een van die vyand weerskante van dieselfde klip gelê sonder dat hy die Engelsman gesien het. J.H. Kilian het net betyds gesien hoe die Engelsman op Davel aanlê en hom onskadelik gestel."⁶⁵⁸

Voorbereidings om te velde te gaan

Vervolgens gee ons aandag aan Herman se voorbereidings om na die slagveld te gaan. Ons kry 'n beeld daarvan uit sy eie en sy ma se briewe aan die De Haans. Ons kry ook Aletta se briewe 'n blik op haar omstandighede as vrou alleen op die plaas.

Met geen manspersoon van die gesin op die plaas nie het Aletta nie sit en wegkruip nie. Sy het voorsorg getref vir haar en Nonnie se veiligheid en toegesien dat die plaasbedrywighede voortgaan soos normaal. Ons lees in haar skrywe van 15 Desember 1899 hoe sy Herman gerus stel dat ou Januarie en die hond hulle mooi oppas: "Wij zijn regt eenzaam maar in de toestand waar ik in ben is de eenzaamheid mij beter, want ik heb aan niets gebrek. Alles volop en bedienden die tot nog toe

⁶⁵³ AE Fourie aan ds De Haan, 27 Februarie 1900, 7.

⁶⁵⁴ HCM Fourie aan ds en mev De Haan, 6 Februarie 1900, 2-3.

⁶⁵⁵ Grobler, "Die Carolinakommando," 45.

⁶⁵⁶ Grobler, "Die Carolinakommando," 55.

⁶⁵⁷ Grobler, "Die Carolinakommando," 55.

⁶⁵⁸ Grobler, "Die Carolinakommando," 55.

gehoorzaam zijn ook genoeg. Ou Januari zorgt goed en slaap met zijn asigaai en knopkierie op die voorstoep van ons huis, en ou Whiski slaap bij de deur.”⁶⁵⁹

Aan ds De Haan skryf sy dat sy die ontbering dra ter wille van die veilige tuiskoms van haar geliefdes en die behoud van hulle vryheid. “Ik ben al van 7 Oct ll. niet alleen een vrouw maar een man ook, want de geheele boerderij rust op mij, ik geef niets om al duur het lang as ik de mijnen die ik nog heb weer terug krijg en onze vrijheid.”⁶⁶⁰

Herman na die oorlogsfront

Herman skryf op 15 Januarie aan die De Haans dat hy rondom die 22ste Januarie na die front vertrek. Uiteindelik sou hy eers op 13 Februarie 1900 van Welgevonden af vertrek.⁶⁶¹ Pa Joachim moes eers toestemming gee. “Ik ben nu 1m. thuis en de reden daarvan was dat ik bericht of liever toestemming van pa afwachte.”⁶⁶²

Sy motief om te gaan veg is wraak: “Wij willen het bloed van onzen oudsten broeder wreken als het nog niet gewroken is.”⁶⁶³

Hy versoek die De Haans om sy skrywe aan te stuur aan ds Pont, mijnheer Cramer en mijnheer Ter Haar. Sy moeder se briewe aan hom wat na sy vertrek daar aangekom het mag hulle maar oopmaak en lees. Hy vertel die staaltjie van ou Januarie se seun Schut wat as agterryer vir sy pa opgetree het. Heel moontlik het Herman die staaltjie by Jacob gehoor. Jacob het saam met Herman op Welgevonden aangekom. Hy was pas klaar met die skaapskeerdery op Blaauwkop. Tydens ‘n geveg by Ladysmith moes Schut die perd agter ‘n koppie heen neem waar dit rustiger was. Die Boere moes as gevolg van die liddietbomme later terugval tot by die perde. Toe Herman se pa daar kom lê hy en snork soos hy slaap te midde van die vreeslike lawaai! Die grap moet hulle tog vir Joekes vertel!

Terwyl Herman wag om na die front te gaan is hy en Januari erg bedrywig. “Ou Januari is zoo blij dat ik gekomen ben.”⁶⁶⁴ Die skyfskietskyf is permanent opgestel en daar is genoeg ammunisie.

En so is Herman op die 6de Februarie 1900 nog op Welgevonden. Jacob is terug na Ermelo om te gaan veld brand. Daar het hy siek geword en sal eers einde Februarie weer Natal toe gaan. Herman skryf aan die De Haans na aanleiding van hulle brief van 31 Desember 1899. Hy en sy vetgevoerde wit perd vertrek die 13de per trein na Pretoria om vandaar met die Nataltrein te reis tot op Elandslaagte vanwaar hy na Ladysmith sal perdry. Daar is ander burgers uit die distrik wat op dieselfde manier reis. Sommige was met verlof tuis en ander het herstel van die ligte wonde wat hulle by Colenso opgedoen het. Hy verwag nie om gou weer te skryf nie want hy sal dae en selfs weke lank nie in ‘n laer kom nie.

Hy vertel van die Slag van Spioenkop en gee die getalle waaroor hy beskik: Van Carolinadistrik is 15 gedood en 20 gewond. Hy oordeel dat die beleg van Ladysmith nog lank sal duur omdat die Engelse nog oorgenoeg beeste en bokke binne die dorp het wat hulle kan slag om van te leef.

Herman het gehoor dat die ammunisie wat by die Engelse afgeneem is alles gemerk is as “dum.dum no 2.” Dit is holpuntammunisie wat met impak ‘n groot wond veroorsaak. Hy beskuldig die Engelse

⁶⁵⁹ AE aan HCM Fourie, 15 Desember 1899, 8.

⁶⁶⁰ AE Fourie aan ds De Haan, 9 Februarie 1900, 8.

⁶⁶¹ HCM Fourie aan ds en mev De Haan, 6 Februarie 1900, 1.

⁶⁶² HCM Fourie aan ds en mev De Haan, 6 Februarie 1900, 4.

⁶⁶³ HCM Fourie aan ds en mev De Haan, 15 Januarie 1900, 8.

⁶⁶⁴ HCM Fourie aan ds en mev De Haan, 15 Januarie 1900, kantaantekening.

van gemene metodes en wei dan uit oor 'n episode van Bybelminagting. "Zij gebruiken nu alles wat gemeen is of liever zij hebben het nog altijd gedaan. Dat kan men verwachten van 't Christelijk Engl. wiens soldaten iemands Bijbel durven wegschoppen."⁶⁶⁵

Die voorval het plaasgevind na die Slag van Talana toe die Boere wat gevang is vasgebind is. "Een ander Eng. vond bij het zoeken naar de zakmessen van de Boeren in een hunner zakken een Bijbeltje alleen het N.T. stond er in. // Hij nam het boekje, zag wat het was gaf het een trap en spotte schandelijk en zeide: Waar is jullie God? Jullie zeggen immers altijd dat jullie God je helpt. Waar is hij nu? (vroom Engeland). // Een flinke en harde stem antwoordde van de andere zijde: 'Jij praat zoo jij zal zien onze God zal ons binnen weinige stonden verlossen;' en het duurde geen ½ uur of zij werden verlost."⁶⁶⁶

President Steyn het die burgers by Tugela besoek en "mooie aanspraken gehouden". Hy het hulle verseker dat vrede binnekort gesluit sal word.

Aletta was nie so opgewonde soos Herman oor sy oorlogtoeganery nie. Op 9 Februarie verwoord sy haar versugting teenoor mev De Haan: "Maar // nu het berigt van zijn Vader komt dat hij naar het Commando magt gaan is hij vrolijk, en maakt gereed voor de groote togt. Mijn arm zoontje, ik krijg hem jammer. Het is goed dat Herman in mijn hart niet kan zien, want hij is een kind en ziet alleen vooruit en denkt niet wat er misfchien voor in zijn weg legt. Ik alleen voelt het druk en zwaar. Het is toch beter geen moeder te zijn. Ik heb een zuster die geen kinders heeft en ik achte haar altijd ongelukkig. Nu zie ik eerst dat zij gelukkiger is als ik. Haar man is tehuis en zij heeft niets te verliezen. Zij denkt van eens anders leed niets, want moeder was zij nog nooit. Hoe zal zij dan in mijn smart deelen? Als ik nu een vrouw ontmoet kan ik dadelijk zien wie moeder is en wie niet."⁶⁶⁷

Sy skryf op 27 Februarie 1900 aan mev De Haan dat Herman behoorlik weggeleë het aan die lekker vrugte op die plaas. Sy is seker hy gaan gou huis toe of Holland toe verlang as hy met die ontberinge van die veld te doen kry. Herman is "naar Pretoria en vandaar naar Glencoe bij Dundee en Elands laagte per trein, en van daar te paard naar Tugela, 6 uur rijden van Ladysmith. Hij heeft zich geoefend hier bij huis om flink paard te rijden, maar ik denk het zal hem in begin zwaar vallen met 300 patronen om het lijf en de mauser geweer in hand, die niet zoo heel licht is, en het leven onder de blooten hemel, daar ze weinig kans hebben om bij de tenten te zijn."

Sy skryf aan die De Haans: "Ik het Herman met een verbrijselde hart zien vertrekken en van hem afscheid genomen. Als ik hem terug krijg (zal ik) de Heer daarvoor danken."⁶⁶⁸

In dieselfde brief skryf sy dat die enigste manier waarop die Engelse die Boere kan wen met die swaard is. Uithonger is nie 'n moontlikheid nie. "Hongeren is te vergeefs. Transvaal is te rijk, eten genoeg de gezaaiden zijn prachtig, schapen, bokken nog duizenden, koffie en suiker wel schaars, en zonder dit kunnen wij goed leven, want meld is voldoende. Groote buit van vee wordt ook door de onzen gemaakt. De Vrijstaat is zelf een rijk land, zoodat onze nood alleen is de overmagt der Britten, tegen een klein volk."⁶⁶⁹ Min het sy geweet van die verskroeide aarde wat sou volg.

⁶⁶⁵ HCM Fourie aan ds en mev De Haan, 6 Februarie 1900, 4.

⁶⁶⁶ HCM Fourie aan ds en mev De Haan, 6 Februarie 1900, 5-6.

⁶⁶⁷ AE Fourie aan ds De Haan, 9 Februarie 1900, 5-6.

⁶⁶⁸ AE Fourie aan ds en mev De Haan, 27 Februarie 1900, 5.

⁶⁶⁹ AE Fourie aan ds en mev De Haan, 27 Februarie 1900, 7.

Marie de Haan se briefie aan Herman

Die twaalfjarige Marie de Haan het aan Herman 'n briefie geskryf waarop Aletta op 27 Februarie 1900 namens hom antwoord. Dit doen haar goed om te sien hoeveel liefde daar in Marie se hart vir Herman is. Marie wil graag sien hoe 'n sprinkaan lyk en Aletta sal reël dat daar een gevang word wat Herman na die oorlog kan saamneem terug Holland toe. Daar is ook 'n magneetsteentjie wat Herman moet saambring.

Herman kry maar swaar. Iemand wat huis toe gekom het het vertel hoe Herman natreën terwyl hy snags wagdiens doen. Sy broer se ou reënjas was nie meer waterdig nie. Daar is niks meer in 'n winkel te koop nie. Het Herman maar net geweet dan het hy een uit Holland saamgebring. Natuurlik is sy as moeder bekommerd dat hy sal siek word.

Herman het by Marie se ouers 'n Bybel gekry. Dié Bybel en sy Psalmboek het hy saam maar die ander boeke moes tuis bly. "Hij zal nu met zijn lessen achter raken. Als hij met zijn leven er af komt kan hij zijn studie vervatten."⁶⁷⁰

Herman se eie kennismaking met die oorlog

Min of meer gelyktydig met Herman se aankoms in Natal neem die oorlog 'n nuwe wending waartydens die Boere moet begin terugval. Die proses het so verloop dat daar eerstens gepoog is om te verhoed dat die Britte Ladysmith ontset. Toe die Engelse wel daarin slaag is teruggetrek tot in die Biggarsberge met die bedoeling om al met die bergreeks, vanaf die Drakensberge ooswaarts tot by Helpmekaar, 'n buffer teen die Engelse magte te vorm. Toe dit later misluk is teruggetrek tot in die Drakensberge. Toe die Engelse daar deurbreek en die republieke se grense oorsteek is elke kommando terug na hulle tuisomgewing om vandaar die stryd voort te sit.

Herman sluit by die Carolinakommando aan waar hulle nog onder Spioenkop gestasioneer was na die slag. Daarna maak hy persoonlik die oorlog mee as deel van die kommando.

Die Fouries te velde by Biggarsberg

Gedurende Maart 1900 bevind Joachim Fourie en sy drie seuns hulle by Biggarsberg (Glencoe). Jochim stuur 'n kort telegrammetjie om Aletta te laat weet dat dit by name met elkeen van hulle vier goed gaan. Herman skryf op die 15de aan ds en mev De Haan. Die natreënery het hom toe wel ingehaal en hy was 'n paar dae lank siek. Dit is nou Jochim se beurt om twee weke lank plaas toe te gaan.

Sedert die ontsetting van Ladysmith het dit nie goed gegaan aan Boerekant nie. Ná Spioenkop het die Carolinakommando nie meer as eenheid opgetree nie maar het hulle in los groepe gaan hulp verleen waar nodig. "In die gevegte wat hierop sou volg, verneem ons dan ook baie min van Carolina omdat hulle nie meer as 'n eenheid opgetree het soos by Spioenkop nie."⁶⁷¹ Dit is in hierdie tyd dat Herman by die kommando aansluit en in sy brief blyk dit dan ook hoe hy as deel van die los groepe moes gaan hulp verleen aan ander kommando's.

Die datum waarop die kommando van Spioenkop na Grobbelaarsheuvel by die Onderbroekspruit beweeg het is nie bekend nie.⁶⁷² Van 17 tot 27 Februarie het die Engelse ononderbroke geveg om

⁶⁷⁰ AE Fourie aan Marie de Haan, 27 Februarie 1900.

⁶⁷¹ Grobler, "Die Carolinakommando," 73-74.

⁶⁷² Grobler, "Die Carolinakommando," 74-75.

Ladysmith te ontset.⁶⁷³ Herman beskryf die gebeure in sy brief van 15 Maart 1900 aan ds en mev De Haan so: "Op 25 Februarie: Die heele nacht door op werd er gevochten bij de posities van de Krugersdorpers. Op Amajubadag werden onze menschen allen uit hunne posities gedreven. Een groote ramp overkwam den Johannesburgers en Krugersdorpers en Standertonners. Velen gedood en gevangen genomen. Sommige voetgangers // ontkwamen echter 't gevaar: Deze waren sommigen blootvoets of een hoed verloren of iets dergelijks. Den 28sten zouden wij nog goede posities innemen voor de Engelschen Ladysmith ingingen. Er waren nog twee rijen randjes. Toen kwam er order om te retireeren of liever te vluchten. Alles was in rep en roer. In de Kolonie overal was 't vluchten. Order was om terug te trekken naar Biggarsberg waar wij nu nog staan."⁶⁷⁴

Dit het moeilik gegaan met die vlug verby Ladysmith want die Kliprivier was in vloed en die voorraadwaens het daar en by ander spruite gesukkel om deur te kom.⁶⁷⁵

Van al die oorwinnings waarvan Herman voor sy aankoms gehoor het na hierdie omgekeerde situasie waar die Boere moes vlug moes vir hom 'n groot ontnugtering gewees het. Die nuus dat Bloemfontein geval het het die kommando op die 14de Maart bereik. Moontlik sal die kommando na die Vrystaat moet gaan om daar te help. En vroeër was daar die telegram met die nuus oor generaal Piet Cronje se oorgawe met 3, 800 man te Paardeberg.

Maar die situasie is nie as hopeloos ervaar nie. Daar is selfs beweer dat daar 'n strategie agter die terugval was. In dieselfde brief aan die De Haans maak ons kennis met Herman se napraat van wat hy onder die burgers hoor oor die benutting van die internasionale politiek asook sy Godsbegrip: "Algemeen opinie is dat ons retireeren was om andere mogendheden kans te geven om tusschenbeide te komen."⁶⁷⁶ Die feit dat die Engelse die meerderheid soldate het beteken volgens Herman nie veel nie want die Boere veg mét God en hulle sónder God. Selfs al bly Rusland stil is dit geen rede om te wanhoop nie want die Heer wil en sal ons verlos van die magtige Albion . (Nota: Herman verwys na die oudste bekende naam in Grieks vir die eiland Brittanje) . Dit blyk dat lord Roberts 'n knap krygsman is . Hulle hoor dat Rusland aan die gang is . Die De Haans moet asb hieroor skryf want nuus is skaars.

Die gedagte dat daar hulp vanuit die buiteland sou kom wat die hele verloop van die oorlog sou verander is 'n gedagte wat ons deurgaans in Boeregeledere aantref. Die internasionale betrekkings in Europa was egter gans te ingewikkeld vir so iets om te gebeur.

President Kruger was vir Herman 'n bron van krag en inspirasie. "Oom Paul weet meer dan wij daarom kan hij verheugd of verblijd zijn. En oom Paul vertrouwt waarachtig op zijnen God waar wij soms twijfelmoedig zijn."⁶⁷⁷ Hy sluit af met die gedagte dat vrede binnekort bereik sal word. "De Heer strijdt voor ons daarom zullen wij vrij zijn."⁶⁷⁸

Die Carolinakommando se taak was om saam met die Lydenburgkommando Biggarsbergnek te beskerm. Hulle was deel van die beskermingslinie wat oor 70 kilometer gestrek het van die Drakensberge al met die Biggarsberge tot by Helpmekaar. "Genl. Botha het die kommando's hier op die Biggarsberge onder generaals Schalk Burger, D.J.E. Erasmus en Lucas Meyer ingedeel. Genl. Burger het bevel gevoer oor die Soutpansberg-kommando wat Gibsonnek moes verdedig,

⁶⁷³ Grobler, "Die Carolinakommando," 76.

⁶⁷⁴ HCM Fourie aan ds en mev De Haan, 15 Maart 1900, 2.

⁶⁷⁵ Grobler, "Die Carolinakommando," 77-78.

⁶⁷⁶ HCM Fourie aan ds en mev De Haan, 15 Maart 1900, 3.

⁶⁷⁷ HCM Fourie aan ds en mev De Haan, 15 Maart 1900, 4.

⁶⁷⁸ HCM Fourie aan ds en mev De Haan, 15 Maart 1900, 4.

Heidelberg, Boksburg en Standerton wat Landmansnek moes verdedig en Carolina en Lydenburg wat Biggarsbergnek moes hou.”⁶⁷⁹

Daar was nie in hierdie tyd veel aksie afgesien van enkele skermutselings nie. Die burgers was ledig en het allerlei sportsoorte gevind om hulleself mee besig te hou. Vleis was volop. Beeste is aangekoop en die trein het nog gereeld met slagbeeste van Pretoria af gearriveer.⁶⁸⁰

Aan sy moeder skryf Herman hier van Biggarsberg af ‘n kort briefie waaruit sy geloof blyk. “Wij zijn nog allen wel en hopen dat de Heer als levens, ook zijn genade over u zal betoonen.... Verder hopen wij dat wij elkander zullen ontmoeten [in] gezondheid om gezamenlijk onze dankbeden tot den Heer op te zenden en wij ons kunnen verheugen dat wij Holland weer zullen zien als zonen van een vrij land.”⁶⁸¹ Hy stuur die briefie saam met Jan Grobler wat haar sal besoek. Hy vra vir brood en gedroogde vrugte want hulle is uitgeëet aan braaivleis. Sy moet die De Haans asseblief laat weet dat hy nie tyd het om te skryf nie want die dae vlieg om soos sekondes en die weke soos ure.

Meteens kom daar toe ‘n verandering in die Fouries se posisie. Soos baie ander burgers het kommandant Prinsloo gedurende Maart siek geword en is hy huis toe.

Herman se vader word generaal

Tydens ‘n krygsraadsvergadering gehou op 19 Maart 1900 op Glencoe word J.C. Fourie sr. verkies tot assistent-veggeneraal oor die kommando’s van Carolina, Lydenburg en Standerton. Grobler wys daarop dat dit merkwaardig is dat iemand wat nie as offisier gedien het nie bo ander offisiere verkies is. Fourie het aansien geniet: Tydens die Eerste Vryheidsoorlog het hy as veldkornet gedien; Hy was van 1893-1894/5 lid van die eerste Volksraad; Hy was ‘n vurige Krugerondersteuner; Hy was goed bevriend met generaals SW Burger en Louis Botha, teweens hy het reeds op die staf van generaal Botha gedien. Met die afsterwe van vise-president en kommandant-generaal Piet Joubert op 28 Maart 1900 is generaal Burger tot vise-president verkies. Dit sou dan die opening skep vir die posisie waarin Fourie sou inbeweeg na generaal Burger se rolsverandering. Fourie word nou generaal oor die drie kommando’s Lydenburg, Carolina en Standerton.⁶⁸²

Herman se moeder se geloofsvertroue

Nog onbewus van dié verwikkeling skryf Aletta op 19 Maart 1900 aan mev De Haan. Sy sluit sommer Herman se briefie aan haar in. Sy het gehoor dat Herman in die begin maar gesukkel het met die jaery te perd met die geweer in die hand. Hy was ook onverskillig te midde van die ontploffende bomme. Maar nou is hy blykbaar geoefend en ook meer versigtig. Heelwat van sy skoolmaats uit Pretoria het al gesneuwel.

Sy interpreteer nie die onttrekking by Ladysmith as neerlae nie maar as strategie omdat die Boeremagte te verdeel was in eenhede wat te klein was en dus deur die Engelse verslaan kon word. Ook Cronje se oorgawe “... is voor ons geen oneer maar een schande voor de magtige Britsche natie die zeven dagen noodig had om een boeren officier met 3000 of 4000 tegen 70 000 met 125 te laten geheven. Cronje zou de overgave nog niet // gedaan hebben als de ammunitie niet in brand geschoten is.”⁶⁸³ Aletta skryf dat die ander rede vir die oorgawe die teenwoordigheid van die vroue

⁶⁷⁹ Grobler, “Die Carolinakommando,” 79.

⁶⁸⁰ Grobler, “Die Carolinakommando,” 80-81.

⁶⁸¹ HCM aan AE Fourie, ? Maart 1900.

⁶⁸² Grobler, “Die Carolinakommando,” 81-82. Grobler meld dat hierdie die waarskynlike datum van Fourie se verkiesing was.

⁶⁸³ AE Fourie aan mev De Haan, 19 Maart 1900, 2-3.

by Cronje was, dit het hom nie 'n ander keuse gelaat as om oor te gee nie. Die regering het die meegaan van die vroue met die kommando's verbied maar baie het tog maar saamgegaan omdat dit vir hulle veiliger gevoel het as om tuis te bly. So was daar juis by Rustenburg 'n aanval deur swartes op vroue waarvan Aletta gehoor het.

Aletta se geloofsmoed ontbreek nie. "Ons vertrouwen is op de God onzer vaderen, op Hem alleen die helpen kan, en ons tegen de magtige England kan redden want om ons erfland, die ons zoo veel bloed en tranen kostte, goed willig te geven kunnen wij toch niet. // Van ons is in die bloedige oorlog veel dierbaar bloed gevloeid doch van die trotsche natie dubbel zoo veel, zoodat ze ons toch ook niet op hun gemak kunnen vatten zooals hun plan was."⁶⁸⁴

Met verwysing na 'n aanval deur swartes in die Rustenburgdistrik en 'n groot aantal burgers wat siek is skryf sy dat "de twee Republieken zich bevinde strydende tegen wit en zwart en ziekten."⁶⁸⁵

April en Mei 1900

Op 9 April 1900 gaan generaal Fourie tot aksie teen die Engelse kamp op Elandslaagte oor. Hy vertrek met afdelings van Carolina en Lydenburg na Elandslaagte en neem 'n kanon en meksim saam. Hulle val dan ook die kamp aan sodat die Engelse verplig was om die kamp nader aan Ladysmith te verskuif.⁶⁸⁶

Op 16 April oorhandig kommandant Prinsloo by sy terugkeer 'n vierkleur wat deur dames van Carolina gemaak is tesame met 'n bemoedigende adres aan hulle. Die kommandant het ook 'n memorie van dames uit wyk III ontvang in verband met burgers wat nog nie 'n vinger gelig het om te help met die oorlogspoging nie. Hy moes hulle opskroef!⁶⁸⁷

Op 2 Mei 1900 doen kommandant-generaal Louis Botha verdere aanstellings. Hyself is oppad na die Vrystaat om daar hulp te verleen en net 3, 000 burgers sou agterbly om die Natalse grens te beskerm. Generaal Burger het intussen na Pretoria vertrek om as vise-president op te tree. Die posisie van assistent-kommandant-generaal het so vakant geword en assistent-veggeneraal JC Fourie word as sodanig aangestel. Assistent-generaal Lucas Meyer word as waarnemende kommandant-generaal benoem.⁶⁸⁸

Op 7 Mei 1900 kry Herman kans om 'n lang brief aan mev De Haan te stuur. Hy het die vorige dag die De Haans se brief van 15 Maart ontvang en dit was lekker om weer te lees van die "kiekens" in Zwolle. Hy leef hom in in hoe die seuns voetbal (sokker) speel en is trots op 'n seun met die naam Edzard wat die Zuid-Afrikaansche Republiek in Zwolle wil oprig!

Sonder om 'n woord oor sy pa te rep of met hom te spog skryf Herman: "Hier hebben we op een dag de Engelsche Kamp bij Elandslaagte aangevallen met goed succes dit hebt u zeker al in de kranten gelezen."⁶⁸⁹ Herman meld ook nie dat hy sy pa se sekretaris word nie.⁶⁹⁰

Hy dra sy sentiment in verband met die oorlog so oor: "Met onze toestand Mevrouw, ieder dag hachlijker maar juist op 't nippertje geloof ik zullen wij eerst paal staan en dan zal de Heer aan ons

⁶⁸⁴ AE Fourie aan mev De Haan, 19 Maart 1900, 3-4.

⁶⁸⁵ AE Fourie aan mev De Haan, 19 Maart 1900, 4.

⁶⁸⁶ Grobler, "Die Carolinakommando," 82-83.

⁶⁸⁷ Grobler, "Die Carolinakommando," 83-84.

⁶⁸⁸ Grobler, "Die Carolinakommando," 86-87.

⁶⁸⁹ HCM Fourie aan mev De Haan, 7 Mei 1900, 2.

⁶⁹⁰ Grobler, "Die Carolinakommando," 130, 146.

de keuze laten dood of onderworpen, dit laatste hoop ik zal nooit gebeuren. Ons huisgezin althans is vast besloten om ons te laten doodschieten als honden maar onder Engelsche vlag onder Engelsche wetten nimmer. Eén broeder is al dood dan moeten de andere ook maar dood of de Heer moet ons vrijmaken en wat dan nog overig is zal den Heer waarlijk kunne danken voor de verlossing uit de handen van barbaren.”⁶⁹¹

Hy vertel van die Engelse opmars na Pretoria. As Pretoria val is hy seker die Boere sal hulself in spelonke gaan verskans en van daaruit die Engelse sal aanval. Hy skryf die onlangse fabriekontploffing in Johannesburg toe aan die genade wat aan die goedgesinde Engelse betoon word. Hulle moes landuit gesit word.

Herman hoor dat die Deputasie (ADW Wolmarans, Abraham Fischer en CH Wessels), wat arbitrasie deur buitelandse moonthede probeer bewerkstelling het, deur die Hollandse regering ontvang is. Hy glo nie ander lande sal hulle ontvang nie en dit is goed so aangesien die Boere dan op ander lande kan begin vertrou in plaas van op die Here in Wie se mag dit alleen is om hulle van Groot-Brittanje te verlos.

Op hierdie stadium is die Fouries van mekaar geskei. Herman en sy pa is by die Lydenburglaer, Jochim is twee ure te perd verder by die Carolinamense en Jacob is weer naby Steynsdorp op die Swazilandse grens met die vee. Dit gaan goed met die boerdery. Ou Januari is besig om te ploeg en te saai. “Hij is zeer getrouw als hij maar net overste is over de anderen.”⁶⁹²

In die Vrystaat gaan dit sleg met byna alle huise wat verwoes is en die Engelse wat op al die perde beslag gelê het. Herman se eie perde en die ander perde is swak, maer en uitgeput. Daar is nie nuwe perde om die bestaande perde mee te vervang nie en baie burgers het voetslaners geword.

Iemand met die van Janson het vir Herman vertel dat sy pa hom volgende maand weer wil terugstuur Holland toe. Hy weet nie of dit waar is nie en sal ook nie vra nie. “Wanneer de oorlog voorbij is ben ik gewillig om te gaan maar zoo niet dan moet ik mijnen Vader ongehoorzaam wezen deze keer.”⁶⁹³ Hy besef dat hy waarskynlik twee jaar se studie sal verloor en moontlik nie sal kan terugkeer om dit te voltooi nie.

Hy spog met hoe groot hy geword het en hoe lank sy snor is. Sy maats sal hom nou as “oom” of “ouoom” moet aanspreek! Die kommandolewe is gesellig maar hulle mag glad nie jag nie. Hulle speel sokker om die tyd te verwy! Hy sou graag weer in gevegte betrokke wees want die burgers was vasbeslote om verlore posisies te herwin toe hulle opdrag ontvang het om te onttrek na Biggarsberg. Danksy die heuwelagtige omgewing is daar geen Engelse aanvalle op Biggarsbergomgewing nie. “Maar de groote dag zal komen waarop wij man tegen man zullen moeten staan en alle krachten inspannen en op dien dag eerst zal een van de beide partijen zich eerst genoeg gewroken hebben.”⁶⁹⁴

Herman skryf dat hy al deeglik kennis gemaak het met liddietbomme en die versmorende effek van die gas wat met die ontploffing van so ‘n bom naby ‘n mens vrygestel word.

⁶⁹¹ HCM Fourie aan mev De Haan, 7 Mei 1900, 1.

⁶⁹² HCM Fourie aan mev De Haan, 7 Mei 1900, 4 in die kantlyn.

⁶⁹³ HCM Fourie aan mev De Haan, 7 Mei 1900, 3.

⁶⁹⁴ HCM Fourie aan mev De Haan, 7 Mei 1900, 4.

Generaal Buller gaan oor tot aksie

Op 8 Mei 1900 begin die Engelse magte in opdrag van generaal Buller vanaf Elandslaagte ooswaarts trek. Die mikpunt was om die Boerestellings in die Biggarsberge te vermy en om Helpmekaar te trek oppad na die passe in die Drakensberg om sodoende die republieke se grense oor te steek.⁶⁹⁵

Die bewegings van die kommando's onder bevel van generaal JC Fourie

Die waarnemende kommandant-generaal Lucas Meyer het generaal Fourie beveel om versterkings na Vantondersnek te stuur om die pad om Helpmekaar te gaan verdedig. As strategie om die Engelse opmars van koers te stuur het Fourie 'n mag van 150 man gestuur om in die rigting van Ladysmith te ry. Die poging was nie suksesvol nie.⁶⁹⁶

Op 10 Mei vertrek generaal Fourie met 500 man van die verskillende kommando's na Helpmekaar. Daar het van die Carolinaburgers agtergebly om steeds hulle stellings te verdedig. Op 13 Mei is die Boeremagte egter verslaan en gedwing om weereens terug te trek. "Hiermee het toe die volgende groot terugtog begin. Hierdie keer sou dit darem ordentliker plaasvind as van die Tugela af."⁶⁹⁷

Die Lydenburg- en Carolinakommando's het die agterhoede gevorm. Op die 16de Mei by die Igongorivier is besluit dat generaal Fourie en hierdie twee kommando's Bothaspas moet gaan beskerm. Die ander kommando's is na Laingsnek gestuur.⁶⁹⁸

Op die 24ste was hulle in Bothaspas waar hulle hulleself ingrawe en kon rus. Daar was ook vir die perde goeie voer op die plase aan die voet van die pas beskikbaar. Hierdie burgers was ook nog volmoed terwyl burgers van die Soutpansberg en Pretoriakommando's op groot skaal gedros het.⁶⁹⁹

Generaal Buller het twee roetes gehad waaruit hy kon kies om te vorder tot by Volksrust en uiteindelik die treinspoor na Pretoria. Hy besluit om nie met Laingsnek oor die berg te probeer trek nie aangesien die Boere daar te goed ingegrawe was. Hy kies die makliker roete oor Bothasnek naby die plek waar die grense van die twee republieke en die Natal Colony bymekaarkom. Dit sou dus generaal Fourie wees wat hom moes probeer keer.⁷⁰⁰ "Wat van generaal Fourie verwag is grens byna aan die absurde as die omvang van die terrein wat hy moes bewaak in ag geneem kan word."⁷⁰¹ Hy het laat weet dat sy mag nie sterk genoeg was nie en het beswaar gemaak dat van sy manne nog weggeneem is om na Laingsnek te gaan om daar in plek te wees. Hieroor is hy deur die president self vermaan om hom aan bevel te hou. Sy manskappe het swaar gekry want dit was bitter koud met snydende wind en gevriesde water in die oggende.⁷⁰²

Buller kies die twee hoogste koppe naamlik Inkwelo en Vanwykskop om sy langsafstandkanonne op te plaas en verseker sodoende vir homself die gevegsvoordeel. Op Vanwykskop was 'n Boerewag van 25 man wat maklik deur die Engelse verdryf is. Fourie het probeer verhoed dat die Engelse hulle kanonne daar kon gaan opstel. Na 'n paar uur se geveg moes die Carolina- en Lydenburgburgers

⁶⁹⁵ Grobler, "Die Carolinakommando," 87.

⁶⁹⁶ Grobler, "Die Carolinakommando," 87.

⁶⁹⁷ Grobler, "Die Carolinakommando," 88.

⁶⁹⁸ Grobler, "Die Carolinakommando," 88.

⁶⁹⁹ Grobler, "Die Carolinakommando," 88-89.

⁷⁰⁰ Grobler, "Die Carolinakommando," 90.

⁷⁰¹ Peet Coetsee, *Die slag van Bothaspas. Gedenkskrif uitgegee by geleentheid van die onthulling van 'n monument op die plaas Quaggapunt 777, Bothaspas, op Saterdag, 10 Junie 2000, tydens die honderjarige herdenking van dié slag.* (Pretoria: PC Coetsee, 2000), bladsye nie genommer nie.

⁷⁰² Coetsee, *Die slag van Bothaspas*, bladsye nie genommer nie.

egter die aftog blaas. Die nag van 6 Junie is deur die Engelse benut om hulle kanonne op Vanwykskop op te stel. Fourie het verstekings aangevra. Dit is nie bekend of die versterkings ooit gestuur is nie.⁷⁰³

Hier moet ons net ter wille van die groter prentjie vermeld dat Pretoria op die 5de Junie 1900 deur lord Roberts beset is. Terwyl generaal Fourie die Engelse uit Natal nog uit die ZAR probeer hou, het die wat deur die Vrystaat opgeruk het reeds die hoofdorp van die ZAR beset.

Op die 8ste Junie het Buller met 14 kanonne op die Boerestellings losgetrek. Spitskop is maklik ingeneem en generaal Fourie moes terugval. Toe die Engelse die bokant van die bergrant bereik het is daar dadelik vanuit die loopgrawe op hulle geskiet. 'n Kanon en die meksim is ook ingespan maar daar was net eenvoudig te veel Engelse soldate en die burgers moes vlug.⁷⁰⁴

Generaal Fourie se volgende plan was om Allemansnek te beset ten einde die Engelse te verhoed om te vorder tot by die treinspoor en Sandrivierstasie. Die burgers het die ossewaens by hulle gehad en die Engelse was warm op hulle spoor. Daar is egter daarin geslaag om die agtervolgers met hewige vuur van die waens af weg te hou. Die trek het in die nag voortgeduur totdat die nuwe stellings in die nek en die rante aan weerskante ingeneem is. Fourie het 1,200 tot 1,300 burgers by hom gehad en het oor 'n afstand van sewe myl stelling ingeneem. 'n Deel van die Lydenburgers en 'n deel van Carolina was by hom in die nek en die res van Carolina aan sy linkerkant en die res van Lydenburg aan sy regterkant.⁷⁰⁵

Min of meer halfpad tussen Bothasnek en Allemansnek, by Gansvlei (die grens tussen die twee republieke) het 'n geveg plaasgevind. Daar het aan weerskante manne gesneuwel en die Boere moes terugtrek toe Engelse versterkings opgedaag het. Die Slag van Allemansnek sou op die 11de Junie 1900 plaasvind, ses dae ná die inname van Pretoria.⁷⁰⁶

Grobler beskryf die slag so: "Die oggend van 11 Junie het genl. Buller sy magte laat opruk tot omtrent 5,000 tree van die nek af, waar hy sy kanonne opgestel en die Boerestellings onder vuur geneem het. Genl. Fourie het met sy enigste groot Creusot-kanon geantwoord, maar hierdie kanon sowel as sy meksim is vroeg in die geveg tot swye gebring deur die Engelse oormag aan artillerie. Die Engelse infanterie het die hele dag tot sonder aangeval, maar moes herhaalde male die wyk neem voor die dodelike geweervuur van die burgers wat in goeie stellings was, terwyl die Engelse oor 'n oop terrein moes storm. Die Engelse artillerie het hulle werk gedoen en ten spyte van swaar verliese het hulle oormag aan infanterie steeds nadergekom en die Boere probeer verdryf. Dit het duidelik geword dat genl. Fourie nie die nek sou kon hou nie en teen laat middag het hy solank die kanonne laat terugtrek. Teen donker het die Generaal sy stellings ontruim met 'n verlies van 4 gesneuweldes en 'n klompie gewondes. F. D. Maree van Carolina was een van die gesneuweldes. Die Engelse het 'n totale ongevallely van 142 dooies en gewondes gehad.^{voetnoot 65"707}

Toe Buller die spoorlyn bereik het die Boere wat Laingsnek beman het reeds die geleentheid benut om hulle kanonne per trein na veiligheid te vervoer.⁷⁰⁸

⁷⁰³ Grobler, "Die Carolinakommando," 92.

⁷⁰⁴ Grobler, "Die Carolinakommando," 92.

⁷⁰⁵ Grobler, "Die Carolinakommando," 93-94.

⁷⁰⁶ Grobler, "Die Carolinakommando," 95.

⁷⁰⁷ Grobler, "Die Carolinakommando," 95.

⁷⁰⁸ Grobler, "Die Carolinakommando," 96.

Aletta sit op Welgevonden haar en bekommer

Intussen het Aletta Fourie op hete kole gesit. Die meeste telegraaflyne was geknip en nuus het nie deurlopend deurgekom nie. Sy skryf op 18 Junie 1900 aan mev De Haan dat sy op die 1ste Junie laas iets persoonlik gehoor het. Toe was haar man en seuns by Bothaspas. Sy weet dat daar op die 10de en 11de Junie 'n drieledige aanval deur die Engelse was. Sy weet dat Carolina hulle posisie kon handhaaf terwyl Lydenburg moet terugtrek. Sy is volkome op hoogte van die sterk Boereposisie in Laingsnek en die gevolglike besluit van Buller om eerder by Bothasnek te probeer. Sy weet dat daar geveg is maar die berig wat haar bereik het meld nie gesneuweldes of gewondes nie. "...zoodat ik nog niet eens weet of mijn man en kinders nog in leven zijn.... Ik weet mijn man en kinders waren in den slag bij Bothaspas doch ik vertrouw op God en Jezus, om toch niet met dubbele slagen geslagen te worden."⁷⁰⁹

Sy het 'n berig gelees oor 'n gebeurtenis by Allemansnek. Die Engelse het by 'n sekere Uijs se huis gekom. Hy het 'n wit vlag by die deur uitgesteek. Hy is gevange geneem en aangejaag. Hy het 'n breuk gehad wat hom verhinder het om te hardloop. Toe hy neerval is hy summier doodgeskiet.

Dit word 'n lang brief waarin sy mev De Haan bedank vir briewe wat die aan haar en aan Herman geskryf het. Sy sien ook uit na die ontvangs van 'n beloofde pakkie wat deur die pos moet kom. Die res van die brief word gewy aan oorlogsnuus, haar gevoelens teen die vyand en bietjie plaasnuus.

Sy skryf dat die kommandant-generaal besluit het om Pretoria nie te verdedig nie omdat daar nie genoeg lewensmiddele by die forte was nie en die Boeremagte nie verdeel kon word om oral te verdedig nie. Daarvoor was die oormag te groot. "In Pretoria hebben de Engelschen niet veel gekregen als de mooie gebouwen. Ons ou President is nabij mij op Machadodorp. Zooals ons verhaalt word wil Roberts de twee Presidenten vangen, en dan zal hij die burgers wel gemakkelijk krijgen dat is zeker zijn plan want 11. 12. 13, dezer was het kanon gebulder onafgebroken naar het kant van Pretoria hier bij ons in de ooren."⁷¹⁰

Soos die kraai vlieg is die afstand van Welgevonden na Donkerhoek waar die Slag van Donkerhoek op 12 Junie 1900 plaasgevind het meer as 150 kilometer. Hierdie getuienis van Aletta Fourie bring 'n mens onder die indruk van die geweldige geveg wat daar gewoed het. Sy het dan ook berig ontvang van die gevegte by Eerste Fabrieke en Donkerhoek. Sy weet van 30 Boere wat gesneuwel het. Dr Everard het vertel dat die Engelse by die honderde doodgeskiet is by Donkerhoek en ook aan die Natalse grens.⁷¹¹ Generaal Louis Botha het persoonlik self die burgers aangevoer in stormlopie op die vyand terwyl die Engelse kanonne op die Boere geskiet het. Sy het ook gehoor van De Wet se suksesse in die Vrystaat. "Robert heeft groote dreigementen geproklameert dat hij de boeren al hun goederen zal afnemen indien ze niet hunne wapens neerleggen, en verbannen zal uit Zuid-Afrika, en ze doen het ook werkelijk zoo ver ze kunnen om het land te vernielen, tot de mannen die onbekwaam zijn om krijgsdienst te doen en jongens van 12 jaar oud worden gevangen genomen."⁷¹² Seuns van so jonk as tien jaar sluit al by die kommando's aan omdat hulle bang is dat hulle op die plase gevange geneem sal word.

Oor Herman se besorgheid en haar eie vrees skryf sy: "... hoe bezorgd hij zich toch gevoelde over mijn en zijn zuster, op dat ons toch gespaard mogen blijven van de onheilen die in O.V.S. gebeurd

⁷⁰⁹ AE Fourie aan mev De Haan, 18 Junie 1900, 2.

⁷¹⁰ AE Fourie aan mev De Haan, 18 Junie 1900, 3.

⁷¹¹ AE Fourie aan mev De Haan, 18 Junie 1900, kantaantekening.

⁷¹² AE Fourie aan mev De Haan, 18 Junie 1900, 4.

zijn. Hij smeekt de Heer om genade. Ik gevoelde eerst verschrikkelijk bang doch nu de vijand het land in is voel ik onverschillig en wacht af wat kan gebeuren.”⁷¹³

Die winter is bitter koud.⁷¹⁴ Jacob het weer met die skape na die winterplaas (Kortbegrip) getrek en die skape daar onder toesig van die plaaswerkers gelaat. Sy het met ou Januari gereël om die osse en koeie in groepe tussen die plase te verdeel sodat iets behoue kan bly as daar by een van die plase skade kom. Dit was in reaksie op telegramme wat president Kruger in die verband aan vroue uitgestuur het. Haar hart gaan uit na die armes wat maar ‘n paar beeste het en wie se plase boonop langs die pad geleë is.⁷¹⁵

Joachim het Herman se agterryer gestuur om die vetgevoerde perde wat op die plaas was te kom haal. Sy het ook brood gestuur soos hy gevra het, die manne was uitgeëet aan braaivleis en pap.⁷¹⁶ Sy hoor by die agterryer van die noue ontkomings. “Mijn man was 2 maal gevangen door de vijand daar hij bij de kanonnen ging om de troepen weg te laten schieten, doch ontkwam met alles. Ik vraag de (agterryer) die de paarden komt halen zal de vijand Herman niet vangen? Kan hij goed jagen? Hij zegt Ounooi als de bommen komen en onder de menschen vallen kan iedereen jagen. Als Herman het paard met de spoor steekt, dan weet het paard zelf dat het gevaar is. De (agterryer) is juist Hermans bediende. Hij zegt ook de vijand heeft ou Baas twee maal bijna gevangen doch iemande schreeuwt: ‘Genlr laat vlugten met de kanonnen kijk hoe wordt je omsingeld!’ Toe de kanon aanhaakt werdt kwam de vijand rondom van alle kanten en zijn oubaas was in een donker wolk van rook, maar ontkwam.”⁷¹⁷

Honderde boervroue het selfs geploeg en is tans besig om mielies te oes. Die regering het swart werkers opgekommandeer om op die armes se plase te gaan werk maar by gebrek aan manlike toesig het hulle gou weer gedros.⁷¹⁸ Daar het op die dag dat sy haar brief skryf, op 18 Junie 1900, 24 Engelse offisiere en 450 manskappe by Bonnefoi aangekom wat deur De Wet gevang is of wat in die Vrystaat oorgegee het. Hulle sal verder vervoer word na Nooitgedacht aan die oosterspoor waar daar reeds ander gevangenes is.⁷¹⁹

“Treurige en bittere dagen gaan over ons heen, en nog boven op: Het gansche land waar de Engelsche magt doortrek word vernield. Ik ben ook heel nabij in hun weg, als de Heer mij toch wil bewaren. Ik bid en smeekt er om. Geen mannelijk persoon bij mij als mijn dochter. Ik vrees om dezelfde gruwelen te ondergaan, als reeds al door de Engelschen troepen gepleegd, waar ze baas speelden.”⁷²⁰ Sy weet dat haar werkers sal vlug. “Volhard toch in ‘t gebed voor ons dat de Heer onze gebeden en tranen toch moge gedenken en ons genadig zijn.”⁷²¹

Aletta kan darem die brief afsluit met die mededeling dat haar man en seuns nog lewe. Sy het die berig ontvang net voor sy die brief wou pos toe stuur. Daar was een sterfgeval by Bothaspas en vier burgers is gewond. By Allemansnek het 11 burgers gesneuwel en is 19 gewond. Die vyand het groot verliese gely maar die Boere moes voor die oormag vlug.

⁷¹³ AE Fourie aan mev De Haan, 18 Junie 1900, 5.

⁷¹⁴ AE Fourie aan mev De Haan, 18 Junie 1900, kantaantekening.

⁷¹⁵ AE Fourie aan mev De Haan, 18 Junie 1900, 6.

⁷¹⁶ AE Fourie aan mev De Haan, 18 Junie 1900, kantaantekening.

⁷¹⁷ AE Fourie aan mev De Haan, 18 Junie 1900, kantaantekening.

⁷¹⁸ AE Fourie aan mev De Haan, 18 Junie 1900, 5.

⁷¹⁹ AE Fourie aan mev De Haan, 18 Junie 1900, 7.

⁷²⁰ AE Fourie aan mev De Haan, 18 Junie 1900, 8.

⁷²¹ AE Fourie aan mev De Haan, 18 Junie 1900, 7-8.

Omswerwinge in die gebied noord van Volksrust

Van Allemansnek is generaal Fourie met 'n kommando van 170 Carolinaburgers en 200 Lydenburgers na Ouhoutsnek. Spoedig moes hulle egter ook daar padgee weens die swaar Engelse kanonvuur. Daar was nou baie burgers wat nie meer perde gehad het nie en as voetgangers geveg het. Hulle het op die waens saamgery. Dit het die beweeglikheid van die kommando erg gestrem. Daar is oorweeg om hulle per trein in die rigting van Pretoria te stuur sodat hulle kon help om genl Roberts se ooswaartse opmars langs die oosterspoor te vertraag. Die kommandant-generaal het egter besluit dat hulle moes bly waar hulle is. Dit het baie druk op generaal Fourie geplaas. Boon-op het generaal Chris Botha wat by Graskop was laat weet dat sy trekdiere te maer en swak was om die kanonne wat by hom was te trek. Sy versoek dat generaal Fourie die kanonne oorneem is toegestaan.⁷²²

Behalwe die vee wat nie behoorlik kon wei nie het die burgers se kos en geld ook opgeraak. President Kruger het op generaal Fourie se noodkreet van die 18de Junie geantwoord dat hy kos moet opkommandeer waar hy kan. Verder is 'n sekere Jan Lombaard met £2,000 gestuur met die doel om kos vir die kommando's te koop. Dit is onbekend of die hulp generaal Fourie ooit bereik het.⁷²³

Die manne van Middelburg het erg bekommerd geraak oor die gevaar waarin hulle mense tuis verkeer met die dat generaal Roberts ooswaarts met die oosterspoor in die rigting van hulle distrik begin beweeg het. Gevolglik is hulle sowel as die manne van Standerton en Ermelo huis toe gestuur om hulle tuisdistrikte te gaan verdedig.⁷²⁴

Generaal Fourie het van Graskop na die plaas Rolfontein in die rigting van Ermelo beweeg om die kanonne veilig weg te kry. Hier van Rolfontein af skryf Herman op 20 Junie 1900 op 'n flenterstukpapier 'n brief aan ds en mev De Haan. Dit is die eerste kans wat hy kry "... want van Botha's pass tot heden zaten wij bijna altijd in 't zadel."⁷²⁵ By Bothaspas al het hy 'n skrywe ontvang waarin hulle meedeel dat ds of mev De Haan (dit is nie duidelik wie nie) se moeder oorlede is.

Hy troos op die volgende manier: "Het was voor u een zware slag, niet minder voor uwen vader maar toch kunt u u troosten daarmee dat zij Jezus toebehoort. U kunt nog komen en zeggen hier ligt mijn moeder begraven maar dat kunnen wij niet. Niemand weet waar onze broeder begraven is. U hebt uwe moeder toch nog gezien voor ze heenging en u hebt haar de laatste eer kunnen bewijzen; maar wat was de laatste eer mijnen broeder aangedaan? Toch kunnen wij ons troosten dat hij eveneens Jezus toebehoorde."⁷²⁶

Daar is net plek vir 'n klein bietjie oorlogsnuus: Gister is 19 Engelse by Volksrust gevange geneem en generaal De Wet doen goeie werk in die Vrystaat.

Die volgende opdrag aan generaal Fourie was om alles in werking te stel om te verhoed dat generaal Buller se magte Standerton bereik of dat hulle beheer oor die Natalspoorlyn verkry. Tot in Augustus sou hulle hier in die omgewing noord van Volksrust hulle bes doen om die Engelse te frustreer.

Op 21 Junie 1900 is 'n trein uit Standerton gestuur om die spoorlyn te gaan opblaas waar generaal Fourie dit sou goedvind. Die plan het waarskynlik nie gerealiseer nie, nie te oordeel aan die vyand se vinnige vordering nie. Die Engelse was in besit van Paardekop en generaal Fourie het opdrag ontvang

⁷²² Grobler, "Die Carolinakommando," 98-100.

⁷²³ Grobler, "Die Carolinakommando," 101.

⁷²⁴ Grobler, "Die Carolinakommando," 101-102.

⁷²⁵ HCM Fourie aan ds en mev De Haan, 20 Junie 1900.

⁷²⁶ HCM Fourie aan ds en mev De Haan, 20 Junie 1900.

om generaal Joubert te gaan bystaan waar dié probeer het om die Engelse opmars te stuit. Grobler beskryf die verswakte situasie waarin generaal Fourie verkeer het. Sommige burgers het nie meer perde gehad nie en dus was sy aanvalsvermoë kleiner. Die trekdier was vermaer en moes na beter wiewelde gestuur word wat ook die gebruik van grofgeskut uitgeskakel het.⁷²⁷

Die Lydenburgers wou nie almal aan die aanval deelneem nie. Gevolglik het generaal Fourie met 150 man uit Carolina en 40 uit Lydenburg op 23 Junie by generaal Joubert aangesluit. Fourie het besluit om op 24 Junie op Strydkraal naby Platrandstasie aan te val. Van 10 uur die oggend tot kort voor sonder het die burgers vanuit die rantjies die Engelse beskiet en hulle stormlope vergesel van kanonvuur teruggeskiet. Maar toe moes die Boere die wyk neem. Ongeveer 400 perderuiters het hulle tot donker agtervolg.⁷²⁸

Hierna het die hele Carolinakommando van 300 man verenig. As deel van 'n besettingslinie deur die verskillende kommando's het hulle in die rante by Grasnek en Graskop gehou en van daar af deelgeneem aan strooptogte op die spoorlyn en die knip van telegraafdrade.⁷²⁹

Die eerste poging van die Engelse om die Boere te verdryf is op die 28ste Junie deur generaal Coke geloods. Dit was nie suksesvol nie en die Boere het hulle terreurveldtog voortgesit.

Op 3 Julie neem Aletta die pen op en skryf aan mev De Haan. Sy sluit 'n briefie van Herman in, waarskynlik sy bogenoemde skrywe van 20 Junie. Die beloofde pakkie het nog nie aangekom nie. Die Delagoalyn is deur kwaadwilliges beskadig maar is darem nou weer herstel.

Sy begin met die nuus dat 'n gewonde jong burger, die 17-jarige David Steenkamp, gister op Welgevonden was vanwaar hy per perdekaar na die hospitaal op Machadodorp geneem is. Hy is 'n hele paar dae vantevore "aan Paardekop distr Standerton gewond ... in een geveg aldaar onder hoofdbestier mijn man."⁷³⁰ Daar is geen ambulans meer by die kommando's nie as gevolg van die feit dat die trekdier te vermaer en van koue uitgeput is. "Het is een bijzonder koude regenachtige winter dit jaar. De Koors is nu beter sinds de bittere koude ingetreden is, dit jaar zijn velen aan de koorts bezweken, sommigen die op commandos ziek werden zijn nu nog niet hersteld, zelfs was de mazels ook erg onder menschen, en onder de commandos zelfs sterfgevallen."⁷³¹

Generaal Roberts het 45 offisiere in die Slag van Donkerhoek verloor. Hy het dit nog nie verder ooswaarts gewaag nie. Na die slag het hy en generaal Buller mekaar by Heidelberg ontmoet. Daar is 'n sterk Engelse mag aan die spoorlyn na Natal. De Wet val dikwels vanuit die Vrystaat aan en die Transvalers kan nie veel uitrig nie omdat die Engelse hulle met kanonne wegskiet van waar hulle besig is om die spoorlyn te herstel.⁷³²

Ons kry ook weer 'n kykie in haar bekommerde hart. "Het is onuitspreeklijk de ontberingen die onze arme strydmagt moet houden nu in de bittere koude en tegen de groote magt des vijands, dag en nacht. Ik kan nie meer slapen. Mijn hart is gedurig by mijn man en kinders, en bij onze menschen die zoo bitter te lijden hebben. Moge onze God des hemels toch een einde maken aan deze bloedige oorlog die ons nog dagelijks bloed kostte en van de tranen die gestort worden behoeft ik u niet eens te zeggen."⁷³³

⁷²⁷ Grobler, "Die Carolinakommando," 103.

⁷²⁸ Grobler, "Die Carolinakommando," 104.

⁷²⁹ Grobler, "Die Carolinakommando," 105.

⁷³⁰ AE Fourie aan mev De Haan, 3 Julie 1900.

⁷³¹ AE Fourie aan mev De Haan, 3 Julie 1900.

⁷³² AE Fourie aan mev De Haan, 3 Julie 1900.

⁷³³ AE Fourie aan mev De Haan, 3 Julie 1900.

Verlof en terugkeer na Carolinadistrik

Gedurende Julie was generaal Fourie met verlof tuis. Herman was saam. Op 25 Julie 1900 skryf hy op 'n poskaart aan mev De Haan.

Daar was nou onlangs voordelige gevegte regs van Pretoria maar die vyand het op die 23ste deurgebreek by Donkerhoek, skryf hy, en mik nou met mag en mening vir Machadodorp, waar president Kruger is. "De vijand zal Machadodorp misschien nemen maar oom Paul nooit.... Voorbij Machadodorp zijn prachtige poortjies. Daar kunnen wij de Engelschen desnoods met klippen doodrollen. Wij zitten in de knijp met ons goed."⁷³⁴

Die oorlog het inderdaad nou huis toe gekom. Grobler teken dit in sy studie so aan: "Waar die Carolina-kommando tot hertoe buite hulle distriksgrense geveg het, het die toestand nou sodanig verander dat die vyand huis en haard bedreig het. Die stryd het nou sy onpersoonlike karakter verloor en dit was 'n kwessie van lewe en dood vir hulle en hulle dierbares. Dit het vir elkeen 'n persoonlike saak geword."⁷³⁵

Die aandrang van die burgers om huis toe te gaan het al sterker geword. Uiteindelik is die Lydenburgers en 'n deel van die Carolinakommando op 20 Julie huis toe gestuur. Hulle het generaal Fourie na sy verlof op Ermelo ontmoet en hy is saam met hulle tot op Carolina. 'n Ander deel van die Carolinakommando het nog op Graskop gebly tot aan die begin van Augustus 1900. Grobler vermoed dat die waens en voetgangers deel van die eerste groep was en dat die manne met die sterker perde op Graskop agter gebly het.⁷³⁶

Aan die begin van Augustus het Buller noordwaarts in die rigting van Carolina begin opruk terwyl die aanslag op Machadodorp al langs die oosterspoor voortgeduur het.

Witrand en Welgevonden op die linkerkant van die lang Boerelinie

Kommandant-generaal Louis Botha het sy linie oor 'n afstand van 40 myl opgestel om die Engelse ooswaartse opmars langs die oosterspoor teen te staan. Welgevonden was op die heel linkerkant (suidekant) van die linie. Die Witrand rantereeke strek van die plaas Witkloof tot tussen Belfast en Machadodorp. Dit gaan aan die bokant van Welgevonden se opstal verby. Daar is 'n klipmuur van 700 treë lank op die plaas wat as grensheining gedien het. Die muur kan vandag nog gesien word. Vir die Boere was dit 'n uitstekende verskansing. Wyk I se manne het hulself hier ingegrawe met wyk II na regs en wyk III na links.⁷³⁷ Nader aan die huis kon die oorlog dus nie kom nie. Aletta skryf aan mev De Haan: "Nu is de vijand zoo ver doorgebroken dat de onzen al kort bovenkant mijn woning in de ranten en bergen posities innemen. Aan de kant van Natal zijn ze nog 15 uur te paard van mij, doch oost van Pretoria op 2 uur te paard afstand van mijn plaats."⁷³⁸ Herman het al die pad van Zwolle gekom om sy ouerhuis te beskerm. Nou het hy daagliks daarop afgekyk.

Aletta het Herman na sewe maande se afwesigheid weer gesien en sy beskryf sy voorkoms so: "Herman ziet er gezond uit. Hij is nog zwarter gebrand van de zon en onder al de rampen groot geworden, van beesten vleesch en mieliëpap."⁷³⁹

⁷³⁴ HCM Fourie aan mev De Haan, 25 Julie 1900.

⁷³⁵ Grobler, "Die Carolinakommando," 107.

⁷³⁶ Grobler, "Die Carolinakommando," 106-107.

⁷³⁷ Grobler, "Die Carolinakommando," 108.

⁷³⁸ AE Fourie aan mev De Haan, 6 Augustus 1900, 1ste bladsy.

⁷³⁹ AE Fourie aan mev De Haan, 6 Augustus 1900, 2de bladsy.

Generaal French was bevelvoerder oor die Engelse linie wat baie na-aan die Boerelinie gelê het. Hulle linie se suidepunt was die plaas Twyfelaar. Fourie en French se patrollies het daaglik teen mekaar vasgery.⁷⁴⁰ “Bijna elk dag wordt met de voorposten des vijand gevochten en ook eenigen gevangen genomen.”⁷⁴¹

Aletta se laaste brief

Op 16 Augustus skryf Aletta wat haar laaste brief sou wees aan mev De Haan. Daarna is daar ‘n gaping in die briewe totdat Herman ná die oorlog op 14 Julie 1902 aan ds De Haan skryf. Ons kan aanvaar dat die rede hiervoor is dat daar geen vrye posdiens meer na Europa was nie.

Aletta skryf oor die gedrag van die Engelse soldate, Boere wat sowaar die vyand verwelkom, die lot van die vroue en die kinders en ander oorlogsnuus.

Herman het haar vertel dat hulle ‘n Engelse soldaat gevang het wat so vuil en vol luise was dat hulle vir hom skoon klere moes gee. Waar die Engelse op die plase kom plunder en steel hulle wat hulle kan. In opdrag van generaal Roberts word Boere-offisiere se huise afgebrand om die Boere so te dwing om oor te gee. “Als ze mijn kunnen bereiken zal ik niets overhouden omdat mijn man een van de generaals is. Ik zal het maar afwachten en tevreden zijn. Als wij toch onze onafhankelijkheid overhouden is die schat ook genoeg. Onze dierbare bloed en bittere tranen hebben wij reeds al voldoende gegeven en nu gaat onze levensmiddel ook nog bij.”⁷⁴²

Sy sien die doel van die indringing van die vyand in die land as ‘n suiweringsproses om valse mense onder die volk uit te wys. Almal was baie dapper en vryheidsgesind toe die vyand nog buite was. Maar met die vyand nou in die land wys manne soos Koos Smit hulle ware kleure. Dit is die pa van die Smits wat in Holland studeer. (Sien teen die einde van hoofstuk 3). Hy het Roberts tegemoet gegaan en vreugde en blydschap getoon toe Roberts Pretoria binnetrek. Roberts het hom toe as rapportryer na die kommandant-generaal gebruik. Dié het hom weggejaag. Koos Smit en sy kinders het nie ‘n vinger gelig gedurende die bloedige oorlog nie. As regeringsamptenaar kry hy duisende ponde maar toe hy die regering moet verdedig verwelkom hy die bitter gruwelike vyand. Daar is meer van sy soort. Sy glo dat die Boere sal wen. Hulle word net nou uitgesif. Sy hoop en vertrou dat God hulle nie sal verlaat nadat die onkruid uitgesif is nie.⁷⁴³

Die burgers moes hulle vroue en kinders aan die willekeur van die vyand oorlaat. Kommandant Buis het aan haar vertel hoe hy van ‘n afstand af moes staan en kyk hoe sy huis afgebrand en alles vernietig word. Sy vrou het met ‘n werker die boodskap gestuur dat daar geen kos oorgebly het nie. Sy is, net met die klere aan haar lyf, uit die huis gedryf. En tog is haar man nou op die voorpunt om sy land te verdedig. Hulle oudste seun het by die Slag van Modderspuit in Natal sy lewe verloor. Sy sien daaglik manne met die wapen in die hand en trane in die oë opgaan om hulle posisies in te neem terwyl hulle nie weet wat van hulle familie wat agterbly sal word nie.⁷⁴⁴

Sy skryf van Roberts wat 600 behoeftige vroue en kinders uit Pretoria gestuur het. Hulle is op een van die stasie afgelaai. Toe die kommandant-generaal daarvan hoor was die vyand in groot getal op pad en die vroue en kinders is ter nouer nood gered. Hulle is nou daar êrens, sonder kos of klere.⁷⁴⁵

⁷⁴⁰ Grobler, “Die Carolinakommando,” 109.

⁷⁴¹ AE Fourie aan mev De Haan, 6 Augustus 1900, 2de en 3de bladsye.

⁷⁴² AE Fourie aan mev De Haan, 6 Augustus 1900, 3de en 4de bladsye.

⁷⁴³ AE Fourie aan mev De Haan, 6 Augustus 1900, 4de en 5de bladsye.

⁷⁴⁴ AE Fourie aan mev De Haan, 6 Augustus 1900, 6de en 7de bladsye.

⁷⁴⁵ AE Fourie aan mev De Haan, 6 Augustus 1900, 7de bladsy.

Packenham skryf hieroor: "... Roberts expelled from Pretoria several hundred Boer women and children, sending them by railway in open trucks to Botha's laager near Machadodorp. He warned Botha that he refused to feed and house Boer dependants as long as the Boers were raiding the railway. Botha protested that it was inhuman."⁷⁴⁶

Oorlogsnuus is skaars en berigte word onder lewensgevaar om of tussen die vyand deur gesmokkel. In die Oranje Vrijstaat besorg De Wet Roberts groot hoofbrekens. De la Rey vorm die agterhoede anderkant Pretoria teen die vyand. Die Engelse vorm 'n oormag in getalle en hulle het baie kanonne. Daaglik hoor sy geweer- en kanonvuur. Sy bid dat die Here in die hemel tog uitkoms sal gee en vra dat die De Haans aanhoudend met en vir hulle sal bid.⁷⁴⁷

Vroue en kinders na veiligheid

Generaal Fourie was bang dat sy manne nie in staat sou wees om te verhoed dat die Engelse Carolina inneem nie. Daarom het hy by die kommandant-generaal versterkings aangevra. Die kommando's van Heidelberg en Bethal, met hulle artillerie, is toe gestuur om Carolina by te staan.

Grobler skets die kritieke situasie so: "Dit was vir almal duidelik dat 'n groot slag aanstaande was en daarom het die burgers hulle families, wat nog orals op die plase was, na veiligheid gebring.^{voetnoot 8} Dit het des te meer nodig geword, aangesien daar reeds gevalle was waar vrouens en kinders deur die Engelse gemolesteer en uit hulle huise gesit is.^{voetnoot 9}"⁷⁴⁸

Watter stappe Fourie geneem het om sy vrou en dogter te beskerm is nie bekend nie. Die plaashuis is nie soos soveel ander aan die brand gesteeke nie. Die een voordeur het tot vandag toe nog 'n kraak in en die nageslag vertel dat dit veroorsaak is deur 'n Engelse soldaat wat die deur probeer oopskouer het.⁷⁴⁹

Carolina ingeneem

Op 14 Augustus 1900 het die Engelse wel daarin geslaag om Carolina in te neem. Generaal Buller was vanuit die suidooste oppad na generaal French en het 'n eskadron kavallerie gestuur om die dorp in te neem. Hulle het die Boere wat weerstand gebied het verdryf en die magasyn en 'n paar huise aan die brand gesteeke. Die pastorie is verniel en die regeringskantore oopgebreek. Die vroue is nie gemolesteer nie, net gedreig dat die dorp onder die bomme gesteeke sal word indien enige mans gewaar word.⁷⁵⁰

Op 15 Augustus het Buller met sy hoofmag tot op die plaas Twyfelaar getrek en hom dus by French se magte gevoeg. Die vorige aand is generaal Fourie versoek om sy manne in verskillende klein groepies op te deel en slag gereed te wees. Die kommando van Standerton is na die posisie suid van Fourie gestuur om die linie te verleng en as reserwe te dien.⁷⁵¹ Teen die 17de het die Engelse nog nie beweeg nie. Op die 18de het die kommandant-generaal generaal Fourie besoek en het hulle saam strategie beplan. Daar sou twee botsings plaasvind.⁷⁵²

⁷⁴⁶ Thomas Packenham, *The Boer War* (Goodwood: National Book Printers, 1982 paperback), 449-450.

⁷⁴⁷ AE Fourie aan mev De Haan, 6 Augustus 1900, 7de en 8ste bladsye.

⁷⁴⁸ Grobler, "Die Carolinakommando," 110.

⁷⁴⁹ Mededeling deur mev Rosemarie Davel.

⁷⁵⁰ Grobler, "Die Carolinakommando," 110-111.

⁷⁵¹ Grobler, "Die Carolinakommando," 111.

⁷⁵² Grobler, "Die Carolinakommando," 112.

Buller se magte het die Witrand waar dit oor die plaas Witkloof gaan van die westekant af bestyg. Op die oostelike rand was die 250 Carolinaburgers reg vir hulle. Hulle het selfs die Engelse artillerie met hulle geweervuur stilgeskiet. Toe die Engelse die aand agt uur terugval het hulle 'n verlies aan 36 lewens gely. 3 burgers van Carolina is gewond. Die volgende dag se geveg het tot drie uur die middag geduur toe die burgers teruggeval het. Nog sewe Engelse was dood.⁷⁵³

Buller het met sy infanterie noordwaars beweeg en weer die Witrand van die westelike kant af bestyg. Terselfdertyd het hy die Boere na die suide met sy kavalerie probeer omvleuel, maar die Boere het so erg op hulle geskiet dat hulle vier ekstra kanonne as hulp moes inkry voor die Boere gewyk het. Die omvleueling was nie suksesvol nie. Die infanterie het bo-op die Witrand plato aangekom. Dit is twee myl breed en die manne onder generaal Fourie was aan die oostekant ingegrawe. Die Engelse het nie oor die oop terrein 'n kans gehad nie en moes teen die aand die aftog blaas met 105 ongevallene. Buller het gedurende die nag loopgrawe laat grawe. Die volgende oggend kon die Boere van agter generaal Fourie se klipmuur en ander stellings nie die Engelse sien nie. Gevolglik het van die jonger manne, Herman dalk ook, vorentoe beweeg en lae klipskansies gepak. Van hier af kon hulle die Engele loopgrawe mooi sien. Waar die Engelse soldate geneig was om hulle koppe op te lig om te kan skiet het die Boere langs hulle klipskansies verby geskiet. Sou Herman dalk op daardie dag (opnuut) gekonfronteer word met die moontlikheid van die dood van iemand van die vyand nadat sy vinger die sneller gedruk het?

Die Slag van Bergendal

Grobler skets dat generaal Fourie in die volgende dae toegesien het dat Buller nie kon deurbreek nie. Buller het al meer noordwaarts beweeg en tydens die Slag van Bergendal op 27 Augustus het die Engelse deurgebreek en het kommandant-generaal Louis Botha se magte weer verdeel. Botha het opdrag gegee dat optrede teen die vyand spontaan geneem moes word. Dit was die begin van die guerillafase van die oorlog.⁷⁵⁴

Nie lank daarna nie was die hele oosterspoor in lord Roberts se hande en was die ZAR van die buitewêreld afgesny. Voortaan sou die Boere aangewese wees op ammunisie wat hulle by die Engelse kon buit. Voorlopig was daar op die plase nog kos te vinde. Die dorpe en spoorweë was in die hande van die Engelse maar op die platteland het die Boer nog op daardie stadium koning gekraai.⁷⁵⁵

Die aksie skuif na die Laeveld

Gedurende September sou 'n deel van die Carolinakommando saam met generaal Fourie 'n draai in die Laeveld gaan maak. Na die Slag van Bergendal was dit die Carolinakommando se opdrag om die rante by Waterval-Onder te beset en die Engelse te probeer verhoed om teen die berg af te kom. Die Engelse het wel daarin geslaag om op die 30ste Augustus die berg af te kom. Daar was wel ongevallene aan Engelse kant veral omdat die manne van Standerton hulp aan die manne van Carolina kom verleen het. Die Engelse se poging op 3 September om die Boere in die rantjies te verdryf het misluk. Hulle sou self besluit om te verskuif en te gaan probeer keer dat generaal French Carolina weer van Machadodorp se kant af ingeneem.⁷⁵⁶

Generaal Fourie het wyk I se manne, meestal voetgangers, by Dwaalheuwel onder bevel van waarnemende kommandant David Joubert agtergelaat. Hulle het die lewe vir die Engelse baie

⁷⁵³ Grobler, "Die Carolinakommando," 112-113.

⁷⁵⁴ Grobler, "Die Carolinakommando," 115.

⁷⁵⁵ Grobler, "Die Carolinakommando," 115.

⁷⁵⁶ Grobler, "Die Carolinakommando," 117.

moeilik gemaak.⁷⁵⁷ Fourie self het met wyke II en III se manne en die Standertonners by hom na Groblersbrug gehaas. Die Engelse kavallerie was egter te sterk en teen 5 Oktober het hulle net buite Carolina gekampeer.⁷⁵⁸

Herman skryf waarskynlik dan die brief wat sy pa aan die kommandant-generaal dikteer. Toestande is haglik. Die veld het nie voedingswaarde vir die perde nie. Die burgers is moedeloos. Hulle kos is skaars.⁷⁵⁹

Die volgende stap sou wees om te probeer verhoed dat generaal French suksesvol na Barberton toe opruk. Generaal Fourie en sy manne, wat ook manne van Ermelo ingesluit het, het daarom Rooihoogte op die pad na Barberton gaan beset. Hulle het daarin geslaag om die lewe vir die Engelse baie warm te maak. Die geveg het tot laatmiddag die 9de September geduur voor die Boere teruggeval het na Nelshoogte.⁷⁶⁰

By Swartrand het generaal Fourie en kommandant Prinsloo verskil van mening gehad. Prinsloo was van mening dat hulle te swak was om die Engelse te keer. Fourie het besef dat hulle te swak was maar wou so lastig as moontlik vir die Engelse wees. Die gevolg was dat Prinsloo met al die waens en die vee deur die Engelse teruggesypel het Hoëveld toe. Die meeste lede van die Carolinakommando het saam met 70 manne van Ermelo by die generaal gebly. Hulle het die Engelse by die steil Nelshoogte gaan voorlê. Op die 11de September het die Engelse die burgers ná 'n geveg daar in verskillende groepe uiteengejaag.⁷⁶¹

Grobler skets die moeilike terrein en ontberinge wat dit meegebring het in die volgende woorde: "Generaal Fourie het teruggeval in die rigting van Steynsdorp. Hulle het nou in onherbergsame berge-wêreld beland en voortgesukkel. Die ontberings wat hulle hier moes deurmaak was byna barmenslik. Die kanonne is teen steiltes af wat normaalweg nie deur iemand aangedurf sal word nie. Uiteindelik het die burgers groepiesgewys op die Carolina-hoëveld teruggekeer, waar die generaal weer 'n kommando-eenheid kon vorm."^{voetnoot 21."/762}

Terug aan die Klein-Komati

Terug in hulle tuisgebied is die Carolinakommando opgedeel. Wyk III sou in hulle gebied (suid van die Komati opereer onder bevel van waarnemende kommandant David Joubert en wyke I en II het by generaal Fourie en kommandant Prinsloo gebly. Fourie het wagposte op Frischgewaagd en Vanwyksvlei gestig om te waak teen Engelse aanvalle. Die Engelse het veiliger gevoel teenaan die spoorlyn en het slegs in groot getalle dit na die platteland gewaag om die Boere te probeer verdryf.

Grobler beskryf hoe baie dit vir die vroue op die plase, dus ook vir Aletta Fourie, beteken het dat hulle mans en seuns nou naby die huis was en die las van die boerdery wat hulle tot dusver gedra het vir tydjes kon verlig. Die kommando het nie aan effektiwiteit ingeboet nie want sodar die vyand gewaar is is aan almal kennis gegee en kon die kommando as eenheid funksioneer.⁷⁶³

Die nag van 2 Oktober was baie reënerig en die wagte op Frischgewaagd en Vanwyksvlei het in die woonhuise geslaap. Die Engelse het 'n verrassingsaanval op die plase geloods. Generaal Fourie het

⁷⁵⁷ Grobler, "Die Carolinakommando," 118.

⁷⁵⁸ Grobler, "Die Carolinakommando," 117.

⁷⁵⁹ Grobler, "Die Carolinakommando," 118.

⁷⁶⁰ Grobler, "Die Carolinakommando," 120-121.

⁷⁶¹ Grobler, "Die Carolinakommando," 123-124.

⁷⁶² Grobler, "Die Carolinakommando," 124.

⁷⁶³ Grobler, "Die Carolinakommando," 125.

met 100 man van Leliefontein af na Vanwyksvlei gejaag waar 'n hewige geveg losgebars het. Die Boere het daarin geslaag om die Engelse terug te dryf tot in Belfast vanwaar hulle gekom het.⁷⁶⁴

Op 12 Oktober 1900 het generaal French vanaf Machadodorp na Carolina opgeruk. Dit was deel van sy opdrag om die Hoëveld van Machadodorp tot by Heidelberg skoon te maak van die lastige Boere. Hy het met mag en mening gekom: 3, 000 kavalleriste, 300 infanterie, 16 kanonne en 4 pom-poms. Nadat hy in kennis gestel is van die Engelse aantog het generaal Fourie in die nag van 12/13 Oktober soos in Augustus in die Witrand stelling ingeneem. Saam met die lede van die Ermelokommando was hy 500 man sterk. Danksy goeie geweer- en kanonvuur het hulle die Engelse van hulle kampplek verdryf en 'n ammunisiewa het as 'n welkome geskenk in hulle skoot geval. Generaal French het versterkings gestuur as gevolg waarvan die Boere moes terugval en so het die Engelse op die 15de tot in Carolina gevorder voor hulle op die 16de daarvandaan verder is in die rigting van Heidelberg.⁷⁶⁵

Generaal Fourie-hulle het intussen teruggeval in die rigting van Chrissiesmeer. Toe die Engelse Carolina op pad na Chrissiesmeer verlaat het die Boere op hulle afgejaag. Oor oop terrein het die generaal en kommandant met hulle manne reg van voor op die Engelse afgejaag. 'n Klein groepie is links-om gestuur. Die stormloop is van agter gedek deur hewige kanonvuur op die Engelse. Merkwaardig genoeg het nie 'n enkele burger gesneuwel nie. Hierdie verrassingsaanval het meegebring dat die Engelse 'n verlies van 30 man gehad het en dat die burgers 40 perde gebuit het.⁷⁶⁶

So het die burgers van Carolina en Ermelo die trek na Ermelo vir generaal French baie moeilik gemaak. Hulle het die terrein geken en kon kies waar hulle hom wou voorlê. Met swak trekdiers het hy stadig gevorder totdat hy wel op 18 Oktober in Ermelo aangekom het.⁷⁶⁷

Die kommando is hierna terug na Leliefontein, die plaas waar Herman die eerste lewenslig aanskou het. Dit was die hoofkwartier. Die wagposte op Frischgewaagd en Vanwyksvlei is gehandhaaf en wyk III het soos voorheen suid van die Komati gepatrolleer. In hierdie dae ontvang generaal Fourie van die kommandant-generaal £300 om in die kommando se behoeftes, veral die aankoop van slagvee, te voorsien. Die burgers was in hulle eie omgewing en dus kon elkeen so tussendeur nog toesien dat sy oes in die grond kom.⁷⁶⁸

Smith-Dorrien wil die sabotasie van die spoorlyn en treine verhinder

Die gebeure wat nou volg het direk te doen met die Boere se sabotasie van die oosterspoor. Generaal Smith-Dorrien het twee pogings vanuit Belfast geloods om die Boerelaer van generaal JC Fourie, vanwaar hy vermoed het die sabotasie beplan en uitgevoer is, te verslaan en te verdryf. Hierdie twee pogings word in Grobler se skripsie geskets. Dit was onlangs ook die onderwerp van 'n ondersoek deur twee brijbante navorsers, Tian Schutte en Peet Coetsee, wat die boek *Treinvernielers* gepubliseer het.⁷⁶⁹ Hulle vertel dit wat Grobler weergegee het weer oor, aangevul met nuwe navorsing en 'n herbesoek aan argivale bronne. Hulle weergawe is so deeglik dat ek graag die lesers

⁷⁶⁴ Grobler, "Die Carolinakommando," 125-126.

⁷⁶⁵ Grobler, "Die Carolinakommando," 127-128.

⁷⁶⁶ Grobler, "Die Carolinakommando," 128.

⁷⁶⁷ Grobler, "Die Carolinakommando," 129.

⁷⁶⁸ Grobler, "Die Carolinakommando," 129-131.

⁷⁶⁹ Tian Schutte & Peet Coetsee, *Treinvernielers Boere-aanvalle op en vernietiging van treine, stasies en spoorlyne in die ZAR tydens die Anglo-Boere-oorlog 1899-1902* (Shanghai: Shanghai Kangshi Printing Co, 2019).

daarna verwys.⁷⁷⁰ Ons gaan hier aan die hand van Grobler die gebeure skets wat tot generaal Fourie en kommandant Prinsloo se dood gelei het.

Witkloof

Grobler stel dat die volgende poging van die Engelse om van die Boere ontslae te raak gedurende die nag van 2 op 3 November 1900 van stapel gestuur is toe twee kolonne vanuit Belfast na Carolina se rigting uitgetrek het. Die bevelvoerders was generaal Smith-Dorrien en luitenant-kolonel Spens. Smith-Dorrien se roete was oor Bergendal al met die Witrand langs na Frischgewaagd. Spens het gemik vir Vanwyksvlei. Dit het hard gereën en 'n koue wind het opgesteek. Die oggend van die 3de was Smith-Dorrien naby Welgevonden. Hier het die Canadian Mounted Rifles en die Carolinaburgers slaags geraak. Hulle het die Canadians besig gehou terwyl die hoofmag aanbeweeg het na Vanwyksvlei waar hulle met Spens se manne sou verenig. Toe die hoofmag nader kom het hulle die Boere se gekniehalterde perde gesien en ook burgers wat uit die woonhuise na die nabygeleë skurwe koppies toe hardloop vanwaar hulle op die hoofmag gevuur het. Die Canadians kon nie kom help nie want op die ruwe terrein kon die burgers tot baie naby aan hulle kom en het hulle ook verliese gely. Toe hulle eindelijk kon wegbreek het hulle gelyktydig met Spens se kolonne op Vanwyksvlei aangekom. Die nat en koue toestande was nie gunstig vir Smith-Dorrien nie en hy moes terugtrek, tot weer in Belfast met die Boere agter hom aan.⁷⁷¹

Grobler skryf dat Smith-Dorrien eers weer op 6 November 1900 uitgetrek "met 'n sterk mag van 250 kavalerie, 900 infanterie, 8 kanonne en 'n seksie Vickers-meksims. Hy wou die Boereplase wat as skuilplekke vir die Boere gedien het, gaan verwoes en die twee laers wat volgens sy inligting op Leliefontein en Witkloof gestaan het, gaan oorweldig. Hy het met die pad van Belfast na Carolina oor Eerstelingfontein en Vanwyksvlei getrek."⁷⁷² Die eerste kontak was by Vanwyksvlei maar die Boere kon nie die sterk mag stuit nie en is teruggedruk tot aan die Komati.

Op Witkloof en Leliefontein het die burgers egter goed vasgeskop. Die Engelse kanonne het nie veel skade aangerig nie en die kakies het oor oop veld moes aanval. Generaal Fourie het intussen sy voorraadwaens in die rigting van Carolina na veiligheid laat wegtrek. Hoe Smith-Dorrien ook al gemanuvreer het "orals was daar Boere voor sy soldate."⁷⁷³ Hy het eers teen vieruur die middag met 'n omvleuelingsbeweging geslaag. Die Boere het toe tot anderkant die Komati teruggetrek.

Na die geveg het Smith-Dorrien, wat 6 soldate verloor het en van wie nog 20 gewond was, na hoër grond wes van Leliefontein getrek. Die krygsraad van die Boere daardie aand het besluit om die Engelse die volgende dag aan te val sodat hulle nie kon deurtrek na Carolina toe nie. "Die afspraak was dat genl. Fourie en komdt. Prinsloo die Engelse reg van voor sou aanval, terwyl die Ermelo-kommando 'n flankbeweging na links sou uitvoer. 'n Deel van die Carolina-burgers sou onder vkt. A.J. de Lange regs om probeer trek om Smith-Dorrien se aftog af te sny of minstens te belemmer."^{voetnoot 36" 774}

Toe breek die oggend van 7 November 1900 aan. Generaal Fourie het met wyk I se manne vanaf Roodepoort waar sy laer die nag gestaan het gery tot op Witkloof. Herman was by hom. Kommandant Prinsloo met Jochim Fourie, sy adjuntant, het die oggend vroeg van sy woning op Haverfontein na Kwaggafontein vertrek om die manne van wyk II wat daar oornag het op te

⁷⁷⁰ Schutte & Coetsee, *Treinvernielers*, 63-98.

⁷⁷¹ Grobler, "Die Carolinakommando," 131-132.

⁷⁷² Grobler, "Die Carolinakommando," 132.

⁷⁷³ Grobler, "Die Carolinakommando," 133.

⁷⁷⁴ Grobler, "Die Carolinakommando," 134.

kommandeer. Toe hulle Witkloof nader was generaal Fourie reeds besig om op die vorige dag se stellings, wat hulle weer wou beset af te jaag. Die kommandant het sy mense agterna laat jaag.⁷⁷⁵

“Dit was die Boere se plan om die stellings van die vorige dag te gaan beset toe hulle bemerk dat die Engelse besig is om langs die Komati af te trek. Terwyl hulle met die bult na die Komati afgejaag het, het Smith-Dorrien hulle onder die bomme gestee. Hy het terselfdertyd ‘n afdeling ruiters gestuur om ‘n strategiese hoogte voor die Boere te gaan beset. Toe dit vir hom gelyk het of die Boere hom regs wou omvleuel, het hy ‘n seksie van ‘n battery na die hooggeleë gebied op Vanwyksvlei gestuur om daarvandaan ‘n bombardement op die Boere te los. Sy voorraadwaens en swaar kanonne het hy solank laat terugtrek met die pad na Belfast. Toe die Boere gesien het dat hy aan die terugtrek was, het hulle sy agterhoede verwoed aangeval. Teen halfelf die môre het die Boere stormgejaag tot op omtrent sewentig tree, terwyl hulle uit die saal op die terugvallende Engelse agterhoede geskiet het.”⁷⁷⁶

Grobler wys daarop dat generaal Fourie se doel was om die twee kanonne wat by Smith-Dorrien se agterhoede was te verower. Hy het aan die regterflank gejaag met kommandant Prinsloo so 80 tree na links van hom. Hulle het die paar Engelse soldate wat aan die bopunt van Wolwelaagte in die lang gras ‘n hinderlaag gelê het onskadelik gestel. Die Boere het tussen hulle ingejaag en die Engelse het opgespring en oorgegee. Die slotte van hulle gewere is verwyder.⁷⁷⁷

Die Boere het uit die saal op die Engelse agterhoede gevuur. Teen halftwee die middag is ‘n finale stormjaag uitgevoer.

Jochim het later van hierdie jaagtog vertel: “Nou het dit woes toegegaan ... Dis jaag en doodskiet, jaag en doodskiet. Die kanon was kort voor ons en ons kon hom amper vang. Kort voor my was ‘n Engelsman op ‘n mooi groot perd en ek wou die perd graag hê. Ek jaag hom in en beveel hom om oor te gee. Dit het ek ‘n paar maal herhaal, en toe gooi hy blitssnel sy geweer oor sy linkerskouer en skiet agteruit op my dat die vuur in my gesig spat. Dit was gelukkig mis. Ek het afgeklim en hom geskiet dat die stof op sy baadjie uitslaan.”⁷⁷⁸

Die een kanon was so te sê in hulle besit toe dit gebeur: Eers sneuwel die generaal en toe die kommandant.

Joachim Fourie het op sy wit perd Scott gejaag met Herman agter hom en Schut was ook by. Bo-op die bult waarteen hulle opgejaag het is daar ‘n pannetjie wat die veld daar vorm. Daar is ‘n hinderlaag deur Engelse soldate met ‘n meksim by hulle gelê. Toe hulle so 50 tree van die hinderlaag af was het die meksim op hulle losgetrek. Die generaal het van sy perd afgespring en ‘n skoot afgevuur. Toe is hy dodelik getref. Die koeël is in by sy onderste voortande en agter by sy nek uit. Hy is op slag dood. Herman sou later vertel: “Ek het dadelik van my perd afgespring en platgeval, want ons was in die geweerlope; Skut het agter my gelê. Ek sê toe vir hom: vat die waterkannetjie, kruip

⁷⁷⁵ Grobler, “Die Carolinakommando,” 134-135. Op hierdie punt verskil Jochim Fourie en Chris Davel se herinneringe. Davel onthou dat die generaal en die kommandant eers op ‘n klip sit en beraadslaag het. Sien “Bylaag 7: Die dood van generaal J.C. Fourie en kommandant H.F. Prinsloo, notule van ‘n byeenkoms op 31 Mei 1940 by die Witkloof monument” in Peet Coetsee, *Die slag van Bothaspas. Gedenkskrif uitgegee by geleentheid van die onthulling van ‘n monument op die plaas Quaggapunt 777, Bothaspas, op Saterdag, 10 Junie 2000, tydens die honderjarige herdenking van dié slag.* (Pretoria: PC Coetsee, 2000), bladsye nie genommer nie.

⁷⁷⁶ Grobler, “Die Carolinakommando,” 135.

⁷⁷⁷ “Bylaag 7.”

⁷⁷⁸ “Bylaag 7.”

soontoe en gee vir die Oubaas water. Skut het met die waterkannetjie ingekruip, teruggekom en gesê: 'Die Oubaas is dood.'"⁷⁷⁹

Kommandant Prinsloo het die moeilikheid gesien en sy perd ingeruk. Met die afklim is hy in die skedel getref. Chris Davel was ooggetuie. Hy het later vertel: "Ek skiet en toe kyk ek weer in sy rigting en sien hom lê met sy kop onder sy lyf terwyl die harsings by sy neus uitloop en sy helderblou oë oop is."⁷⁸⁰

Intussen het Jochim en kommandant Burman [sic] van Ermelo links van die meksim verbygejaag. Hulle het van die perde afgespring en van agter op die Engelse geskiet terwyl die Boere se vuur om hulle gespat het. Die Engelse het oorgegee en toe Jochim tussen hulle instap sê 'n jong burger van Ermelo aan hom dat sy pa geval het. Hy wys hom toe waar sy pa en die kommandant lê. Jochim het jare later ter plaatse vertel: "Ek stap toe hierheen (waar ons staan) en vind my broer, Hans Generaal (Grobler) en ander mense by die lyk. By die lyk het ek gekniel en die Here gevra om my die krag te gee om sy bloed so lank ek leef te wreek."⁷⁸¹

Grobler beskryf hoe almal rondom die lyke versamel het. Die Engelse het voortgevlug maar daar is met 'n kanon van Vanwyksvlei af op die groep burgers geskiet.

Die generaal se lyk is vooroor op Scott se saal laat lê. Twee burgers het die lyk vasgehou en Jochim het agterna geloop terwyl hy sy eie perd lei. Hulle is toe na Charles Liversage se huis op die plaas Burnside. Met warm water wat hy by mev Liversage gekry het het Jochim die die bloed wat oor sy pa se baard, gesig en hare geloop het afgewas. Die kommandant se lyk was reeds daar. Die twee lyke is in die buitekamer neergelê. Met Jan Groenewald se spider is die twee lyke daarvandaan verder vervoer tot op elkeen van die oorledenes se plase.

Jochim het dieselfde dag nog by Sam Orton op Carolinadorp 'n swartgeverfde kis gaan haal. Proponent Schalk van Niekerk het by die voordeur van Welgevonden die begrafnisdiens gelei. Daar was tussen 50 en 60 burgers teenwoordig en dan natuurlik ook Aletta, Nonnie en die seuns. Die teksvers was 2 Samuel 1 vers 27: "Hoe zijn de helden gevallen!" Die veldkronet van wyk I, Adriaan de Lange het met 'n Vierkleur aan 'n stok van ongeveer ses voet die stoet afgelei na die graf. Lukas Potgieter het 'n toespraak gehou.⁷⁸²

Die graf is nie in die bestaande begraafplaas waar Aletta se ouers en grootouers begrawe is gegrawe nie, waarskynlik omdat dit te klipperig is daar en die grond sagter was aan die onderkant van die huis.⁷⁸³

Wynand Davel het gesê: "Genl. Fourie het bang nie geken nie. Hy het meer as een keer aan my gesê: 'Wynand, jy kan met 'n Engelsman niks anders doen nie, jaag hom by en skiet hom dood!' En so het die generaal ook gehandel. As hy gesê het: 'Storm!', dan het hy dit ook gedoen, al het niemand hom gevolg nie."⁷⁸⁴

Die kommando is terug na Roodepoort waar hulle lank gebly het en David Joubert is as kommandant aangestel.⁷⁸⁵

⁷⁷⁹ "Bylaag 7."

⁷⁸⁰ "Bylaag 7."

⁷⁸¹ "Bylaag 7."

⁷⁸² "Bylaag 7."

⁷⁸³ Mededeling deur Rosemarie Davel.

⁷⁸⁴ "Bylaag 7."

⁷⁸⁵ "Bylaag 7."



*Foto 33 Skildery van generaal Fourie op sy perd Scot
Krugersaal NG kerk Carolina
Foto geneem deur skrywer op 14 Junie 2014*

Smith-Dorrien se weergawe van die gebeure op 7 November 1900

In 1925 behandel Smith-Dorrien die gebeure van hierdie dae in sy boek *Memories of forty-Eight Year's Service*. Die boek is in 2009 heruitgegee onder die titel *Smith-Dorrien: Isandlwana to the Great War*. Hy vertel dat sy kavalerie teen die einde van Oktober 1900 aansienlik versterk is. "So far I have confined operations to raids on farms known to be centres of hostile activity, and to reconnaissances, but the arrival of so many mounted troops made it possible to design a larger enterprise, and so, as it appeared that much of the interference with the railway was traced back to a *laager* at Witkloof, some eighteen to twenty miles due south of Belfast, I called commanding officers together on the morning of the 2nd November and explained a raid I had planned for that night. Hy gaan dan voort om die mislukte poging te beskryf. Sy beskrywing klop met die van Grobler, wat – terloops – Smith-Dorrien se boek nie as bron benut het nie.

Hy beskryf die gebeure op die 6de November en weer stem sy weergawe en Grobler s'n pragtig ooreen.

"Next morning at 7.30 a.m., instead of crossing the Komati, we turned east along the north bank.

"At once several Boers galloped back to seize their old positions on the Komati....

"As the Boers were working east and north down the Komati I sent orders tot Colonel Spens, commanding the advance guards, to seize the high ground at Van Wyks Vlei, which he did with the 5th Lancers and one section of the 84th; Lieutenant-Colonel Lessard, with the Canadian dragoons and two Royal Canadian guns under Lieutenant Morrision covered the rear. Three companies of the

Shropshires were sent to support Colonel Evans and Mayor Guinness in their positions overlooking the Komati, G on schetch. Under cover of these positions the baggage moved steadily away toward Van Wyks Vlei.

“From the moment the baggage began to move from camp the Boers showed themselves everywhere round the rearguard. The latter, most ably commanded by Lessard, Royal Canadian Dragoons, displayed the greatest gallantry. The two guns Royal Canadian H.A. were continuously in action against small parties, at one time working singly in positions a mile apart.”⁷⁸⁶

Hy beskryf dan hoe die Boere teen ongeveer 10:30 ‘n stormloop op die kanonne uitgevoer en ‘n aantal Engelse soldate gevange geneem het. Luitenant Cockburn is gedood maar die kanonne is uit die Boere se hande gehou. Sy beskrywing van die gebeure waarin Fourie en Prinsloo die lewe gelaat het lees soos volg: “The next two hours a running fight was kept up, and at 1.30 p.m. the Boers again made a determined effort, galloping up to within 200 yards of the guns, to be driven off by another determined stand of the Royal Canadian Dragoons under lieutenant Turner. It was at this period that the Colt gun, which was doing splendid work covering the retreat of the guns, was almost surrounded by the Boers; the horse was blown, but Sergeant E.J. Holland, who was in charge of it, with great presence of mind detached the gun from the carriage and rode off with it. All this time the fire of the Boers, being mostly from the saddle, was wild, and our losses in consequence were abnormally few.

“This last attack seemed to have satisfied the Boers that they had better keep at a respectful distance, for from this time on they never came within 2,000 yards; but this they did several times in masses and came under heavy shell-fire. They never again seriously molested us; in fact, I think only one casualty, Lieutenant Elmeley, Royal Canadian Dragoons, occurred after this. The force camped at Blyvooruitzicht at 4 p.m.

“Sixteen Royal Canadian Dragoons were for some hours in the hands of the Boers, who behaved splendidly towards them. They report that they had appeared in anything but a state of demoralisation, that they had excellent horses, and that almost every man had two horses, two rifles, and a black man to look after them.

“The boer idea had been to hide part of their force in the indescribably broken ground on the west side of the Komati until our force was committed to crossing the river towards Carolina. Luckily we did not do so, for our force was numerically weaker than the enemy, and infinitely so in mounted troops. I was convinced that it would be courting disaster to attempt to cross to Carolina end Ermelo against these determined commandos, except with two strong columns, each having at least 500 mounted riflemen.

“At the same time I was satisfied that their heavy losses on those two days tended largely to prevent repetitions of the bold tactics they had shown.

“It was reported that amongst their killed were General Joachim Fourie, Commandant H. Prinsloo (the de Wet of these commandos), and Field Coronet D Lange, commanding No.1 Ward of the Carolina Commando. The deaths of the first two were confirmed later on.

“The Royal Canadian troops deserved well of the Empire this day, and I recommended four for the proud distinction of the Victoria Cross – Lieutenant H.Z.C. Cockburn, Lieutenant R.E.W. Turner,

^{voetnoot 5} Private W. A. Knisley, and Sergeant E. Holland – and Lieutenant E.W.B. Morrisson, ^{voetnoot 6} for special distinction for the coolness and skill with which he handled his guns.

“The following telegram sent by me to Lord Kitchener, referring to the action just described, illustrates what respect I had for our enemies, and that there was good reason for my admiring them.

“9th November. – The ambulance I sent back night of the 7th, to bring our wounded left in Boers’ hands, arrived here last night. Our wounded all report Boers were educated men, and well clothed, and that there were three Commandos under Prinsloo, Grobelaar, and Fourie. Many were quite boys, and all said that they would fight until they were killed. Our doctor, who delivered letters

⁷⁸⁶ Horace Smith-Dorrien, *Smith-Dorrien: Isandlwana to the Great War* (UK: Leonaur, 2009), 288-289.

from me thanking them for their chivalrous behaviour to our wounded, described a most interesting conversation with a highly educated Boer.

"The latter spoke quite openly, and said that the war was due to Rhodes, much more than to Chamberlain. He then said how unlucky they had been that day, as both their general Fourie and Commandant H. Prinsloo had been killed. From all sides it seems that burning farms rankles in their minds.

"The fine behaviour of these men is quite remarkable. In one case Lieutenant Bliss, Canadian Mounted Rifles, was captured just coming away from a farm we had burnt by the owner and twenty-five Boeres. They merely expressed their disapproval of his act, disarmed him and let him rejoin us in the middle of the fight. They seem to think they are fighting for their land, and that if they surrender they will never get their properties back."⁷⁸⁷

Soos Smith-Dorrien hierbo skryf was die dood van veldkornet De Lange 'n vals berig. Op die 9de November het Herman, synde die sekretaris van sy oorlede vader, die restant van die geld wat die generaal ontvang het, aan die veldkornet oorbetaal: die oorblywende £162 plus 'n kwitansie vir £5 wat die generaal bestee het.⁷⁸⁸ En soos ons gelees het, het De Lange vooraan die begrafnisstoet geloop.

Hierdie dae se gebeure word ook beskryf vanuit die ervarings van die Royal Canadian Dragoons en die Canadian Mounted Rifles.⁷⁸⁹ Hulle het waargeneem hoe die kommando gelede opgeroep word. "All afternoon and early evening (LJS: Nov, 6th) the Boers had lit signal fires to recall the men who had quit military duty for the planting season."⁷⁹⁰ Smith-Dorrien het doeltreffend die indruk by generaal Fourie-hulle geskep dat hy die volgende dag wou deurbreek tot in Carolina. Hy het egter besluit om terug te trek na Belfast. "Although he possessed sufficient supplies and probably twice the number of men his opponents could muster, he could not deploy them as effectively. Since the British lacked the mobility, especially with their long lines of supply wagons to protect, Smith-Dorrien realized the Boers could concentrate their forces and outnumber the British at any one point. He thought it unwise to try what he might not accomplish, or without inordinate cost."⁷⁹¹

Miller beskryf generaal Fourie se stormloop soos volg: "The time has come for General Fourie to take the guns before they reached the crest of the ridge. Evann's Mounted Rifles were clearly visible on the next ridge, and Fourie's men would never have a better opportunity. Fourie, Prinsloo, and about one hundred men from Carolina command races forward towards the crest, firing from the saddles – a spectacle which reminded Canadian of a wild west show."⁷⁹²

Nadat Fourie en Prinsloo reeds geval het het sommige Boere nog voortgejaag. "Other, unaware of the fate of their commanders, charged through Turner's ambush straight for the Colt carriage, later firing at the Canadians from behind. What they soon found was only an empty gun carriage, which they wrecked in anger."⁷⁹³

⁷⁸⁷ Smith-Dorrien, *Smith-Dorrien: Isandlwana*, 289-291.

⁷⁸⁸ Grobler, "Die Carolinakommando," 135.

⁷⁸⁹ Carman Miller, *Painting the map red: Canada and the South African War 1899-1902* (Ottawa: Canadian War Museum, 1998), 267-276.

⁷⁹⁰ Miller, *Painting the map red*, 269.

⁷⁹¹ Miller, *Painting the map red*, 269-270.

⁷⁹² Miller, *Painting the map red*, 274.

⁷⁹³ Miller, *Painting the map red*, 274.

‘n Geidealiseerde weergawe van die gebeure

In die tydskryf *Personality* het daar op 26 Maart 1970 ‘n artikel genaamd *Death charge at Witkloof* deur Harry Zeederberg verskyn.⁷⁹⁴ Zeederberg het hom so ingeleef in sy skryfwerk dat hy onverskillig met die historiese feite omgegaan het. So meld hy dat die Boere die aankomende Britse mag se kanonne wou afneem, dit terwyl die Engelse toe besig was om terug te trek na Belfast. Hy gebruik ook die term ‘Rooibaadjies’ terwyl die Britse troepe gedurende die 1899-1902 oorlog in kakie geklee was. En dan skryf hy die volgende: “After the battle, General Smith-Dorrien issued an order that the two burger leaders were to be buried in coffins and with full military honours.

“He also instructed that all officers under his command were to attend the funeral service.

“This was the only occasion in the history of the British Army that such an order was issued. It was, indeed, a unusual tribute.”⁷⁹⁵

Afgesien van die vraag of die familie en kommando hulle so ‘n eerbetoning sou laat welgeval het ons reeds hierbo die werklike gebeure beskryf. Die vraag kom wel by ‘n mens op waarom die plaashuis op Welgevonden nie soos so baie ander afgebrand is nie. Kan dit wees dat Smith-Dorrien en of ander Engelse offisiere moontlik uit respek vir die dapperheid van Fourie opdrag gegee het dat Welgevonden gespaar word? “Dit word beweer dat genl. Smith-Dorrien toestemming verleen het dat genl. Fourie se vrou nie na ‘n konsentrasiekamp weggevoer sou word nie. Dit blyk waar te wees, want geen inskrywings of konsentrasiekamprekords kon vir haar of haar dogter opgespoor word nie. Kommandant Prinsloo se gesin was egter nie so gelukkig nie, want sy vrou, die 36-jarige Cecilia Maria (née Steyn)^{voetnoot 104} met haar kinders, is eers na die Belfast- en toe die Barberton konsentrasiekamp weggevoer waar hulle op 1 Junie 1901 aangekom en in tentnommer T340 P9 tuisgegaan het.”⁷⁹⁶

Die Witkloofmonument

Kommandant Prinsloo se seun HF Prinsloo was later ‘n kaptein in die Suid-Afrikaanse Polisie. Hy het in 1926 ‘n skrywe gerig aan generaal Smith-Dorrien nadat hy sy boek met sy oorlogsherinneringe gelees het. Hy het veral die gedeelte wat handel oor die Slag van Witkloof aandagtig gelees. Hy skryf dat daar ‘n komitee gevorm is om monument op Witkloof op te rig ter herinnering aan generaal Fourie en sy vader. Sou die generaal en die Engelse soldate van destyds dalk ‘n bydrae wou maak? Smith-Dorrien het gunstig gereageer. “General Sir H.L. Smith-Dorrien makes a stirring appeal in The Times for subscriptions for a monument it is proposed to erect in honour of General Fourie and Commandant Prinsloo.”⁷⁹⁷ Die monument is op ‘n datum wat nie bekend is nie onthul onderskeidelik 60 en 30 treë ten weste van waar die generaal en die kommandant gesneue het.⁷⁹⁸

Die res van die oorlog

Na die begrafnisse moes die kommando herorganiseer word. Tydens ‘n byeenkoms op Bonnefoi is David Joubert as kommandant aangestel.⁷⁹⁹ Kommandant JL Grobler van die Ermelokommando het generaal geword.⁸⁰⁰

⁷⁹⁴ Harry Zeederberg, “Death charge at Witkloof,” *Personality* (March 26th, 1970), 71 en volgende.

⁷⁹⁵ Zeederberg, “Death charge at Witkloof,” 71 en volgende.

⁷⁹⁶ Schutte & Coetzee, *Treinvernielers*, 93.

⁷⁹⁷ London correspondent, “Gallant Boer War episode recalled Charge of Fourie and Prinsloo at Witkloof London Fund for memorial Gen Smith-Dorrien’s tribute to chivalrous boer leaders,” *The Star*, 1926.

⁷⁹⁸ Schutte & Coetzee, *Treinvernielers*, 95.

⁷⁹⁹ Grobler, “Die Carolinakommando,” 138.

⁸⁰⁰ Jacques Malan, *Die Boere-offisiere 1899-1902* (Pretoria: JP van der Walt, 1990), 90.

Ons het nie getuienis oor Herman se verdere bewegings gedurende die res van die oorlog nie. Daar is geen briewe uit die tyd nie en die kommando het in verskillende groepies opgetree sonder dat ons met gegewens tot ons beskikking kan bepaal van watter groepies hy deel was. 'n Mens kan jou indink dat die veiligheid van hulle moeder en suster deurgaans voorop in die Fouriebroers se gedagtes was.

'n Aantal burgers is in generaal Louis Botha se kommando opgeneem. Op 7 Januarie 1901 het generaals Botha en Ben Viljoen gepoog om Belfast in te neem, sonder sukses. Die Engelse poging met dryfjag einde Januarie 1901 om die kommando's teen Swaziland vas te druk en uit te wis was ook sonder sukses. Maar baie plase is verwoes en vroue en kinders is na konsentrasiekampe geneem. In Februarie 1901 het generaal Botha 'n slag teen Smith-Dorrien geslaan by Chrissiesmeer.⁸⁰¹

Gevalle van oorgawe en verraad het al meer voorgekom. Vroue en kinders wat in die bergagtige streke geskuil het se skuilplekke is deur hulle eie distriks- en buurmanne wat oorgeloopt het verrai.⁸⁰²

In die winter van 1901 is heelwat burgers as gevolg van kolonel Benson se nagaanvalle krygsgevangene geneem en as ballinge weggestuur. In September 1901 het generaal Botha Natal ingeval. Dit het misluk.⁸⁰³

309 bittereinders het ná vredesluiting op die plaas Twyfelaar hulle wapens gaan neerlê.

Die oorlog was verby.

Aletta se dood

Jochim en Herman kon na Welgevonden terugkeer. Hulle was van die gelukkiges wat weer in hulle eie beddens kon gaan slaap. Dit is nie bekend hoeveel skape en ander vee behoue gebly het en of Jacob dadelik met die skaapboedery kon voortgaan nie.

Van die oorspronklike gesin van sewe was vyf nog in die lewe. Maar nie vir lank nie.

Eerste is Herman se skoonsuster Maggie oorlede. Herman vertel dit in sy brief van 14 Julie 1902 aan ds De Haan. "Daar wij het nog niet officieel wisten heb ik het U in mijn vorigen brief niet gemeld dat onze schoonzuster Mageretha Fourie-Lombaardt overleden is (wij weten nog niet secuur wanneer) te Middelburg in hande van de Engelschen. Mijne moeder had zich vreeselijk over dat arme kind bekommerd en weinig wist zij dat zij het niet weder op aarde zou zien. Volgens laatste mondelingsche berichten is het kindje nog gezond en bij haar grootmoeder in Durban."⁸⁰⁴

En toe verloor Herman ook sy ma. Op 12 Julie 1902 skryf proponent SW van Niekerk as koster die volgende begrafnisbrief op 'n roukaart:

"Begrafenislijst van wijlen Aletta Elizabeth Fourie geb. De Clercq geb. 12 Junie 1849, overl. 12 Juli 1902.

"Het heeft den Almachtigen Heer van leven en dood behaagd om door den onverbiddelijken dood tot Zich te nemen op den 12den dezer 's morgens ten één ure onze teedergeliefde moeder,

⁸⁰¹ Grobler, "Die Carolinakommando," 139.

⁸⁰² Grobler, "Die Carolinakommando," 140.

⁸⁰³ Grobler, "Die Carolinakommando," 141.

⁸⁰⁴ HCM Fourie aan ds en mev De Haan, 14 Julie 1902, 3.

Aletta Elizabeth Fourie, geb De Clercq in den ouderdom van 53 jaar en 13 dagen, na een smartelijk en zeer langdurig lijdens van ongeveer 18 maanden en een smartelijk ziekbed van 27 dagen.

“Hoe bitter dit treurig verlies ons ook moge zijn, zoo troosten wij ons met de waarheid dat wat de Heer doet altijd wél gedaan is, en zullen wij met Job zeggen: ‘de Heer heeft gegeven, de Heer heeft genomen, de Naam van des Heeren zij geloofd.’

“De bedroefde kinders

“Naastebestaanden en Bloedverwanten

Jacob Fourie (zoon), Joachim Christoffel Fourie (zoon), Hermanus Cornelis M. Fourie (zoon),

Jacob de Clercq (broeder)

Jacob de Clercq (neef), Cornelis de Clercq (neef), Stefanus de Clercq (neef), Abraham de Clercq

(neef), Floris de Clercq (neef), Lucas Potgieter (neef), Lucas Potgieter Jr. (kl. neef), N.J. Grobler (neef)

“Dragers:

1. Jacob Fourie (zoon)

2. Joachim Fourie (zoon)

3. Hermanus Fourie (zoon)

4. Jacob de Clercq (broeder)

5. Cornelis de Clercq (neef)

6. Jacob de Clercq Jr. (broeder)

“Lijkgangers

N.J. Grobler (neef), Lucas Potgieter (neef) // Stefanus de Clercq (neef), Abraham de Clercq (neef),

Floris de Clercq (neef), Lucas Potgieter Jr. (kl. neef), M.J. Joubert, A. Stoltz, G. Faure, A. Faure,

H.L. van Niekerk, T. van Niekerk, Jacob van Rensburg, A. Stoltz Jr., W. Joubert, F. Davel, D. Cronje,

H Nieuwoudt, J. Smit, J. Meijr, J. Nieuwoudt, Capt. Grothaus, C. Schultz, P. Groenewald,

I. v.d. Merwe, C. Everard

“De begrafenis vindt plaats op heden den 14 Juli 1902 alhier op de sterf- en woonplaats van de overledene, de plaats Welgevonden.

“S.W. van Niekerk, Koster”⁸⁰⁵

Die aand van sy ma se begrafenis skryf Herman vir ds en mev De Haan. Die pos was weer oop en hulle het op Welgevonden op die 10de Julie ‘n poskaart van die De Haans ontvang.

Hy deel hulle mee dat hulle op die 11de die hele dag by haar bed gewaak het totdat sy om 1 voormiddag op die 12de oorlede is. Hulle was almal daar en kon self haar oë toedruk.

Die Here het hulle diep wonde toegedien. “Wat al wonden heeft de Heer al niet in onze harten geslagen gedurende dezen rampzaligen oorlog. Onze vader en moeder en oudste broeder heeft de Heer ons ontnomen; wij blijven nu alleen over verlaten door ieder aardschen vriend, want niemand op aarde kan ons troosten... // Maar gelukkig dat wij gelooven en zeker weten dat Jezus ons nimmer verlaat; Hij verzelt ons in leven en in dooden. Hij vertroost ons en lenigt onze smarten. Wat hebben wij meer noodig om ons getroost te gevoelen dan dat wij Hem hebben tot vader tot moeder ja! tot alles.”⁸⁰⁶

Iets breek deur van hoe hy haar sal mis: “Ons huis is nu eenzaam; want waar de moeder ontbreekt, ontbreekt schier alle vreugde op aard zelfs wanneer zij al lang gestorven is. Heden avond is onze tante bij ons gebleven om toch de ergste eenzaamheid te voorkomen.”⁸⁰⁷

Hy bid dat die Here hulle lank vir hulle kinders sal spaar sodat die nie op jong leeftyd wees sal wees nie. Gelukkig is die Fouries al groot en kan hulle self klaarkom. “Dat is tevens een voorrecht boven

⁸⁰⁵ SW van Niekerk, Begrafenislijst AE Fourie, afskrif in besit van mev Rosemarie Davel.

⁸⁰⁶ HCM Fourie aan ds en mev De Haan, 14 Julie 1902, 1-2.

⁸⁰⁷ HCM Fourie aan ds en mev De Haan, 14 Julie 1902, 2.

zoovele arme onnozele kleinen die in dezen oorlog hunne moeders en zelfs vaders hebben verloren, en die zich zelve niet kunne redden indien God niet dezulken verzorgt en hun tot vader wil zijn.”⁸⁰⁸

Ds De Haan het ‘n beroep van die hand gewys en Herman is seker die rede is dat die dominee nie wil verhuis nie omdat hy op Herman wag. Herman sien uit om weer deel van die gesin te wees. “...ik zou gaarne wanneer ik eens den bodem van Nederland weer betrad, de vrijheid in uw // huis willen genieten die ik reeds genoten heb. Wat zal het ons een vreugde baren eens weder ons te vereenigen daar in dat huis in de Walstraat waar de Heer ons zoo rijkelyk heeft gezegend. Ach die dagen van gezelligheid en vreugde zijn voorbij sed tempora mutantur nos et mutamur in illis (ik ken nog Latine loqui).”⁸⁰⁹

Dit was vir Herman hartseer om te verneem van die afsterwe van mijnheer Sozerda. Hy het hom as die beste leerkrag aan die Gimnasium beskou. Sozerda se naam kom nie voor in die leerplan van die Stedelyk Gimnasium nie. Dit kon nie vasgestel word in watter vak Herman by die leerkrag onderrig ontvang het nie.

Daar is geen twyfel dat Herman sal terugkeer na Zwolle nie. Die geld is net nog die probleem. “Wij hebben nog geen plannen gemaakt omtrent mijn terugkeeren naar U en wij kunnen niet daarover komen denken voor dat onze zaken met het geld in orde is.”⁸¹⁰

Herman se situasie, planne en gemoedstoestand na die oorlog

Teen Septembermaand was Herman nog op Welgevonden en het die broers en suster geleef van die rantsoene wat na die oorlog deur die nuwe regering van die Transvaal Colony beskikbaar gestel is. “Ik heb vier dagen geleden ‘t laatst een stukje vleesch gehad en dat was echte ‘corned Beef’ á l’anglais dus waarschyjnlyk heel lekker. Verder leef ik slechts van brood en koffie of thee. Mijne broeders zijn er beter aan toe want de visch in de blikken smaakt hun heel goed.”⁸¹¹ Hy mis die heerlike etes wat hy in Zwolle geniet het. “Ach dat heerlijke vleesch en boterhammen en praat niet van het “crocket-veld” (sokkeeren). // Het is maar goed dat er zoo ‘n spatie tusschen ons is want anders zou ik te veel eten.”⁸¹²

Herman het ds De Haan se brief van 26 Julie baie geniet en dit drie of vier keer deurgelees omdat dit nuus bevat van almal wat hy ken. Die lewe is maar eensaam. Hy hou hom besig met Grieks en Latyn en verder verlang hy baie, veral na ds De Haan. “Indien ik ooit naar Holland, inzonderheid naar U verlangde dan is het nu.”⁸¹³

Speels sê Herman dat as hy terugkom in Zwolle hy die huis sal bekruip asof dit ‘n blesbok is! Op ligte trant verwys hy na mev De Haan as sy niggie omdat Dominee geskryf het dat sy so mooi jonk bly. Die kinders het groot geword – hy sien voor hom ‘n lang Marie en ‘n dikke Koba! Piet moet die lekker kos wat daar is eet sodat hy “flink” kan word. Nelli en Adrie sal hom as “oom” moet aanspreek wanneer hy weer by hulle aan huis is. Hy mis ook die somervakansies wat hy saam met hulle gehad het. Hy spot ook met Marie. “Ik hoop maar dat U een lekker zomertje hebt gehad. Was ik maar daarbij dan had ik weer nieuwen steden gezien. U hebt Herman Fourie zeker in Brussel gezien, hij is

⁸⁰⁸ HCM Fourie aan ds en mev De Haan, 14 Julie 1902, 2.

⁸⁰⁹ HCM Fourie aan ds en mev De Haan, 14 Julie 1902, 3.

⁸¹⁰ HCM Fourie aan ds en mev De Haan, 14 Julie 1902, 4.

⁸¹¹ HCM Fourie aan ds De Haan, 8 September 1902, 1.

⁸¹² HCM Fourie aan ds De Haan, 8 September 1902, 1-2.

⁸¹³ HCM Fourie aan ds De Haan, 8 September 1902, 1.

immers daar bij Dr Leyds op Kantoor? Marietje zal het gelooven als u 't bevestigt. U weet immers nog met de sprinkhanen?"⁸¹⁴

Hy is bly dat Edje nie meer daar loseer nie. Herman het hom baie irriterend gevind. Hy is nou terug tussen die Duitsers waar hy hoort.

Herman is nog vas van plan om, sommer voor die einde van die jaar nog terug te keer. "Omtrent het geld om naar Holland terugkeeren zijn onze zaken nog niet achter mekaar maar wach bietjie ou baas zoodra het rech is zal ik kom. Ik zal echter mijn best doen om bij leven en gezondheid voor 't eind van dit jaar te komen. Ik moet nu natuurlijk met privaat lesfen eindexamen doen en ik geloof de Zwolsche leeraren zijn nogal hier op tegen, maar het zal wel gaan. Als u mijnh. terHaar (LJS: die rector) eens ziet kunt U zoo een bietjie hierover 'voelen.' Ik heb veel vergeten maar ik denk in drie jaren kan ik best eindexamen doen."⁸¹⁵ Herman wou al self aan dr Ter Haar skryf maar het dit gelos omdat hy bang is sy sake sloer nog te lank voor hy kan wegkom.⁸¹⁶

Herman het twee perde, die hings Rooibok en Skilpad, wat hy sal verkoop. Hy sal nie permanent terugkeer Nederland toe nie "... of zal ik geen plaatsje kunne krijgen."⁸¹⁷ Moontlik verwys Herman daarna dat hy dalk uit sy pa se boedel 'n plaas kan erf. Baie Boere wil wegtrek maar die vraag is waarheen?

Anders as normaal wanneer alles is Septembermaand mooi groen is is dit droog. Dit lyk darem of reën oppad is. Dit het die vorige nag nog swaar geryp.

Die toestand van land en volk is "allertreurigst ... in ieder opzicht."⁸¹⁸ Hongersnood dreig. Tog staan die drang na onafhanklikheid voorop. Hy wil die nuwe heersers nie eers by die naam noem nie, "Nu is het voor ons om te zingen: Indien ik U vergeet O onafhankelijkheid van mijns Land dan vergete mijn rechterhad zichzelf etc. // Is het niet vreeselijk voor 't ware Afrikaner hart om te staan onder hm! hm! hm! (pas op) Liever hiervan afgezien want het is niet goed voor de borst of inborst."⁸¹⁹

Ten slotte kan mens die vraag vra na die effek wat die hele oorlogservaring op jong Herman Fourie gehad het. Hy was nou twintig jaar oud en het die rousmart van sy broer se dood deurgeworstel, verskeie oorlogservaringe gehad soos liddietbomme wat naby hom ontplof het, die jaag na en van die vyand, die skiet op die vyand, die ontberinge van die veld in somer en winter, hitte en reën, die skok van sy pa se dood, die rousmart daaroor en nou die rousmart van sy moeder se dood.

Die naaste wat ons aan 'n antwoord kan kom kry ons in sy weduwee se notas oor sy lewe. "Invloed van die oorlog se teleurstellende einde: 'n Verslaentheid van gees, wat die grondtrek van sy wese word. Hy neem die toevlug tot eensaamheid in die natuur: Heerlik om in 'n jonge 'brand' te lê; lammetjies te sien speel; die grassies te hoor groei (in werklike sin); saans op te kyk na die sterrehemel; en om te dink en droom oor die gang van al die hemelliggame, oor die oorsprong en bestemming van die heelal en wat dit bevat. In sy hart 'n mengeling van onuitroeibare wantroue in sy medemens en diepe, jammerhartige liefde vir sy volksgenote, goed en sleg."⁸²⁰

⁸¹⁴ HCM Fourie aan ds De Haan, 8 September 1902, 2 en kantaantekening.

⁸¹⁵ HCM Fourie aan ds De Haan, 8 September 1902, 3.

⁸¹⁶ HCM Fourie aan ds De Haan, 8 September 1902, 4.

⁸¹⁷ HCM Fourie aan ds De Haan, 8 September 1902, 3.

⁸¹⁸ HCM Fourie aan ds De Haan, 8 September 1902, 4.

⁸¹⁹ HCM Fourie aan ds De Haan, 8 September 1902, 4.

⁸²⁰ Weduwee Jo Fourie se puntsgewyse lewensoorsig van HCM Fourie, nota 21, circa 1939, Privaatversameling HCM Fourie, 1/11/2, ABP NHKA.



*Foto 34 Grafsteen Herman se ouers
Foto geneem deur skrywer op 14 Junie 2014*

Samevatting

Die oorlog het 'n wending in Herman se lewe gebring. Die belewing het 'n indruk gelaat wat hy moes verwerk, maar wat hy ook met hom sou saamdra. Die ontmoeting met die dood op die slagveld – eerstehands – wyk nooit uit die gemoed nie. Te meer omdat dit jou pa is wat geval het. Gesterf het. Geskiet is. Hierdie enkele gebeure, saam met die ervaring van die oorlog het sy denke en emosies geskend. In die beskrywing van sy latere lewe, sal hieraan aandag gegee moet word. Wat het hy van die oorlog oorgehou? Hoe lê die verbande tussen die oorlog-as-werklikheid en die oorlog-as-herinnering en die oorlog-as-kontemporêre-vertolking?

In die onmiddellikheid van die oorlogservaring het Herman nie veel geskryf nie. Wat in hom gemaak het, het nie neerslag op papier gevind nie. Opvallend is dat hy gereed was om weer na Nederland terug te keer om studies weer op te neem. Om die plaas op te bou en te boer, was nie vir hom 'n opsie nie. Die drang vir intellektuele ontwikkeling was te groot. Hy sou sy jongmenslewe, wat so hard teen 'n oorlog vasgeloop het, afsluit en na Nederland terugkeer.

HOOFSTUK 6

HERMAN FOURIE: 'N PERSPEKTIEF OP SY JONG LEWE TOT NA DIE ANGLO-BOERE OORLOG 1902

Inleiding

Die slothoofstuk van ons studie is 'n oorsigtelike perspektief op die jongmens Herman Fourie. Die sentrale vraag aan die bronne was uiteraard daarop toegespits om 'n samehangende beeld van die latere Bybelvertaler HCM Fourie as jongmens te beskryf. Die bedoeling was om daarmee die basis te lê vir verdere omvattende studie oor hierdie merkwaardige figuur in die kerkgeskiedenis van die Afrikaanse kerke van gereformeerde belydenis. Betekenisvol was ook sy besondere bydrae toe die eerste wetenskaplike navorsing in verband met die swart volke en stamme wat in Suid-Afrika gewoon het en in die 20ste eeu in die nasionale politiek opgeneem is, gedoen is. Daarby het die studie nie gekom nie. Afsluiting is die jaar 1902, toe Herman 20 jaar oud was. Ons hipotese is dat dit wat hy as jongmens in Suid-Afrika ervaar het, sy lewens- en wêreldbeskouing diepgaande beïnvloed het. Trouens, hy moes sien hoe sy vader op die slagveld doodgeskiet is. Enigiemand wat 'n slagveld beleef het, weet hoe diepgrypend dit is. Weet dat daaroor nie gepraat word nie. Ons moet ook aanvaar dat die evangelie van Christus sy lewenservaring as jongmens getemper het, hom gehelp het om daarmee tot 'n vergelyk te kom, hom vrygemaak het om juis hierdie evangelie sonder 'n wrok of wraak te bly verkondig. Daarmee aanvaar ons dat die struktuur van sy geloof met die jare na die oorlog sou verander, sou ontwikkel, om nie in die uiting daarvan tydens die oorlog te bly hang nie. En tog – dit moet in verdere navorsing uitgeklaar word – is dit 'n vraag of hy geheel en al daarvan ontslae sou wees. Was daar 'n blywende impak op sy lewe? Dit moet in navolgende navorsing aan die orde kom.

Op die keper beskou, het daar 'n hele ommekeer in sy lewe plaasgevind tussen sy kleuterjare en sy vroeë volwassewording. Hy word groot in die vryheid van 'n plaas in die ZAR. Sy horison verbreed met die formele skoolopleiding in Pretoria. Dan kry hy geleentheid om in Nederland aan 'n Gimnasium, met 'n neutrale onderwysbeleid en -inhoud, hom vir universitêre opleiding voor te berei. Hy word aan 'n onvoorstelbare nuwe wêreld blootgestel. En dan breek die oorlog uit wat eindig met die verlies van vryheid in die ZAR. Herman was gretig om aan die oorlog deel te neem maar ervaar dan die harde werklikheid daarvan. Dit maak 'n onuitwisbare indruk op hom. Wat aanvanklik deels as 'n avontuur gesien is, slaan diep wonde in sy hart met die dood van sy broer en die belewenis van die val van sy vader op die slagveld, die dood van sy skoonsuster in 'n konsentrasiekamp en die afsterwe van sy moeder kort na die oorlog. Die laaste hoofstuk is dus bedoel om alles in kanne en kruike te bring, om 'n perspektief op te stel wat vir verdere navorsing oor die lewe van Herman Fourie van deurslaggewende belang behoort te wees.

Skrywer gee eers 'n oorsig van die bronmateriaal wat beskikbaar is en benut is. 'n Verantwoording van die bronne bly vir die gereformeerde kerkhistorikus van groot belang. Daarna word die breër perspektief op die jong mens Herman Fourie geskets. Die teologiese kernvraag naamlik die vraag na sy geloof word aan die einde van hierdie hoofstuk behandel alvorens afgesluit word met 'n paar opmerkings oor die waarde van hierdie studie.

Die aard van die bronmateriaal en die waarde daarvan

Kerkgeskiedenis, soos alle geskiedenis, moet vanuit primêre bronne beskryf word om gesaghebbend te wees. Daarmee word bedoel dat die perspektief wat uit die bronne op die geskiedenis oopgemaak word, in die bronne begronding moet vind. Daarop was hierdie studie noukeurig bedag. Die beeld van Fourie wat uit die bronne na vore tree, is nie fiktief nie. Genealogiese bronmateriaal het Herman se familieherkoms vir ons netjies uitgespel. Maar, soos dit met historiese navorsing gaan, is die bron

wat ons graag sal wil vind omdat ons weet dit daar moet wees, nie altyd meer beskikbaar nie. Dit is die geval met die huwelikinskrywing van Herman se ouers, hulle lidmaatinskrywing waar daar 'n bladsy uit Carolina se lidmaatregister ontbreek asook die kerkraadsnotules wat as gevolg van die oorlog verlore geraak het of vernietig is. So ook met Herman se eie lidmaatinskrywing in die Hervormde gemeente Zwolle. Die argiefmateriaal met gegewens uit die betrokke periodes ontbreek.⁸²¹

Waar direkte primêre materiaal ontbreek het ons dit so gestel en daar is dan gesteun op ander materiaal wat wel beskikbaar was. So byvoorbeeld kon ons wel 'n idee vorm van Herman se plaasskoolkurrikulum aan die hand van die staatskurrikulum en kon die lewe as loseerder by die gesin van meester Louis aan die hand van tydgenootlike bronne beskryf word.

Die kenmerkende Nederlandse deeglikheid wat die insamel en bewaring van inligting was van groot waarde by die benutting van argiefmateriaal rakende die Stedelijke Gymnasium in Zwolle. So kon nie alleen die kurrikulum nie maar ook Herman se skolastiese pretasies weergegee word. Die Nederlandse deeglikheid was net so waardevol by die kurrikulum van die Staatsgymnasium en die rektor Hendrik Reininck se *Programma*.

Waar die geskiedenis werklik lewe begin kry het was met die behandeling van die behoue korrespondensie van Herman se moeder met hom en mevrou De Haan asook sy eie korrespondensie met die De Haans en dr Pont. Daarmee het die sogenaamde "enkeling" of "kleinman" in die geskiedenis aan die woord gekom. Persoonlike belewenisse tot op die intieme vlak van rousmart het op 'n onmiddellike vlak aan die woord gekom. Aletta Fourie se opinies rakende landsake en die dreigende oorlog het ons in haar eie handskrif. Net so ook haar moederlike raad en vermaning aan haar jongste seun. Ons het ook in sy eie skrif Herman se beskrywing van sy seereis en sy oorlogservaringe. Sy mening rakende die vyand in sy eie woorde. En, aspekte van sy geloofslawe soos dit gedurende die oorlog uitgedruk word. Hierdie dokumente moet as van besondere waarde aangeteken word. Die onmiddellikheid van die belewing van die werklikheid, gee daaraan besondere aktualiteit, en het die navorsing aan singewing gehelp.

Laastens, danksy die werk van die Historiese Komitee van Carolina deur middel van die werke van Grobler en Schutte en Coetsee, kon ons die Carolinakommando se bewegings noukeurig volg met spesiale vermelding van die gebeure by Witkloof waar generaal Fourie en kommandant Prinsloo gesneuwel het.

Ons is dus oortuig daarvan dat die bronne, wat uit diverse genres bestaan, genoegsame inligting bevat het om 'n omvattende biografie van die jong mens Herman Fourie, te rugsteun.

Herkoms

Afgesien van geslagsregisters en kort studies is daar nie voorheen 'n detailstudie gemaak van Herman Fourie se herkoms nie. Herman kom uit 'n geslag van twee Voortrekkerfamilies wat gedurende die 19de eeu doelbewus die Kaapkolonie verlaat het om in die binneland te vestig. Die navorsing het aangetoon dat sy oorgrootouers van vaders- en moederkant trekleiers was van die emigrante wat die Cape Colony verlaat het. JC Espach in 1843 as trekleier van 'n groep van ongeveer 23 gesinne⁸²² en Jacob de Clercq III in Junie 1837 leier van 'n groep van 11 gesinne wat algaande

⁸²¹

<https://collectieoverijssel.nl/collectie/archieven/?mivast=20&mizig=210&miadt=141&miaet=1&micode=1140&minr=1235533&miview=inv2>

⁸²² Hoofstuk 1 Gootoupa Joachim Christoffel Espach.

gegroeï het.⁸²³ JC Espach was veldkornet in die Albanydistrik en het aktief aan die politiek in Oos-Transvaal deelgeneem. De Clercq het die Geloofte afgelê en aan die Slag van Bloedrivier deelgeneem. By hom was Jan Bantjes, die bruin man wat soveel gehelp het met skryfwerk in die laers. Dit was ook hy wat 'n weergawe van die Geloofte vir die eerste keer op skrif gestel het. Na die Slag van Bloedrivier speel Jacob de Clercq 'n rol in die administrasie as landdros vir die gebied wes van die Drakensberge. Later word hy volksraadslid van die Andries-Ohrigstadse Volksraad en ook heemraadslid. Hierna koop hy die plaas Welgevonden. Herman ken sy oupagrootjie se twee pioniershuisies en ook die begraafplaas waar hy en ander Voortrekkers begrawe lê. Die term Voortrekkers het in Herman se jong dae in gebruik gekom.

Herman se Voortrekkerverlede was dus aan hom bekend en hy het baie na daaraan gekom sonder dat hy hom noodwendig daarvoor uitgedruk en dit onder woorde gebring het. Met die 1938-herdenking van die Groot Trek sou Herman 'n rol speel in die organiserings van die herdenking op Groot Marico en ook 'n toespraak hou oor Andries Hendrik Potgieter.

Die enigste bewuste uitdrukking gedurende Herman se jong lewe van sy verbintenis met die geskiedenis tref ons aan in 'n verwysing na Geloftedag in 'n skrywe wat hy op 16 Desember 1899 aan boord die *Herzog* aan ds en mev De Haan rig. Hy verwys in sy brief na Geloftedag as Dingaansdag. Hy noem dit 'n fees- en dankdag vir die uitredding by Bloedrivier op 16 Desember 1838. Die Boere kan tydens die oorlog nie nou by Paardekraal byeenkom om God te loof nie. Hiermee verwys hy na die Paardekraalgeloofte van 1880 en die vier van Geloftedag te Paardekraal in die jare daarna. Die feit dat die Boere die 1880-1881-oorlog gewen het en dat God by Bloedrivier uitredding geskenk het, skep by hom die hoop dat die Heer die Boere ook in die huidige oorlog sal help.⁸²⁴

In hierdie enkele opmerkings van Herman neem 'n geskiedbeeld vorm aan. Die blikpunt van die historiese bewussyn wat by hom opkom, is Dingaansdag, wat in verband staan met die Slag van Bloedrivier, maar wat in die gedagte van Herman die resente gebeure by Paardekraal nog as *Sitz im Leben* het. Die Groot Trek as historiese beeld en oriëntering het nog nie vorm aangeneem nie. Hy bring Dingaansdag – 'n fees- en dankdag – met God in verband en ontknoop dit in Bybelse taal. Dit gaan om “uitredding” en “dankbetuiging” teenoor hierdie God. Gevolglik sal Hy ook in die oorlog uitredding en hulp skenk. Herman se opmerkings is uiteraard uiting van 'n godsbesef, waarin die genuanseerdheid van die gereformeerde belydenis en Skriftuurlike omvang, ontbreek. Dit kan hom ook nie verkwalik word nie, omdat hierdie godsbesef algemeen voorgekom het. Hoe hy as teoloog en predikant later in sy lewe hiermee omgegaan het, lê buite bereik van ons studie. Dit word egter aangeteken as 'n belangrike saak wat wag op uitklaring.

Herman as ywerige skolier

Herman het groot geword binne 'n familie wat kom uit die Groot Trek en 'n hoë premie geplaas het op skoolopvoeding. Oupa Jacob de Clercq IV het vir Herman se moeder-hulle 'n onderwyser uit Natal na Lydenburg laat kom. Herman se pa het ook onderwysers gehuur om aan sy kinders onderrig op die plaas te gee. Daarna het sy ouers hom na Pretoria en Zwolle gestuur vir opvoeding aan die skool van meester Louis, die Staatsmodelschool, die Staatsgimnasium en die Stedelijke Gymnasium in Zwolle, alles op hulle eie koste. Die beurse het eers later gekom toe Herman reeds leerling aan die Stedelijke Gimnasium was.

Herman was deel van 'n klein persentasie kinders in die ZAR wat hierdie besondere opvoeding kon geniet. Die inligting oor sy skoolloopbaan was bekend maar is in hierdie studie aangevul met detail

⁸²³ Jan C. Visagie, *Voortrekkerstamouers 1835-1845* (Pretoria: Protea, 2011), 132.

⁸²⁴ HCM Fourie aan ds en mev De Haan, 16 Desember 1899, 4.

vanuit die sillabusse. Ons het gesien dat Herman by meester Louis geleer het om metodies te werk te gaan en verder dat hy vroeg reeds selfstandig gewerk het.

Vir die eerste keer het hierdie studie dan ook die goeie resultate wat Herman aan die Stedelijke Gimnasium behaal het uit die argiewe na vore gehaal.

Herman se ma wou graag hê dat hy 'n graad in regsgeleerdheid behaal om regter in die ZAR te word, om sy land te dien. Op 'n stadium het hy dit oorweeg om mediese dokter te word. Die begeerte om predikant te word tref ons nog nie aan in die tydperk waaroor hierdie studie handel nie.

Uit die entoesiasme waarmee Herman sy studies aangepak het blyk dit dat die akademie nie vir hom 'n las was nie maar 'n liefhebbery. Neem byvoorbeeld die feit dat hy oppad is om te gaan oorlog maak en die Gymnasium eers vaarwel toegeroep het, maar nogtans tydens die seereis verder studeer. Hy en sy maats dra vir mekaar gedeeltes voor uit Homeros en hou hulle besig met vertaling uit Caesar.⁸²⁵ Sy boeke het saamgekom. Hy moes dit ongelukkig op Welgevonden agterlaat en is net met Bybel en Psalmboek oorlog toe.⁸²⁶ Na die oorlog begin hy op sy eie weer sy kennis van Grieks en Latyn opknop.⁸²⁷

Dit is duidelik dat hy 'n natuurlike aanleg vir tale gehad het. In hierdie studie kon ons hom daarin sien ontwikkel van jong seuntjie wat met swart seuns speel en 'n goeie verhouding met die plaaswerker ou Januari het. Hy kommunikeer met hulle in hulle eie taal. Ons het ook gesien dat sy kennismaking met Grieks en Latyn reeds op 14-jarige ouderdom begin wanneer hy by die Staatsgimnasium inskryf. Hy presteer goed in die tale, tewens eintlik in al sy vakke aan die Stedelijke Gymnasium in Zwolle. Hierdie studie het dan ook die rol wat meester Wessel Louis in sy intellektuele ontwikkeling gespeel het na vore gebring. Spesifiek wat die klassieke tale betref het na vore gekom dat Herman sy eerste onderrig in Grieks en Latyn ontvang het van J Bergmans (L.H.C.) en dr H Reininck. Op hierdie fondament is in Zwolle voortgebou deur HR Idzerda (Kandidaat in Klassieke Letterkunde) in Latyn en dr KB van Wulfften Palthe in Grieks.

Hoe Herman hom kon inleef in die tale kom na vore in weduwee Jo Fourie se beskrywing. "Liefde en bewondering vir die klassieke word in hom wakker. Die ritme van die Grieks veral. As hy bv. 'n trap oploop vat hy tree vir tree op die jambes van 'n gedig en met 'n klimaks aan die end, word die laatste paar treë in één groot sprong geneem. Hy land dan 'n sware plons met altwee voete gelyk op die boonste vloer! "Van Latyn bewonder hy veral die sinsbou en die verbuigings: die moontlikheid om veel en presies met min woorde uit te druk (soos in Zulu ook). Die beste uiting van logies-dink."⁸²⁸

Die beeld van Herman wat na vore gekom het is die van 'n jong seun en later jongman wat ywerig studeer het en die geleentheid wat hom gebied is om 'n klassieke opleiding te ontvang met ope arms verwelkom het.

Herman is as kind in die koshuis gebrei om onder moeilike omstandighede te leef en van vroeg reeds op homself aangewese te wees. Hy gaan op relatiewe jong ouderdom alleen na 'n vreemde land. Die seereis was vir hom baie erg as gevolg van die seesiekte wat hom so oorweldig het. Sy ontberinge in die veld tydens die oorlog ontnem hom nie van sy liefde vir die veld nie. Ons leer 'n gebreide jongman ken wat beproewinge kon deurstaan. Nêrens het ons hom hoor kla nie.

⁸²⁵ HCM Fourie aan ds en mev De Haan, 16 Desember 1899, 2.

⁸²⁶ AE Fourie aan Marie de Haan, 27 Februarie 1900, 2.

⁸²⁷ HCM Fourie aan ds De Haan, 8 September 1902, 1.

⁸²⁸ Weduwee Jo Fourie se puntsgewyse lewensoorisig van HCM Fourie, punt 17, 1939, Privaatversameling HCM Fourie, 1/11/2, ABP NHKA.

Belangstelling in die landspolitiek

Alhoewel nie uitgesproke daaroor nie het Herman van jongs af 'n blootstelling en belangstelling gehad in die landspolitiek binne die ZAR. Hy leer belangrike figure ken, al is dit nog op die vlak van 'n jong seun wat bewus is van grootmense met wie sy pa voortdurend in aanraking is. Hier is dit veral SW Burger en ADW Wolmarans wat opval.

SW Burger was saam met Herman se pa lid van die eerste Volksraad. Herman se suster Nonnie het by die Burgersgesin tuisgegaan tydens haar katkisasieweek in Pretoria. Sy ma wys hom daarop dat dit deur Burger se toedoen is dat Herman 'n toekenning uit die Ziervogelfonds ontvang het. Hy moet vir hom 'n brief van dank skryf. Ons het Burger in die beskrywing van Herman se oorlogservaringe aangetref as generaal en later vise-president van die ZAR. Herman sou altyd intens in landsake belangstel. Toe hy in 1911 na die Unie van Suid-Afrika terugkeer is Burger lid van die Transvaalse Uitvoerende Komitee. Hy word in 1913 senator.⁸²⁹

ADW Wolmarans se rol binne die Prokurasiekommissie en die NHK ZAR is bespreek. Dit speel af tydens Herman se kinderjare. Herman weet dat Wolmarans, wat saam met sy pa in die Eerste Volksraad gedien het in die onderwys belang gestel het. Hy volg Wolmarans se bewegings in die openbare lewe aan die hand van sy ma se briewe. Dit is Wolmarans wat Herman in 1910 in Utrecht sou besoek om hom te werf as predikant van gemeente Pretoria. Wolmarans het in die jaar waarin hy Herman as predikant vir gemeente Pretoria gewerf het senator geword. Sy en Herman se sentimente rakende die Nasionale Party en die Rebelle val saam. Wolmarans is lid van die vryheidsdeputasie wat na die Eerste Wêreldoorlog poog om die Boererepublieke se onafhanklikheid te verkry.⁸³⁰

Herman se kennis van swartmense en swart tale

Herman sou uiteindelik sy proefskrif skryf by professor dr Hugo Visscher onder die titel *Amandebele van Fene Mahlangu en hun religieus-sosiaal leven*. In die voorwoord tot die proefskrif blyk duidelik sy dankbaarheid vir die geleentheid wat hy gehad het om in Nederland te studeer. Hy het groot waardering vir die voogskap van professor Pont en die ondersteuning van die NZAV. "Dankbaar ben ik nu eindelijk de gelegenheid te hebben, waarvan ik gaarne gebruik maak, om mijn erkentelijkheid uit te spreken jegens allen in Nederland, die er toe bijgedragen hebben om mijn verblijf in dit kleine en toch grote land tot de aangenaamste periode van mijn leven te maken.

"... Mijn dank aan U, Hooggeleerde PONT, Afrikaner-vriend, voor Uw vriendschap, voorlichting en hulp, als een wijze en zorgzame voogd.

"... Mijn dank aan de Nederlandsch-Zuid-Afrikaanse Vereniging voor hun ondersteuning in moeilijke tijden, toen my volk en ik geruineerd waren door de gezegende 'bescherming' van het Britse Rijk!

"...Ten slotte mijn hulde aan Haar, de Geëerbiedigde Koningin der Nederlanden, onder wier regering ik mijn gehele opleiding mocht ontvangen in een land van vriendschap, vrede en vrijheid. Als een waardige afstammeling van die Grote Zwijger, die zich durfde verzetten tegen vreemde overheersing en verdrukking van zijn volk, blijft zij geëerd en geliefd diep in het hart van elke ware en vrijheidslievende Afrikaner."⁸³¹

⁸²⁹ SABW Deel II (1986), s.v. "Burger, Schalk Willem."

⁸³⁰ SABW Deel II (1986), s.v. "Wolmarans, Andreas Daniel Wynand."

⁸³¹ HCM Fourie, *Amandebele van Fene Mahlangu en hun religieus-sosiaal leven* (Zwolle: La Riviere & Voorhoeve, 1921), 7-8.

Hy begin die proefskrif met die woorde: “Het ethnografies onderzoek is moeiliker dan men zich dat gewoonlijk voorstelt. Vooral wanneer men tot onderwerp daarvan een natuervolk kiest.”⁸³² Eerstens, en daarmee volstaan ons hier, verwys hy die noodsaaklikheid daarvan dat die navorser die volk onder die vergrootglas se taal ken. “Nielsen zegt: ‘to know the native of Africa is to know his language.’^{voetnoot} Dit is natuurlik te sterk uitgedrukt. Die de taal kent, kan het volk kennen, omdat de taal de middel is waardoor het volk zijn innerlijke leven te kennen geeft.”⁸³³

Sy deeglike kennis van verskeie swart tale dateer reeds uit sy kinderdae. Daar het ‘n goeie verhouding tussen hom as jong blanke seun en die swart werkers op die plaas geheers. Januari, die voorman onder die werkers, het ‘n sagte plek in sy hart gehad vir Herman. Hulle stuur oor en weer vir mekaar groete toe Herman in Nederland was. Januari help Herman voorberei om te velde te gaan. Herman was goed op hoogte met volkereverhoudinge in die ZAR soos blyk uit die nuus wat hy altyd gretig gevolg het en waarin daar ook oor die veldtogte en oorloë teen swart stamme berig is. Dat hy die taal geken het, het hom in ‘n besondere posisie geplaas met betrekking tot die saamleef en verhouding met swart mense in die land. Hy maak hierbenewens ‘n wetenskaplike bydrae tot hierdie veld en speel ‘n baie belangrike rol toe daar later die onvermydelike politisering daarvan in werking gestel is. Hy sou sy kennis en insig ook verbind aan die Christelike en kerklike sending en evangelieverkondiging. Hierdie aspek van sy lewe, moet ook oorstaan vir verdere navorsing.

Herman se familie en gesin as lidmate van die NHofG

Aan sowel die Fourie- as die De Clercqkant het ons dit aangetref dat (oor)grootouers hulle plase as kerkplekke beskikbaar gestel het. Grootoupa Jacob de Clercq III het Welgevonden se waenhuis tot beskikking van dominees Begemann en Smuts van die NHK ZAR gestel alhoewel hyself tot die NHofG Kerk behoort het. Welgevonden was in elke geval een van die plase waar daar buitendienste van die NHofG gemeente Lijdenburg gehou is. Net so het oupa CE Fourie ook Blaauwkop beskikbaar gestel as kerkplek.

Die opmerking van weduwee Jo Fourie dat Herman se gesin van herkoms nie besonder “kerks” was nie kon nie geverifieer word nie.⁸³⁴ Verwys dit net na die seuns wat huisbesoek ontduik het of was die gesin werklik nie kerklik baie meelewend nie? Vanuit sy ouers se gesinne van herkoms en die gewoonte van die tyd lyk dit onwaarskynlik.

Joachim en Aletta Fourie het al hulle kinders laat doop. Hulle naaste kerkplek was gewoonlik op een van die naby-geleë buurplase. Hulle het waarskynlik ná so ‘n buitediens op Leliefontein oorgebly totdat Herman met die hulp en ondersteuning van die gasvrou as vroedvrou gebore is. Nonnie word na Pretoria gestuur vir haar katkisasie by ds HS Bosman en Aletta meld met vreugde in haar eerste behoue brief dat sy inderdaad tot lidmaat toegelaat is!

Die studie het ook getoon dat dit dalk ‘n oordrewe stelling is dat Herman skaars van die bestaan van die Hervormde Kerk geweet het. Dit is dalk eerder waar dat hy nooit oor die bestaan van die verskillende Hollandse kerke in die ZAR gedink het nie.⁸³⁵ Hoewel daar nie in die Carolina-omgewing ‘n Hervormde gemeente was nie sou Herman wel in Pretoria kennis geneem het van die kerkplek en die dominee, ds Goddefroy, van die Hervormde Kerk. Ds Goddefroy was ook lid van die Curatorium van die Staasgymnasium.

⁸³² Fourie, *Amandebele*, 11.

⁸³³ Fourie, *Amandebele*, 11.

⁸³⁴ Weduwee Jo Fourie se puntsgewyse lewensoorsig van HCM Fourie, punt 4, circa 1959, Privaatversameling HCM Fourie, 1/11/2, ABP NHKA.

⁸³⁵ Weduwee Jo Fourie se puntsgewyse lewensoorsig van HCM Fourie, punt 36, circa 1959, Privaatversameling HCM Fourie, 1/11/2, ABP NHKA.

Herman sou nog in sy eerste dekad as predikant met ds Goddefroy, wat in 1920 oorlede is, te doen hê. Ds Goddefroy neem waar as voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering by die aanhoor van die saak van Herman se medeleraar in die gemeente Pretoria, ds Ruysch van Dugteren. Herman was ook konsulent van Middelburg waar ds Goddefroy teen die einde van sy ampstermyn gearbei het. “Gedurende die grootste gedeelte van 1916 was (ds Goddefroy) so siek dat hy beswaarlik nog enige gemeentewerk kon doen.”⁸³⁶ Omdat Herman onder sekere voorwaardes uit die gevangenis vrygelaat is moes hy eers toestemming kry om te reis ten einde konsultenswerk te gaan verrig. Sy aansoek gedurende Julie 1916 was onsuskesvol omdat die magistraat Rose-Innes met verlof was en opdrag gegee het dat geen verlof om te reis aan ds Fourie toegestaan mag word alvorens hyself nie terug op kantoor was nie.⁸³⁷ Op 22 Augustus 1916 skryf magistraat Rose-Innes ‘n permit “om naar het District Middelburg te gaan en aldaar van af den 20sten September 1916 tot den 4de October 1916 te vertoeven ten einde Konsultensdiensten te Skukuniesberg en Roosenekal voor Ds.M. J. Goddefroy te houden.”⁸³⁸

Die brug na Nederland

In ons studie het ons die Beelaerst van Bloklandfamilie raakgeloop wat deur hulle betrokkenheid in Suid-Afrika en die ZAR die destydse band met Nederland illustreer. Verder het ons dit raakgesien in die aanstelling van Nederlanders in sleutelposte binne die ZAR regering en staatsdiens. Al Herman se onderwysers was uit Nederland afkomstig. Die taal van onderrig was Nederlands.

Herman het ‘n geleentheid gehad wat min ander gehad het, om in Nederland te gaan studeer. Hy wóu studeer, anders as baie ander van sy tyd. Joachim Fourie het in Pretoria eerstehands kennis gemaak met die moontlikhede van studie in Nederland en het te doen gehad met mense wat hom kon help om dit vir sy eie seun te laat realiseer.

Die maklike inskakeling by die De Haangesin en sy goeie skoolprestasies maak dit duidelik dat dit nie vir Herman moeilik was om aan te pas nie. Hy het ook nie met ‘n meerderwaardigheid na sy eie land teruggekeer nie. Sy meerdere lewenservaring, breër lewensuitkyk en geleerdheid het hom nie hoogmoedig gemaak nie. Dit blyk onder andere uit sy benadering tot die predikantskap. “Hy het in alles met sy gemeentelede saamgelewe. Hy het almal by hul naam geken, en in elke huis is hy as vriend begroet.”⁸³⁹

Ons het die rol wat die NZAV gespeel het in die befondsing van jong Afrikaners se gimnasiale en universitêre studie in Nederland duidelik belig. Die betrokkenheid van dr JW Pont en later die familie Pont by die wel en wee van die Afrikanervolk het ook uit die voue van die geskiedenis aan die lig getree. Herman is persoonlik deur dr JW Pont in Nederland ontvang en hy het ‘n belangstelling in Herman se vordering getoon. Herman skryf juis aan hom sy eerste poskaart vanuit Napels oppad na Delagoabaai.

JW Pont het twee besoeke aan Suid-Afrika gebring. Die eerste is in 1919 waarna hy hom beywer vir geselekteerde emigrasie van Nederlanders na Suid-Afrika. Gedurende die twintigerjare emigreer sy eie twee seuns na Suid-Afrika. Daan Pont word professor in regsgeleerheid aan die Universiteit van Pretoria en JW Pont jr., doktor in biologie, was verbonde aan die Departement van Landbou. JW jr. is

⁸³⁶ SJ Botha, *Ds Marié Joseph Goddefroy 1848-1920 Sy lewe en betekenis* (Pretoria: Kital, 1981), 210.

⁸³⁷ Waarnemende Magistraat aan HCM Fourie, 8 Julie 1916, Privaatversameling HCM Fourie, 1/11/4, ABP NHKA.

⁸³⁸ Magistraat Rose-Innes aan HCM Fourie, 22 Augustus 1916, Privaatversameling HCM Fourie, 1/11/4, ABP NHKA.

⁸³⁹ Vermooten, “Dr. H.C.M.Fourie,” 15.

dan ook die vader van prof AD Pont, emeritus-professor in kerkgeskiedenis in Afdeling A van die Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria. AD Pont is gebore in 1927. JW Pont sr. besoek in daardie jaar Suid-Afrika vir die tweede keer. Hy bedien dan ook die sakrament van die heilige doop aan sy kleinseun in die NG gemeente Kroonstad-Noord.⁸⁴⁰ Die resultaat van die tweede besoek was die instelling van die Nederlandsch Cultuurhistorisch Instituut asook 'n leerstoel vir Nederlandse Kultuurgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.⁸⁴¹ AD Pont herinner hom uit sy kinderjare kere toe dr HCM Fourie sy ouers aan huis in Pretoria kom besoek het.⁸⁴²

In die bestudering van die lewe en werk van HCM Fourie, sal sy verbintenis met Nederland verreken moet word. Die oorsprong daarvan lê in die jare toe hy in Zwolle voorberei is vir universitêre studie aan die Universiteit van Utrecht. Hoe hierdie geleerdheid van toepassing gemaak is in Afrika, in 'n Unie binne die Britse gemenebes van lande, is 'n deel van Fourie se lewe wat noukeurig nagegaan sal moet word. Trouens, buitelandse geleerdheid en die kontekstuele en uiteenlopende toepassing daarvan gedurende die eerste helfte van die 20ste eeu, vorm 'n beduidende trajek in die Suid-Afrikaanse intellektuele en teologiese geskiedenis.

Die oorlog

Ons studie het ook aangetoon dat daar as 't ware oorlogsbloed in Herman se are gevloei het. Sy oupagrootjie Espach was veldkornet aan die oosgrens tydens die grensoorloë, oupagrootjie De Clercq het deelgeneem aan die Slag van Bloedrivier en sy eie pa was veldkornet tydens die Eerste Vryheidsoorlog en generaal tydens die Tweede Vryheidsoorlog. 'n Dapper en onverskrokke leier wat aan die voortpunt van sy manne op die vyand afgestorm het.

Wat ons in gedagte moet hou is dat gedurende die 19de eeu oorlog gesien is as 'n middel om geskille en kwessies mee te besleg. Daar is nie uit Christelike hoek etiese vrae oor oorlog gevra soos wat wel na die Eerste Wêreldoorlog begin gebeur het nie. Herman is gebore net na die afloop van eerste Anglo-Boereoorlog. Hy word groot teen die agtergrond van voortdurende veldtogte en oorloë teen swart stamme. Hy benader dus die oorlog amper as 'n avontuur maar word gelouter deur sy ervaring met die harde werklikhede daarvan. Het hy in sy latere lewe dikwels hieroor gepraat? Of, het hy daaroor geswyg? Hoe het hy tot 'n vergelyk gekom met die hoop op uitredding, soos by Dingaansdag en bevestig is by Paardekraal, wat op die wyse waarop die Anglo-Boereoorlog afloop ten spyte van wat gesien is as uiterste onreg, beskaam het? Hoe is dit in sy prediking aangespreek? Sou hy radikaal konsekwent begin dink het? Maklik reageer het? Hierdie vrae wag nog om geantwoord te word.

Sy selfverstaan as 'n Boer en 'n Afrikaner

Herman Fourie het van jongs af 'n belangstelling in die sake van die ZAR getoon. Hy kom uit 'n huisgesin waar die koerante deeglik gelees is. Sy gewoonte om koerant te lees dateer dus moontlik reeds van voor sy verblyf in Nederland. In die ZAR van die 1890's was die gebruik reeds goed gevestig dat alle regeringskennisgewings, konsep-/wetgewing en notules van die Volksraad feitlik algemeen bekend was omdat die Staats Courant dit alles bevat het en 'n mens daarvoor kon inteken soos op ander koerante. Voeg daarby dat die politiek van die dag druk in sy ouerhuis bespreek is en dat sy pa lid van die Eerste Volksraad was op 'n stadium toe hy alreeds 'n begrip kon hê van wat in die grootmenswêreld aan die gebeure was. As kind het hy ook die staatspresident ontmoet en in Pretoria het hy geweet waar die raadsaal en die presidentswoning was. As skoolkind in Nederland het

⁸⁴⁰ Lidmaatregister NG gemeente Kroonstad-Noord, inskrywing 40, Argief NG Kerk Vrystaat, Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bloemfontein.

⁸⁴¹ SABW Deel III, s.v. "Pont, Johannes Willem."

⁸⁴² AD Pont, medeling aan skrywer.

hy gretig gevolg wat in sy vaderland aan 't gebeure was en sy moeder skryf vir hom daaroor asof hy 'n gelyke is.

Uit sy korrespondensie tydens die oorlog kom duidelik na vore die hoë premie wat hy op die onafhanklikheid en vryheid van sy volk geplaas het. Herman se ma praat van die Afrikaner: "Deze oorlog strijd op leven en dood de Afrikaner weert zich om zijn vrijheid te behouden en de Engelsman voor zijn dag loon, ik kan niet gelooven dat de God des hemels zulke handelwijze van England zal bekroonen met overwinning de Afrikaner natie staan nu op en wil het juk van // England voor goed afhaken."⁸⁴³ Hy gebruik self ook die term. "Is het niet vreeselijk voor 't ware Afrikaner hart om te staan onder hm! hm! hm! (pas op)"⁸⁴⁴

Die term Boer kom meermale in sy skrywes voor en dit is duidelik dat hy homself sien as 'n Boer en 'n Afrikaner. Hy het homself as burger van die ZAR beskou wat die plig het om sy vaderland te help verdedig. Daarom dat hy sy studie aan die Stedelijke Gymnasium eers gestaak het om te kom veg.

Hierdie agtergrond van hoe hy groot geword het is belangrike kennis vir die verdere ondersoek wat nog gedoen moet word na die res van sy lewe. Hoe hierdie grootwordgeskiedenis 'n rol verder-aan in sy lewe gespeel het sal veral na vore kom by die ondersoek na sy deelname aan die Rebelle van 1914/5 en sy kandidatuur vir die Nasionale Party in 'n tussenverkiesing vir die Volksraad gedurende Maart 1939.

Hy word later beskryf 'n volksman. Totius noem hom 'n "ras-egte Afrikaner" wat niks anders kon wees nie.⁸⁴⁵ Ds T.F.J. Dreyer skryf: "Hy was 'n kind van die veld, 'n boer, 'n Afrikaner is die ware sin van die woord, 'n Godsmen en 'n volksman, 'n patriot soos ons volk maar min het."⁸⁴⁶ A. J. Willemse stel dit so: "Sy kerk het hy met 'n onbaatsugtige liefde gedien; vir sy land en volk het hy alles, tot selfs sy eie lewe feil gehad."⁸⁴⁷

Die wortels hiervan lê sekerlik in sy jongmens lewe. Ons veronderstel dat die ervaring en verwerking van die Oorlog daarin die oorhand begin kry het. En, dat juis dit ook teologies-krities ondersoek moet word. Dit was immers nie sonder verwysing na God en godsdiens nie.

Herman Fourie se geloof

Dit is bekend dat Totius op HCM Fourie se begrafnis gesê het: "As iemand my sou vra of ek ooit in hierdie wêreld 'n Christen geken het, dan sou ek onmiddellik geantwoord het – Ja, ek het Herman Fourie geken."⁸⁴⁸

Van verskeie kante is daar van Herman Fourie se geloof melding gemaak. Totius skryf ook in 'n memorandum: "Ek het dr. Fourie ten slotte leer ken as gelowige, as kind van God. Hy het nie net die Bybel vertaal nie, maar ook van harte en kinderlik geglo wat daar geskrywe staan. Twee keer het ek my vriend hoor preek. Dié preke het so hoog gestaan dat hulle as modelle aangemerkt moet word.

⁸⁴³ AE aan HCM Fourie, 18 Desember 1899, 3-4.

⁸⁴⁴ HCM Fourie aan ds De Haan, 8 September 1902, 3-4. Herman bedoel om te staan onder die gesag van die Britse kroon.

⁸⁴⁵ J.D. du Toit, "In memoriam dr. H.C.M. Fourie," Die Hervormer 30 Augustus 1939, 18.

⁸⁴⁶ T.F.J. Dreyer, "Hoe het die helde geval!" Die Hervormer 30 Augustus 1939, 21.

⁸⁴⁷ A.J. Willemse, "Wyle dr. Fourie," Die Hervormer 30 Augustus 1939, 21.

⁸⁴⁸ O. (LJS: moet wees S). Vermooten, "Dr. H.C.M. Fourie," in *So onthou ek....* (Johannesburg: Swan Press, 1961), 14.

Meer kan ek in hierdie vlugtige skets nie daarvan sê nie. Ek kan verstaan dat die Herv. Kerk treur. 'n Uitnemende bedienaar van die Woord het uit ons midde heengegaan.”⁸⁴⁹

‘n Ander mede-Bybelvertaler dr JD Kestell skryf: “Bo alles roem ek sy diepkinderlike Godsvertroue.”⁸⁵⁰ Ds TFJ Dreyer sê die volgende: “Nie in homself nie, maar in sy Heer het hy geroem. Wat hy was, was hy deur die Heer. Ons dank God dat Hy hom aan ons Kerk en volk gegee het. Ons sal sy nagedagtenis in ere hou. Sy as rus in vrede.”⁸⁵¹ Ds Johannes Dreyer, redakteur van *Die Hervormer*, skryf in sy voorbladartikel: “As mens was hy eenvoudig, eerlik en reguit. As prediker het hy homself gebly. Ook in die verkondiging van die woord het hy hom van eenvoudige taal bedien. Veral sy kategismus-prediking word hoog geroem.”⁸⁵² Ds DF Erasmus meld dat dr Fourie tydens ringsvergaderings sy kollegas ernstig opgewek het tot getroue kategismusprediking.⁸⁵³ “In geloof het ons kollega gestaan. Daardie geloof het hy verkondig. In daardie geloof het hy heengegaan.”⁸⁵⁴

Dit is alles indrukke wat kollegas teen die einde van sy lewe onder woorde gebring het. In hierdie studie het ons die eerste spore van geloof raakgeloop in jong Manie Fourie wat by die plant van ‘n boompie gebid het dat dit mag groei en bloei tot eer van sy Skepper.⁸⁵⁵ Wat kerklike meelewing betref het ons hom saam met sy ouer broers sien wegkruip wanneer die dominee op huisbesoek gekom het.⁸⁵⁶ As skoolier in Zwolle het hy later aan Sondagsport deelgeneem en is hy daarvoor deur sy moeder oor die kole gehaal nadat die feit deur mev De Haan onder haar aandag gebring is.⁸⁵⁷

Herman se moeder haal instemmend aan dat president Paul Kruger in 1898 gevra het dat daar geen feesviering tydens sy verjaardag moet wees nie. “De President heeft verzocht dat dit jaar geen feestelykheid zal wezen op zijn verjaardag om de plagen in het land oorlog sprinkhanen pokken, droogte enz.”⁸⁵⁸ Dit is ‘n teologie wat vereis dat jy in die tekens van ellende om jou selfondersoek moet doen en tot inkeer moet kom. Dit sal baie interessant wees om in Fourie se eie preke hierdie tema na te gaan.

Die studie het ook uitgewys dat ‘n ondersoek na die prediking van ds AG du Toit, ds HS Bosman en ds A de Haan, in so verre dit moontlik is, lig mag werp op die jong Herman Fourie se geloofslawe. Ds Du Toit was tipies van sy skool: evangelies gesind met ‘n aktivisme wat so kenmerkend was van die NG Kerk. Watter invloed sou dit op Herman hê? Verdere studie hieroor is nodig. ‘n Ondersoek na die kategese wat in die NhoG gemeentes Carolina en Pretoria aangebied is kan ook moontlik iets in verband met sy liefde vir die Heidelbergse Kategismus na vore bring. So ook die kategese aangebied in die Hervormde Gemeente Zwolle.

⁸⁴⁹ J.D. du Toit, “In memoriam dr H.C.M. Fourie,” *Die Hervormer*, 30 Augustus 1939, 19.

⁸⁵⁰ J.D. Kestell, “Dr Kestell se hulde aan wyle dr. Fourie,” *Die Hervormer*, 30 Augustus 1939, 19.

⁸⁵¹ T.F.J. Dreyer, “Hoe het die helde geval!” *Die Hervormer*, 30 Augustus 1939, 21.

⁸⁵² Joh. Dreyer, “In memoriam dr. H.C.M. Fourie,” *Die Hervormer*, 30 Augustus 1939, 3.

⁸⁵³ D.F.E., “Wyle dr. Fourie ‘n Waardering,” *Die Hervormer*, 30 Augustus 1939, 20.

⁸⁵⁴ Joh. Dreyer, “Begrafnis van wyle dr. H.C.M. Fourie,” *Die Hervormer*, 30 Augustus 1939, 16. Uit die opsomming van ds Daniel F. Erasmus se begrafnisrede.

⁸⁵⁵ Weduwee Jo Fourie se puntsgewyse lewensoorisig van HCM Fourie, punt 5, 1939, Privaatversameling HCM Fourie, 1/11/2, ABP NHKA.

⁸⁵⁶ Weduwee Jo Fourie se puntsgewyse lewensoorisig van HCM Fourie, punt 4, 1939, Privaatversameling HCM Fourie, 1/11/2, ABP NHKA.

⁸⁵⁷ AE aan HCM Fourie, 30 Maart 1899, 3-4.

AE Fourie aan mev De Haan, 30 Maart 1899, 3-4.

AE aan HCM Fourie, 19 Mei 1899, 2-3.

AE aan HCM Fourie, 10 Junie 1899, 3.

⁸⁵⁸ AE Fourie aan HCM Fourie, 10 Oktober 1898, 3.

Fourie se teologiese ontwikkelingsgang is deur sy oorlogservaringe beïnvloed en uit sy korrespondensie kon dit geskets word en kan dit nou soos volg saamgevat word:

Ons tref die tema van wraak aan. Herman se geloof het voorsiening daarvoor gemaak dat 'n dood gewreek mag word. "Wij willen het bloed van onzen oudsten broeder wreken als het nog niet gewroken is."⁸⁵⁹ Hierdie tema sal beslis verder aandag moet geniet, veral in die lig van wat hy tydens sy intrepreek sê en wat tydens 'n skietgeveg tydens die Rebelle gebeur het.

Die teksvers vir die pasgeordende ds HCM Fourie se intrepreek op 21 Januarie 1911 was Psalm 27 vers 4. Die preek is deur ds GPJ Grobler in Afrikaans oorgesit en in die *Almanak en Bybelse Dagboek* van 1957 gepubliseer. Die 1933-vertaling lees: "Een ding het ek van die HERE begeer, dit sal ek seek: dat ek al die dae van my lewe mag woon in die huis van die HERE, om die lieflikheid van die HERE te aanskou en te ondersoek in sy tempel." Fourie stuur in sy preek daarop af dat hy begeer het om predikant te word. In sy inleiding tot die preek onderskei hy tussen begeerte en natuurdrif. As voorbeelde van natuurdrif noem hy honger en dors en verwys hy na die natuurlike drifte. "Watter dom en dwase dinge kan 'n mens nie in sy drif doen nie, en dan is die verontskuldiging altyd; ek kan dit nie help nie, ek was nie meester nie! Dit is geen verontskuldiging nie, maar selfbedrog, want ons moet onself meester wees, onself beheers. Die mens wat deur sy natuurdrange oorheers word, is 'n domkrag en geen sedelike wese nie."⁸⁶⁰ Indien ons die begeerte om wraak te neem as 'n natuurdrang reken dan word dit interessant om na die opwelling daarvan tydens die skietgeveg te kyk.

"Dit word vertel dat hy in 'n geveg met die Natal Carbiniers aan party van sy skote 'n besondere sending toegeken het. As hy die skoot aftrek, dan was dit: 'Dit is vir my vader wat julle doodgeskiet het,' dan weer: 'Dit is vir my broer wat julle vermoor het,' en nog: 'En dit is vir volk en vaderland.'"⁸⁶¹

Fourie se teologie oor wraak soos en indien dit in sy preke voor en ná die Rebelle na vore kom sal 'n interessante studie maak, eerstens oor die Bybelse boodskap en tweedens oor die beheersing van die menslike drang na wraak.

Disrespek teenoor God en die Bybel het hom van jongs af gegrief soos blyk uit sy opmerkings "Christelyk Engl." en "vroom Engeland" wanneer hy vir die De Haans skryf van die Engelse soldaat wat 'n gevange Boer se Nuwe Testament neergegooi en daarop getrap het met die spottende opmerking "Waar is jullie God? Jullie zeggen immers altijd dat jullie God je helpt. Waar is hij nu?"⁸⁶² 'n Ander Boer het geantwoord dat hulle God hulle sal bevry en kort daarna is hulle bevry. Professor HG van der Westhuizen vertel dat in die tyd rondom die verskyning van die Bybel in Afrikaans dr Fourie dikwels in gemeente Bechuanaland gepreek het. Professor Van der Westhuizen se oom Roelfie het toe met iemand buite die gemeente oor dr Fourie gepraat. Die persoon het gesê dat hy dr Fourie goed ken en dat hy by hom moet aankom as hy weer kom preek. Dr Fourie het die uitnodiging aanvaar en daar geeeet. Maar agterna het hy gesê hy sal nooit weer daar aangaan nie want die man vloek te erg. Daar is naamlik nie gebed voor ete nie. Toe dr Fourie wag vir die gebed het die man vir hom gesê hy kan maar eet, hy het gewerk vir die kos.

Herman was oortuig daarvan dat God aan die Boere se kant is. Dit was sy Godsbeskouing as jong burger in die oorlog. Sou dit later in sy lewe sy uitgangspunt bly? Dit is immers 'n teologie wat God in

⁸⁵⁹ HCM Fourie aan ds en mev De Haan, 15 Januarie 1900, 8.

⁸⁶⁰ HCM Fourie, "Intreerede uitgespreek deur ds. (later dr.) H.C.M. Fourie op 21 Januarie 1911 op Bronkhorstspuit, 'n deel van die destydse gemeente van Pretoria. In Afrikaans oorgesit deur ds. G.P.J. Grobler," *Almanak van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika* 1957, 51ste jaargang: 80.

⁸⁶¹ Vermooten, "Dr. H.C.M.Fourie," 13.

⁸⁶² HCM Fourie aan ds en mev De Haan, 6 Februarie 1900, 4-6.

diens stel van 'n bepaalde groep en ideologie. Die Engelse oormag het nie saak gemaak nie want “Wij strijden met God en zij zonder God.”⁸⁶³ Sou die teleurstelling wat die einde van die oorlog gebring het – die ZAR het sy onafhanklikheid verloor en Herman moes sy wapens gaan inhandig – sou dit die verslaetheid van gees meebring wat “grondtrek van sy wese sou word?” 'n Behoorlike antwoord hierop sal eers moontlik wees nadat die res van sy lewe ondersoek is maar dit word aangeteken as 'n belangrike vraagstelling wat opgevolg sal moet word. Voorlopig sal ons oordeel van nee omdat die verloor van die oorlog nie vir Herman die einde van sy lewe beteken het nie. Hy het opgestaan, voortgebeur met sy studie, predikant – juis predikant – geword en weer in sy vaderland kom woon en werk. Soos hyself aan ds en mev De Haan skryf terwyl hy oorlogsnuus deel: “Na regen komt zonneschijn.”⁸⁶⁴

Hy het sy geliefdes aan die sorg van die Here toevertrou. “Wij zijn nog allen wel en hopen dat de Heer als levens, ook zijn genade over u zal betoonen. Verder hopen wij dat wij elkander zullen ontmoeten [in] gezondheid om gezamenlijk onze dankbeden tot den Heer op te zenden...”⁸⁶⁵

Die dood ter wille van die vryheidsideaal sien Herman as iets wat in 'n mens se eie hande is. Die Heer gee jou die keuse tussen die dood of onderworpenheid aan die Engelse. “Eén broeder is al dood dan moeten de andere ook maar dood of de Heer moet ons vrijmaken en wat dan nog overig is zal den Heer waarlijk kunne danken voor de verlossing uit de handen van barbaren.”⁸⁶⁶ Hierdie siening strook nie met die sesde gebod nie. Ook wat hierdie tema betref kan 'n studie van sy preke dalk 'n teologiese ontwikkeling uitwys en dalk nie.

Aan die ander kant sien Herman die dood van 'n geliefde as 'n slag wat die Here jou toedien. Die Here het hom sy vader en moeder en oudste broer ontnem. Tog troos dit dat 'n geliefde aan Jesus behoort. Dit wil klink na 'n verwysing na vraag en antwoord 1 van die Heidelbergse Kategismus. “Maar gelukkig dat wij gelooven en zeker weten dat Jezus ons nimmer verlaat; Hij verzelt ons in leven en in dooden. Hij vertroost ons en lenigt onze smarten. Wat hebben wij meer noodig om ons getroost te gevoelen dan dat wij Hem hebben tot vader tot moeder ja! tot alles.”⁸⁶⁷

Samevattende waardering

Die slothoofstuk van ons studie is 'n oorsigtelike perspektief op die jongmens Herman Fourie. Oorhoofs het die studie 'n kerkhistoriografiese bydrae gemaak tot die beskikbare biografieë van die vyf eindvertalers van die Bybel in Afrikaans. Alhoewel net 'n derde van Fourie se lewe gedek is, is dit 'n onmisbare bousteen waarop die res van sy lewensverhaal geskoei moet word. Die bestaande historiografiese beeld van Bybelvertaler HCM Fourie is dié van 'n diepgelowige, groot geleerde en vurige patriot. Wanneer dit aan primêre bronne en histories-teologiese bestudering onderwerp word, sal die jongmenslewe van Fourie, wat in hierdie navorsing die onderwerp was, tot sy reg kom. Daarop word dus gewag.

Die sentrale vraag aan die bronne was uiteraard daarop toegespits om 'n samehangende beeld van die latere Bybelvertaler HCM Fourie as jongmens te beskryf. Die bedoeling was om daarmee die basis te lê vir verdere omvattende studie oor hierdie merkwaardige figuur in die kerkgeskiedenis van die Afrikaanse kerke van gereformeerde belydenis. Betekenisvol was ook sy besondere bydrae toe die eerste wetenskaplike navorsing in verband met die swart volke en stamme wat in Suid-Afrika

⁸⁶³ HCM Fourie aan ds en mev De Haan, 15 Maart 1900, 3.

⁸⁶⁴ HCM Fourie aan ds en mev De Haan, 15 Januarie 1900, kantaantekening.

⁸⁶⁵ HCM aan AE Fourie, Maart 1900.

⁸⁶⁶ HCM Fourie aan mev De Haan, 7 Mei 1900, 1-2.

⁸⁶⁷ HCM Fourie aan ds De Haan, 14 Julie 1902, 1-2

HCM Fourie aan ds en mev De Haan, 20 Junie 1900, 1-2.

gewoon het en in die 20ste eeu in die nasionale politiek opgeneem is, gedoen is. Daarby het die studie nie gekom nie.

Die studie sluit af met gebeure in 1902, toe Herman 20 jaar oud was. Ons hipotese is dat dit wat hy as jongmens in Suid-Afrika ervaar het, sy lewens- en wêreldbeskouing diepgaande beïnvloed het. Trouens, hy moes sien hoe sy vader op die slagveld doodgeskiet is. Enigiemand wat 'n slagveld beleef het, weet hoe diepgrypend dit is en dat daaroor nie gepraat word nie. Ons moet ook aanvaar dat die evangelie van Christus sy lewenservaring as jongmens getemper het, hom gehelp het om daarmee tot 'n vergelyk te kom, hom vrygemaak het om juis hierdie evangelie sonder 'n wrok of wraak te bly verkondig. Daarmee aanvaar ons dat die struktuur van sy geloof met die jare na die oorlog sou verander, sou ontwikkel, om nie in die uiting daarvan tydens die oorlog te bly hang nie. En tog – dit moet in verdere navorsing uitgeklaar word – is dit 'n vraag of hy geheel en al daarvan ontslae sou wees. Was daar 'n blywende impak op sy lewe? Dit moet in navolgende navorsing aan die orde kom.

BYLAE 1 **PATRIARGALE AFSTAMMINGSLYN HCM FOURIE (1882-1939)**

Uittreksels uit: GGSA, *Familia Omnibus* Volume 3 Laserplaat 20

1 a1 Louis FOURIE <285>, Pointaix, Dauphinè, Frankryk ±____.1669, † De Slangervier, Wellington ±____.1750, ^ De Slangervier, Wellington
 »ø † Boedelnr. KAB 8/7 no.55, Boedelnr. KAB MOOC 7/1/10 nr. 9
 »» Kinders (21): x{2, 65, 66, 67, 74, 75, 2462, 2475, 2476, 3887}, xx{3888, 3889, 3969, 3970, 5829, 5830, 6521, 6791, 6793, 7214, 10335}
 x ±____.1694, **Suzanne CORDIER** <284>, Champagne, Frankryk _____.1678, H _____.1679, † Heidelberg, Kaap _____.11.1714, ^ Doornboom, distr. Heidelberg, Kaap
 »((Bylaag 1: Artikel oor die plaas "Doornboom" deur André Pretorius)
 xx _____.1716, **Anne JOURDAN** <708>, _____.1698, H 30.12.1698, † 45.____.1750
 »((Blykbaar was Anna Jourdan deur 'n slaaf met die naam "Antony van Mozambiek" met 'n mes bedreig. Sy is ook as 'n 14 jarige dogter twee keer deur Antony verkrag toe sy vir die slawe in die veld kos moes neem. Antony is veroordeel en sy straf was "liggaam op vier plekke met gloeiende tang geknyp, gelebraak, op wiele vasgemaak, onthoof en kop op plek van misdaad geplaas")

5830 b16 Petrus <370> (1/xx), ±____.1726, H 08.09.1726
 »» Kinders (7): 5831, 5832, 6009, 6104, 6455, 6456, 6457
 x Paarl 22.02.1767, **Isabella (Sibella) STEYN** <296>, Swellendam ±____.1750, H 29.11.1750
 »((suster van Hermanus Steyn die President van die Republiek van Swellendam)

6009 c3 Hermanus <13659> (5830/x), ±____.1774, H 27.02.1774
 »» Kinders (12): x{6010}, xx{6011, 6012, 6035, 6045, 6049, 6054, 6096, 6097, 6098, 6099, 6103}
 x Kaapstad 23.11.1800, **Anna Louisa JANSE VAN RENSBURG** <13660>, ±____.1781, H 04.11.1781
 xx Kaapstad 25.09.1803, **Johanna Maria Charlotte DREIJER** <5458>, ±____.1780, H 17.09.1786

6054 d7 Christiaan Ernst <9032> (6009/xx), 14.06.1815, H George 12.11.1815, † Blaauwkap, distr. Ermelo 11.03.1897
 »((boer op die plase "Blaauwklip", "Welgevonden", "Zwartkoppies" en "Kortbegrip" in die distr. Ermelo. Met sy vrou se afsterwe word die vaste eiendom na die kinders oorgedra en bly Christiaan met slegs die roerende goedere. Met sy afsterwe is sy roerende bates £1160.6.6 werd, wat 'n aansienlike boedel is vir daardie tyd)
 »» Kinders (7): 6055, 6059, 6081, 6084, 6085, 6086, 6087
 x NG Kerk, Somerset-Oos 18.12.1836, **Catharina Hendrina Susanna Johanna ESPAG** <9033>, 12.02.1820, H Uitenhage 27.06.1820, † Vaalkop, distr. Ermelo 24.08.1886

6059 e2 Joachim Christoffel {Generaal} <9035> (6054/x), Grahamstad 01.02.1845, † Witkloof, distr. Carolina 07.11.1900
 »((Generaal Joachim Fourie was in bevel van die Carolina en Lydenburg Kommandos en is tydens 'n veldslag gedurende die Anglo Boere-oorlog gedood)
 »» Kinders (6): 6060, 6062, 6063, 6067, 6074, 6075
 x **Alletha Elizabeth DE CLERCQ** <9036>, Ohrigstad 20.06.1849, † Welgevonden, distr. Ermelo 05.07.1902

6075 f6 Hermanus Cornelis Marthinus {Dr.} <9055> (6059/x), Leliefontein, distr. Carolina 05.07.1882, † Potgietersrust 05.08.1939, ^ Groot Marico 09.08.1939

552 **Fourie**

» (Hy is na Holland in 1898 om te studeer, maar keer met die uitbreek van die Anglo Boere-oorlog terug na sy vaderland. Hy keer egter terug na Holland in 1902 om teologie te bestudeer.

Met sy terugkeer in Suid-Afrika vestig hy homself in Bronkhorstspuit. Hy was instrumenteel in die stigting van die Teologiese Fakulteit in Pretoria. Sy onkreukbare trots het hom in die tronk laat beland gedurende die 1914 rebellie. Sy grondige kennis van 13 tale, waaronder Hebreeus en Aramees, het bygedra tot sy nominasie as een van die finale vertalers van die Bybel in 1924 na Afrikaans. Op Saterdag 25 Junie 2005, ten tye van die eerste algemene jaarvergadering van die Fourie Familiebond, is die oorskot van dr. Fourie simbolies in 'n nis van die Tuin van Herinnering by die Voortrekkermonument in Pretoria deur sy familie geplaas.)

»» Kinders (5): 6076, 6077, 6078, 6079, 6080

x Swolle, Holland 27.10.1910, **Johanna Everharda LA**

RIVIERE <22564>, ±17.09.1885

6076 g1 **Joachim Christoffel** <22565> (6075/x), Erasmus, Holland 17.02.1911

6077 g2 **Hugo Anton** <22566> (6075/x), Erasmus, Holland 12.08.1914

6078 g3 **Hermanus Cornelis Marthinus** <22567> (6075/x), Pretoria 04.06.1916

6079 g4 **Helena Maria** <27046> (6075/x), Pretoria ±14.04.1918

6080 g5 **Aletta Elizabeth** <22568> (6075/x), Swolle, Holland 01.03.1921

BYLAE 2

PATRIARGALE AFSTAMMINGSLYN HCM FOURIE (1882-1939) AAN MOEDERSKANT

Uittreksels uit De Klerk, MD. *Van Vogelvllei na Verre Velde Geslagsregister van Abraham le Clercq*. Franschhoek: Hugenote-Vereniging van Suid-Afrika, 2012.

a1 Abraham le Clerq Bladsye viii-ix

Die verhaal van die De Klerk familie uitgebeeld deur die geslagsregister sedert die aankoms aan die Kaap van Abraham de Clerq as jong seun saam met sy moeder Sara Cochet, sy suster Jeanne (Jannetjie) en sy broer Joost. Hulle het vroeg in 1688 aan die Kaap aangekom – hulle name verskyn egter nie op enige van die beskikbare skeeps-passasierslyste nie. (Etlike van die skepe waarmee die Hugenote na die Kaap van Goeie Hoop gevaar het se passasierslyste het nie behoue gebly nie). Hulle vader, en Sara se man, Pieter, is oorlede voordat hulle vanaf die eiland Walcheren in Zeeland in die suide van Holland vertrek het. Sara was verloof aan Guillaume du Toit (a 1686) en sy is ook kort na hulle aankoms aan die Kaap met hom te Kaapstad getroud.

Abraham het verder op Stellenbosch opgegroeï waar hy dan ook met Madeleine Mouton, dogter van Jacques Mouton en Marie de Villiers op 12 Mei 1709 in die huwelik getree het. Hulle eerste kinders is ook op Stellenbosch gebore en aldaar gedoop. Die leningsplaas *Vogelvallij* is op 7 September 1734 aan hom toegeken. Die oorspronklike toekenningsdokument is in die Hugenote museum op Franschhoek te siene.

Die eerste jare was beslis nie maklik nie aangesien, want [sic] volgens die reisbeskrywing van Jan de la Fontaine, goewerneur aan die Kaap, wat in 1734 met sy geselskap na die strandingsplek van die *Huis te Marquette* te Mosselbaai gereis het, hom en sy gesin met baie kinders in armoede op *Vogelvallij* aangetref het.

Abraham en Madeleine Mouton het 10 kinders gehad waaronder sewe seuns en drie dogters. Net twee van die dogters en ses van die seuns het in die huwelik getree. Uit slegs drie van die seuns en hulle kinders naamlik die vierde kind Barend, die sesde Jacob en die sewende Joseph spruit die De Klerk naam verder. Vanuit hierdie drie seuns van Abraham het die meeste de Klerks van Suider-Afrika hulle afkoms te danke. Baie van die dogters se nageslag trou ook weer met de Klerks. Daar is nog ander De Klerk Families wat baie later in Suid-Afrika aangekom het.

Jacob (b6) het die Karoo binnegetrek en van daar het sommige van sy nageslag die Groot Trek meegemaak, later te Potchefstroom vertoef en daarna nog verder noord- en ooswaarts tot in die huidige Oos-Transvaal (nou Mpumalanga) getrek waar hulle die vanvorm as *de Cler(c)q* behou het. Andere van sy nageslag het verder noord deur die Karoo tot in die Noord-Kaap en selfs tot in Duitswes-Afrika (nou Namibië) getrek.

Jacob – b6 ≈ 1723

Die nageslag van Jacob het hulle in die omgewing van die huidige distrik Beaufort-Wes en daaromheen gevestig en beweeg in wyerwordende afstande van daar af. Sy seun Abraham (1754) trou met sy niggie Magdalena (Joseph-dg) en vestig hom op die plaas *Hooyvlakte* waar hulle kinderloos tot sterwe kom. In 1818 word die plaas aan die owerheid verkoop vir Rds 13 333 en die sub-drosdy Beaufort word daar gestig – die dorp Beaufort-Wes word later daarop gestig. Hy bly daar aan en sy weduweemoeder kom neem sy huishouding oor na sy vrou se dood.

Abraham se broer Jacob (1757) vorm 'n kerngroep van dié binnelanders wat saam vertrek en deel van die Groot Trek uitmaak. Dié se seun Jacob (1791) trek verder noord tot oor die Vaalrivier na die tragiese gebeure in Natal en vestig hom eers aan die Mooirivier (Potchefstroom) waar hy die eerste

landdros vir die trekkers noord van die Drakensberge in kommandant Andries H Potgieter se laer word. Nog later verhuis hy na die huidige Oos-Transvaal. Hierdie deel van die familie gebruik nog die vorm *de Cler(c)q* as van.

b6 Jacob Bladsy 101

≈ Drakenstein 17 Okt 1723 boer; woon teen 1775 op die leningsplaas de Hooyvlakte (nou Beaufort-Wes) † Tulbagh Aug 1784 x Tulbagh 16 Des 1752 Anna Elisabeth (Christina) OBERHOLSTER ≈ 19 Jun 1729 d/v Johannes Oberholster & Elizabeth Prevot

c3 Jacob sr Bladsy 133

(J Jacobus / J Abraham Johannes) * Tulbagh ≈ Tulbagh 25 Apr 1757 Voortrekker x 2 Feb 1783 Johanna (J Christina) STEENKAMP ≈ 21 Okt 1764 † voor 1797 d/v Gerrit Steenkamp & Hendrina Cecilia Kruger xx 26 Feb 1797 Johanna Cornelia TAS * c 1775 d/v Adam Tas & Jacoba Wagenaar

d5 Jacob jr Bladsy 134

(d'jonge) * Beaufort-Wes 18 Des 1791 ≈ Graaff-Reinet 25 Nov 1792 erf *Hooyvlakte*, trekboer vanaf Beaufort-Wes; Voortrekker; neem deel aan geveg by Bloedrivier; landdros te Potchefstroom; Klerksdorp (na hom vernoem); lid van Ohrigstadse en Lydensburgse Volksraad † *Dasjespruit*, wyk Comatie, dist Lydenburg, ZAR (*Welgevonden*, dist Carolina, Tvl) 12 Mei 1881 x Graaff-Reinet 28 Mrt 1813 Anna Susanna VAN DEN BERG * 23 Apr 1793 ≈ 16 Jun 1793 † 20 Feb 1868 d/v Hendrik van der Berg & Elizabeth van der Merwe

e6 Jacob Bladsy 134

(DE CLERCQ) * Beaufort-Wes 10 Feb 1824 ≈ Beaufort-Wes 15 Feb 1824 eerste landdros te Lydenburg tot 1858; de Clercqstraat, Lydenburg na hom vernoem; boer *Welgevonden*, Carolina, Tvl † *Welgevonden*, dist Lydenburg, ZAR 20 Aug 1876 x Potchefstroom 1 Mrt 1848 Martha Sophia JANSE VAN RENSBURG * 1 Nov 1833 ≈ Glen Lynden 2 Feb 1834 † 1903-1932 d/v Stephanus Johannes Janse van Rensburg & Aletta Elisabeth Nel (sy xx Johannes Georg Kilian [* oor Grootrivier 16 Nov 1838 s/v Justus Daniel Kilian & Maria Elisabeth Venter, 2 vorige huwelike])
(Nota: Jacob se afstammeling gebruik die vanvorm DE CLERCQ)

f1 Aletta Elizabeth Bladsy 134

* 29 June 1849 x Joachim Christoffel FOURIE

Sien verder by bylae 1 vanaf **6059 e2 Joachim Christoffel**

BYLAE 3
TRANSKRIPSIE VAN KORRESPONDENSIE
AE en HCM FOURIE
EN ENKELE ANDER PERSONE
OKTOBER 1898 tot SEPTEMBER 1902
(WORD BEWAAR IN DIE HCM FOURIE PRIVAATVERSAMELING
IN DIE ARGIEFBEWAARPLEK VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA)

10 Oktober 1898 AE aan HCM Fourie

Gewone briefkaart

heden berigt Nonnie is lidmaat geworden

Welgevonden

10 Oct 1898.

Den jongenheer

Herman Fourie

Lieve Zoon!

Heden ontvingen wij uwe brief van den 10^{den} Sept en zijn verblijd om te zien dat het u wel gaat, en wenschen u ook van harte geluk met u afgelegde examenen wij hopen dat het u voortdurend zal gelukken, _

nu de nuwens van ons land de onlusten met de swasies zijn afgeloopen ten gunste van Bunu hij is weer hoofdkapitein geworden de gewapende magt is terug, en nu opnieuw oorlog met Magato in Zoutpansberg, Magato

2

weigert belasting te betalen en is vreeslik brutaal een groote magt van burgers is opgecommandeerd, en mede met de artillerie, hier bij ons is de manschappen nog niet opgeroepen doch aangezegd zich gereed te houden, die moegelijkheid zal veel menschen levens kosten want die niet doodgeschoten worden door de k.....s, zal aan de koorst sterven daar het nu zomer is, en juist in die streken waar ieder jaar zoo veel menschen sterven, u broeders zullen niet verschoond blijven zoodat ik maar blijde ben dat uwe keuze niet die van hen is, want nu voel ik zwaar ter wille van hen dat zij zullen sneuvelen op het oorlog.

3

Jacob is nu op weg naar Blaauwkap met de schape hy ziet er gesond uit ook is het deze winter goed gegaan met onze vee, maar de lastige sprinkhanen zijn weer erg, swermen als donkere wolke gaan over ons en bij ons, wij hebben nog eiginlijk geen schade door hen want als zij komen, wordt alles uitgesteld en al wat leef naar de landen om te jagen, wat later kan gebeuren legt nog voor, doch bij sommigen hier is alles vernield tot te bloesems der boomen, de President heeft verzocht dat dit jaar geen feestelykheid zal wezen op zijn verjaardag om de plagen in het land oorlog sprinkhanen pokken, droogte enz, op Pretoria zijn pokken

4

zodra u Pa te Pretoria komt zal hij aan u verzoek voldaan en ook voor u in teeken voor een onzer couranten en muziek zal u ook toegezonden worden Nonnie is al voor vijftien dagen geleden naar Pretoria om te catechiseeren voor de aanneming zij logeert bij den Heer S.W. Burger en vrouw aan huis zij zal morgen terug komen of zij lidmaat geworden is heb ik nog geen berigt van, zij zal u wel schrijven, zij heeft gezegd zij zal voor u de muziek stukken zien te krijgen, ik zal u schrijven wat omgaat bij Magato en de lotgevallen van de burgers.

